

**DIE EFFEK VAN VERSKILLENDE  
ONDERRIGMETODES IN DIE  
AANBIEDING VAN 'N  
BEHUISINGSGELETERDHEIDSPROGRAM**

deur

**Marietjie van der Merwe**

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening

aan die

vereistes vir die graad van

**Magister in Verbruikerswetenskap**

aan die

**Universiteit van Stellenbosch**

**Studieleier: Mev RM Albertyn**

**Mede-studieleiers: Prof AS van Wyk  
Mev ME v.d. Merwe**

**Desember 2000**

## VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter vergryping van 'n graad voorgelê is nie.

**Naam**

**Datum**

## OPSOMMING

Die rol wat onderwys in die opheffing van individue en gesinne kan speel, het die afgelope paar jaar toenemende aandag van die Regering van Suid-Afrika gekry aangesien dit as elke individu se reg gesien word om sy/haar volle potensiaal te bereik. Die wyse waarop onderwys aangebied word, is egter die bepalende faktor in die volhoubaarheid van die ontwikkeling wat daardeur teweeggebring word. Die doel van die studie was daarom om te bepaal hoe Verbruikerswetenskaplikes kan bydra tot transformatiewe leer en die verhoging van bemagtigings- en kennisvlakke van individue.

'n Literatuurstudie is onderneem om 'n oorsig oor emansipasie opvoeding en transformatiewe leer binne die konteks van Verbruikerswetenskap te gee. Verskeie onderrigmetodes, die konsepte onderliggend aan transformatiewe leer, metodes om transformatiewe leer te bewerkstellig, verskeie fases in perspektieftransformasie, die uitkomst van die emansipasie onderrigmetode, die rol van die Verbruikerswetenskaplike as emansipasie opvoeder en praktiese onderrigtegnieke is bestudeer om die empiriese gedeelte van die studie te ondersteun.

Vir die empiriese gedeelte van die studie is 'n behuisingsgeletterdheidsprogram aangepas en volgens twee verskillende opvoedingsmetodes, naamlik die emansipasie- en tegniese metode aangebied. Die behuisingsgeletterdheidsprogram is aangebied aan vroue van Calvinia en Williston wat in staatsgesubsidieerde huise woon. Met die toepas van die emansipasie opvoedingsmetode is die transformasieraamwerk saam met die aksienavorsingsmodel aangewend om die program aan te pas en die transformasie wat voorgekom het te identifiseer. In die eksperimentele ontwerp is die emansipasie en tegniese metodes met mekaar vergelyk in terme van bemagtiging- en kennisverhoging. Bemagtiging- en kennisstatus van albei groepe is voor die program, direk na die program, sowel as twee maande daarna bepaal.

Kwalitatiewe data is uit die aksienavorsingsmodel en die transformasieraamwerk verkry, terwyl kwantitatiewe data uit die bemagtigings- en kennisvraelyste verkry is. Die resultate van die kwantitatiewe data het aangedui dat daar wel 'n verskil is ten opsigte van die verhoging van bemagtiging- en kennisvlakke tussen dié groep wat volgens die emansipasie metode aangebied is

en dié groep wat volgens die tegniese metode aangebied is. Die groep wat volgens die emansipasie metode onderrig is se totale bemagtigingsvlak, sowel as hul kennisvlak was direk na die program asook twee maande daarna hoër as dié van die groep wat volgens die tegniese metode aangebied is. By die bemagtiging- en kennisvlak van die groep wat volgens die emansipasie metode onderrig is, het daar 'n betekenisvolle statistiese verskil van voor die programaanbieding tot twee maande daarna voorgekom, wat op die volgehoue aard van bemagtiging- en kennisverhoging dui. Die resultate wat verkry is uit die kwalitatiewe data het verder aangetoon dat daar wel verdraaide betekenis-skemas by die deelnemers voorgekom het asook wysiging daarvan.

Tydens hierdie studie is bevind dat transformatiewe leer teweeggebring kan word met die aanbied van 'n Verbruikerswetenskapprogram volgens die emansipasie opvoedingsmetode. Die kwantitatiewe data wat verkry is, het ook getoon dat die emansipasie onderrigmetode meer effektief as die tegniese metode is om die verhoging van individuele bemagtiging- en kennisvlakke teweeg te bring. Verbruikerswetenskaplikes moet daarom kennis dra van die eienskappe van die emansipasie opvoedingsmetode en transformatiewe leer om sodoende volgehoue verandering by individue en gesinne teweeg te bring en om hul tot selfstandigheid te lei.



## SUMMARY

The role which education can play in the upliftment of individuals and families has been receiving increasing attention by the South African government because it is regarded as each individual's right to reach his/her full potential. However, the way in which education is presented is the defining factor, which determines the sustainability of the subsequent development. The purpose of the study was to determine how Consumer scientists could contribute to transformative learning as well as the increasing of individual's levels of empowerment and knowledge.

A literature study was undertaken to present a synopsis of emancipation education and transformative learning within the context of Consumer Science. Several methods of education, the underlying concepts to transformative learning, methods to bring about transformative learning, several phases in transformation of perspectives, the outcomes of the emancipation education method, the role of the Consumer scientist as emancipation educator as well as practical teaching methods were also included to support the empirical part of the study.

A housing literacy programme was adapted and presented according to two different methods of education, namely emancipation and technical methods to represent the empirical part of this study. The housing literacy programme was presented to women in Calvinia and Williston living in government subsidised houses. During the implementation of the emancipation method of education, the transformation framework was used in conjunction with the action research model to adapt the programme and to identify any transformation that took place. In experimental design, the emancipation and technical methods were compared in terms of an increase in empowerment and knowledge. The status of empowerment and knowledge of both groups was determined before the programme, directly after the programme as well as two months thereafter.

Quantitative data was obtained from the questionnaires on empowerment and knowledge, while qualitative data was obtained from the action research model as well as the transformation framework. The result of the quantitative data showed a clear difference between the group taught with the emancipatory method, and the group taught with the technical method in terms of the increase in levels of empowerment and knowledge. The group taught with the emancipatory method showed higher levels of empowerment and knowledge than the group taught with the technical method directly after the programme as well as two months thereafter. The levels of empowerment and

knowledge of the group taught with the emancipatory method showed significant statistical differences from before the presentation of the programme until two months thereafter. This suggests the sustainable character of an increase in empowerment and knowledge. Results obtained from the qualitative data also indicated the occurrence of distorted meaning schemes as well as modification thereof.

This study showed that using the emancipation method of education when presenting a Consumer Science programme could induce transformation. The quantitative data also proved the emancipation method of education to be more effective than the technical method when aiming to increase an individual's level of empowerment and knowledge. It is therefore important that Consumer scientists be aware of all the characteristics of the emancipation method of education as well as transformative learning in order to induce change in individuals and families and to lead them to self-dependence.

## DANKBETUIGINGS

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank:

- Mev. RM Albertyn vir motivering en 'n besondere manier van leiding neem.
- Prof. AS van Wyk vir haar waardevolle bydrae uit 'n behuisingsoogpunt.
- Mev. ME v.d. Merwe vir haar belangstelling en insiggewende insette.
- Mev. M. Venter vir die voorsiening van die Behuisingsgeletterdheidsprogram.
- Die Nasionale Navorsing Stigting vir finansiële steun.
- Mnr. Viljoen van Calvinia Munisipaliteit en Mnr. Notnagel van Williston Munisipaliteit vir voorsiening van inligting en geriewe om die program aan te bied.
- Die inwoners van Calvinia en Williston wat aan die program deelgeneem het.
- Dirk v.d. Merwe en Lise Cress vir die tegniese versorging.
- My gesin vir hul geloof in my.
- Al my vriende, in besonder Lise, Suzaan, Heidi en Emari vir deurentydse ondersteuning.
- Aan God wat die onmoontlike ten alle tye moontlik gemaak het.

## **INHOUDSOPGAWE**

### **HOOFSTUK 1**

<b>INLEIDENDE PERSPEKTIEWE EN PROBLEEMSTELLING .....</b>	<b>1</b>
1.1 Inleiding .....	1
1.2 Probleemstelling .....	2
1.3 Doelstelling van die studie.....	4
1.3.1 Subdoelstellings .....	4
1.4 Konseptuele raamwerk.....	5
1.5 Begripsomskrywings.....	6
1.5.1 Emansipasie onderrigmetode.....	6
1.5.2 Tegniese onderrigmetode .....	6
1.5.3 Transformatiewe leer.....	6
1.5.4 Betekenisskemas.....	6
1.5.5 Betekenisperspektiewe .....	7
1.5.6 Verdraaide betekenispektiewe en betekenis-skemas .....	7
1.5.7 Transformasieraamwerk .....	7
1.5.8 Aksienavorsingsmodel.....	7
1.5.9 Opleidingsprogram.....	7
1.6 Volgorde van navorsingsrapportering.....	7

### **HOOFSTUK 2**

<b>TEORETIESE OORSIG VAN EMANSIPASIE OPVOEDING .....</b>	<b>9</b>
2.1 Perspektiewe ten opsigte van volwassene onderrig .....	9
2.1.1 Onderwerp-georiënteerde (tegniese) volwassene onderrig.....	11
2.1.2 Leerder-georiënteerde (praktiese) volwassene onderrig .....	12

<b>2.1.3</b>	<b>Emansipasie leer .....</b>	<b>14</b>
<b>2.2</b>	<b>Transformatiewe leer.....</b>	<b>16</b>
<b>2.2.1</b>	<b>Die beskrywing van transformatiewe leer .....</b>	<b>17</b>
<b>2.2.2</b>	<b>Konsepte onderliggend aan transformatiewe leer.....</b>	<b>19</b>
<b>2.2.2.1</b>	<b>Verwysingsraamwerk.....</b>	<b>19</b>
<b>2.2.2.1.1</b>	<b>Betekenischemas .....</b>	<b>20</b>
<b>2.2.2.1.2</b>	<b>Betekenisperspektiewe .....</b>	<b>20</b>
<b>2.2.3</b>	<b>Metodes om transformatiewe leer te bewerkstellig .....</b>	<b>23</b>
<b>2.2.3.1</b>	<b>Probleemstelling benadering.....</b>	<b>24</b>
<b>2.2.3.2</b>	<b>Deelnemende benadering.....</b>	<b>24</b>
<b>2.2.3.3</b>	<b>Besinning .....</b>	<b>25</b>
<b>2.2.3.4</b>	<b>Dialogvoering.....</b>	<b>27</b>
<b>2.2.3.5</b>	<b>Kritiese denke .....</b>	<b>29</b>
<b>2.2.3.6</b>	<b>Die verhoging van individue se bewuswording.....</b>	<b>30</b>
<b>2.2.4</b>	<b>Die verskillende fases in perspektieftransformasie .....</b>	<b>32</b>
<b>2.2.4.1</b>	<b>Fase een.....</b>	<b>32</b>
<b>2.2.4.2</b>	<b>Fase twee.....</b>	<b>33</b>
<b>2.2.4.3</b>	<b>Fase drie .....</b>	<b>33</b>
<b>2.2.4.4</b>	<b>Fase vier.....</b>	<b>33</b>
<b>2.2.4.5</b>	<b>Fase vyf.....</b>	<b>34</b>
<b>2.2.4.6</b>	<b>Fase ses .....</b>	<b>34</b>
<b>2.2.5</b>	<b>Beskrywing van die uitkomste van emansipasie opvoeding met die doel om transformatiewe leer te bewerkstellig.....</b>	<b>35</b>
<b>2.2.5.1</b>	<b>Die vermindering van afstand .....</b>	<b>35</b>
<b>2.2.5.2</b>	<b>Verkryging van eienaarskap .....</b>	<b>36</b>

2.2.5.3	Bemagtiging.....	36
2.2.5.4	Langtermyn motivering .....	36
2.2.5.5	Emansipasie.....	37
2.3	Emansipasie opvoeding en Verbruikerswetenskap .....	38
2.3.1	Die rol van die Verbruikerswetenskaplike as opvoeder .....	40
2.3.1.1	Die fasilitering van kritiese denke en besinning .....	40
2.3.1.2	Die fasilitering van dialoogvoering .....	41
2.3.1.3	Fasilitering van die verhoging van bewuswording van verdraaide aannames .....	42
2.3.1.4	Opvoeder - deelnemer verhouding.....	43
2.3.2	Praktiese onderrigtegnieke.....	43
2.3.2.1	Rolspel .....	44
2.3.2.2	Dinkskrum.....	45
2.3.2.3	Gevallestudies .....	46
2.3.2.4	Die analisering van kritiese gebeurtenisse .....	46
2.3.2.5	Metafoor (beelde) analise.....	47
 <b>HOOFSTUK 3</b>		
	<b>METODOLOGIE.....</b>	<b>49</b>
3.1	Die navorsingskonteks.....	49
3.2	Prosedures gedurende die studie .....	49
3.3	Studiegroep.....	51
3.4	Behuisingsgeletterdheidsprogram.....	52
3.5	Navorsingsmetodes en -tegnieke.....	53
3.5.1	Navorsingsmetodes.....	54
3.5.2	Navorsingstegnieke.....	54

<b>3.5.3</b>	<b>Meetinstrumente .....</b>	<b>59</b>
3.5.3.1	Transformasieraamwerk .....	59
3.5.3.2	Bemagtigingsvraelys.....	63
3.5.3.3	Kennisvraelys.....	64
<b>3.6</b>	<b>Betroubaarheid en geldigheid .....</b>	<b>65</b>
<b>3.7</b>	<b>Data-analisering.....</b>	<b>66</b>

## **HOOFSTUK 4**

	<b>BESPREKING VAN RESULTATE .....</b>	<b>68</b>
<b>4.1</b>	<b>Beskrywing van studiegroep .....</b>	<b>68</b>
4.1.1	Ouderdom.....	68
4.1.2	Opvoeding.....	69
4.1.3	Werkstatus .....	70
4.1.4	Huwelikstatus.....	71
4.1.5	Getal kinders .....	71
<b>4.2</b>	<b>Bespreking van kwalitatiewe data .....</b>	<b>72</b>
4.2.1	Identifisering van betekenisskemas van elke sessie .....	73
4.2.1.1	Sessie 1 .....	73
4.2.1.2	Sessie 2 .....	75
4.2.1.3	Sessie 3 .....	79
4.2.1.4	Sessie 4.....	83
4.2.1.5	Sessie 5 .....	85
4.2.1.6	Sessie 6 .....	87
4.2.1.7	Sessie 7 .....	88
<b>4.2.2</b>	<b>'n Vergelyking tussen die sessies van die emansipasie en tegniese groep</b>	<b>89</b>

<b>4.3</b>	<b>Bespreking van kwantitatiewe data .....</b>	<b>91</b>
<b>4.3.1</b>	<b>Bespreking van deelnemers se bemagtigingstatus .....</b>	<b>91</b>
4.3.1.1	Bemagtigingstatus van die deelnemers ten opsigte van elke toets .....	91
4.3.1.2	Verandering van bemagtigingstatus met verloop van tyd.....	95
4.3.1.3	Bemagtigingsvlak verskille tussen die twee groepe .....	97
<b>4.3.2</b>	<b>Bespreking van deelnemers se kennisvlak .....</b>	<b>104</b>
4.3.2.1	Kennisvlak van deelnemers ten op sigte van elke toets.....	104
4.3.2.2	Kennisvlak verskille tussen die twee groepe .....	106

## **HOOFSTUK 5**

<b>GEVOLGTREKING EN AANBEVELINGS.....</b>	<b>109</b>	
<b>5.1</b>	<b>Die emansipasie onderrigmetode .....</b>	<b>109</b>
<b>5.2</b>	<b>Aanpas van 'n reeds bestaande behuisingsgeletterdheidsprogram.....</b>	<b>110</b>
<b>5.3</b>	<b>Transformasie met die toepas van die emansipasie metode.....</b>	<b>110</b>
<b>5.4</b>	<b>Die verskil in bemagtiging- en kennisverhoging tussen die emansipasie en die tegniese groep .....</b>	<b>111</b>
<b>5.5</b>	<b>Aanbevelings vir verdere navorsing .....</b>	<b>112</b>
<b>5.6</b>	<b>Riglyne aan Verbruikerswetenskaplikes.....</b>	<b>113</b>
<b>BRONNELYS .....</b>	<b>115</b>	

## **BYLAE**

### **Bylae 1 Uiteeneensetting van behuisingsgeletterdheidsprogram**

Bylae 1.1	Sessie 1
Bylae 1.2	Sessie 2
Bylae 1.3	Sessie 3
Bylae 1.4	Sessie 4
Bylae 1.5	Sessie 5
Bylae 1.6	Sessie 6



<b>Bylae 1.7</b>	<b>Sessie 7</b>
<b>Bylae 2</b>	<b>Uitdeelstukke van behuisingsgeletterdheidsprogram</b>
<b>Bylae 3</b>	<b>Ysbrekers</b>
<b>Bylae 3.1</b>	<b>Sessie 1</b>
<b>Bylae 3.2</b>	<b>Sessie 2</b>
<b>Bylae 3.3</b>	<b>Sessie 3</b>
<b>Bylae 3.4</b>	<b>Sessie 4</b>
<b>Bylae 3.5</b>	<b>Sessie 5</b>
<b>Bylae 3.6</b>	<b>Sessie 6</b>
<b>Bylae 3.7</b>	<b>Sessie 7</b>
<b>Bylae 4</b>	<b>Transkribering van die sessies van programaanbieding</b>
<b>Bylae 4.1</b>	<b>Sessie 1</b>
<b>Bylae 4.2</b>	<b>Sessie 2</b>
<b>Bylae 4.3</b>	<b>Sessie 3</b>
<b>Bylae 4.4</b>	<b>Sessie 4</b>
<b>Bylae 4.5</b>	<b>Sessie 5</b>
<b>Bylae 4.6</b>	<b>Sessie 6</b>
<b>Bylae 4.7</b>	<b>Sessie 7</b>
<b>Bylae 5</b>	<b>Transformasie raamwerk: Uiteensetting van geïdentifiseerde betekenis-kemas</b>
<b>Bylae 5.1</b>	<b>Sessie 1</b>
<b>Bylae 5.2</b>	<b>Sessie 2</b>
<b>Bylae 5.3</b>	<b>Sessie 3</b>
<b>Bylae 5.4</b>	<b>Sessie 4</b>
<b>Bylae 5.5</b>	<b>Sessie 5</b>
<b>Bylae 5.6</b>	<b>Sessie 6</b>
<b>Bylae 5.7</b>	<b>Sessie 7</b>

<b>Bylae 6</b>	<b>Vraelyste</b>
<b>Bylae 6.1</b>	<b>Demografiese vraelys</b>
<b>Bylae 6.2</b>	<b>Dendogram van kennisvraelys</b>
<b>Bylae 6.2</b>	<b>Kennisvraelys</b>
<b>Bylae 6.4</b>	<b>Memorandum van kennisvraelys</b>
<b>Bylae 6.5</b>	<b>Bemagtigingsvraelys</b>
<b>Bylae 7</b>	<b>Statistiese data van elke deelnemer</b>

**TABELLE**

<b>Tabel 1: Die verskillende hoof teorieë en domeine van leer .....</b>	<b>16</b>
<b>Tabel 2: 'n Vergelykende opsomming van die domeine van leer (onderrigmetodes).....</b>	<b>16</b>
<b>Tabel 3: 'n Opsommende verduideliking van die metodes, proses en uitkomste betrokke by die transformasieproses.....</b>	<b>38</b>
<b>Tabel 4: Die verskil in prosedure tussen die emansipasie en tegniese metodes.....</b>	<b>50</b>
<b>Tabel 5: Onderhoudskedule waardeur betekenisperspektiewe geïdentifiseer is.....</b>	<b>57</b>
<b>Tabel 6: Die transformasieraamwerk.....</b>	<b>61</b>
<b>Tabel 7: Opvoedingsverskille tussen die twee groepe .....</b>	<b>70</b>
<b>Tabel 8: Vergelyking tussen die groepe ten opsigte van werkstatus.....</b>	<b>70</b>
<b>Tabel 9: Vergelyking tussen die deelnemers ten opsigte van hoeveelheid kinders.....</b>	<b>72</b>
<b>Tabel 10: Bemagtigingstatus van die emansipasie en tegniese groep .....</b>	<b>92</b>
<b>Tabel 11: Bemagtigingsstatus van tegniese groep.....</b>	<b>96</b>
<b>Tabel 12: Mikro-vlak verskille tussen die emansipasie en tegniese groep .....</b>	<b>98</b>
<b>Tabel 13: Interpersoonlike vlak verskille tussen die emansipasie en tegniese groep.....</b>	<b>99</b>
<b>Tabel 14: Makro-vlak verskille tussen die emansipasie en tegniese groep .....</b>	<b>101</b>
<b>Tabel 15: Totale bemagtigingsvlak verskille tussen die emansipasie en tegniese groep.....</b>	<b>103</b>
<b>Tabel 16: Kennisstatus van die emansipasie en tegniese groep.....</b>	<b>105</b>
<b>Tabel 17: Betekenisvolle verskil tussen die toetse van die kennisvraelys.....</b>	<b>106</b>

## FIGURE

<b>Figuur 1: Konseptuele raamwerk van die navorsingsproses .....</b>	<b>5</b>
<b>Figuur 2: Zuber-Skerritt se aksienavorsingsmodel.....</b>	<b>55</b>
<b>Figuur 3: Oudersdomsverskille tussen die twee groepe .....</b>	<b>69</b>
<b>Figuur 4: Huwelikstatus van die twee verskillende groepe.....</b>	<b>71</b>
<b>Figuur 5: Die verskil tussen die twee groepe by die Mikro-vlak .....</b>	<b>98</b>
<b>Figuur 6: Verskil tussen die twee groepe op Interpersoonlike vlak .....</b>	<b>100</b>
<b>Figuur 7: Verskil tussen die twee groepe op die Makro-vlak .....</b>	<b>102</b>
<b>Figuur 8: Verskil tussen die twee groepe by die totale bemagtigingsvlak .....</b>	<b>103</b>
<b>Figuur 9: Verskil in kennisvlak tussen die emansipasie en tegniese groep .....</b>	<b>107</b>

# HOOFSTUK 1

## INLEIDENDE PERSPEKTIEWE EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 Inleiding

Die opheffing van individue en gemeenskappe deur opvoeding het veral vanaf 1994 baie relevant in Suid-Afrika geword. In die eerste Witskrif oor Opvoeding en Opleiding (Department of Education, 1994: 3) is die volgende as doelwit ten opsigte van opvoeding gestel:

*“The national project of reconstruction and development compels everyone in education and training to accept the challenge of creating a system which cultivates and liberates the talents of all our people without exception.”*

Opvoeding en opleiding word as essensiële elemente van menslike hulpbronontwikkeling gesien en as 'n belangrike konsep vir 'n nasionale ontwikkelingstrategie (Department of Education, 1994). In die vierde Witskrif oor Opvoeding en Opleiding is ook beklemtoon dat alle individue die reg het tot opvoeding en dat volwassenes van 'n hoë kwaliteit opvoeding, wat ook die leer van vaardighede, kennis, waardes en houdings behels, voorsien moet word (Ministry of Education, 1998).

Die belangrikheid van opvoeding is dus erken, maar die belangrikste konsep betrokke is die wyse waarop dit aangebied word en die uiteindelijke resultate wat dit teweegbring, soos deur Freire (1970: 75) beklemtoon:

*“We simply cannot go to the workers - urban or peasant - in the banking style, to give them 'knowledge' or to impose upon them the model of the 'good woman or man' contained in a programme whose content we have ourselves organised. Many political and educational plans have failed because their authors designed them according to their own personal views of reality, never once taking into account (except as mere objects of their actions) the woman/man-in-a-situation towards whom their programme was ostensibly directed.”*

Hierdie stelling van Freire (1970) hou verband met die tegniese onderrigmetode deurdat die opvoeders slegs kennis oordra en die leerders passiewe luisteraars is. Cranton (1994: 3) stel dat perspektiewe ten opsigte van volwassene onderrig dramaties verander het oor die dekades deurdat dit na 'n rigting beweeg waar kritiese denke en besinning, wat tot transformasie lei, aangemoedig word. Hierdie proses wat tot transformasie lei, word volgens Mezirow (1991) deur die emansipasie onderrigmetode teweeggebring. Met die emansipasie onderrigmetode word 'n deelnemende en probleemoplossingsbenadering gevolg en kritiese denke en besinning,

dialogoervoering en die bewuswording van die self aangemoedig om sodoende transformasie te bewerkstellig.

## 1.2 Probleemstelling

Verbruikerswetenskap omsluit verskeie velde, naamlik voedsel, voeding, kleding en behuising waardeur individue se konkrete behoeftes aangespreek kan word. Hierdie behoeftes is volgens Maslow (1970) die eerste behoeftes wat individue wil bevredig voor hoër orde behoeftes, wat onder andere selfaktualisering insluit. Verbruikerswetenskaplikes kan dus hierdie velde suksesvol gebruik om verandering (transformasie) teweeg te bring wat tot die aanspreek van abstrakte behoeftes, byvoorbeeld selfvertroue, bemagtiging en emansipasie van individue kan lei. Die rol wat Verbruikerswetenskaplikes by individue en gesinne moet speel, word ook in die missie vir Huishoudkunde (Verbruikerswetenskap) deur Brown en Paolucci (1979: 26) soos volg uiteengesit:

*“To enable families, both as individual units and generally as a social institution, to build and maintain systems of action which lead to (1) maturing in individual self-formation and to (2) enlightened, cooperative participation in the critique and formulation of social goals and means for accomplishing them.”*

Die missie van Verbruikerswetenskap stel dus dat Verbruikerswetenskap nie net moet bydra tot die aanleer van kennis en vaardighede nie, maar eerder tot die emansipasie en bemagtiging van individue, soos gereflekteer in die terme “enable”, “to built and maintain”, “maturing in individual self-formation” en “enlightened”.

Sigot (1995) argumenteer ook dat Verbruikerswetenskaplikes (Huishoudkundiges) deelnemers tot kritiese bewuswording in deelnemende omstandighede moet lei. Dit sal individue aanmoedig om in hul eie mag te glo om positiewe sosiale verandering teweeg te bring. Volgens Cranton (1996: 30) toon individue ’n belangstelling daarin om betrokke te wees by hul eie groei en ontwikkelingsproses. Daar is baie min individue wat uit keuse eerder onderdruk, magteloos of hulpeloos sal wees in die wete dat hul wel ’n ander keuse het.

Vaines (1993) en Badir (1992: 16) beskuldig egter Verbruikerswetenskaplikes daarvan dat hul misluk in die uitvoer van die belangrikste konsepte van die missie van Brown en Paolucci (1979). Verbruikerswetenskaplikes plaas te veel klem op “goed wees” en te min daarop om verandering deur aktiewe deelname teweeg te bring en misluk dus in die bemagtiging en emansipasie van individue.

Peterat (1997: 101) stel dat emansipasie opvoeding as die ideaal gesien kan word om die missie van Verbruikerswetenskap uit te voer deurdat albei daarop gerig is om oplossing vir praktiese probleme te vind en die lewenskwaliteit van mense te verbeter. Carr & Zuber-Skerritt (1992: 12) stel ook dat die emansipasie onderrigmetode wat in navorsingsomstandighede uitgevoer word nie net van teoretiese belang is nie, maar ook tot praktiese verbetering gedurende en na die navorsingsproses lei.

Dit is reeds duidelik dat Verbruikerswetenskap geskik is om verandering by individue teweeg te bring. Die vraag kan egter ontstaan waarom dit nodig is om individue te bemagtig of bewus te maak van hul abstrakte behoeftes as hul tevrede skyn te wees met hul toestand en net spesifieke vaardighede wil aanleer. Mezirow (1990c: 357 - 358) beantwoord hierdie vraag deur die volgende stelling:

*"We know that we must respond to initial learner interests and self-defined needs, but we do so with the intent to move learners to an awareness of the reasons for these needs and how the learners' meaning perspectives may have limited the way they customarily perceive, think, feel, and act in defining and attempting to satisfy their needs. This is what being a professional adult educator means, a quite different role from a group process technician or a subject matter specialist."*

Deur die emansipasie onderrigmetode word individue daartoe gelei om hul aannames (betekenisperspektiewe) te bevraagteken en te wysig (Mezirow, 1997: 7). Hierdie herformuleringsproses word transformatiewe leer genoem en die poging om transformatiewe leer te fasiliteer word emansipasie opvoeding genoem (Cranton, 1994).

Cranton (1996: 28) stel dat individue minder vry is as hul nie daarvan bewus is dat daar keuses bestaan nie. Mense se betekenisperspektiewe beperk hul dus dat hul nie bewus is van hul abstrakte behoeftes nie (Mezirow, 1997: 7). 'n Uitdaging kan dus aan Verbruikerswetenskaplikes gestel word om kennis op so 'n wyse oor te dra dat dit nie net tot die verhoging van kennis en vaardighede sal lei nie, maar dat dit tot die transformering van individue se betekenisperspektiewe sal bydra, sodat bemagtiging en emansipasie van individue kan plaasvind.

Hieruit kan die volgende probleemstelling geformuleer word, wat in hierdie studie beantwoord sal word:

Sal die gebruik van die emansipasie onderrigmetode met die aanbod van 'n behuisingsgeletterdheidsprogram transformasie teweegbring, asook bemagtiging- en kennisverhoging?

## 1.3 Doelstelling van die studie


Die hoofdoelstelling is om te bepaal of die emansipasie en tegniese onderrigmetodes tydens die aanbieding van 'n behuisingsgeletterdheidsprogram transformatiewe leer, slegs by die emansipasiemetode, en 'n verhoging in kennis en bemagtiging, by beide metodes, teweegbring.

### 1.3.1 Subdoelstellings

- 1.3.1.1 Om die toepassing van die emansipasie onderrigmetode en transformatiewe leer binne die konteks van Verbruikerswetenskap na aanleiding van literatuur bestudeer, te beskryf.
- 1.3.1.2 Om 'n reeds bestaande behuisingsgeletterdheidsprogram (Venter, 1999) aan te pas vir die aanbieding aan vroue, wat reeds in die staatsgesubsidieerde huise woon.
- 1.3.1.3 Om 'n transformasieraamwerk, wat op Mezirow (1991) se transformasie teorie gebaseer is, te ontwerp waardeur verdraaide betekenisskemas en betekenisperpektiewe geïdentifiseer kan word.
- 1.3.1.4 Om die aksienavorsingsmodel (Zuberr-Skerritt, 1992) saam met die transformasieraamwerk te gebruik om die behuisingsgeletterdheidsprogram voortdurend volgens die verdraaide betekenisskemas aan te pas sodat die aanpassing wat gemaak is en die veranderinge wat voorgekom het, na vore kom.
- 1.3.1.5 Om die bemagtigings- en kennisvlak van twee groepe, wat volgens verskillende onderrigmetodes aangebied is, met mekaar te vergelyk voor die programaanbieding asook direk en twee maande daarna deur 'n gestandaardiseerde bemagtigingsvraelys (Albertyn, 2000) en 'n kennisvraelys, wat spesiaal vir die doel opgestel is, te gebruik.
- 1.3.1.6 Om riglyne aan Verbruikerwetenskaplikes te gee oor die wyse waarop transformatiewe leer met die aanbieding van Verbruikerswetenskapprogramme bewerkstellig kan word.



## 1.4 Konseptuele raamwerk



Figuur 1: Konseptuele raamwerk van die navorsingsproses

Die doel van die konseptuele raamwerk is om die afhanklike en onafhanklike veranderlikes van die studie voor te stel. Die onafhanklike veranderlikes is die verskillende onderrigmetodes (emansipasie en tegniese metode) wat gebruik is om 'n behuisingsgeletterdheidsprogram aan te bied. Die afhanklike veranderlikes is die verwagte uitkomstes van elke onderrigmetode, naamlik transformatiewe leer, bemagtiging en kennis verhoging by die emansipasie metode en kennisverhoging by die tegniese metode.

## **1.5 Begripsomskrywings**

### **1.5.1 Emansipasie onderrigmetode**

Emansipasie onderrig is 'n proses waar deelnemers saam met die opvoeder poog om hul praktyk te verbeter (Cranton, 1994). Dit word gedoen deur 'n deelnemende en probleemoplossingsbenadering saam met die aanmoediging van kritiese denke en besinning, dialoogvoering en die verhoging van bewuswording te volg sodat transformatiewe leer gefasiliteer word (Mezirow, 1991).

### **1.5.2 Tegniese onderrigmetode**

Kennis en vaardighede word aan leerders op so 'n wyse oorgedra dat daar geen doelbewuste interaksie tussen die deelnemers en die opvoeder nie (Anderson-Harper & Robinson, 1996: 315). Die doel van die tegniese onderrigmetode is primêr gerig op die verhoging van produktiwiteit (Cranton, 1994: 11) en daar word nie 'n doelbewuste poging aangewend om deelnemers se behoeftes deur kritiese selfbesinning te identifiseer nie (Mezirow, 1990b: 7).

### **1.5.3 Transformatiewe leer**

Transformeringsimpliseer verandering en transformatiewe leer hou verband met 'n leerproses wat verandering teweegbring. Transformatiewe leer vind plaas met die wysiging van individuele verwysingsraamwerk, wat uit twee komponente, naamlik betekenisstrukture en betekenisperspektiewe, bestaan (Mezirow, 1991; Cranton, 1994, 1996).

### **1.5.4 Betekenisstrukture**

Individuele betekenisperspektiewe bestaan uit verskeie betekenisstrukture, wat die waarnemingsinhoud van individuele ervarings bepaal deurdat dit spesifieke gevoelens, kennis, opvattinge en waardebeoordelings insluit (Mezirow, 1997: 5; Cranton, 1994: 30).

### **1.5.5 Betekenisperspektiewe**

'n Betekenisperspektief is 'n algemene verwysingsraamwerk wat op individue se vroeëre ervarings gebaseer is en het sy ontstaan in die wyse waarop individue grootgeword het, die kultuur waarin hul leef en dit wat hul vroeër geleer het (Mezirow, 1990b: 2; Cranton, 1994: 26).

### **1.5.6 Verdraaide betekenisperspektiewe en betekenis-skemas**

*"A distorted assumption (meaning perspectives and meaning schemes) is one that leads the learner to view reality in a way that arbitrarily limits what is included, impedes differentiation, lacks permeability or openness to other ways of seeing, or does not facilitate an integration of experience (Mezirow, 1991: 118)."* Met verdraai word dus bedoel dat die betrokke individue se gedemonstreerde insig beperk voorkom en dat hul nie die toehoorders oortuig dat hul alle opsies van 'n spesifieke aspek al deurdink het nie.

### **1.5.7 Transformasieraamwerk**

Dis 'n raamwerk wat vir die doel van die studie gebruik word om deelnemers se verdraaide betekenis-skemas te identifiseer om bevraagtekening daarvan aan te moedig en die program daarvolgens aan te pas. Hierdie raamwerk is op Mezirow (1991) se teorie van transformatiewe leer gebaseer.

### **1.5.8 Aksienavorsingsmodel**

Die aksienavorsingsmodel bestaan uit vier komponente, naamlik beplanning, implementering, observering en besinning, soos deur Zuber-Skerritt (1992) voorgestel.

### **1.5.9 Opleidingsprogram**

Die opleidingsprogram is 'n behuisingsgeletterdheidsprogram wat uit sewe verskillende modules (sessies) bestaan. Hierdie program is daarop gerig om aan deelnemers inligting te verskaf ten opsigte van die proses waardeur hulle huise voorsien is, hoe hul goeie huisbestuurders kan wees en werkskeppingsidees aan hulle te gee.

## **1.6 Volgorde van navorsingsrapportering**

Die probleemstelling van die studie is in die eerste hoofstuk bespreek om hierdie studie te motiveer en die doelstellings wat daaruit spruit, te stel.

Hoofstuk twee is 'n literatuurstudie (subdoelwit 1.3.1.1) waar die betekenis van verskillende onderrigmetodes duidelik na vore kom asook die rede waarom die emansipasie onderrigmetode

as geskikte onderrigmetode vir Verbruikerswetenskap gesien word. Verder word die proses van transformasie wat met die toepas van emansipasie opvoeding teweeggebring word en hoe Verbruikerswetenskaplikes emansipasie opvoeding kan toepas, bespreek. Hiermee saam is na verskeie metodes en praktiese tegnieke, wat deur Verbruikerswetenskaplikes gebruik kan word om transformatiewe leer teweeg te bring, gekyk.

Hoofstuk drie beskryf die navorsingsprosedures wat vir hierdie studie gebruik is. Die aspekte wat in hierdie hoofstuk aangespreek is, is 'n beskrywing van die konteks waarin die studie gedoen is, die deelnemers betrokke, die prosedure van die studie en die behuisingsgeletterdheidsprogram (subdoelwit 1.3.1.2). Die navorsingsmetodes en tegnieke wat gebruik is, asook die wyses waarop betroubaarheid en geldigheid verkry is en data-verwerking gedoen is, is ook bespreek.

In hoofstuk vier word die studiegroep beskryf asook die resultate van die kwalitatiewe en kwantitatiewe data. Die kwalitatiewe data is verkry van joernaalaantekeninge en bandopnames wat tydens die aanbied van die behuisingsprogram verkry is en waartydens die aksienavorsingsmodel en 'n transformasieraamwerk gebruik is (subdoelwit 1.3.1.3 en 1.3.1.4). Die bevindinge van die kwantitatiewe data word bespreek in terme van die verskil in bemagtiging- en kennisstatus tussen die twee groepe (subdoelwit 1.3.1.5) wat voor die programaanbieding, direk daarna en twee maande daarna bepaal is.

Die laaste hoofstuk sluit die gevolgtrekkings en aanbevelings wat gemaak is in. Hierdie gevolgtrekkings en aanbevelings sal gebaseer word op inligting wat uit die literatuurstudie verkry is asook uit die bevindinge wat volgens die kwalitatiewe en kwantitatiewe data gemaak is. In die hoofstuk sal ook gepoog word om riglyne aan Verbruikerswetenskaplikes te gee ten opsigte van hoe emansipasie opvoeding met die aanbied van Verbruikerswetenskapprogramme toegepas kan word om transformatiewe leer teweeg te bring (subdoelwit 1.3.1.6).

## HOOFSTUK 2

### TEORETIESE OORSIG VAN EMANSIPASIE OPVOEDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n oorsig te gee van literatuur wat bestudeer is. Die oorsig sal die emansipasie onderrigmetode se betekenis, die transformasieproses wat hiermee gepaard gaan en hoe dit met Verbruikerswetenskap verband hou uiteensit (subdoelwit 1.3.1.1).

Cranton (1994: 9) beklemtoon die relevansie van emansipasie opvoeding deur te stel dat volwassene onderrig in die laaste dekade meer na 'n proses beweeg waar transformatiewe leer bewerkstellig word en kennis en vaardighede deur kritiese besinning aangeleer word. Transformatiewe leer, wat deur emansipasie opvoeding gefasiliteer word, word as 'n belangrike komponent van volwassene onderrig gesien (Robinson, 1994: 35; Grundy & Henry, 1995: 290) aangesien dit individue aan 'n nuwe verwysingsraamwerk blootstel en dit tot die bemagtiging van individue lei (Mezirow, 1991: 210). Die bemagtiging van individue en gesinne, deur hul in staat te stel om verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling te neem, word deur Brown en Paolucci (1979) as die doel van Verbruikerswetenskap (Huishoudkunde) gesien.

#### 2.1 Perspektiewe ten opsigte van volwassene onderrig

Daar ontwikkel volgens Cranton (1994: 8) deurentyd verskeie leerteorieë in Opvoedkunde en Sielkunde wat in die mode kom en dan weer verdwyn. Die **behavioriste** van die 1950's het leer as 'n verandering in gedrag gesien, wat plaasvind as organismes op stimulasies van die omgewing reageer (Cranton, 1994: 9; Van der Zanden, 1997: 37). **Behaviorisme** en die inligtingproseseringsteorie behoort tot die positivistiese wetenskap paradigma (Cranton, 1994: 9). Positivisme word die maklikste deur instrumentele kennis begryp, wat kennis van objektiewe data is en wat empiries afgelei word. In hierdie paradigma word aangeneem dat realiteit onafhanklik van opvattinge, ervarings, stellings en teorieë bestaan (Cranton, 1994: 9). Lefrançois (1995: 185) stel ook dat behaviorisme 'n totale objektiewe benadering is en dat dit slegs met individue se werklike gedrag gemoeid is en nie met verstandelike aspekte soos emosie en denke nie. Die aanvanklike stigters van Huishoudkunde (Verbruikerswetenskap) het volgens Baldwin (1991) die professie as 'n sosiale beweging gesien, maar daar was 'n tekort aan 'n raamwerk waar rondom hulle hul idees kon organiseer. Dit het daartoe gelei dat die beweging nie sukses, soos beloof, behaal het nie. Kritici het volgens Baldwin (1991) die stagnasie aan die positivistiese siening, wat deur Huishoudkunde (Verbruikerswetenskap) aangehang is, toegeskryf.

Die **humaniste** van die 1960's het leer weer gesien as persoonlike ontwikkeling wat die resultaat is van interaksie met ander of as nie-direkte fasilitering van bewuswording van die self (Cranton, 1994: 9). Volgens Van der Zanden (1997: 40) sien die humanistiese teorie die individu as 'n unieke organisme wat van alle ander organismes verskil. Pearson & Podeschi (1999: 42) stel dat die humanistiese leerteorie outonomieit en sosiale vordering ten doel stel. Hierdie teorie neem 'n holistiese benadering aan wat die mens in sy totaliteit beskou en elke persoon as meer as net 'n versameling fisiese, sosiale en sielkundige komponente sien (Van der Zanden, 1997: 40). Die omgewing word ook as 'n belangrike komponent in hierdie teorie gesien deurdat Pearson & Podeschi (1999: 43) stel dat 'n individu se vryheid hoofsaaklik deur die omgewing bepaal word. Die humanistiese teorie word onder die verklarende navorsingsparadigma geklassifiseer waar hermeneutiese metodes toegepas word en praktiese kennis verkry word (Cranton, 1994: 9). Hierdie teorie behels ook dat interpretasies gedoen word en dat begrip van die spesifieke situasie verkry word.

Die **kognitiewe sielkundiges** van die 1970's het leer beskryf as verandering in houding, kennis en vaardighede, individualisering van die individu en as 'n proses van die verklarings van betekenis of die interpretasies van realiteit, wat transformasie teweegbring (Cranton 1994: 9). Die kognitiewe sielkundiges se siening word geklassifiseer onder die konstruktiewe paradigma. (Cranton, 1994: 9). Leer word ook volgens hierdie paradigma as 'n proses gesien waar kennis verklaar word en begrip getransformeer word (Van der Zanden, 1997: 42). Transformasie van begrip vind saam met die wysiging van gedrag plaas deurdat waarneming, probleemoplossing, redenering en kritiese denke in die proses betrek word. Die teorie van transformatiewe leer is op hierdie paradigma gebaseer (Cranton, 1994: 9).

Habermas (1971) stel drie domeine van kennis voor wat ander betekenis vir die klassifisering van leerteorieë voorsien. Hierdie domeine is tegniese, praktiese en emansipasie kennis. Die behavioristiese teorie is gemoeid met **tegniese kennis**, wat die verkryging van kennis insluit en met oorsaak-effek verhoudings in die omgewing verband hou. **Praktiese kennis** behels die verkryging van begrip om te verstaan wat ander bedoel. Dit sluit die begrip van sosiale norme, waardes en politieke konsepte in en hou verband met die humanistiese leerteorieë. **Emansipasie kennis** word verkry deur kritiese introspeksie en word in die konstruktivistiese perspektief van leer geplaas.

Mezirow (1991) beskryf drie domeine van leer wat op Habermas se werk gebaseer is, naamlik instrumentele (verkryging van tegniese kennis), kommunikasie (verkryging van praktiese kennis) en emansipasie leer. Hierdie domeine word deur Webb (1995: 71) waardesisteme

genoem. Cranton (1994: 11) se siening het breër perspektiewe in volwassene onderrig voorgestel wat perspektiewe van positivistiese en konstruktiewe paradigma sowel as die instrumentele, kommunikasie en emansipasie domein van leer integreer, naamlik onderwerp-georiënteerde, leerder-georiënteerde en emansipasie volwassene onderrig.

Vaines (1993: 21) stel dat dit voorkom of Huishoudkunde (Verbruikerswetenskap) volgens al drie benaderings (perspektiewe) funksioneer, maar dat die benadering wat die meeste met die missie van Verbruikerswetenskap verband hou, gebruik moet word. Dit wil sê dat 'n benadering gekies moet word wat deelnemers tot onafhanklikheid en selfontwikkeling lei en hul aanmoediging om krities besinnend oor hulself te wees. Al drie benaderings moet dus bestudeer word sodat die inhoud, uitkomst en hoe dit by Verbruikerswetenskap inpas duidelik na vore kom en die beste leerbenadering gekies kan word.

### **2.1.1 Onderwerp-georiënteerde (tegniese) volwassene onderrig**

Die doel van onderwerp-georiënteerde onderrig is hoofsaaklik om kennis te verkry wat nie net feite, konsepte en probleemoplossingstrategieë insluit nie, maar ook tegniese en praktiese vaardighede (Cranton, 1994: 10). Onderwerp-georiënteerde onderrig is positivisties en behoort tot die instrumentele domein van Mezirow (1991) en die tegniese domein van Habermas (1971). Hierdie tipe onderrig word in Huishoudkunde (Verbruikerswetenskap) deur Vaines (1990) die egosentriese benadering genoem en die tegniese-instrumentele benadering deur Brown & Paolucci (1979).

Onderwerp-georiënteerde onderrig is effektief in situasies waar daar gepoog word om produktiwiteit te verhoog en net vaardighede en kennis aan deelnemers oor te dra. Dit is hoofsaaklik gemoeid met die wyse waarop individue hul omgewing beheer (Mezirow, 1991: 73) en behels die vorming van hipoteses oor waargenome gebeurtenisse en evaluering van die uitkomst (Cranton, 1994: 46). Hierdie aksie is op empiriese kennis gebaseer en word deur tegniese reëls beheer. Vaines (1993: 21) huldig die mening dat mense wat hierdie wêreld siening aanhang hulself en ander sien as produkte van die samelewing wat die reëls stel en dat sukses deur konformiteit en kompetisie verkry word. Onderwerp-georiënteerde onderrig behels hoofsaaklik die bepaling van oorsaak-effek verhoudings deur taak-georiënteerde probleemoplossing (hoe om iets te doen of hoe om op te tree) (Mezirow, 1990b: 7; Vaines, 1993: 22).

Freire (1970: 53) se “banking concept” sluit ook aan by onderwerp-georiënteerde onderrig soos vervat in die volgende stelling:



*"...students are the depositories and the teacher is the depositor. Instead of communicating, the teacher issues communiqués and makes deposits which the students patiently receive, memorize, and repeat... the scope of action allowed to the students extends only as far as receiving, filing, and storing the deposits."*

In die "banking" model word die opvoeder slegs gebruik om die "produk" mee te deel (Hughes, 1998: 140). Hierdie tipe onderrig lei daartoe dat individue nie 'n kritiese bewuswording ontwikkel nie. Freire (1970) voeg ook by dat dit daartoe lei dat leerders van transformasie en die ontwikkeling van kreatiwiteit ontnem word. As daar dus nie gepoog word om individue aan te moedig om self inligting in te win nie (ondersoek in te stel nie) of om aksie en besinning (praksis) toe te pas nie, sal die transformasie van individue nie kan plaasvind nie. Freire (1970: 55) stel dat die uitdaging nie daarin moet lê om die situasie van individue te verander nie, maar eerder om die bewuste ("consciousness") van die individu te verander. Met die toepassing van die "banking" onderrigmetode sal die situasie van individue verander, maar nie hul bewustheid nie.

Cranton (1994: 11) se siening sluit hierby aan en argumenteer dat onderwerp-georiënteerde onderrig meestal die verwagtinge van die leerder bevredig, maar leer vind meestal passief plaas. Dit dra daartoe by dat die leerder geen interaksie met die opvoeder het nie (Anderson-Harper & Robinson, 1996: 315) omdat die leerders as meganistiese voorwerpe gesien word (Grundy & Henry, 1995: 283). Grundy & Henry (1995: 289) stel ook dat 'n leerplan wat uiteengesit is volgens die tegniese domein van leer, ten doel stel om die leerders te leer om beheer te word of in beheer van iets te wees. Die inhoud van die leerplan word ook belangriker geag as die wyse waarop leer plaasvind. Daar word geen klem op kritiese denke en transformatiewe leer gelê nie (Cranton, 1994: 11) en daar word ook nie aan verdere behoeftes, behalwe die spesifieke probleem wat opgelos moet word, aandag gegee nie (Anderson-Harper & Robinson, 1996: 315).

Volgens Grundy en Henry (1995: 284) is Huishoudkunde-programme (Verbruikerswetenskap-programme) meestal vaardighede-georiënteerd en bied leerders die geleentheid om hul vaardighede te verbeter, te leer hoe om verskeie vaardighede uit te voer en hoe om 'n taak volgens die voorgeskrewe kriteria uit te voer. Verbruikerswetenskap is daarom geneig om in die tegniese domein van leer te val aangesien daar baie klem op die aanleer van praktiese vaardighede gelê word waar die uitkomst van die produk baie belangrik is.

### **2.1.2 Leerder-georiënteerde (praktiese) volwassene onderrig**

Die konsep selfgerigde leer soos gestel deur Knowles (1980) kan volgens Cranton (1994: 12) as ooreenstemmend met leerder-georiënteerde volwassene onderrig gesien word. Hierdie



perspektief blyk dieselfde te wees as Mezirow (1991) se praktiese domein van kennis en Habermas (1971) se kommunikasie domein van leer en is deur die werk van Maslow (1970) beïnvloed, wat volgens Pearson & Podeschi (1999: 44) 'n sterk mensgesentreerde benadering volg.

Leerder-georiënteerde volwassene onderrig vind plaas wanneer individue behoeftes toon om te leer en die opvoeder as verantwoordelik vir die bevrediging van die behoeftes gesien word. Die leerproses gaan dan voort deurdat leer volgens die voorskrifte van die leerder plaasvind. Leerders identifiseer dus hul behoeftes, stel doelwitte gebaseer op die behoeftes, kies toerusting en hulpbronne wat relevant tot hul leer is en evalueer dan hul eie vordering. Die leerders is hoogs gemotiveerd, weet wat hul wil leer en beskik oor die vaardighede om hul eie doelwitte te stel (Cranton, 1994: 12).

Die doel van leerder-georiënteerde onderrig is dat individue probeer verstaan wat ander individue bedoel en om ook te poog om hulself duidelik te maak (Mezirow, 1991). Grundy en Henry (1995: 287) stel dat betekenis in hierdie domein deur taal gedeel word. Deurdat taal so belangrik is, word kommunikasie bevoegdheede as 'n belangrike aspek van hierdie domein van leer gesien.

Habermas (1971) sien praktiese kennis (leerder-georiënteerde onderrig) as 'n proses waar onderhandeling tussen die opvoeder en die leerders plaasvind, deurdat persoonlike relevante inligting uitgeruil word. In leerder-georiënteerde onderrig druk die leerders hul behoeftes uit en die opvoeder reageer op hierdie behoeftes, wat gewoonlik met onderhandelinge gepaard gaan (Cranton, 1994: 13). Kennis wat gevorm word, word bepaal deur intersubjektiewe begrip en is gerig op die verkryging van konsensus (Grundy & Henry 1995: 286; Anderson-Harper & Robinson, 1996: 315). Interaksie tussen individue en tussen individue en die omgewing is 'n baie belangrike komponent van hierdie domein van leer (Anderson-Harper & Robinson, 1996: 315).

Grundy en Henry (1995: 288) stel dat 'n Huishoudkunde-program (Verbruikerswetenskap-program), wat volgens die praktiese domein van leer gestruktureerd is, die belangrikheid van kommunikasievaardighede by leerders erken. Dit voorsien daarmee saam geleentheid vir leerders om deel te neem aan aktiwiteite wat hul in staat sal stel om meer effektiewe lede van die samelewing te word. 'n Leemte van hierdie benadering is egter dat deelnemers net die geleentheid kry om die behoeftes waarvan hul self bewus is te identifiseer. Emansipasie opvoeding, wat volgende bespreek gaan word, neem hierdie proses verder deurdat individue

deur middel van aanmoediging van kritiese selfbesinning daaraan blootgestel word om behoeftes en beperkings waarvan hul nie bewus was nie, te identifiseer.

### 2.1.3 Emansipasie leer

Cranton (1994: 16) definieer emansipasie leer as 'n proses waar individue bevry word van magte wat hul beperk om beheer oor hul eie lewe te neem. Hierdie faktore, wat keuses en rasonale beheer ten opsigte van ons lewens beperk sluit sosiolinguistiese, kennis, institusionele of omgewingsfaktore in. Individue kan deur emansipasie opvoeding van beperkings, wat hul aanvanklik as vanselfsprekend aanvaar het of wat hulle as buite menslike beheer gesien het, bevry (emansipeer) word (Cranton, 1996: 30) en dan terselfdertyd pogings aanwend om dit te verander (Grundy & Henry, 1995: 289). Volgens Vaines (1993: 23) word hierdie tipe opvoedingbenadering in Huishoudkunde (Verbruikerswetenskap) as 'n bemagtigingsbenadering gesien deurdat individue verantwoordelik is vir hul eie ontwikkeling in 'n aktiewe omgewing. Hierdie benadering is veral relevant waar daar met onderdrukte gewerk word en hul tot bewuswording gelei moet word van behoeftes en beperkings waarvan hul nie vroeër bewus was nie.

Emansipasie leer vereis dat individue voortdurend basiese beginsels bevraagteken (Anderson-Harper & Robinson, 1996: 315), wat deur Grundy en Henry (1995: 290) as ideologiekritiek beskryf word. Die ideologiekritiek gaan verder as slegs die bevraagtekening van die waarheid deurdat dit gerig is op vrae wat verband hou met introspeksie en die sosiale herkonstruksie van individue. Hierdeur word 'n proses van dialektiek (redeneerkunde) gevestig, deurdat besinning van die self gedoen word asook besinning oor die anonieme reële sisteme van teorie en praktyk (Grundy en Henry, 1995: 290).

Die kurrikulum (leerplan) van emansipasie opvoeding word gesien as 'n praxis. Praxis is 'n vorm van aksie en besinning waar aksie deur besinning geïnspireer word en besinning weer deur aksie (Anderson-Harper & Robinson, 1996: 315). Brookfield (1986: 10) sien praxis as 'n proses waar deelnemers voortdurend by aktiwiteitsbeoefening en implementering van besinning en analisering betrokke is. Dit vind in die 'regte' wêreld plaas, die wêreld van interaksie wat gemoeid is met die vorming van betekenis. Betekenis word egter nie as absoluut gesien nie, maar eerder as sosiaal saamgestel, soos gestel deur die sosiaal konstruktiviste (Van der Zanden, 1997: 42). Dit beteken dat daar nie net bespiegel word oor wat is en wat kan wees nie, maar dat sosiale aksie ook in ag geneem word. Dit kan gedoen word deur betrokke te raak by die sosiale probleme wat 'n samelewing moet aanspreek.

Die verskil tussen emansipasie, praktiese en tegniese kennis word soos volg deur Grundy en Henry (1995: 290) gesien:

*“Emancipatory knowledge seeks to break through the hitherto taken-for-granted view of the world and move towards a freedom which neither the technical nor the practical interest allows.”*

Die kurrikulum van emansipasie opvoeding is in sommige gevalle dieselfde as die kurrikulum van leerder-georiënteerde opvoeding, maar die een duidelike verskil is dat emansipasie opvoeding verder as die ervarings van die leerder gaan. Emansipasie opvoeding is 'n proses waar die ervarings van beide die leerder en die opvoeder in ag geneem word deurdat onsekerhede van albei groepe deur onderhandelinge en dialoogvoering opgelos word.

Grundy & Henry (1995: 289 - 290) stel dat die tegniese en praktiese domein geïnteresseerd is in menslike oorlewing, terwyl die emansipasie domein in die universele regte van oorlewing geïnteresseerd is omdat dit uit die kritiese wetenskap gevorm is. Die tegniese en praktiese domein draai dus om die self of om 'n produk aangesien beheer 'n belangrike rol by die opvoeders speel, wat tot partydigheid en onderdrukking van individue lei. Hierteenoor word opvoeders met die toepassing van emansipasie opvoeding daartoe in staat gestel om individue te help om hulself en ander te help. Volgens Cranton (1996: 30) stel individue daarin belang om betrokke te wees by hul eie groei- en ontwikkelingsproses. Cranton (1996: 30) stel ook dat daar baie min individue wat uit eie keuse onderdruk, magteloos of hulpeloos sal wees met die wete dat hul wel 'n ander keuse het.

Verbruikerswetenskaplikes kan dus net daarop ingestel wees om in beheer van 'n proses te wees waar daar gepoog word om individue vakdeskundiges te maak (tegniese domein) of konsensus met hulle te bereik (praktiese domein). Hul kan egter hierteenoor voor die uitdaging staan om 'n deelnemende benadering (emansipasie domein) te volg waar daar op gelykheid gefokus word om sodoende die deelnemers terselfdertyd te bemagtig.

### **Opsomming**

Dit is dus duidelik dat daar verskeie teorieë ten opsigte van volwassene onderrig bestaan, wat verskillende uitkomsteweegbring. Emansipasie opvoeding word egter as die mees geskikte gesien om Verbruikerswetenskap se missie uit te dra aangesien dit deelnemers deur kritiese besinning lei om bewus te word van behoeftes en beperkings waarvan hul nie voorheen bewus was nie.

- Daar bestaan drie hoof teorieë of perspektiewe ten opsigte van volwassene onderrig wat gemoeid is met drie domeine en verskillend deur skrywers benoem word. Die volgende raamwerk is saamgestel om 'n opsommende oorsig te gee:

Tabel 1: Die verskillende hoof teorieë en domeine van leer

Hoof teorieë	Domeine volgens Habermas	Domeine volgens Mezirow
Behavioristiese teorie	Tegnies kennis	Instrumentele leer
Humanistiese teorie	Praktiese kennis	Kommunikasie leer
Konstruktivistiese teorie	Emansipasie kennis	Emansipasie leer

- Hierdie domeine het elk verskillende eienskappe en sodoende verskillende uitkomste tot gevolg en kan as volg opgesom word om die verskil tussen die drie perspektiewe uit te lig:

Tabel 2: 'n Vergelykende opsomming van die domeine van leer (onderrigmetodes)

	Onderwerp-georiënteerd	Leerder-georiënteerd	Emansipasie
Rol van opvoeder	Kennis mee te deel	Pas aan by behoeftes van leerders	Fasiliteerder in demokratiese omstandighede
Opvoeder - deelnemer verhouding	Deelnemers volg opvoeders presies na	Opvoeders volg deelnemers na deur onderhandeling	Fasiliteerders en deelnemers se ervarings word gedeel in opvoedingsproses
Doelwit	Produktiwiteit te verhoog	Deelnemers te help om die behoeftes wat hul self geïdentifiseer het en deur onderhandeling bekend maak het, te bevredig	Kritiese denke, besinning en die verhoging van bewuswording te fasiliteer
Uitkomste	Verhoging in kennis en vaardighede	Selfgerigte leer	Transformasie wat tot bemagtiging lei

- Die verbruikerswetenskaplike, wat betrek word by menslike ontwikkeling, het 'n verantwoordelikheid om kennis te dra van die eienskappe en uitkomste van die verskillende tipes domeine van leer.

## 2.2 Transformatiewe leer

Dit is reeds duidelik dat emansipasie opvoeding oor die eienskappe beskik om nie net leer teweeg te bring nie, maar ook om transformasie teweeg te bring sodat volhoubare ontwikkeling plaasvind. Dit is belangrik dat opvoeders wat met emansipasie opvoeding gemoeid is kennis sal dra oor hoe hierdie veranderingsproses (transformasie) plaasvind.

Om transformasie teweeg te bring, moet kritiese selfbesinning gefasiliteer word sodat individue hul verwysingsraamwerk kan wysig. Mezirow (1991) argumenteer dat die proses van selfbesinning tot die herformulering van individue se betekenisperspektief (die aannames wat individue maak om hul ervaring te interpreteer) sal lei. Hierdie herformuleringsproses word transformatiewe leer genoem en die poging om transformatiewe leer te fasiliteer word emansipasie opvoeding genoem. Cranton (1996: 30), wie transformatiewe leer as sinoniem vir emansipasie leer beskou, stel ook die volgende om die verband tussen transformatiewe leer en emansipasie leer aan te dui:

*“When the goal of a group is emancipatory learning, transformative learning best describe the process. Individuals who want to change their practice have empowerment as a learning goal and will best be able to move towards that goal by critically questioning current expectations and perspectives.”*

Dit word dus duidelik gestel dat emansipasie leer ooreenstem met die vereistes wat gestel word om transformasie teweeg te bring deurdat transformasie die proses is en emansipasie leer die medium is waardeur dit plaasvind.

### **2.2.1 Die beskrywing van transformatiewe leer**

Volgens Mezirow (1991) is die hoofdoelwit van volwassene onderrig om transformatiewe leer teweeg te bring deurdat dit leerders help om outonoom in hul denke te word. Dit lei daartoe dat leerders hul eie waardes, betekenis en doelwitte vasstel eerder as om ander na te volg. Volgens Taylor (1998: 5) bied transformatiewe leer 'n teorie wat abstrak en geïdealiseerd is en in die aard van menslike kommunikasie gegrond is.

Transformatiewe leer bring meer diepgaande veranderinge as 'n normale leerproses mee en hou met individue se ontwikkelingsproses verband (Clark, 1993: 47). Hobson & Welbourne (1998: 77) stel dat ontwikkeling meer is as om net by 'n spesifieke wêreld aan te pas, deurdat dit ook 'n kwalitatiewe verandering in die wyse waarop individue hul wêreld sien, meebring. Mezirow (1996: 162) sluit by hierdie argument aan deur te stel dat transformatiewe leer benewens die ontwikkelingsproses ook 'n proses is waar individue vanuit hul eie ervarings interpretasies, wat tot verdere aksies lei, vorm. Interpretasies word deur individue na aanleiding van hul persepsies en hul eie ervarings gemaak. Transformatiewe leer kan as 'n proses gesien word waar hierdie ervarings geëvalueer en bevraagteken word (Cranton, 1994: 26).

Dirkx (1997: 79) gee die volgende samevatting om die siening van transformatiewe leer, soos in die werk van Mezirow (1991), Cranton (1994) en Freire (1970) vervat, te reflekteer:

*“Transformative learning represents a heroic struggle to wrest consciousness and knowledge from the forces of unconsciousness and ignorance. The transformative process can be depicted in stories of the ego and its attempts guide the human spirit through the labyrinth of self, society, language, and culture.”*

Transformatiewe leer vind plaas wanneer individue hul verwagtinge, aannames of perspektiewe wysig (Cranton, 1996: 29). Volgens Scott (1997: 41) is transformasie die wysiging van ou wyses van dink en doen na nuwe wyses van dink en doen. Hierdie proses kan vir ’n individu wat deur ’n lewenservaring wat positief of negatief is, begin. Dit kan ook gestimuleer word deur die voorstelling van nuwe perspektiewe aan individue in ’n groepsituasie. Hobson & Welbourne (1998: 72) stel die volgende om hierby aan te sluit:

*“This change occurs through a dialectical process that calls for movement through the old style of meaning-making to a reconstruction of meaning that is a synthesis of the old and the new. The route to transformative adult development and transformative learning lies in acknowledging contradictions and differences and working through them, as opposed to ignoring or circumventing them.”*

Transformatiewe leer bring bemagtiging mee soos wat individue aan alternatiewe wyses en opsies wat beskikbaar is, blootgestel word en tot die verhoging van bewuswording gelei word. Cranton (1996: 28) stel dat individue minder vry is as hul nie daarvan bewus is dat daar keuses bestaan nie. Die hoofdoelwit van transformasie is dus om individue bewus te maak van beperkinge waarvan hul nie bewus is nie en besinning, kritiese denke en dialoogvoering aan te moedig sodat hul daarvan bevry kan word.

Transformasie word deur Boyd (1991) as ’n individualiseringsproses gesien, deurdat individualisering die ontdekking van nuwe talente behels asook die verkryging van selfvertroue en ’n meer duidelike begrip van die dieper self. In die proses waar perspektiewe getransformeer word, fokus Boyd (1991) op die persoon in geheel deurdat dit die self as ’n totale persoon insluit, naamlik die ego sowel as die kollektiewe onbewustheid. Mezirow (1991) beskou egter net die ego as die hoof rolspeler in perspektieftransformasie (Taylor, 1998: 14). Mezirow (1991) se definisie van perspektieftransformasie eindig dus op persoonlike vlak, terwyl Boyd (1991) ook die transpersoonlike (“transpersonal”) vlak betrek. Dit kan daaraan toegeskryf word dat Boyd (1991) se siening geïnspireer word deur ‘in diepte sielkunde’ waar die rol van die ontdekking van die onbewuste as belangrik in transformasie gesien word.

Freire (1970) sien transformasie weer hoofsaaklik as ’n sosiale transformasie deurdat die hele samelewing, volgens hom, met die plaasvind van transformasie verander word. Transformasie word dus deur Freire (1970) as ’n sosiale sowel as persoonlike ervaring gesien. Mezirow



(1991) sien transformasie weer slegs as 'n persoonlike ervaring (konfrontering van epistemologiese en sielkundige verdraaide aannames) wat individue bemagtig om herintegrering te doen (konfrontering van sosiolinguistiese verdraaide aannames) (Taylor, 1998: 17). Engberg (1995: 101) stel dat die bemagtiging van individue as 'n metode in Verbruikerswetenskap gesien moet word om mensgesentreerde ontwikkeling sowel as sosiale ontwikkeling teweeg te bring. Peterat (1997: 103) stel ook dat dit in Verbruikerswetenskap nodig is om op so 'n wyse verandering by individue teweeg te bring dat hulle weer tot die verandering van ander individue sal bydra. Engberg (1995) sowel as Peterat (1997) erken dus dat transformasie wat by individue teweeggebring moet word weer tot die transformasie van ander moet lei. Dit impliseer dat transformasie nie net beperk moet wees tot die transformasie van individue se betekenisperspektiewe ten opsigte van hoe hul hulself sien en die wêreld interpreteer nie (die wyse waarop Mezirow transformasie sien), maar dat dit ook tot die transformasie van ander sal lei (die wyse waarop Freire transformasie sien).

## **2.2.2 Konsepte onderliggend aan transformatiewe leer**

Om transformatiewe leer en die proses wat daarmee gepaard gaan te verstaan, is dit belangrik om kennis van die konsepte onderliggend daaraan te dra asook hoe hierdie konsepte in die proses van transformatiewe leer geïntegreer word.

### **2.2.2.1 Verwysingsraamwerk**

Transformatiewe leer vind met die verandering van individue se verwysingsraamwerk plaas. Verwysingsraamwerke is die strukture van aannames waardeur individue hul ervarings soos gevoelens, emosies, assosiasies en bepaalde ervarings verstaan. 'n Aanneme word soos volg deur Cranton (1994: 30) gedefinieer: "*It is a supposition, a postulate, or something claimed or taken for granted*". Individue se verwysingsraamwerk vorm en baken hul persepsies en gevoelens af (Mezirow, 1997: 5) en gee aanleiding tot hul verwagtinge en doelwitte (Mezirow, 1996: 163).

'n Meer ontwikkelde (meer funksionele) verwysingsraamwerk is een wat meer omvattend, onderskeidend, deurdringbaar, krities besinnend is en ervarings integreer (Mezirow, 1996: 163). 'n Verwysingsraamwerk bestaan uit kognitiewe, konatiewe en emosionele komponente en is saamgestel uit twee dimensies, naamlik betekenis-skemas en betekenis-perspektiewe (Mezirow, 1997, 1996, 1994).

### 2.2.2.1.1 Betekenisskemas

'n Betekenisperspektief is 'n algemene verwysingsraamwerk en bestaan uit 'n verskeidenheid **betekenisskemas** wat spesifieke kennis, opvattinge, waardebeoordelings en gevoelens insluit (Mezirow, 1997: 5). Die waarnemingsinhoud van individue se ervarings word deur spesifieke betekenisskemas, wat in hul betekenisperspektief ingesluit is, bepaal. 'n Betekenisskema verwys dus na hoe om iets te doen, hoe om te verstaan wat ander bedoel of na hoe om die self te begryp (Cranton, 1994: 30).

Betekenisskemas word ook beskryf as die konkrete manifestering van individue se gewoonte oriëntasies en verwagtinge en verplaas algemene verwagtinge met spesifieke verwagtinge, wat aksie bepaal (Cranton, 1994: 30). Wanneer betekenisskemas ondoeltreffend is vir die verklaring van individue se ervarings is hul aan areas of dimensies, wat betekenisloos is, blootgestel. Hierdie leegheid word dan deur projeksie, rasionalisering, kompensasie of ander vorme van selfmisleiding gevul (Mezirow, 1997: 7).

Dit is makliker om betekenisskemas deur besinning krities te ondersoek en te transformeer as betekenisperspektiewe (Mezirow, 1997: 5). Wanneer betekenisskemas herhaaldelik getransformeer word, sal dit tot die transformasie van betekenisperspektiewe lei (Cranton, 1994: 31).

### 2.2.2.1.2 Betekenisperspektiewe

'n Betekenisperspektief is 'n algemene verwysingsraamwerk, wêreldsiening of persoonlike paradigma wat 'n versameling betekenisskemas betrek en uit teorieë, aannames, opvattinge, prototipes, doelwitte en evalueringe bestaan (Mezirow, 1990b: 2). Dit is ook 'n stel van verwagtinge wat op individue se vroeëre ervarings gebaseer is (Cranton, 1994: 26) en het sy ontstaan in die wyse waarop individue grootgeword het, die kultuur waarin hul leef en dit wat hul vroeër geleer het (Mezirow, 1991: 41).

'n Betekenisperspektief bepaal die essensiële toestand vir die ontleding en verklaring van die betekenis van 'n spesifieke ervaring (Mezirow, 1991: 42). Met die verklaring van individue se verwagtinge selekteer die betekenisperspektief van individue die volgorde waarin hul leer asook die wyse waarop hul leer (Mezirow, 1991: 44). Betekenisperspektiewe kan dus as 'n persepsie filter ("perceptual filter") gesien word deurdat dit die betekenis van individue se ervarings organiseer (Taylor, 1998: 7).

Daar word tussen drie tipes betekenisperspektiewe onderskei, naamlik epistemologiese perspektief, sosiolinguistiese perspektief en sielkundige perspektief. **Epistemologiese**



**perspektief** verwys na die wyse waarop individue bewus is van kennis en die wyse waarop kennis gebruik word (Mezirow, 1991: 42). Dit word beïnvloed deur individue se leerstyle en voorkeure, of 'n persoon abstrak, konkreet, globaal of in detail dink asook deur ontwikkelingsfase perspektiewe en intelligensie en kognitiewe style. Hoe 'n persoon leer, hou dus verband met hul epistemologiese perspektief (Cranton, 1994: 28). **Sosiolinguistiese perspektief** is gebaseer op individue se sosiale norme, reëls, kulturele verwagtinge, etnosentrisme en sosialisering, egosentrisme asook taalkodes, wat hul kulturele agtergrond, hul geloofsopvattinge, die taal wat hul praat en interaksie met ander insluit (Cranton, 1994: 28). **Sielkundige perspektief** verwys na die wyse waarop individue hulself sien, wat hul selfkonsep, lokus van kontrole, vrese, inhibisies, behoeftes en sielkundige verdedigingsmeganisme insluit (Cranton, 1994: 29).

Betekenisperspektiewe en die betekenisskemas waaruit dit saamgestel is, kan verdraai (“distorted”) wees. Mezirow (1991: 118) definieer 'n verdraaide aanname soos volg:

*“A distorted assumption is one that leads the learner to view reality in a way that arbitrarily limits what is included, impedes differentiation, lacks permeability or openness to other ways of seeing, or does not facilitate an integration of experience.”*

Die verdraaiing van aannames kan by enige van die drie tipes betekenisperspektiewe, naamlik die kennis, sosiolinguistiese of sielkundige betekenisperspektief voorkom. In die **epistemologiese perspektief** kan aannames ten opsigte van aard en gebruik van kennis verdraai wees. Dit gebeur wanneer daar nie oor kennis en opvattinge besin is nie, veral as die inligting van 'n vakkundige verkry is of van 'n persoon wat in 'n magposisie is. Individue wat in die vroeë stadium van besinningsbeoordeling is, is die meeste geneig om sulke aannames te hê (Mezirow, 1991: 119).

Mezirow (1991: 130-131) beskryf die faktore wat tot verdraaiing in **sosiolinguistiese perspektiewe** kan lei soos volg:

*“All the mechanisms by which society and language arbitrarily shape and limit our perception and understanding, such as implicit ideologies; language games; cultural codes; social norms, roles and practices; and underdeveloped levels of consciousness, as well as theories and philosophies.”*

Cranton (1994: 34) stel dat hierdie lys, soos genoem deur Mezirow (1991), niemand van verdraaide sosiolinguistiese aannames vrystel nie. Die kultuur waarin individue grootword, die samelewing waarin hulle leef en die taal wat hul praat, bepaal hul betekenisperspektief. Mezirow (1991: 131) argumenteer dat individue meestal hierdie aannames as vanselfsprekend beskou en onbewus is van kulturele kodes en sosiale norme. Die meeste van die verdraaide

aannames is taal-gebaseer aangesien taal die primêre metode van kommunikeer (skryf en praat) is en alle aspekte van onderrig en leer insluit. Mezirow (1991: 135-137) lys nog faktore waardeur verdraaiings veroorsaak kan word, naamlik selektiewe persepsies, vlak van bewustheid, kulturele en sosio-ekonomiese agtergrond en huidige samelewing en kultuur van individue.

Die verdraaiing van **sielkundige aannames** word soos volg deur Mezirow (1991: 138) gedefinieer:

*“Psychological premise distortions produce ways of feeling and acting that cause us pain because they are inconsistent with our self-concept or sense of how we want to be as adults. They are artifacts of our earlier experience - ways we have become dysfunctional in adulthood.”*

Verdraaide sielkundige aannames word gevorm deur faktore soos traumatiese gebeurtenisse in die kinderjare, persoonlike en karaktereienskappe, ervarings van die verlede en die omgewing of konteks waarin individue leef. Lewenservarings van die verlede, persoonlikheidsveranderlikes (bv. interne of eksterne lokus van kontrole), vorige opvoedingservarings of individue se selfkonsep is van die mees algemene bronne van verdraaide sielkundige aannames (Cranton, 1994: 39 - 40).

’n Getransformeerde betekenisperspektief is ’n nuut ontwikkelde betekenisstruktuur. Hierdie ontwikkeling kom gewoonlik voor as ’n teenstrydigheid met die kritiese herbepaling van aannames ervaar word. Perspektieftransformasie kan voorkom waar betekenischemas herhaaldelik getransformeer word of as gevolg van ’n ernstige persoonlike krisis. Mezirow (1997: 10) stel dat dit dikwels ’n pynlike en stresvolle ervaring is.

Tennant (1994: 34) stel dat hy van Mezirow se teorie ten opsigte van die transformasie van betekenischemas en betekenisperspektiewe verskil. Perspektieftransformasie vind volgens Mezirow (1994: 228) as gevolg van progressiewe transformasie van verbandhoudende betekenischemas plaas. Tennant (1994: 34) hierteenoor stel dat transformasie van betekenischemas meer met die verandering van individue se normatiewe lewenssiklus, soos om die huis te verlaat en kinders te kry verband hou. Volgens Hobson & Welbourne (1998: 73) sal dit ooreenvoering wees as verandering net toegeskryf word aan normatiewe fases van ontwikkeling.

Mezirow (1994: 228) stel dat betekenischemas hoofsaaklik deur probleemoplossing of kritiese besinning getransformeer word, teenoor betekenisperspektiewe wat deur aannamebesinning getransformeer word. Volgens hom is dit egter nie ’n rede om te sê dat betekenischemas meer

deel is van normatiewe sielkundige ontwikkeling as perspektieftransformasie nie. Mezirow (1994: 229) stel dat dit wat Tennant (1994) as normatiewe lewensiklus verandering sien in baie gevalle nie besinning betrek in die regverdiging van besluite wat geneem word nie. Party persone sal byvoorbeeld die huis verlaat sonder om kritiese selfbesinning te doen. Ander persone wat die huis verlaat, sal wel kritiese besinning doen ten opsigte van hul opvattinge, verhoudings en identiteit.

Die vraag is dus of die veranderinge in betekenisskemas slegs 'n resultaat is van normatiewe lewensiklus veranderinge of kom dit ook voor as gevolg van aanmoediging om die betekenisskemas te bevraagteken. As gevolg van Verbruikerswetenskaplikes se betrokkenheid by gesinsontwikkeling sal hul gekonfronteer word met transformasie, wat by party individue voorkom as gevolg van lewensiklus veranderinge. Verbruikerswetenskaplikes kan egter met die toepassing van die emansipasie onderrigmetode daartoe bydra dat individue hul betekenisskemas bevraagteken, wat uiteindelik tot die wysiging van hul verdraaide betekenisskemas kan lei. As gevolg hiervan word transformasie van betekenisskemas sowel as van betekenisperspektiewe vir die doel van hierdie studie as die resultaat van kritiese selfbesinning gesien. Die verandering van betekenisskemas word dus gesien as 'n proses waar individue bewus word van teenstrydighede en daaroor besin. Dit gebeur wanneer hul voorgestel word aan alternatiewe aannames wat met hul huidige aannames teenstrydig is.

Die wysiging van betekenisskemas, wat uiteindelik tot die wysiging van betekenisperspektiewe lei, kan dus as sleutelement van die transformasieproses gesien word. Cranton (1992: 150) en Mezirow (1997: 10 - 11) stel dat wysiging slegs sal voorkom as individue aan omstandighede blootgestel word wat hul instaat stel om hul aannames te bevraagteken. Hierdie omstandighede kan geskep word deur verskillende metodes, wat in die volgende afdeling bespreek sal word, te gebruik wat deelnemers van hul verdraaide aannames bewus sal maak en hul tot die bevraagtekening daarvan sal lei.

### **2.2.3 Metodes om transformatiewe leer te bewerkstellig**

Volgens McKay (1997: 12) is die aanvanklike doel van emansipasie opvoeding, dus ook van transformatiewe leer, om probleme op te los waarmee saam verskeie metodes gebruik word sodat deelnemers verantwoordelikheid vir sy/haar eie vordering neem. Mezirow (1997: 10) stel dat transformatiewe leer teweeggebring kan word deur deelnemers aan te moedig om onderliggende aannames te identifiseer en ondersoek. Hy stel ook dat 'n probleemstelling en deelnemende benadering asook besinning, dialoogvoering, kritiese denke en die verhoging van bewuswording as nuttige metodes gesien kan word om dit te bewerkstellig.

### 2.2.3.1 Probleemstelling benadering

Kognitiewe interpretasies kan volgens Mezirow (1991: 33) lei tot 'n emosionele reaksie in die bevestiging of ontkenning van 'n opvatting, houding of emosionele reaksie, of tot die definiëring van 'n bestaande betekenis-kema as 'n probleem. Laasgenoemde is probleemstelling ("problem-posing") (Freire, 1970: 60), wat dikwels tot probleemoplossing lei (Mezirow, 1991: 33). Probleemstelling kan ook gesien word as die identifisering van verdraaide betekenis-kemas wat tot die verandering in betekenis-perspektiewe (probleemoplossing) kan lei as dit herhaaldelik bevestigteken en gewysig word (Mezirow, 1997: 10).

Die probleemstelling benadering beweeg weg van die kenmerkend vertikale patrone in die "banking" onderrigmetode, soos deur Freire (1970) beskryf, en vervul eerder 'n funksie waar vryheid gefasiliteer word. Probleemstelling is volgens Freire (1970: 60) 'n benadering wat behels dat opvoeders en leerders die wyse waarop hul lewens saamgestel is en deur heersende ideologieë beperk word, bevestigteken. Mezirow (1997: 11) stel ook dat deelnemers daaraan blootgestel moet word om hul verdraaide betekenis-kemas te herken en om dit vanuit 'n ander perspektief te herdefinieer.

Nuwe inligting wat aan leerders gegee word, moet slegs as 'n hulpbron in die proses van onderrig vir volwassenes beskou word (Mezirow, 1997: 10). Sulke onderrig is nie gemoeid met kunsmatige leersituasies nie, maar beskou eerder daaglikse lewenservarings as die beginpunt van opvoeding (Freire, 1970: 60). Die probleemstelling benadering verdeel nie die aktiwiteit van die opvoeder in twee dele nie (Freire, 1970: 61). Dit word gedoen deur die deelnemers so te betrek dat hul nie net passiewe luisteraars is nie, maar eerder in kritiese samespreking met die opvoeder verwickel is. Deelnemers word met die toepas van die probleemstelling benadering blootgestel aan probleme wat met hulself verband hou en hul word aangemoedig om die oplos van hierdie probleme as 'n uitdaging te beskou (Freire, 1970: 61).

### 2.2.3.2 Deelnemende benadering

'n Deelnemende benadering moet gevolg word sodat deelnemers 'n gelyke kans kry om hul opinies weer te gee. Aangesien hulle deelneem, word hul geïnspireer om self oplossings te vind wat tot die besinning van die self en van hul situasie lei.

Deelname beteken dat deelnemers wat verskillend van mekaar is, saam aan 'n spesifieke probleem werk (Fals-Borda, 1991: 150). Zuber-Skerritt (1992: 12-13) beklemtoon ook dat die deelnemers nie die opvoeder as 'n ekspert wat 'n buitestander is, moet sien nie, maar eerder as

'n medewerker wat saam met die deelnemers aan 'n spesifieke doel werk. Die opvoeder se kennis gaan dus nie alleen gebruik word om die probleem op te los nie, maar wel die siening van elke deelnemer om sodoende begrip van die situasie te verkry (Winter, 1996: 19). Deelname moet dus op 'n demokratiese wyse plaasvind (Brown, 1993: 252).

Deelname beteken nie net om ingelig te wees nie, dit beteken eerder dat deelnemers by elke faset van die opvoedingsproses betrokke moet wees, soos by die formulering van die behoeftes en doelwitte en die uitvoer van die beplannings-, implementerings- en evalueringsfase. Deelname moedig individue aan om hul ervaring, persepsies en gedagtes te deel. Dit mobiliseer ook deelnemers om aksie te neem wat tot sosiale transformasie, herkonstruksie en volhoubare ontwikkeling sal lei.

### 2.2.3.3 Besinning

Besinningsleer behels die bevestiging, byvoeging of transformasie van die wyses waarop individue ervarings interpreteer (Mezirow, 1991: 117) en word deur 'n proses wat sterk analitiese vaardighede insluit, teweeggebring (Cranton 1992: 149). Besinning word deur Mezirow (1990b: 5) as 'n proses wat sinoniem aan hoër orde prosesse is en deur emansipasie opvoeding teweeggebring word, beskryf. Mezirow (1990a: xvi) stel die volgende voor as definisie vir besinning: “...*examination of the justification for one's beliefs, primarily to guide action and to reassess the efficacy of the strategies and procedures used in problem solving.*”

'n Verdere definisie word ook deur Boyd & Fales (1983: 101) voorgestel:

*“We define reflection as the process of creating and clarifying the meaning of experience (present or past) in terms of self (self in relation to self and self in relation to the world). The outcome of the process is examined to create meaning focuses around or embodies a concern of central importance to the self.”*

Die sleutelement van hierdie besinningsdefinisies is dat die evaluering deur individue van hul eie situasies (ervarings) sal lei tot die verskuiwing van een persepsie na 'n ander, wat daartoe lei dat individue nuwe begrip van hul eie situasies kry.

Mezirow (1991: 105) onderskei tussen drie tipes besinning. Die eerste tipe is **inhoudsbesinning** (“content reflection”) wat die evaluering van die inhoud van 'n probleem behels. Die tweede tipe is **prosesbesinning** (“process reflection”) wat behels dat daar na die strategie wat gebruik word, gekyk word. Die derde tipe is **aanamebesinning** (“premise reflection”) en vind plaas as die probleem self bevraagteken word. Mezirow (1991: 117) stel dat transformatiewe leer na beide die transformasie van betekenisskemas deur inhoud en

prosesbesinning en die transformasie van betekenisperspektiewe deur aannamebesinning verwys. Mezirow (1991: 111) verduidelik die volgende om die verskil tussen inhouds-, proses- en aannamebesinning duidelik te maak:

*“Content and process reflection are the dynamics by which our beliefs - meaning schemes - are changed, that is, become reinforced, elaborated, created, confirmed, or identified as problems (problematized) and transformed. Premise reflection is the dynamic by which our belief systems - meaning perspectives - become transformed. Premise reflection leads to more fully developed meaning perspectives, that is, meaning perspectives that are more inclusive, discriminating, permeable (open), and integrative of experience.”*

Aannamebesinning kan volgens Mezirow (1990b: 12) as sinoniem vir kritiese besinning beskou word. Mezirow (1990a: xvi) definieer **kritiese besinning** soos volg: *“assessment of the validity of the presuppositions of one’s meaning perspectives, and examination of their sources and consequence.”* Kritiese besinning verwys na die bevraagtekening van die geldigheid van aannames en opvattinge wat op vorige ervarings gebaseer is. Dit vind dikwels plaas as individue bewus word van ’n teenstrydigheid wat voorkom. Teenstrydigheid is gewoonlik ’n resultaat van foutiewe kennis, sosiolinguistiese en sielkundige aannames (Mezirow, 1994: 46). **Kritiese selfbesinning** word beskryf as evaluering wat individue van hul eie verdraaide betekenisperspektiewe doen (Mezirow, 1990a: xvi).

Cranton (1992: 149) stel dat die besinningsproses begin deurdat daar ’n nuwe bewustheid van uitgedaagde aannames by individue ontstaan. Brookfield (1990: 177) verdeel kritiese besinning verder in drie interverwante fases. Eerstens moet die identifisering van aannames wat onderliggend aan denke en aksies is, gedoen word. Tweedens moet die akkuraatheid en geldigheid van hierdie terme bestudeer word asook die wyse waarop dit verband hou of teenstrydig is met individue se ervarings. Cranton (1992: 149) stel ook dat individue die bronne en die gevolge van hul aannames moet bestudeer. Die individu sal volgens Mezirow (1991: 105) aannames wat hul as nie-geldig sien, verander. Brookfield (1990: 177) stel dat hierdie aannames laastens opnuut saamgestel moet word sodat dit meer omvattend en integrerend is. Herkenning en analise van aannames kan dus as sentraal tot die proses van kritiese besinning beskou word (Cranton, 1992: 146).

Volgens Peterat (1997: 103) is dit Verbruikerswetenskaplikes se plig om individue aan te moedig om te besin sodat dit daartoe sal bydra dat individue groter beheer oor hul eie lewens en omgewing kry.



### 2.2.3.4 Dialoogvoering

Dialoogvoering word deur Cranton (1994) en Mezirow (1991) rasionele gesprekvoering genoem en word as die hoofkomponent gesien om transformatiewe leer te bewerkstellig deurdat dit 'n kragtige kommunikasie praktyk is (Ellinor & Gerard, 1998: 3). Die rede hiervoor word soos volg deur Ellinor & Gerard (1998: 3) geformuleer:

*“Because dialogue brings into relief the hidden power of conversation and shows us how the shared meaning that accumulates over time is the source of collective action, it's promise is to create conversations that matter and to expand the possibilities for creating and sustaining collaborative partnerships...”*

Die voer van samespreking word deur Mezirow (1994: 225) as dialoogvoering beskryf waar individue op die inhoud van hul aannames fokus en 'n poging aanwend om dit te wysig. Dit word gedoen deur redes ten opsigte van hul opvattinge te gee, dit te verdedig en ondersoek in te stel na bewyse vir en teen die mededingende sienings. Hobson & Welbourne (1998: 82) stel dat wanneer volwassenes verwickel is in kritiese dialoogvoering ten opsigte van tradisies en wyses waarop hul tans die wêreld interpreteer, dit tot die konfrontering van hul ideologieë en tot die ontwikkeling van 'n nuwe bewuswording asook 'n nuwe persepsie teenoor die wyse waarop hul die wêreld vroeër gesien het, lei. Freire (1970: 61) sien dialoogvoering as die sleutel tot die liberalisering van opvoeding en bevestig dié siening soos volg: *“The teacher is no longer merely the-one-who-teaches, but one who is himself taught in dialogue with the students, who in turn while being, also teach.”*

Dialoogvoering word deur Freire (1970: 69) as volg gedefinieer:

*“Dialogue is the encounter between men, mediated by the world, in order to name the world. It is in speaking their word that people, by naming the world, transform it. Dialogue imposes itself as the way by which they achieve significance as human beings. Dialogue is thus an existential necessity.”*

Die essensiële element van dialoogvoering is, soos deur Freire (1970: 68) gestel, die woord. Die woord word egter as meer as net 'n instrument wat dialoogvoering moontlik maak, gesien. Met die oordrag van 'n ware woord, wat 'n praksis is, vind transformasie plaas (Freire, 1970: 68). Praksis bestaan uit twee dimensies wat op mekaar inwerk, naamlik besinning en aksie. Praksis word deur Brookfield (1986: 10) gedefinieer as 'n proses waar die leerders in 'n voortdurende proses van aktiwiteitsbeoefening en implementering van besinning en analisering in samewerkende omstandighede betrokke is. Freire (1970: 68) stel die volgende oor die interaksie tussen besinning en aksie:

*“It is in such radical interaction that if one is sacrificed - even in part the other immediately suffers. When a word is deprived of its dimension of action, reflection automatically suffers as well. It becomes an empty word, one which cannot denounce the world, for denunciation is impossible without a commitment to transform, and there is no transformation without action. On the other hand, if action is emphasized exclusively, to the detriment of reflection, the word is converted in activism.”*

Denke wat volgens Freire (1970: 58) met die realiteit gemoeid is, kan nie in isolasie plaasvind nie; daarom is dialoogvoering in groepsverband baie belangrik. Die ideale toestand vir dialoogvoering is dat die deelnemers vry van dwang is en almal ’n gelyke geleentheid het om deel te neem (Cranton, 1994, 27; Mezirow, 1997: 10). Deelnemers moet ook akkurate en volledige informasie hê, die vermoë hê om argumente objektief te bepaal en hul moet oop wees vir alternatiewe perspektiewe. Deelnemers moet in staat wees om kritiese besinnings van aannames te doen (Mezirow, 1994: 225). Mezirow (1991: 77) stel dat rasionele gesprekvoering, in kontras met daaglikse gesprekvoering, meer onafhanklik in terme van inhoud moet wees en meer met plaaslike sosiale strukture verbind moet word.

Liefde, nederigheid, hoop en vertrouwe word deur Freire (1970: 72) as belangrike boustone van dialoogvoering beskou deurdat dit ’n horisontale verhouding van wedersydse vertrouwe tussen die dialoogvoerders skep. Dialoogvoering kan ook nie bestaan sonder dat die dialoogvoerders verbind is tot kritiese denke nie.

Ellinor & Gerard (1998: 3) stel dat, alhoewel dialoogvoering tot die emansipasie van sommige deelnemers lei, dit ander onderhorig kan laat voel. Daar is baie individue wat nie daartoe in staat is om aan die proses van dialoogvoering deel te neem nie. Redes hiervoor kan onvoldoende kommunikasievaardighede, vrees en ang of ’n introvert persoonlikheid wees. Daarom lei dialoogvoering vir sommige deelnemers tot onderdrukking en onbemagtiging in plaas van emansipasie en bemagtiging. Freire (1987: 102) stel dat individue die reg het om stil te bly tydens dialoogvoering en dat deelnemers wat moeilik deelneem, gerespekteer moet word sodat hul opvoedingsbehoefte ook bevredig word. Die volgende is gestel om die standpunt te verdedig:

*“To feel pressured to speak...creates a false democracy, a fake moment of discussion. This is an imposition on the students who has made dialogue into dogma.”*

Dialoogvoering kan dus as die proses gesien word waardeur nie net kommunikasie plaasvind nie, maar ook as ’n proses waar ’n milieu vir deelnemers geskep word om hul aannames krities te besin.



### 2.2.3.5 Kritiese denke

Kritiese denke is gebaseer op die ondersoek en bevraagtekening van aksie terwyl dit plaasvind, terwyl kritiese besinning 'n proses is waar die integriteit van aannames en opvattinge wat op vorige ervarings gebaseer is, geïnterpreteer word. Kritiese denke is nie 'n suiwer passiewe proses nie en sluit 'n praxis van afwisselende fases van analise en aksie in (Brookfield, 1987: 23). Freire (1970) sluit hierby aan deurdat hy kritiese denke as 'n proses soos transformasie sien - denke wat nie van aksie geskei kan word nie. Die proses van aktiewe ondersoek kombineer reflektiewe analises met insiggewende aksies. Kritiese denke kan as beide 'n filosofiese oriëntasie teenoor denke en 'n kognitiewe proses wat gekenmerk word deur besinnende denke en berekende beoordeling gesien word. Kritiese denke is ook gerig op die uitdaging om nuwe perspektiewe en die openheid om nuwe moontlikhede te identifiseer (Jones & Brown, 1993 in Glen, 1995: 71).

Watson & Glaser (1964) in Glen (1995: 72) stel dat die volgende met die beoefening van kritiese denke ingesluit word:

*“Defining a problem, selecting pertinent information for the solution, recognising stated and unstated assumptions, formulating and selecting relevant and promising hypotheses, drawing conclusions, and judging the validity.”*

Kritiese denke behels meer as net die uitvoer van kognitiewe aksies soos logiese redenering of bestudering van argumente deur empiriese bewyse deurdat dit eerder beteken dat individue die aannames onderliggend aan hul opvattinge en gedrag erken en bevraagteken. Dit beteken dat individue hul idees en aksies kan regverdig deur hul aannames met 'n reeks variërende interpretasies en perspektiewe te vergelyk (Brookfield, 1987: 13).

Die belangrikste twee aktiwiteite sentraal tot kritiese denke is volgens Brookfield (1987: 15) eerstens die identifisering en uitdaging van aannames en tweedens die ondersoek en voorstelling van ander alternatiewe. Identifisering en uitdaging van aannames vind plaas wanneer individue hul onderliggende aannames van gebruikelike wyses van dink en optree ondersoek. Dit sluit waardes wat as vanselfsprekend beskou is in asook stereotiperings van sosiale en menslike aard (Mezirow, 1997: 10).

Individue moet aangemoedig word om te fokus op die voorstelling en ondersoek van alternatiewe wyses sodat hul kan besef dat daar ander alternatiewe vir hul huidige wyses van doen en dink bestaan (Cranton, 1994: 17). Die besef dat daar ander alternatiewe bestaan, kan as bevrydend of bedreigend deur individue ervaar word. Dit is bevrydend omdat dit impliseer dat onbevredigende opvattinge en gedrag vervang kan word met meer betekenisvolle en geskikte

opvattings en gedrag. Individue kan die besef van ander alternatiewe as bedreigend beskou omdat dit beteken dat stereotipes en gegewes wat aanvanklik vertrou is eintlik betekenisloos, verouderd of nadelig is (Brookfield, 1987: 13).

### **2.2.3.6 Die verhoging van individue se bewuswording**

Die verhoging van bewuswording is nie 'n konsep wat uit 'n teorie ontstaan het nie, maar eerder uit die ervaring wat individue met onderdrukking gehad het (Hart, 1990: 50). Hart (1990: 49) stel dat die verhoging van bewuswording met die eksterne en interne effek van mag rekening hou. Hierdie eienskap dra daartoe by dat dit 'n vorm van emansipasie opvoeding is en bring die proses van kritiese besinning en selfbesinning mee asook die transformasie van individue se betekenisperspektief. Die verhoging van bewuswording bevredig direk die behoefte van individue om die wyse waarop hul leef te interpreteer en kan as 'n proses gesien word waar deelnemers meer bewus word van hulself, hul situasie en hul behoeftes (Reason, 1994: 328).

Freire (1973) argumenteer dat volwassenes bevry kan word deur 'n dialogiese, probleemstelling ("problem-posing") onderrigmetode wat hul uitdaag om bewus te word van die sosiale strukture wat onderdrukking teweegbring. Dit kan gedoen word deur individue te stimuleer om te begryp hoe hierdie sosiale strukture hul eie denke beïnvloed en dat hul daartoe in staat is om die wêreld te verander as hulle hul eie mag erken. Hierdie proses word die verhoging van bewuswording ("conscientization") genoem. Die verhoging van individue se bewuswording verwys dus na die ontwikkeling van 'n bewuswording van sosiale, politiese en ekonomiese teenstrydighede en optrede teen onregverdige praktyke (Freire, 1970: 31) wat uiteindelik tot die transformasie van individue lei (Reason, 1994: 328). McKay (1997: 9) stel ook dat sosiale strukture wel transformeerbaar is, maar slegs deur die verhoging van bewuswording.

Die ontwikkeling van bewuswording word beskou as 'n manier om sosiale en emosionele behoeftes van onderontwikkelde gemeenskappe te identifiseer. Verandering kan slegs intree as die deelnemers probleme wat ondervind word, identifiseer. Individue wat bewus is van die self sal op 'n progressiewe wyse hulle omgewing deur hul eie praksis transformeer. Die opvoeder sal slegs 'n ondersteunende rol speel, maar nie domineer nie (Rahman, 1985: 118). Die proses van verhoging van bewuswording word verkry deur 'n kombinasie van aksie en besinning (praksis) (Freire, 1970). Durham (1998: 23) stel ook dat die verhoging van bewuswording betekenisloos is as dit nie met praksis verband hou nie. Hierdie styl van opvoeding is eerder samewerkend as passief en beweeg weg van die tradisionele opvoedingstyl na 'n model wat vryheid en outonomieit ondersteun. Reason (1994: 328) stel ook dat die verhoging van

bewuswording verkry word deurdat deelnemers in samewerkende omstandighede oor die self besin.

Volgens Freire (1973: 17) vind die ontwikkeling van bewuswording deur drie fases plaas, naamlik semi-intransitief betowerend ("semi-intransitive magical"), naïef transitief ("naive transitive") en kritiese bewuswording. Individue wat in die "**semi- intransitive magical**" fase is, kan nie probleme verstaan wat buite hul sfeer van biologiese behoeftes is nie en fokus dus net op basiese behoeftes. Hul streef hoofsaaklik net daarna om te oorleef en hul omvang van persepsies is beperk. "**Naive-transitivity**" word deur die ooreenvoudiging van probleme deur individue gekenmerk. Verdere kenmerke van "naive transitivity" word soos volg deur Freire (1973: 18) uiteengesit:

*"Naive transitivity is characterized by a nostalgia for the past, by underestimation of the common man, by a strong tendency to gregariousness, by fragility of argument, by the practice of polemics rather than dialogue."*

'n Persoon wat nie van "naive transitivity" tot kritiese bewuswording beweeg nie verval in dweepsugtige bewustheid ("fanaticized consciousness") wat tot 'n irrasionele houding en optrede lei. Hierdie persone word gedomineer deur ander en hul vrees vryheid, al is hul nie bewus daarvan nie en sien hulle hulself as vry. Hul sal eerder ander persone en formules navolg as wat hul iets uit eie keuse sal doen. Hul word dus deur ander gerig en nie deur hulself nie en is eerder die bysaak as die onderwerp. **Kritiese bewuswording** behels die kritiese analise van realiteit deurdat analisering nie plaasvind deur observering nie, maar eerder deur deelname. Kritiese bewuswording is ook 'n proses waardeur dialoogvoering in samewerking gedoen word deur middel van dinamiese sosiale interaksie.

Verbruikerswetenskaplikes het dus 'n verpligting om die onderdrukte te lei tot hoër vlakke (kritiese bewuswording), anders verval hul in "fanaticized consciousness" en dit kan nie bemagtiging of emansipasie genoem word nie. Verbruikerswetenskaplikes maak hulself wys dat die vaardighede en kennis wat hul aan onderdrukte leer langtermyn bemagtiging meebring sonder dat hul die onderdrukte tot dieper elemente, soos by kritiese bewuswording, lei. Verbruikerswetenskaplikes kan dit dus as 'n uitdaging beskou om nie net vaardighede en kennis oor te dra nie, maar eerder om individue en gesinne tot kritiese bewuswording te lei.

Die verhoging van bewuswording is dus 'n kritiese element van die transformasieproses. Dit is egter nie 'n element wat op sy eie kan staan nie en vind met die kombinerings van die ander transformasie-metodes plaas. Dit is dus belangrik om na al hierdie metodes as 'n geheel te kyk. Transformasie van individue kan gefasiliteer word met die aanleer van enige kennis en vaardighede, so ook in die Verbruikerswetenskapveld. Die wyse waarop bogenoemde metodes,

wat ook die sleutelkenmerke van empansipatie onderrig is, in die leerplan gekombineer word, is egter bepalende faktore in die bewerkstelling van transformasie.

## 2.2.4 Die verskillende fases in perspektieftransformasie

Individue se verwysingsraamwerk kan getransformeer word deurdat hul hul aannames, wat op interpretasies en opvattinge gebaseer is, krities besin (Mezirow, 1997: 6). Indien die inhoud van wat individue leer by hul huidige verwysingsraamwerke inpas, sal transformasie van hul betekenisperspektiewe in verskillende fases plaasvind. Cranton (1994: 77) stel dat hierdie fases verskillend deur individue ervaar sal word deurdat dit met hul persoonlikheidstipe verband hou. Die ses fases wat vervolgens beskryf word is gebaseer op die fases wat Mezirow (1991) voorstel. Daarmee saam word fases soos voorgestel deur ander outeurs, wat ooreenstem met die fases wat Mezirow (1991) voorstel, beskryf.

### 2.2.4.1 Fase een

Mezirow (1991: 5) stel dat individue in die **eerste fase** 'n deeglike studie of beskouing van hul reeds bestaande betekenisstrukture maak. Hy stel ook voor dat die transformasieproses by 'n problematiese betekenisstruktuur moet begin, wat deur intuïsie, ontdekking en verbeelding tot nuwe interpretasies lei.

Die eerste fase van transformasie word deur Taylor (1989 in Mezirow, 1991: 172) asook deur Brookfield (1987) as die teenwoordigheid van 'n **katalisator ("trigger event")** beskryf. Volgens Taylor (1989) in Mezirow (1991: 172) is die katalisator 'n skokkende of positiewe gebeurtenis waaraan 'n individu blootgestel word. 'n Eksterne sosiale gebeurtenis, persoonlike omwenteling, natuurlike ramp of 'n teenstrydigheid tussen betekenisperspektiewe kan hiertoe aanleiding gee. Boyd & Fales (1983) beskryf hierdie fase as **innerlike ongemak**. Innerlike ongemak kom voor waar individue daarvan bewus word dat iets nie reg binne in hulself is nie. Dit kan ook 'n gevoel van hunkering wees, wat nie 'n voorgenome of opsetlike geestestoestand ("state of mind") is nie, maar net voorkom. Cranton (1994: 77) beskryf die fase as 'n fase van **nuuskierigheid** waar die individu aan 'n nuwe perspektief voorgestel word. Die voorkoms van 'n lewenskrisis bespoedig hierdie proses en kan daartoe lei dat veranderinge geforseer word.

Ander terme wat gekoppel word aan die eerste fase is die verhoging van bewuswording (Freire, 1970) en die bewuswording van teenstrydigheid (Brammer & Abrego, 1981).

#### 2.2.4.2 Fase twee

Hierdie fase word deur Mezirow (1991) en Brookfield (1987) as die fase waar **selfbeskouing** van gebeurtenisse plaasvind, beskryf. Die fase gaan volgens Mezirow (1991: 169) met skuldgevoelens en skaamte gepaard.

Boyd en Fales (1983) beskryf hierdie fase as **identifisering van bekommernisse**. Dit vind plaas as die individu innerlik ongemaklik voel en nie ten volle bewus van sy/haar probleem is nie. Die stadium is meer 'n bewuswording van die probleem as van die ervaring self en word in verhouding tot die self gekonseptualiseer.

#### 2.2.4.3 Fase drie

Mezirow (1997: 7) stel dat bevestiging van nuwe betekenis-skemas in groepvorm gedoen kan word. Dit kan gedoen word deurdat die deelnemers mekaar se negatiewe betekenis-skemas uitlig en op mekaar se tekortkominge fokus. Die individue soek ook verdere bewyse om hul aanvanklike bevooroordeelings ten opsigte van 'n groep te ondersteun en die omvang of intensiteit van hul betekenis-skemas uit te brei (Mezirow, 1991: 95).

Brookfield (1987: 26) beskryf die derde fase as die **ondersoekfase** waar daar vir nuwe fases gesoek word om teenstrydighede wat voorkom te verklaar. Dit sluit die soeke na nuwe identiteite en rolmodelle in asook die soeke na nuwe idees en opinies. In hierdie fase is die individu oop vir nuwe inligting en soek hul na nuwe wyses van optree (Boyd & Fales, 1983: 108).

Keane (1985 in Mezirow, 1991) sien die fase as 'n proses waar daar na **vrede en betekenis gesoek** word. Hierdie fase kan in drie prosesse verdeel word. Die eerste proses is waar individue outonomie tydens die proses van soek ontwikkel. Die tweede proses is waar individue meer in hul eie gewaarwordinge as in dié van ander glo. Laastens word individue ervare leerders sodat hul die verwarring wat hul ervaar, kan beskryf. Dit lei tot die verligting van vrese en die gevoel van hulpeloosheid.

#### 2.2.4.4 Fase vier

Mezirow (1997: 7) stel dat hierdie fase plaasvind wanneer individue hul betekenis-skemas transformeer. Dit gebeur as individue bewus word van ander sienings en op grond daarvan hul eie sienings krities besin (Mezirow, 1997: 7). Individue maak dus interpretasies wat as riglyne dien om besluite te neem en aksies daarvolgens te rig (Mezirow, 1991: 95).

Hierdie fase word deur Mezirow (1991) as 'n proses beskryf waar **individue erken dat ander persone deur dieselfde proses gaan**. Die proses van transformasie word dus gedeel met onderhandeling met diegene wat deur soortgelyke veranderinge gaan. Cranton (1994) beskryf hierdie fase as 'n proses waar daar op ander **individue gesteun** word. Hierdie fase sal nie noodwendig by alle individue aangetref word nie aangesien persoonlikheidstipes verskil.

#### **2.2.4.5 Fase vyf**

Die vyfde fase is die fase waar aksie geneem word. Brookfield (1987) beskryf die fase as die **ontwikkeling van nuwe perspektiewe**. Dit ontstaan uit die toets en ontdekking van nuwe alternatiewe, waar nuwe wyses van dink en optree ontdek word uit dit wat individue voel sin maak vir hul situasie. Mezirow (1991: 170) stel ook dat hierdie fase gevolg word deur die eksperimentering van nuwe rolle en die bou van bevoegdheid en selfvertroue in nuwe rolle en verhoudings.

Taylor (1989 in Mezirow, 1991) sien die fase as 'n **oorgangsfase** waar individue daarvan bewus word dat 'n nuwe perspektief die ou perspektief oortref. Mezirow (1991) asook Boyd & Fales (1983) beskryf die fase as die fase waar aksie beplan word. Nuwe insigte of veranderde perspektiewe word in terme van operasionele uitvoerbaarheid deur individue geanaliseer en die implikasies vir die toepassing daarvan word ondersoek. Pogings word ook aangewend om uit te vind hoe dit in die praktyk sal werk. Die besluite en voornemens word in terme van die individu se eie subjektiewe kriterium bepaal.

#### **2.2.4.6 Fase ses**

**Integrering** vind volgens Brookfield (1987) plaas nadat individue besluit het op die waarde, akkuraatheid en geldigheid van nuwe wyses van dink. Daarna word daar wyses gesoek waarop hul dit in hul lewe kan integreer. Dit beteken dat individue se houdings en aannames deur integrasie van idees en gevoelens, wat in konflik is met mekaar, getransformeer word. Apps (1985) stel dat individue gemaklik word met nuwe idees, aannames en denkwyses wat by die oorgangsfase te voorskyn gekom het. Individue toets die nuwe rolle wat ontstaan het uit die veranderinge in perspektiewe en dit lei uiteindelik tot die herintegrering in die samelewing (Mezirow, 1996).

In hierdie fase transformeer individue dus hul betekenisperspektiewe deurdat hul krities besinnend ten opsigte van hul veralgemeende veroordelings is en die wyse waarop hul ander individue sien wie se aannames anders as hul eie aannames is (Mezirow, 1997: 10). Interpretasies wat gemaak is, kan dus as 'n riglyn gebruik word om besluite en aksies



daarvolgens te neem. Hierdie interperspektasies kan lei tot 'n reflektiewe verandering in individuele oorspronklike betekenisskemas asook tot supplementering en transformasie. Transformasie van betekenisperspektiewe vind moeiliker plaas as transformasie van betekenisskemas. Transformasie vind nie by individue plaas as dit wat hul leer nie by hul bestaande verwysingsraamwerke pas nie (Mezirow, 1991: 5).

Dit is dus duidelik dat individue deur verskillende fases sal gaan soos wat hul in die transformasieproses vorder. Cranton (1992: 149) stel dat opvoeders deelnemers moet bystaan soos wat hulle van die een fase na 'n ander deur die transformasieproses beweeg. Dit is dus nodig dat opvoeders kennis sal dra van die eienskappe van elke fase, maar ook van die uitkomst wat dit uiteindelik teweegbring, soos wat in die volgende afdeling bespreek gaan word.

### **2.2.5 Beskrywing van die uitkomst van emansipasie opvoeding met die doel om transformatiewe leer te bewerkstellig**

McKay (1997: 12) stel dat emansipasie opvoeding, waarvan die aanvanklike doel is om probleme op te los, verskeie positiewe gevolge meebring deurdat dit transformasie fasiliteer. Dit word toegeskryf aan die feit dat verskeie metodes, wat deelnemers aanmoedig om verantwoordelikheid vir hul eie vordering te neem in emansipasie opvoeding, gebruik word.

Die eerste twee uitkomst, wat bespreek gaan word, naamlik die vermindering van afstand en verkryging van eienaarskap, is uitkomst wat tydens die aanbieding van die emansipasie onderrigmetode voorkom. Die laaste drie uitkomst, naamlik bemagtiging, langtermyn motivering en emansipasie, word deur emansipasie opvoeding gefasiliteer en kom na vore nadat transformasie teweeggebring is.

#### **2.2.5.1 Die vermindering van afstand**

Die vermindering van afstand tussen deelnemers en tussen deelnemers en die opvoeder word as positiewe uitkomst deur Prozesky (1998: 32) beklemtoon. Die samewerkende proses verseker dat die opvoeder se afstand van die onmiddellike ervarings van die deelnemers verminder (soos konflikte ten opsigte van belangstellings) sodat hy/sy in voeling met die realiteit van hul kennis en ervarings kom (Chesler, 1991: 776). Deurdat die opvoeder ten nouste saam met persone uit 'n spesifieke sosiale wêreld werk, kry hul 'n beter begrip van hul omstandighede en leer hul ook om verklarings vir hul omstandighede te gee (Chrisholm & Elden, 1993: 129).

### 2.2.5.2 Verkryging van eienaarskap

Deelname in die emansipasie onderrigmetode lei tot die verkryging van **eienaarskap**, omdat die deelnemers se eie idees geïnkorporeer word sodat 'n oplossing vir die probleem verkry word (Sanger, 1996: 183). Deelnemers is dus aktiewe deelnemers in hul eie transformasieproses. Die feit dat die sosiale aksie in die beheer van die gemeenskap oorgelaat word, maak dat deelnemers ware eienaarskap van die teorie en die praktiese sy van die proses kry (McTaggart, 1991: 171). Die verkryging van eienaarskap lei dus daartoe dat deelnemers verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling neem.

### 2.2.5.3 Bemagtiging

Bemagtiging is nie iets wat vir iemand gegee kan word nie; dit vereis van individue om hul emosies te wysig en hul perspektiewe te transformeer. Cranton (1994: 128) stel dat die emansipasie opvoeder onderrig as die bemagtiging van individue sien; deur bemagtiging kom individuele veranderinge en potensiele sosiale aksie. Bemagtiging word ook deur Mezirow (1991: 210) as 'n uitkoms gesien wat met die transformasie van perspektiewe by individue voorkom. James (1996: 81) stel die volgende werksdefinisie vir bemagtiging voor:

*“The power that releases power of self-cure as people gain greater control over the quality of their lives through cognitive, motivational, and other changes. This power are said to become particularly vital and dynamic within a group context, in which people assist each other to reflect on those aspects of their lives which seem to render them helpless.”*

Mezirow (1991: 210) beskryf sommige van die dimensies van bemagtiging as die verkryging van 'n:

- *“more potent and efficacious sense of self;*
- *a more critical understanding of social and political relations;*
- *more functional strategies and resources for social and political action.”*

Hierdie proses van aanleer van vaardighede en verhoging van kennis wat met bemagtiging saamgaan, lei weer op hul beurt tot die verhoging van selfvertroue en die verkryging van 'n beter selfbeeld (Reason, 1994: 324-339). Inglis (1997: 13) stel ook dat bemagtiging gefokus is op die verkryging van selfvertroue, selfuitdrukking en 'n verhoogde belangstelling in leer.

### 2.2.5.4 Langtermyn motivering

Die aanmoediging van deelname lei ook tot die vorming van langtermyn motivering. Met die toepassing van die emansipasie onderrigmetode word deelnemers aangemoedig om as katalisator in die veranderingsproses van hul eie situasie op te tree (Rahman, 1985: 115).



Deelnemers kan dus persoonlik identifiseer met die verandering en hul kan toepas wat hul deur die proses geleer het. Dit dra daartoe by dat hierdie verandering deur die deelnemers aangeneem word. Die motivering word versterk deurdat verandering nie afgeforseer word nie, maar deurdat dit deelnemers se keuse is om te verander (Sarri & Sarri, 1992: 99 -122).

### 2.2.5.5 Emansipasie

**Emansipasie** is 'n proses waardeur bevryding van onderdrukte plaasvind. Kemmis (1991: 15) stel dat emansipasie opvoeding 'n milieu skep waar persone met dieselfde omstandighede (bv. onderdrukte en dié wat gestrem is deur irrasionaliteit en onregverdigheid) saamwerk om veranderinge teweeg te bring. Emansipasie kan slegs plaasvind as deelnemers aangemoedig word om hul sosiale situasie te verbeter om transformasie te laat plaasvind. Vryheid en demokrasie word verkry deurdat deelnemers kritiese evalueerders en beplanners regdeur die opvoedingsproses is. Dit lei tot die liberalisering van hul denke (Reason, 1994: 41).

Inglis (1997: 14) stel dat emansipasie en liberalisering verkry word deur aktiwiteite wat samewerkend van aard is. As persoonlike ontwikkeling plaasvind, gebeur dit binne die konteks, maar die proses betrek eerder strukture as individue. Freire (1987: 109) sluit soos volg hierby aan:

*“Liberation is a social act. Liberating education is a social process of illumination...Even when you individually feel yourself most free, if this feeling is not a social feeling, if you are not able to use your recent freedom to help others to be free by transforming the totality of society, then you are exercising only an individualist attitude towards empowerment and freedom.”*

Emansipasie wat met transformasie verband hou, kan dus as 'n sosiale bevrydingsproses gesien word waar nie net die deelnemers bevry word nie, maar wat daartoe bydra dat hul ook ander bevry.

Dit is nodig dat Verbruikerswetenskaplikes programme aanbied met hierdie uitkomst as einddoel in gedagte sodat hul hul rol as fasiliteerder en fasiliteringstegnieke wat hul gebruik daarvolgens kan aanpas. Die volgende afdeling sal spesifiek daarop gerig wees om aan Verbruikerswetenskaplikes praktiese maniere om transformatiewe leer te bewerkstellig, voor te stel.

## Opsomming

- Transformasie vind plaas met die wysiging van individue se verwysingsraamwerk, wat uit twee dimensies bestaan naamlik betekenischemas en betekenisperspektiewe. Die verwantskap tussen die metodes om transformatiewe leer te bewerkstellig, die proses waardeur dit plaasvind asook die uitkomste wat transformasie teweegbring kan as volg voorgestel word:

Tabel 3: 'n Opsommende verduideliking van die metodes, proses en uitkomste betrokke by die transformasieproses

METODES			PROSES	UITKOMSTE
Volg van:	Stimulering van:	Dra by tot:	Lei tot:	Uitkomstes van transformasie
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Probleem-oplossings-benadering in samewerkende omstandighede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kritiese besinning</li> <li>• Kritiese denke</li> <li>• Dialoogvoering</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verhoging van bewuswording</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Studie van reeds bestaande betekenischemas</li> <li>• Bevestiging van negatiewe betekenischemas</li> <li>• Transformasie van betekenischemas</li> <li>• Transformasie van betekenisperspektiewe</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bemagtiging</li> <li>• Langtermyn motivering</li> <li>• Emansipasie</li> </ul>

- Transformasie vind deur verskeie fases plaas waardeur individue met die aanvangs van die transformasieproses gaan.
- Individue se toeganklikheid vir transformasie is afhanklik van verskeie eksterne faktore wat met die toepassing van die emansipasie metode in ag geneem moet word.

## 2.3 Emansipasie opvoeding en Verbruikerswetenskap

Emansipasie opvoeding as 'n geskikte onderrigmetode, asook die transformasie wat dit teweegbring, is in die vorige twee afdelings duidelik uiteengesit. Dis egter nodig om die verband tussen Verbruikerswetenskap en emansipasie opvoeding te bestudeer sowel as die wyse waarop dit deur Verbruikerswetenskaplikes gefasiliteer kan word.

Verbruikerswetenskap word ook soos volg gekritiseer: Volgens Muir (1998: 18) fokus Verbruikerswetenskap primêr op die bestuur en bewaring van hulpbronne, veral huishoudings en gesinne en die mediums waardeur hul basiese menslike behoeftes bevredig word. Brown

(1984: 2) stel dat baie individue en gesinne nie daartoe in staat is om hul basiese behoeftes te bevredig nie en dat Verbruikerswetenskaplikes dit as hul uitdaging moet beskou. Hierdie stelling word soos volg gestaaf: *“There are social forces which affect meeting existence needs and we cannot be so naïve as to ignore them.”*

Die uitdaging word dus daar gestel om individue en gesinne te help, maar die vraag is op watter wyse moet hul gehelp word. Deur hierdie basiese menslike behoeftes te bevredig of om individue ook te help om self verantwoordelikheid vir hul ontwikkeling te neem. Badir (1992: 16) beantwoord die vraag deur te beweer dat Verbruikerswetenskaplikes te veel klem lê op goed wees en dan misluk in die poging om individue te bemagtig. Grundy & Henry (1995: 281) stel dat bemagtiging van individue in Verbruikerswetenskap teweeggebring kan word deur 'n emansipasie benadering te gebruik waar leerders self verantwoordelikheid vir ontwikkeling aanvaar. Baldwin (1991: 46) sluit hierby aan deur 'n kritiese teorie van leer, wat emansipasie opvoeding insluit, as basis vir Verbruikerswetenskap voor te stel. Die rede hiervoor is dat die kritiese teorie selfbesinning en kritiese denke toelaat.

Grundy en Henry (1995: 293) stel dat Verbruikerswetenskaplikes, wat met individu- en gesinsoutonomieit gemoeid is aannames wat voorheen as vanselfsprekend gesien is, moet uitdaag. Die leerplan moet dus so aangepas word dat individue blootgestel word aan kritiese besinning, sosiale onderhandeling en die neem van aksie in samewerkende omstandighede. Op hierdie wyse word individue betrek by die proses waar hul nie net aan kennis- en vaardigheidsverhoging blootgestel word nie, maar ook by die proses waar hul kritiese besinning doen oor dit wat hul leer en oor die omstandighede, kultuur, tradisies, ens. waarin hul hulself bevind (Grundy & Henry, 1995: 293). Stromquist (1988:7) sluit hierby aan deur te stel dat die kognitiewe, sielkundige en ekonomiese komponente met die ontwikkeling van individue in ag geneem moet word. Die kognitiewe komponent verwys na individue se begrip van hul toestand. Die sielkundige komponent sluit die ontwikkeling van gevoelens in sodat individue hul toestand kan verbeter. Die ekonomiese komponent beteken dat individue in staat moet wees om hul te verbind tot 'n produktiewe aktiwiteit wat hul in staat sal stel om in 'n mate ekonomies onafhanklik te wees.

Baldwin (1991: 46) stel drie wyses voor waarop Verbruikerswetenskaplikes emansipasie opvoeders kan word. Hul moet eerstens verligting promoveer, daarop gerig wees om individue te bemagtig en hul alomvattende doel moet wees om emansipasie teweeg te bring. Dit impliseer dat Verbruikerswetenskaplikes hulself op 'n hele ander wyse moet beskou. Hulle moet dus begin om hulself as rasionele agente vir verandering te sien. Muir (1998: 19) stel ook

dat Verbruikerswetenskaplikes hulself eers moet bemagtig as hul aksie wil neem om gesinne en gemeenskappe te bemagtig.

Die alomvattende doel van die gebruik van emansipasie opvoeding is dus om Verbruikerswetenskaplikes in staat te stel om gesinne en gemeenskappe op so 'n wyse op te voed dat nie net kennis en vaardigheidsverhoging plaasvind nie maar ook bemagtiging en emansipasie.

### **2.3.1 Die rol van die Verbruikerswetenskaplike as opvoeder**

Die opvoeder in emansipasie opvoeding is nie slegs 'n opvoeder wat kennis oordra nie, maar vervul eerder 'n rol waar kritiese denke, besinning en dialoogvoering aangemoedig word (Mezirow, 1997: 10). Daar sal daarom in hierdie afdeling gefokus word op die rol wat die Verbruikerswetenskaplike moet vertolk om kritiese denke, besinning, dialoogvoering en die verhoging van bewuswording van verdraaide aannames teweeg te bring asook die verhouding wat daar gestel moet word tussen die opvoeder en deelnemers om sodoende deelnemers tot transformasie te lei.

#### **2.3.1.1 Die fasilitering van kritiese denke en besinning**

Cranton (1994: 128) stel dat die opvoeder 'n uitdagende rol ("provocateur") moet inneem om sodoende kritiese denke te stimuleer en uit te daag. Opvoeders moet ook volgens Mezirow (1991: 74) as 'n empatiese "uitdager" ("provocateur") optree deur krities selfbesinnend te wees en die deelnemers aan te moedig om alternatiewe perspektiewe te ondersoek. Vaines (1979) stel dat Verbruikerswetenskaplikes daarop gerig moet wees om individue bloot te stel aan goeie alternatiewe keuses sodat die sosiale omstandighede waarin hul leef, kan verander.

'n Sleutelement in die fasilitering van kritiese denke is volgens Brookfield (1987: 74) om gelyktydig deelnemers se ou wyses van dink uit te daag en ook om strukture vir ondersteuning te voorsien. Ekpenyong (1990: 171) sluit hierby aan met 'n sienswyse dat opvoeders deelnemers tot die volgende aspekte moet lei:

- die ontdekking van die self deur besinning,
- die verkryging van 'n korrekte persepsie oor wat tekort skiet in hul lewens en hoe dit verander kan word,
- die uitvoering van aksie en besinning (praksis) en
- die verkryging van 'n objektiewe wyse van leer wat tot emansipasie sal lei.

Mezirow (1997: 11) stel dat opvoeders self krities moet dink en self krities besinnend moet optree voordat van deelnemers verwag kan word om so op te tree. Om kritiese denke en selfbesinning te stimuleer moet opvoeders dus deelnemers help om bewus te word van hul verdraaide aannames, hul help om teenstrydighede tussen hul waardes en aksies te hanteer, deelnemers ondersteun in die keuses wat hul maak en bystaan in die implementering van die aksies wat op die keuses gebaseer is (Cranton, 1994: 128).

### **2.3.1.2 Die fasilitering van dialoogvoering**

Cranton (1992: 76) stel dat die opvoeder 'n rol as fasiliteerder moet vertolk om dialoogvoering te stimuleer. Dit kan gedoen word deur 'n atmosfeer van gemak en selfvertroue te skep waar deelnemers vry voel om deel te neem en hul sienings weer te gee, nog voordat daar van metodes gebruik gemaak is om kritiese besinning te fasiliteer (Ekpenyong, 1990: 171). Die opvoeder moet dus poog om sy/haar kennis op 'n nie-imperialistiese wyse oor te dra (McTaggart, 1991: 178) en 'n verhouding van wedersydse vertroue tussen die deelnemers en hom-/haarself te skep (Chesler, 1991: 760). Hierdie omstandighede moet ook geskep word sodat deelnemers vry sal voel om deel te neem en hul eie sienings te gee. Die opvoeder as fasiliteerder moet deelnemers aanmoedig om hul kennis, tegnieke en vaardighede te deel (Ekpenyong, 1990: 171) sodat hul akademiese kennis die praktiese ervaring en ondervinding van die opvoeder kan aanvul (McTaggart, 1991: 178).

Om dialoogvoering te stimuleer, moet die opvoeder poog om inligting van die leerders oor hul lewens in te win en die leerders te ondersteun as hul hul waardes bevraagteken. Die opvoeder moet op so 'n wyse optree dat hy/sy as gelyke deelnemer in die proses van leer, ontdekking en verandering gesien word. Die opvoeder moet dus 'n demokratiese atmosfeer skep sodat die deelnemers hul bydraes net so belangrik as dié van die opvoeder ag (Chesler, 1991: 760). Cranton (1996: 31) stel dat die opvoeder sy mag ten opsigte van die posisie wat hy/sy beklee, moet opgee (formele mag en beheer), maar persoonlike mag moet behou (ervaring, betroubaarheid en lojaliteit).

'n Atmosfeer van wedersydse vertroue moet volgens Cranton (1996: 31) vir die daarstelling van dialoogvoering geskep word deur respek te bou en opreg en entoesiasies te wees sodat belangstelling in ander gestimuleer word en ander se waardes en opvattinge uitgedaag word (Cranton, 1996: 31). Hope en Timmel (1984: 16) stel dat vertroue tussen deelnemers en die opvoeder geskep kan word deur mekaar te aanvaar, informasie te deel, saam doelwitte te stel en aksie te organiseer. Ekpenyong (1990: 172) stel ook dat die opvoeder geloof en humaniteit in

die vermoëns van die deelnemers moet toon om sodoende effektiewe dialoogvoering mee te bring.

### **2.3.1.3 Fasilitering van die verhoging van bewuswording van verdraaide aannames**

Volgens Freire (1970: 31) vind verhoging van bewuswording plaas as individue bewus word van sosiale strukture wat verdrukking meebring. Cranton (1992: 151) stel dat opvoeders nie hul eie aannames op deelnemers moet forseer nie, maar eerder 'n situasie opstel waar leerders bewus word van hul aannames en aangemoedig word om krities daaroor te besin. Cranton (1992: 151) stel algemene stappe voor wat die opvoeder kan volg om deelnemers se bewuswording van hul verdraaide aannames te verhoog, wat uiteindelik tot transformasie lei:

- erken die leerder se aannames wat as teenstrydighede in die situasie voorkom;
- skep 'n omgewing, aktiwiteit of interaksie wat hierdie aannames uitdaag;
- bied 'n aktiwiteit aan wat leerders help om die onderliggende aannames duidelik te maak;
- bied 'n aktiwiteit aan om deelnemers te help om hul bronne sowel as die gevolge van hul relevante aannames te ontdek;
- ondersteun en aanvaar die leerders in hul analises;
- moedig die leerders aan om die geldigheid van hul aannames te bevraagteken;
- voorsien 'n psigologiese omgewing en verhouding waar dit vir die leerders veilig is om hul aannames te bevraagteken;
- bied ondersteuning en leiding in wysiging en hervorming van die aannames (verwerpte aannames moet met aanvaarbare aannames vervang word);
- ondersteun die proses waar die leerders se aannames geïntegreer word in hul oorhoofse perspektief en
- skep 'n omgewing waar leerder volgens hul nuwe aannames kan optree.

Bogenoemde stappe wat 'n deelnemer kan volg om sodoende deelnemers bewus te maak van hul verdraaide aannames, moet in 'n atmosfeer gefasiliteer word waar kritiese denke, besinning en dialoogvoering aangemoedig word saam met die gebruik van praktiese tegnieke soos rolspel, dinkskrum en ander deelnemende tegnieke (Mezirow, 1997: 11).



### 2.3.1.4 Opvoeder - deelnemer verhouding

Die opvoeder in die rol van fasiliteerder moet bewus wees van die verskil in waardes tussen hom-/haarself en die deelnemers, maar moet poog om 'n psigo-kulturele verandering te ondergaan. Die opvoeder moet dus poog om waardeverskille te erken en te verminder sodat hul deel van die deelnemers sal word. Dit kan hy/sy doen deur hul meer te respekteer, beter te verstaan en doeltreffend met hulle te kommunikeer (Chesler, 1991: 761 -762; Prozesky, 1998: 32).

Die opvoeder moet ook 'n rol as ondersteuner, raadgever en vriend inneem (Cranton, 1992: 76). Chrisholm & Elden (1993: 128) stel dat die opvoeder moet poog om 'n ondersteunende en kataliserende rol te vervul eerder as 'n dominante rol. Dit kan gedoen word deurdat hy/sy 'n aktiewe deelnemer is sonder om sy/haar idees af te dwing en eerder net die proses in die regte rigting te stuur en elke deelnemer se behoeftes in ag te neem (Cranton, 1992: 76). Die opvoeder moet in ag neem dat transformasie nie aan deelnemers geleer kan word nie, maar eerder teweeggebring word deur die deelnemers in hul ervaring van leer te ondersteun (Grabove, 1997: 90).

Daar word dus nie van Verbruikerswetenskaplikes verwag om kennis te dra van hoe om probleme soos sielkundige en maatskaplike probleme op te los nie, maar eerder dat hul kennis en vaardighede op so 'n wyse sal oordra dat deelnemers van onderliggende verdraaide betekenisperspektiewe bewus word en aangemoedig word om dit te bevraagteken en te wysig.

### 2.3.2 Praktiese onderrigtegnieke

Die aanmoediging van deelname en die verhoging van bewuswording is 'n belangrike komponent in die fasilitering van transformatiewe leer. Deelnemende leermetodes behels dat die deelnemer aktief deelneem eerder as om net inligting passief in te neem. Sukses hang af van die houding, styl, persoonlikheid, bewustheid en sensitiwiteit van die opvoeder, saam met sy/haar kennis en vaardighede in die gebruik van metodes om deelname te bevorder (Walklin, 1982: 239). Die algemene tegnieke om deelname te bevorder en om deelnemers se bewuswording te verhoog, is rolspel, dinkskrum, gevallestudie, analise van kritiese gebeurtenisse en metafoor analise.

Hierdie tegnieke kan deur Verbruikerswetenskaplikes gebruik word om kennis oor te dra, deelnemers op hul gemak te laat voel en om groepsbande te versterk, wat terselfdertyd daartoe bydra dat deelnemers hul aannames bevraagteken en ondersoek. Cranton (1992: 153) stel dat die volwasse opvoeder hierdie tegnieke moet toepas sodat dit uiteindelik tot transformatiewe

leer sal lei deurdat deelnemers hierdeur gestimuleer sal word om van hul aannames bewus te word, hul daartoe gelei sal word om hierdie aannames te analiseer en hul ondersteun sal word om die aannames te wysig en te bevraagteken.

### 2.3.2.1 Rolspel

Rolspel is 'n kragtige tegniek om individue aan te moedig om situasies of probleme vanuit 'n ander perspektief as hul eie te sien (Brookfield, 1990: 123; Cranton, 1992: 164) deurdat dit 'n ware lewenssituasie voorstel (HRD Department, s.a: 9). Pfeiffer & Ballew (1988b: 4) stel dat rolspel aan deelnemers 'n geleentheid voorsien om 'n ander situasie te ervaar, wat dalk die teenoorgestelde van hul eie rol is, soos dié van 'n eggenote, kind of werkgewer. Rolspel word volgens Van Ments (1989: 41) hoofsaaklik gebruik om 'n onderwerp mee te begin en om deelnemers se verbeelding te stimuleer. Dit word ook gewoonlik gebruik om deelnemers die geleentheid te bied om interpersoonlike verhoudings of vaardighede in 'n veilige omgewing te ervaar waar terugvoer terselfdertyd aangemoedig word (Cranton, 1992: 164). Brookfield (1990: 123) stel dat deelnemers wat blootgestel word aan 'n rol wat verskillend van hul gewone rol is, die geleentheid kry om hul eie aannames te bestudeer en te bevraagteken.

Rolspel word toegepas deurdat 'n realistiese scenario opgestel word waar deelnemers die geleentheid kry om 'n spesifieke rol te vertolk. Hierdie scenario word opgestel volgens voorgestelde doelwitte wat op die spesifieke aannames wat bevraagteken gaan word, gebaseer is (Pfeiffer & Ballew, 1988b: 4). Brookfield (1990: 123) stel dat die rolverdeling nie op 'n ewekansige wyse moet geskied nie, maar dat rolle eerder volgens voorafopgestelde riglyne aan deelnemers toegesê moet word. Die riglyne sluit in of deelnemers toegelaat gaan word om self te besluit of hul gaan deelneem en of deelnemers toegelaat gaan word om rolle te vertolk waarmee hulle bekend is. As die opvoeder wil hê dat die deelnemers in aanraking moet kom met verskillende perspektiewe moet hy/sy hul aanmoedig om 'n rol te speel wat verskillend is van dit wat hul werklik is.

Na die rolspel moet evaluering deur die rolspelers en die waarnemers gedoen word (Cranton, 1992: 164). Pfeiffer & Ballew (1988b: 4) lig twee redes hiervoor uit. Eerstens bied dit nuwe insigte oor die rol wat ander en die self speel en tweedens fasiliteer dit die ondersoek van die probleemsituasie of gebeurtenis. Die rolspelers moet gevra word om verslag te lewer oor wat gebeur het en hoe hul daarvoor voel. Die waarnemers moet dan ook verslag lewer en geleentheid kry om vrae aan die rolspelers te vra en kritiese kommentaar te lewer. Die groep moet as finale stap die aannames wat onderliggend aan die gedrag van die spelers was, bespreek. Die deelnemers (rolspelers sowel as waarnemers) moet hierdie aannames met hul



werklike aannames vergelyk (Cranton, 1992: 164). Dit lei daartoe dat deelnemers onmiddellike inligting van hul gedrag en hoe hul verskillend kan optree, ontvang en die terugvoer met hul eie gedrag in 'n spesifieke situasie kan verbind (Pfeiffer & Ballew, 1988b: 4).

Op hierdie wyse laat rolspel alle deelnemers (rolspelers en deelnemers) toe om 'n ander perspektief te ervaar en die gevolge van die ander perspektief te sien. Die angste en emosionele reaksies wat soms voorkom, is volgens Cranton (1992: 164) tipies van enige tegniek wat kritiese denke meebring.

### **2.3.2.2 Dinkskrum**

Dinkskrum is 'n oefening waar deelnemers aangemoedig word om vir 'n spesifieke periode aan 'n verskeidenheid idees te dink. Die doel van 'n dinkskrum is om deelnemers aan te moedig om aan kreatiewe idees te dink in 'n atmosfeer waar opinies wat uit gewoonte weergegee word, tydelik vergete is (Brookfield, 1987: 118). Kramer, Lan Koa & Dailey (1997: 240) stel dat dinkskrum nie net as 'n tegniek wat probleemoplossing teweegbring, gesien moet word nie aangesien dit ook lei tot die verbetering van kommunikasie en spanbou in 'n demokratiese milieu.

Die oefening is gestruktureerd rondom die vind van oplossings om probleme te definieer. Dinkskrum word vir 'n kort periode (tien tot vyftien minute) beoefen en die groepe waarin dit gefasiliteer word, is gewoonlik klein (nie meer as twaalf deelnemers nie) (Brookfield, 1987: 118). Die rol van die fasiliteerder in dinkskrum word deur Offner, Kramer & Winter (1996: 294) beklemtoon deurdat hul stel dat 'n groep met 'n fasiliteerder meer idees genereer as 'n groep sonder 'n fasiliteerder. Hul stel ook dat die fasiliteerder momentum moet gee en orde moet hou in die dinkskrumproses, nie te veel moet inmeng deur te veel te praat nie en neutraal moet bly sonder om elke idee te evalueer.

Osborn (1963: 118) lig vier reëls uit om produktiwiteit in dinkskrumssessies te verseker. Eerstens moet idees nie gekritiseer of geëvalueer word nie sodat die deelnemers eerder daarop gerig is om met nuwe idees na vore te kom as om hul idees te verdedig. Tweedens moet deelnemers aangemoedig word om die mees verregaande oplossings te kry, aangesien daar met die analiseringssessies wel bevind kan word dat hierdie idees waarheid bevat. Derdens moet so veel as moontlik idees gegee word omdat die kwantitatiewe inligting wat verkry is tot kwalitatiewe inligting verwerk moet word. Die dinkskrumssessie word met analisering gevolg deurdat die idees volgens doeltreffendheid en uitvoerbaarheid gesorteer word.

Deelnemers aan die dinkskrumssessies is blootgestel aan 'n tipe rolspel deurdat dit lei tot die onderbreking van hul kritiese en skeptiese reaksies, wat uit gewoonte na vore kom, sodat nuwe voorstelle gemaak word. Dinkskrum is 'n nuttige tegniek om vir groepe te gebruik aangesien dit deelnemers toelaat om met enige idees na vore te kom wat nie noodwendig reg of verkeerd is nie (Kramer et al, 1997: 238).

### **2.3.2.3 Gevallestudies**

Gevallestudies voorsien inligting van 'n nagebootste of 'n regte situasie en word gebruik om probleemoplossingsvaardighede individueel of in groepe te fasiliteer. Gevallestudies is volgens Cranton (1992: 156) 'n ideale medium vir transformatiewe leer deurdat dit tot bevraagtekening en evaluering van aannames lei, wat tot kritiese selfbesinning aanleiding gee.

Pfeiffer & Ballew (1988a: 8) stel dat die geval wat gekies word 'n werklike gebeurtenis moet verteenwoordig en 'n wye verskeidenheid aspekte dek. Boyd (1980) in Cranton (1992: 156) stel voor dat die opstel van 'n gevallestudie moet begin deur konsepte, wat op die leerder van toepassing is, te kies. Daarna moet 'n situasie wat spesifiek op die konsepte fokus, ontwikkel en beskryf word. Volgens die HRD Department (s.a.: 3) moet feite, opinies en regverdigings wat min of meer gelyk is aan 'n werklike situasie waar 'n probleem ervaar word, gekies word. As daar spesifiek gepoog word om transformatiewe leer teweeg te bring moet konsepte so gekies word dat dit op deelnemers se aannames gebaseer is. As die gevalsituasie soortgelyk is aan dié van die deelnemer sal dit vir hul makliker wees om met die karakters en elemente te identifiseer.

Gevallestudies voorsien 'n relatiewe nie-angswekkende wyse vir deelnemers om bewustheid van hul aannames te verhoog en die bronne en gevolge van hierdie aannames te bevraagteken. (Cranton, 1992: 156).

### **2.3.2.4 Die analisering van kritiese gebeurtenisse**

Die analisering van kritiese gebeurtenisse stem in 'n groot mate met gevallestudies ooreen. 'n Kritiese gebeurtenis is 'n leerder se beskrywing van 'n gebeurtenis wat in sy\haar lewe uitstaan. Die deelnemers gee 'n volledige beskrywing van 'n gebeurtenis wat met 'n spesifieke konsep verband hou, wat dan geanaliseer word. Om transformatiewe leer teweeg te bring word die gebeurtenis bestudeer. Dit word gedoen om onderliggende aannames, wat met die leerder se gedrag verband hou, te identifiseer (Cranton, 1992: 158).

Opvoeders moet poog om die wêreld uit die deelnemers se perspektief te sien sodat kritiese besinning terselfdertyd aangemoedig word. Met die aanhaal van gebeurtenisse moet die klem

eerder op spesifieke situasies, gebeurtenisse en persone gelê word as om individue te vra om algemene aannames te identifiseer. Brookfield (1990: 180) stel dat aanname analise indirek gedoen moet word eerder as om direkte benaderings te gebruik. Die opvoeder moet voorbereid wees vir emosionele reaksies, konflik in die groep of vir individuele onttrekking aan die groep. Dit is daarom belangrik dat opvoeders 'n omgewing van vertroue sal skep waar deelnemers gerig is op die bevraagtekening van hul aannames.

### **2.3.2.5 Metafoor (beelde) analise**

Mezirow (1997: 10) stel dat transformatiewe leer deur ontdekking en die herdefiniëring van probleme plaasvind, wat deur die gebruik van denkbeeldige metafore bewerkstellig kan word. Die analise van metafore wat leerders gebruik om verskeie aspekte van hul ervarings te beskryf kan informasie ten opsigte van deelnemers se aannames, waardes en perspektiewe voorsien (Cranton, 1992: 169). Petrie & Oshlag (1993: 580) stel dat individue met metafooranalise aan nuwe kognitiewe rolle blootgestel word en dat hul nuwe kennis verkry.

Deshler (1990: 299) stel dat die eerste stap in metafooranalise is om 'n onderwerp wat relevant tot die deelnemers se ervaringsveld is te kies. Tweedens moet die deelnemers poog om verskeie metafore wat met die onderwerp verband hou te identifiseer. Derdens moet deelnemers een van die metafore selekteer en die betekenis van die gekose metafoor uiteensit. Dit word gedoen deur die ooreenstemming te vind tussen die kenmerke van die onderwerp en die kenmerke van die metafoor. Deelnemers moet laastens oor die waardes, opvattinge en aannames wat in die betekenis van die metafore ingesluit is, besin wat daartoe aanleiding kan gee dat onderliggende aannames na vore kom.

Die opvoeder kan inligting ten opsigte van die waardes en betekenisperspektief van deelnemers verkry deur op te let na die metafore wat hul in hul gesprekke gebruik. Die funksie van die gebruik van metafore is dat dit 'n ander wyse van dink oor bekende aspekte fasiliteer (Cranton, 1992: 170). Petrie & Oshlag (1993: 580) stel ook dat metafooranalise 'n verbinding tussen individue se vorige verwysingsraamwerk en hul nuwe verwysingsraamwerke voorsien.

Daar is dus verskeie metodes wat Verbruikerswetenskaplikes kan gebruik en waarvolgens hul programme aangepas kan word om sodoende emansipasie opvoeding te fasiliteer. Engberg (1995: 101) stel dat Verbruikerswetenskaplikes nie altyd oor die kennis en vaardighede beskik om probleme op te los nie, maar dat hierdie praktiese tegnieke bevraagtekening, kreatiewe en kritiese denke fasiliteer sodat deelnemers self oplossings vir hul probleme vind en hul dus gelei word om as fasiliteerder van hul eie ontwikkelingsproses op te tree.

## Opsomming

In hierdie literatuuroorsig het dit duidelik na vore gekom dat Verbruikerswetenskaplikes voor die uitdaging staan om een van drie benaderingswyses naamlik die tegniese, praktiese en emansipasie benadering te gebruik. Kritiek word egter op Verbruikerswetenskaplikes wat die tegniese metode gebruik (Vaines, 1993), gelewer en hul word eerder aangemoedig om die emansipasie benadering te inkorporeer sodat selfontwikkeling van deelnemers sowel as sosiale ontwikkeling gefasiliteer word (Grundy & Henry, 1995: 290). 'n Verdere uitkoms wat met emansipasie opvoeding gepaard gaan, is transformatiewe leer wat weer tot bemagtiging en emansipasie van deelnemers lei (Mezirow, 1991).

Emansipasie opvoeding as geskikte onderrigmetode, saam met die transformasieproses wat dit teweegbring, is daarom duidelik uiteengesit om aan Verbruikerswetenskaplikes 'n oorsigtelike beskrywing van hierdie onderrigbenadering te gee en hoe transformasie plaasvind. Daarmee saam is metodes en praktiese tegnieke om transformatiewe leer te bewerkstellig, asook die rol van die Verbruikerswetenskaplike in die fasilitering daarvan duidelik uiteengesit. Die doel daarvan is om Verbruikerswetenskaplikes daartoe te lei om bemagtiging en volhoubare ontwikkeling van individue en gesinne teweeg te bring sodat dit tot die verhoging van hul lewenskwaliteit sal lei (Engberg, 1995: 101).

In die volgende hoofstuk sal die verskillende aspekte ten opsigte van die navorsingsmetodologie wat gevolg is, duidelik uiteengesit word.

## HOOFSTUK 3

### METODOLOGIE

In die vorige hoofstuk is die verskillende onderrigperspektiewe bespreek asook die transformasieproses en die verband tussen Verbruikerswetenskap en Emansipasie Opvoeding. Hierdie hoofstuk beskryf die empiriese deel van die studie waar die emansipasie en tegniese onderrigmetodes gedurende die aanbied van 'n behuisingsgeletterdheidsprogram met mekaar vergelyk is in terme van die verhoging van deelnemers se kennis- en bemagtigingsvlak. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n uiteensetting te gee van die konteks waarin die studie gedoen is, die deelnemers betrokke, die program en ook die metodes en tegnieke wat gebruik is.

#### 3.1 Die navorsingskonteks

Inwoners van Calvinia en Williston wie staatsgesubsidieerde behuising ontvang het, het die universum uitgemaak. Die totale bevolking van Calvinia en Williston is onderskeidelik 18 430 en 4 179 (Departement van Arbeid, 1996). In Calvinia is daar reeds 145 subsidiehuise gebou en in Williston 80. Williston en Calvinia is die enigste dorpe in die omgewing waar meer as twintig subsidiehuise gebou is (Viljoen, 1999). Die staatsgesubsidieerde huise van Calvinia is nie almal in een gebied gebou nie, maar versprei in die middel en buitewyke van die dorp. Die verspreiding van die groot hoeveelheid subsidiehuise oor 'n wydverspreide gebied het daartoe bygedra dat die deelnemers mekaar nie almal geken het nie.

#### 3.2 Prosedures gedurende die studie

Die aanbieding van die behuisingsgeletterdheidsprogram is voorafgegaan deur verskeie voorbereidings:

- die behuisingsgeletterdheidsprogram (Venter, 1999) is na aanleiding van subdoelwit 1.3.1.2 aangepas vir vroue wat reeds in staatssubsidiehuise woon (sien Bylae 1);
- uitdeelstukke is voorberei (sien Bylae 2);
- 'n transformasieraamwerk is ontwerp na aanleiding van subdoelwit 1.3.1.3 (sien Tabel 6) om verdraaide betekenisskemas en betekenisperspektiewe te identifiseer (subdoelwit 1.3.1.4) en
- 'n kennisvraelys is ontwerp na aanleiding van subdoelwit 1.3.1.5 (sien Bylae 6.2)

- reeds uitgewerkte bemagtigingsvraelys (sien Bylae 6.5).

Daar is ook kontak gemaak met die plaaslike munisipaliteite van Calvinia en Williston om die name te verkry van persone wat reeds in staatsgesubsidieerde huise woon. Daarna is die potensiële deelnemers geselekteer en dié wat as steekproef gekies is, gekontak. Die doel daarvan was om vas te stel of deelnemers wat gekies is belangstel om aan die program deel te neem en of hul aan al die vereistes voldoen, wat vir die doeleindes was dat hul reeds in staatsgesubsidieerde huise moes woon en dat hul vroue tussen die ouderdom van 25 en 40 jaar moet wees .

Nadat die twee groepe geselekteer is, het die deelnemers van albei groepe die demografiese (sien Bylae 6.1), bemagtigings- (sien Bylae 6.5) en kennisvraelyste (sien Bylae 6.3) voltooi (sien Tabel 4). Die navorser het na elke deelnemer se huis gegaan sodat hul die vraelyste kon invul en elkeen kon bystaan met die voltooiing daarvan. Deelnemers kon die vraelyste ook mondelings beantwoord om sodoende voorsiening te maak vir die ongeletterdes.

Tabel 4: Die verskil in prosedure gevolg tussen die emansipasie en tegniese metodes

	<b>Emansipasie metode</b>	<b>Tegniese metode</b>
<b>Pre-toets</b>	Bemagtiging- en kennisvraelyste	Bemagtiging- en kennisvraelyste
<b>Aanbieding van behuisingsgeletterdheidsprogram</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>– Aanbieding van program volgens aksienavorsingsmodel: implementering, observering, besinning en beplanning</li> <li>– Identifisering van verdraaide betekenis-kemas en betekenis-perspektiewe met behulp van transformasieraamwerk</li> <li>– Aanpas volgens transformasieraamwerk en data van observerings- en besinningsfase</li> </ul>	Bied program aan volgens voorafopgestelde doelwitte sonder aanpassings
<b>Post-toets (direk na die program)</b>	Bemagtiging- en kennisvraelyste	Bemagtiging- en kennisvraelyste
<b>Post-post-toets (twee maande na die program)</b>	Bemagtiging- en kennisvraelyste	Bemagtiging- en kennisvraelyste
<b>Dataverwerking</b>	Verwerking en interpretering van data van vraelyste  Transkribering van inligting van elke sessie - verwerking van inligting volgens aksienavorsingsmodel en transformasieraamwerk	Verwerking en interpretering van data van vraelyste



Die sessie-aanbiedings het by albei groepe 'n week nadat die vraelyste voltooi is, begin. Calvinia se sessies is volgens die emansipasie metode aangebied en Williston se sessies volgens die tegniese metode. Die sessies is oor 'n tydperk van sewe weke teen een sessie per week in die aand aangebied aangesien van die deelnemers in die dag gewerk het. Die aksienavorsingsmodel is deurgaans saam met 'n transformasieraamwerk gebruik by die groep waar die emansipasie onderrigmetode aangebied is om sodoende aanpassings daarvolgens te maak (subdoelwit 1.3.1.4). 'n Dag nadat die laaste sessie van albei groepe aangebied is, het die deelnemers weer die bemagtigings- en kennisvraelyste by hulle huise voltooi en weer twee maande daarna.

Die dataverwerking van al die vraelyste is gedoen deur die t-toets toe te pas en die interpretering van die data het hierop gevolg. Transkribering van inligting van die sessies van die emansipasie groep is ook gedoen (sien Bylae 4). Die doel hiervan was om die verloop van die sessies, die aanpassings wat gemaak is en transformasie (wysiging van betekenisstrukture en betekenisperspektiewe) wat deur die sessies voorgekom het aan te dui (sien Bylae 5). Na afloop van die transkribering is die inligting van elke sessie verwerk deur die aksienavorsingsmodel en transformasieraamwerk as basis te gebruik.

### **3.3 Studiegroep**

Nadat kontak gemaak is met die plaaslike munisipaliteite van Calvinia en Williston is 'n steekproef gedoen. Die kriterium vir seleksie was dat dit vrouens tussen die ouderdom van 25 en 40 jaar moet wees wat reeds in staatsgesubsidieerde huise woonagtig is. Die steekproef het uit twee groepe van 15 deelnemers elk bestaan, 15 in Calvinia en 15 in Williston. Verskeie redes kan gegee word vir die feit dat slegs vroue as steekproef gekies is. Eerstens is die vrou, volgens Kellerman (1999), in die streek wat Calvinia en Williston insluit, meestal betrokke by die bestuur van gesinsake aangesien die man meestal die broodwinner is (Leukes, 1999). Tweedens, die bemagtiging van vrouens lei nie net tot die bemagtiging van individue nie, maar tot die bemagtiging van die hele gesin (Leidenfrost, 1992), wat dus ook by die program baat sal vind. Derdens stel Lather (1986: 257) dat groepe vir die uitvoering van kwalitatiewe navorsing homogeen moet wees. Hart (1990) sluit hierby aan met die siening dat homogeniteit bydra tot die skep van 'n relatiewe veilige omgewing waar selfonthulling makliker plaasvind.

Slegs deelnemers tussen die ouderdom van 25 en 40 jaar is gekies aangesien 62% van Williston en 60% van Calvinia se inwoners van staatsgesubsidieerde huise in hierdie ouderdomskategorie val. Patton (1990: 186) argumenteer dat die steekproef so verteenwoordigend as moontlik van

die universum moet wees. Lather (1986) en Hart (1990) se stelling van homogeniteit sluit ook aan by die motivering van die seleksie van die spesifieke ouderdomskategorie. Volgens Robinson (1994: 24) en Cranton (1992: 35) kom verskillende leerbelangstellings en prosesse gedurende die verskillende lewensfases voor; daarom moet deelnemers wat in ooreenstemmende lewensfases is, gekies word waar daar in groepe gewerk word.

Vyftien deelnemers is per groep geselekteer aangesien Zuber-Skerritt (1992) voorstel dat emansipasie aksienavorsingsgroepe agt tot twaalf deelnemers moet bevat. Kreuser (1999) stel egter voor dat drie deelnemers meer as die maksimum wat voorgestel is, selekteer moet word om voorsorg te tref vir deelnemers wat nie al die sessies bywoon nie. Deelnemers wat nie elke sessie bygewoon het nie, is nie in berekening gebring by die verwerking van data nie. Dit het daartoe bygedra dat die steekproef uiteindelik slegs uit sestien deelnemers bestaan het (agt deelnemers per groep).

Eenvoudige, ewekansige steekproefneming is uitgevoer om die deelnemers te selekteer (Rosnow & Rosenthal, 1999: 207). Die gebruik van ewekansige steekproeftrekking verseker dat almal wat aan die vereistes voldoen wat vir seleksie gestel is, 'n gelyke kans het om geselekteer te word (Burgess, 1993: 44). Die steekproef is gedoen deur al die nommers van voltooide staatsgesubsidieerde huise van Calvinia en Williston in aparte houers te gooi. Die eerste vyftien van onderskeidelik Calvinia en Williston wat daaruit getrek is en aan die vereistes voldoen, is as steekproef gebruik. Volgens Kreuser (1999) is dit nie nodig om ooreenstemming tussen ouderdom, opvoeding en huwelikstatus te kry nie aangesien daar reeds ooreenstemming is ten opsigte van sosiale agtergrond.

Die emansipasie onderrigmetode is by die Calvinia-groep gebruik terwyl die tegniese onderrigmetode by die Williston-groep gebruik is. Die rede hiervoor is prakties van aard deurdat die emansipasie metode meer tyd in beslag neem en Calvinia geografies nader vir die navorser was.

### **3.4 Behuisingsgeletterdheidsprogram**

'n Behuisingsgeletterdheidsprogram soos deur Venter (1999) saamgestel, is as opleidingsprogram gebruik, maar is aangepas aangesien dié program inligting voorsien aan persone wat reeds staatsubsidiehuise ontvang het asook aan diegene wat huise gaan ontvang (subdoelwit 1.3.1.2). As gevolg hiervan is dele van die program nie so breedvoerig aangebied nie. 'n Praktiese oefening is by elke sessie ingesluit om deelnemers te motiveer om die daaropvogende sessie by te woon.



Venter (1999) se program bestaan uit 'n inleiding en 'n verdere dertien hoofstukke. Die sessies in hierdie navorsing is nie aangebied in die volgorde van die hoofstukke van Venter (1999) se program nie. Die program is herrangskik sodat dele wat nie direk op die deelnemers van toepassing was nie, eerste behandel kon word en die sessies se inhoudes logies op mekaar kon volg (sien Bylae 1). Die volgende konsepte is aangespreek tydens die verloop van die program:

- Behuising en lewenskwaliteit
- Werkskepping
- Behuisingsbeleid
- Prosesse en Rolspelers betrokke by voorsiening van huise
- Stedelike ontwikkeling
- Die spesifieke rol van die Plaaslike Regering
- Voorsiening van infrastrukture en dienste
- Finansiële aspekte
- Kapitaal subsidieskemas
- Wetlike en administratiewe prosesse
- Huiseienaarskap regte en verantwoordelikhede
- Gemeenskapsdeelname

Nadat daar op die inhoud van elke sessie besluit is, is uitkomstes geformuleer vir elke sessie. Daarna is die belangrikste konsepte onderliggend aan elke doelwit geïdentifiseer. Vir die aanbieding van die groep volgens die emansipasie metode is die volgende ook uiteengesit: metodes van aanbieding, hulpmiddels wat gebruik is en die vraag wat volgens die transformasieraamwerk gestel is (sien Bylae 1). Daar is voor die aanbieding van elke sessie besluit op die tipe ysbreker wat gebruik gaan word, aangesien 'n ysbreker wat die bevraagtekening van geïdentifiseerde betekenis-skemas aanmoedig, gebruik is (sien Bylae 3). Dit is slegs gedoen by die emansipasie groep, aangesien die program by die tegniese groep slegs volgens die aanvanklike gestelde uitkomstes aangebied is.

### **3.5 Navorsingsmetodes en -tegnieke**

Die hoofdoelwit wat vir die studie gestel is, was om te bepaal of die emansipasie en tegniese onderrigmetodes tydens die aanbieding van 'n behuisingsgeletterdheidsprogram transformatiewe leer, slegs by die emansipasie metode, en 'n verhoging in kennis en bemagtiging, by beide metodes, teweegbring.

Verskillende metodes en tegnieke is gebruik na aanleiding van die subdoelwitte wat vir die studie gestel is, om sodoende hierdie hoofdoelstelling uit te voer.

### 3.5.1 Navorsingsmetodes

'n **Aksienavorsingsbenadering** is gevolg en vergelykings is getref deur gebruik te maak van 'n eksperimentele ontwerp. Die aksienavorsingsbenadering is slegs toegepas by die groep wat volgens die emansipasie metode aangebied is, met die doel om kwalitatiewe data in te win. 'n Aksienavorsingsbenadering is gebruik sodat deelnemers self betrokke is by die navorsingsproses en die program volgens die behoeftes van die deelnemers aangepas word.

'n **Eksperimentele ontwerp** is gebruik om die emansipasie onderrigmetode met die tegniese onderrigmetode te vergelyk. Deurdat die eksperimentele ontwerp gebruik is, is die veranderlikes beheer, pre-, post- en post-post-toetse gedoen en 'n kontrassituasie opgestel sodat 'n vergelyking getref kon word. Die onafhanklike veranderlikes is die verskillende onderrigmetodes wat tydens die aanbieding van die behuisingsgeletterdheidsprogram gebruik is, naamlik die emansipasie en tegniese metodes. Die afhanklike veranderlikes is die bemagtigings- en kennisvlakke deurdat die groepe met mekaar vergelyk word in terme van verhoging van bemagtiging en kennis (subdoelwit 1.3.1.5). 'n Kontrassituasie is opgestel deurdat die een groep (kontrole groep) volgens die programdoelwitte sonder aanpassings aangebied is (tegniese onderrigmetode) en die ander een (eksperimentele groep) aangepas is volgens die aksienavorsingsmodel en transformasieraamwerk (emansipasie onderrigmetode). Met die gebruik van die eksperimentele ontwerp is kwantitatiewe data ingesamel.

### 3.5.2 Navorsingstegnieke

Direkte waarneming en vraelyste is as tegnieke gebruik. **Direkte waarneming** is gedoen om te bepaal of transformasie voorgekom het tydens die aanbieding van die emansipasie onderrigmetode.


Direkte waarneming is gedoen deur 'n *aksienavorsingsmodel* te gebruik by die emansipasie groep. 'n Groot verskeidenheid aksienavorsingsmodelle word deur verskillende skrywers voorgestel. McLean (1995) en Stringer (1996) stel 'n sikliese model voor wat in 'n aaneenlopende proses plaasvind. Die model van McLean (1995) bestaan uit drie hoof fases naamlik, konseptualisering, implementering en interpretasie. Stringer se model bestaan ook uit drie fases naamlik, waarneem (observeer), dink (besin) en optree (aksie). Ebutt (1983: 13) stel 'n model voor wat uit die volgende fases bestaan: die verkry van 'n algemene idee, die doen van verkenning, uitvoering van die plan en monitering van die plan. Dit word dan gevolg deur

die wysiging van die algemene idee, of hersiening van die plan, of die tweede plan van aksie word uitgevoer. Zuber-Skerritt (1992: 11) stel die proses van aksienavorsing as 'n sikliese aaneenlopende leerproses voor deurdat dit uit 'n spiraal van sirkels van aksie en navorsing, wat vier stappe naamlik beplanning, implementering, observering en besinning insluit, bestaan.

Stringer (1996: 16) reageer soos volg op die verskeidenheid aksienavorsingsmodelle wat voorgestel word:

*“Different formulations of action research reflect the diverse ways in which the same set of activities may be described, even though the processes they delineate are very similar. There are after all, many ways of cutting a cake.”*

Na aanleiding van Stringer (1996) se siening en Hodgkinson en Maree, (1998: 57) se stelling dat al die stappe van hierdie modelle in die model van Zuber-Skerritt (1992) gereflekteer word, is daar besluit om Zuber-Skerritt (1992: 13) se aksienavorsingsmodel vir die doel van hierdie studie, wat as volg voorgestel kan word, te gebruik:



Figuur 2: Zuber-Skerritt se aksienavorsingsmodel

(Zuber-Skerritt, 1992: 13)

Vir die doel van hierdie studie is die stappe van die model in die volgorde van aksie (implementering), observering, besinning en beplanning uitgevoer vir die groep wat volgens die emansipasie metode onderrig is. Die rede hiervoor is dat beplanning vir die volgende sessie gedoen is uit inligting wat verkry is in die aksie-, observerings- en besinningsfase. Beplanning is saam met die deelnemers gedoen sodat hul verdere behoeftes kon identifiseer wat hul in die volgende sessie wou aanspreek. Beplanning is ook deur die navorser gedoen om op die tipe ysbreker en spesifieke vrae wat in die volgende sessie tydens die aanbieding gestel moes word te besluit. Dit is gedoen om bevraagtekening van verdraaide betekenissemas wat met die vorige sessies geïdentifiseer is aan te moedig. Die program van Venter (1999) wat vir hierdie studie aangepas is, is dus verder gewysig om behoeftes en verdraaide betekenissemas wat na vore gekom het, aan te spreek.

Die aksiefase van elke sessie het uit twee dele bestaan, naamlik die uitvoer van 'n ysbreker en die bespreking van die programinhoud. Die ysbreker wat gebruik is, het die doel om

bevraagtekening van verdraaide aannames, wat met vorige sessies by deelnemers geïdentifiseer is aan te moedig by die die emansipasie groep. Die programinhoud, wat aangebied is, is deur spesifieke programdoelwitte gerig (sien Bylae 1). Aanpassings is gemaak in die program waar deelnemers voorstelle by die observerings- en besinningsfase gemaak het gedurende die vorige week se sessie. Spesifieke vrae wat op die transformasieraamwerk gebaseer is, is aan die hand van 'n onderhoudskedule tydens die programaanbieding aan die deelnemers gevra (sien Tabel 5). Hierdie vrae het met die behuisingsprograminhoud verband gehou en is ook aangepas volgens reeds geïdentifiseerde verdraaide aannames. Aanpassings is gedoen om die aard van reeds geïdentifiseerde aannames waar onduidelikhede ter sprake was, verder te ondersoek of om bevraagtekening van die reeds geïdentifiseerde aannames aan te moedig.

Tabel 5: Vrae waardeur betekenisperspektiewe geïdentifiseer is

Sessie	Betekenisperspektief waarmee vraag verband hou	Vrae wat gestel is
1	Selfkonsep	Voel jy of jy die persoon in jou huis kan wees wat jy wil wees?
	Inhibisies	Wie of wat beperk jou om dit te wees?
	Sielkundige verdedigingsmeganismes	Hoe reageer jy as iemand met jou in die huis baklei, stry of jou onregverdig beskuldig?
	Egosentrisme	Watter tipe mense sal in elk van die verskillende tipe huise bly?
2	Vrese	Hoe sal jy daarvoor voel om iets te maak wat jy nog nooit voorheen gemaak het nie?
	Inhibisies	
	Behoeftes	Wat bied jou huis vir jou, watter behoeftes kan jy daar bevredig?
	Behoeftes	Watter planne of drome het jy vir jou huis?
3	Lokus van kontrole	Sal jy dit kan bereik?
	Lokus van kontrole	Voel jy dat jy meer betrek sou wou word in die behuisingproses? Kon jy iets daaraan gedoen het om meer betrek te word?
	Inhibisies	Gee die gemeenskap jou ruimte om te wees wie jy wil wees?
	Egosentrisme	Waarom dink jy alles as jy die woord plakkershuis hoor?
4	Lokus van kontrole	Voel jy dat jy 'n verskil kan maak deur te stem by die plaaslike verkiesing? Hoe maak jy 'n verskil?
	Lokus van kontrole	Wat sal jy maak as jy 'n probleem in en om jou huis ondervind?
	Etnosentrisme	Hoe voel jy daarvoor dat vroue raadslede word?
	Vrese	Voel jy bang om te stem of jou sê te sê?
5	Sosialisering	Is daar baie aparte groepe in jou gemeenskap of kuier almal bymekaar? Sal jy by enige persoon in die dorp gaan kuier? Hoekom nie?
	Sielkundige verdedigingsmeganismes	As toeriste in die dorp kom en sê dat jul plek morsig lyk, hoe sal jy daarop reageer?
	Lokus van kontrole	Wat sal jy doen as die munisipaliteit nie gereeld jou vullis verwyder nie?
6	Etnosentrisme	Hoe voel jy oor die wyse waarop geldsake in jou huis hanteer word? Wie hanteer dit?
	Selfkonsep	Hoe voel jy daarvoor om self 'n begroting op te stel?
	Lokus van kontrole	Sal jy dit self kan doen?
7	Kulturele verwagtinge	Hoe voel jou gemeenskap oor mikrolenings. Hoe voel jy daarvoor?
	Lokus van kontrole	Hoe voel jy oor die huis wat jul gekry het? Wat sien jy as jou plig ten opsigte van jou huis?
8	Taalkodes	As iemand jou verkul het in 'n kontrak, wat sal jy doen?
	Lokus van kontrole	Hoe voel jy oor die huis wat jul gekry het? Wat sien jy as jou plig ten opsigte van jou huis?
9	Kulturele verwagtinge	Wie almal sien jy as deel van jou gemeenskap? Hoe sal jy jou gemeenskap beskryf in terme van hoe julle oor mekaar voel?
	Sosialisering	Wat doen jy om 'n goeie buurvrou te wees?

Na die implementering van die programinhoud het die observerings- en besinningsfases gevolg. Gedurende die observeringsfase is beskouing van aksie wat in die implementeringsfase geneem is, gedoen. Daarna is besin oor die sessie en oor relevansie van onderwerpe behandel deurdat die deelnemers bespreking oor die volgende vrae moes voer:

- Hoe het julle vandag se sessie ervaar, waarvan het julle nie gehou nie en waarvan wel?
- Wat sal julle anders wou doen of wat sou julle wil verander in hierdie sessie?
- Wat sal julle kan toepas van wat ons vandag geleer het?

Observering en besinning is na afloop van die sessie deur die navorser alleen gedoen deurdat hulpmiddels soos bandopnames, joernaalaantekeninge wat tydens die sessies gemaak is, bestudeer is. Dit is uitgevoer om onderliggende verdraaide betekenisstrukture, wat deur doelbewuste vraagstelling asook dié wat spontaan na vore gekom het te identifiseer en die program van die volgende sessie daarvolgens aan te pas. Die ysbreker van die volgende sessies is op hierdie bevindinge gebaseer.

Die beplanningfase is uitgevoer om aan deelnemers geleentheid te bied om hul eie behoeftes weer te gee en voorstelle vir volgende sessies te maak. Gedurende hierdie fase is die dinkskrumtegniek, soos wat Kuhne & Quigley (1997: 31) voorstel, gebruik. Deelnemers kon enige behoeftes waaraan hul kon dink en ook enigiets wat hul nog bykomend wou leer, weergee. Daarna is beplanning gedoen ten opsigte van hoe die behoeftes bevredig kon word en hoe dit in die sessies geïmplementeer kon word. Die deelnemers het saam met die navorser besluit wanneer onderwerpe wat hul bykomend wou leer in die program geïntegreer word en wie dit sou aanbied.

Om op te som: elke sessie is dus volgens die aksienavorsingsmodel gerig deurdat die volgende sessie uitgevoer is na aanleiding van inligting wat uit die vorige sessie verkry is. Die meeste van die aanpassings wat gemaak is, is op die verdraaide aannames wat volgens die transformasieraamwerk geïdentifiseer is, gebaseer.

**Vraelyste** is as tegniek gebruik om 'n vergelyking te tref tussen die groep wat volgens die emansipasie metode aangebied is en die groep wat volgens die tegniese metode aangebied is. Dit is gedoen deur die twee groepe se bemagtigings- en kennisvlak ten opsigte van voor, direk en twee maande na die aanbieding van die behuisingsgeletterdheidsprogram met mekaar te vergelyk om sodoende die invloed van die kursus, asook die langtermyn impak daarvan te beskryf (subdoelwitte 1.3.15).



### 3.5.3 Meetinstrumente

'n Transformasieraamwerk sowel as bemagtiging- en kennisvraelyste is as meetinstrumente gebruik.

#### 3.5.3.1 Transformasieraamwerk

Die transformasieraamwerk is slegs toegepas by die emansipasie groep. 'n Transformasieraamwerk is vir hierdie studie ontwerp (sien Tabel 6) sodat verdraaide aannames geïdentifiseer kon word en aanpassings daarvolgens gemaak kon word (subdoelwit 1.3.1.3). Hierdie raamwerk is op die werk van Mezirow (1991) gebaseer wat van mening is dat transformasie met die wysiging van betekenisperspektiewe teweeggebring word. Wysiging van betekenisperspektiewe vind volgens Cranton (1994: 31) plaas wanneer individue se betekenisstrukture herhaaldelik uitgedaag en gewysig word.

'n Betekenisperspektief is 'n algemene verwysingsraamwerk en bestaan uit 'n verskeidenheid betekenisstrukture wat spesifieke kennis, opvattinge, waardebeoordelings en gevoelens insluit (Mezirow, 1997: 5). Mezirow (1991) stel drie tipes betekenisperspektiewe voor, naamlik sielkundige, sosiolinguistiese, en epistemologiese betekenisperspektiewe. Sielkundige betekenisperspektiewe verwys na die wyse waarop individue hulself sien, wat hul selfkonsep, lokus van kontrole, vrese, inhibisies, behoeftes en sielkundige verdedigingsmeganisme insluit (Cranton, 1994: 29). Sosiolinguistiese betekenisperspektiewe is gebaseer op individue se sosiale norme, reëls, kulturele verwagtinge, etnosentrisme en sosialisering, egosentrisme asook taalkodes, wat hul kulturele agtergrond, hul geloofsopvattinge, die taal wat hul praat en interaksie met ander insluit (Cranton, 1994: 28). Epistemologiese betekenisperspektiewe verwys na die wyse waarop individue bewus is van kennis en die wyse waarop dit gebruik word (Mezirow, 1991: 42). Dit word beïnvloed deur individue se leerstyle en voorkeure, wat onder andere insluit of 'n persoon abstrak, konkreet, globaal of in detail dink (Cranton, 1994: 28).

Die waarnemingsinhoud van individue se ervarings word deur spesifieke betekenisstrukture, wat in hul betekenisperspektief ingesluit is, bepaal. 'n Betekenisstruktuur verwys dus na hoe om te verstaan wat ander bedoel of na hoe om die self te begryp (Cranton, 1994: 30).

Die raamwerk is opgestel om dertien betekenisperspektiewe, met verbandhoudende betekenisstrukture en wyses waarop dit in 'n behuisingsprogram toegepas kan word, in te sluit (sien Tabel 6). Die betekenisstrukture is op die eienskappe van elke betekenisperspektief en op Mezirow (1991) se teorie ten opsigte van verdraaide betekenisperspektiewe gebaseer. Die behuisingstoepassings is op die betekenisstrukture gebaseer deurdat verbandhoudende



eienskappe wat in behuisingskonteks voorkom, geïdentifiseer is. Die transformasieraamwerk is eerstens gebruik om verdraaide betekenisskemas te identifiseer deur vrae aan deelnemers tydens die programaanbieding te stel. 'n Onderhoudskedule is vir die doel opgestel deurdat vrae vir elke sessie, wat 'n spesifieke betekenisperpektief betrek en met die inhoud van die sessie verband hou, opgestel is (sien Tabel 5). Tweedens is die raamwerk ook gebruik om verdraaide betekenisskemas wat spontaan na vore gekom het te identifiseer. Nadat hierdie betekenisskemas geïdentifiseer is, is verdere bevraagtekening daarvan op 'n informele wyse aangemoedig.

**Tabel 6: Die transformasieraamwerk**

<b>BETEKENIS-PERSPEKTIEF</b>	<b>BETEKENISSKEMA</b>	<b>BEHUISTOEPASSING</b>
<b>Sielkundige</b>		
Selfkonsep	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Benodig/soek goedkeuring</li> <li>• Afhanklik van ander</li> <li>• Aanvaar nie die self en ander nie</li> <li>• Negatief</li> <li>• Leef in die verlede (blameer)</li> <li>• Skuldgevoelens</li> <li>• Nie-empaties</li> <li>• Ongemotiveerd</li> <li>• Glo nie in die self nie</li> <li>• Nie gebalanseerde lewensstyl</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wyse waarop die gevoel van die self in huis gereflekteer word</li> <li>• Onafhanklikheid in huisbestuur</li> <li>• Aanvaarding van die self en ander in die huis en gemeenskap</li> <li>• Ervaring van die huis as 'n tuiste               <ul style="list-style-type: none"> <li>-plek om op trots te wees</li> <li>-gevoel van behoort tot</li> </ul> </li> <li>• Gemotiveerdheid om huis te omskep in 'n tuiste en doeltreffend te bestuur</li> <li>• Bied van ondersteuning aan ander in die gemeenskap en gesin</li> </ul>
Lokus van kontrole	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Neem nie verantwoordelikheid vir optrede en omstandighede nie</li> <li>• Sien die self as 'n pion van die noodlot</li> <li>• Glo nie dat hul gedrag, fisiese opset en omstandighede beheer kan word en dat hul vryheid van keuse het nie</li> <li>• Onselfstandig, afhanklik</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanvaarding van verantwoordelikhede vir die huis               <ul style="list-style-type: none"> <li>-bestuur van huis</li> <li>-geldsake</li> <li>-beplanning van fisiese opset</li> <li>-gesins- en gemeenskapsverhoudings</li> </ul> </li> <li>• Bewustheid van vryheid van keuse in die neem van besluite in die gesin en gemeenskap</li> <li>• Onafhanklikheid en selfstandigheid in die bestuur van die huis</li> </ul>
Vrese	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vrees die onbekende               <ul style="list-style-type: none"> <li>-pas nie maklik aan nie</li> <li>-aanvaar nie nuwe uitdagings nie</li> </ul> </li> <li>• Vrees mislukking</li> <li>• Vrees die verlies van beheeruitoefening</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanvaarding van nuwe uitdagings in gesin en gemeenskap</li> <li>• Aanpasbaarheid in die gemeenskap</li> <li>• Ervaring van beënging in die huis</li> </ul>
Inhibisies	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Weerhouding, verhinderende en onderdrukking deur strukture, tradisies en magspersone om doelwitte te bereik en die self te ontdek</li> <li>• Voorkoming, vermyding van nuwe uitdagings</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Faktore wat individue van vry keuses weerhou ten opsigte van die bestuur van die huis</li> <li>• Inhibisies wat voorkom wat ekonomies, sosiaal of gemeenskaplik van aard is</li> <li>• Die aanvaarding van nuwe uitdagings in huis, gesin en gemeenskap</li> </ul>
Behoeftes	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Fisiologiese</li> <li>• Beskerming</li> <li>• Emosie/liefde</li> <li>• Begrip</li> <li>• Deelname</li> <li>• Identiteit</li> <li>• Vryheid</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die behoeftes wat individue in hul gesin en gemeenskap ervaar</li> </ul>

<b>BETEKENIS-PERSPEKTIEF</b>	<b>BETEKENISSKEMA</b>	<b>BEHUISINGSTOEPASSING</b>
Sielkundige verdedigingsmeganismes	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reaksies wat individue toon om hul psigiese struktuur van vrees, konflik of skaamte te beskerm op een van die volgende wyses:               <ul style="list-style-type: none"> <li>- isolering</li> <li>- rasionalisering</li> <li>- ontkenning</li> <li>- repressie</li> <li>- projeksie</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wyse waarop individu konflik, vrees of skaamte in die gesin en gemeenskap hanteer</li> <li>• Wyse waarop beënging en territorialiteit hanteer word</li> </ul>
<b>Sosiolinguisties</b>		
Etnosentrisme – tendens om jou eie groep en sosiale norme as die basis te gebruik om ander te beoordeel – etniese analoog van egosentrisme	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Negatiewe ras en seksuele stereotipering</li> <li>• Koppeling van negatiewe etikette aan ander</li> <li>• Selektiewe persepsies</li> <li>• Ongeldige waardes</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Seksuele of ras stereotiperings ten opsigte van huisbestuur verantwoordelikhede</li> <li>• Seksuele of ras stereotipering ten opsigte van tipe werk of die behaal van sukses</li> </ul>
Egosentrisme	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Negatiewe groep stereotipering</li> <li>• Koppeling van negatiewe etikette aan ander</li> <li>• Selektiewe persepsies</li> <li>• Ongeldige waardes</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groep stereotiperings ten opsigte van huisbestuur verantwoordelikhede</li> <li>• Groep stereotipering ten opsigte van tipe werk of die behaal van sukses</li> </ul>
Sosiale norme, reëls of rolle	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ongeldige beoordeling van ander se norme uit die perspektief van eie norme</li> <li>• Verwerping van ander se norme</li> <li>• Invloed van eie norme op gedrag</li> <li>• Aanpassing by ander se norme</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Invloed van sosiale norme ten opsigte van die neem van behuisingsbesluite en huisbestuur</li> <li>• Sosiale norme van spesifieke gemeenskappe, woonbuurte, verskillende lede van 'n saamgestelde huisgesin</li> </ul>
Kulturele verwagtings	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kulturele agtergrond</li> <li>• Tradisies gekoppel aan kultuur</li> <li>• Negatiewe assosiasies en beelde gemaak n.a.v. die kultuur</li> <li>• Probleem om by huidige sosiale konteks aan te pas</li> <li>• Kultuurstereotiperings</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wyse waarop individue se kultuur huisbestuur beïnvloed</li> <li>• Wyse waarop individue aanpas ten opsigte van die gemeenskap se kultuur</li> <li>• Die ooreenstemming van individue se kulturele behoefte met die van die gemeenskap</li> </ul>
Sosialisering	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Emosioneel onbetrokke</li> <li>• Beperk deur sosiale reëls</li> <li>• Beperkte interaksie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wyse waarop buurmanskap hanteer word en verhoudinge in die gesin en gemeenskap</li> <li>• Mate van betrokkenheid in gemeenskap en woonbuurt</li> </ul>
Taalkodes: -geloof -opvattinge -interaksie met ander -kulturele agtergrond	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Tipe blootstelling aan media en deur interaksie met ander</li> <li>• Beperkte kommunikasie-vermoë</li> <li>• Beperkte vermoë om tale of simbole te begryp</li> <li>• Kulturele tradisies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vermoë om die self verstaanbaar in die gesin en gemeenskap te maak</li> <li>• Mate van aanpassing by gesin of gemeenskap se spesifieke tradisies - aanvaarding of verwerping daarvan</li> </ul>

BETEKENIS-PERSPEKTIEF	BETEKENISSKEMA	BEHUISINGSTOEPASSING
<b>Epistemologiese perspektief</b>		
Gebruik van kennis -abstrak/konkreet -detail/gloobaal	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Fokus net op spesifieke konsepte as gevolg van leervoorkeure</li> <li>• Aanvaar nie idees van ander bronne nie</li> <li>• Bevraagteken nie aannames wat deur 'n vakkundige of magspersoon gemaak word nie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretering van inligting soos oorgedra deur gemeenskapsleiers of gemeenskapswerkers</li> <li>- uitvoer van kritiese besinning</li> <li>- aanvaar die aannames sonder om besinning te doen</li> </ul>

### 3.5.3.2 Bemagtigingsvraelys

'n Gestandaardiseerde vraelys (Albertyn, 2000) is gebruik om deelnemers se bemagtigingsvlak op drie vlakke, naamlik Mikro-, Interpersoonlike- en Makro-vlak te bepaal. Die bemagtigingsvlak van deelnemers is bepaal omdat bemagtiging as 'n uitkoms van emansipasie opvoeding beskou word (Mezirow, 1994). Die bepaling van die twee groepe se bemagtigingsvlakke sal dus daarop dui of daar 'n betekenisvolle verskil aldan nie tussen die gebruik van die emansipasie metode en die tegniese metode met die aanbieding van 'n behuisingsgeletterdheidsprogram (Verbruikerswetenskap- verwante program) was.

Die bemagtigingsvraelys is 'n gestruktueerde vraelys wat uit 61 vrae bestaan (sien Bylae 6.5). Sommige van die vrae is in negatiewe vorm, terwyl ander weer positief gestel is. Die vraelys is voltooi deurdat deelnemers op 'n vier-punt Likertskaal moes aandui of hul *sterk saamstem*, *saamstem*, *verskil of sterk verskil*.

Deelnemers se bemagtigingsvlak is op Mikro-, Interpersoonlike, en Makro-vlak, sowel as die totaal van al drie vlakke saam bepaal. Die Mikro-vlak verwys na die individu se persoonlike eienskappe ten opsigte van hoe hul oor hulself voel en sluit gevoel, houdings en vaardighede (onder andere selfkonsep, self-doeltreffendheid en persoonlike verantwoordelikheid) in. Verhoging in Mikro-vlak verwys daarna dat deelnemers meer daarvan bewus word dat hul in beheer van hul eie lewens is en dat hul hul eie omstandighede kan verander en meer bewus word van hul eie uniekheid en sterk punte. Die Interpersoonlike vlak verwys na hoe individue oor hulself in verhouding tot ander voel en word in terme van aksie en deelname bepaal. Die Interpersoonlike vlak kom dus ter sprake waar individue met ander persone in kontak kom en hul mekaar beïnvloed. Die verhoging in Interpersoonlike vlak verwys dus daarna dat deelnemers meer aktief betrokke by hul gesin en gemeenskap raak en daardeur 'n verskil kan maak. Die Makro-vlak verwys na hoe individue hulself laat geld en hul gereedheid om sosiale veranderinge teweeg te bring deur krities besinnend te wees. Die verhoging in Makro-vlak

verwys dus daarna dat deelnemers meer assertief (selfgeldend) word en bereid is om op hul regte aan te dring.

### 3.5.3.3 Kennisvraelys

Die kennisvraelys is gebruik om deelnemers van albei groepe se kennis voor die implementering van die behuisingsgeletterdheidsprogram te bepaal asook direk en twee maande daarna (subdoelwit 1.3.1.6). 'n Pre-toets is gedoen om deelnemers se basislyn kennisvlak te bepaal, die post-toets om deelnemers se kennisvlak net na die aanbieding te bepaal en die post-post-toets om die mate van retensie van deelnemers se kennisvlak te bepaal. Die kennisvraelys is 'n ongestruktureerde vraelys wat uit dertien oopvrae bestaan wat deelnemers se kennis ten opsigte van die program-inhoud wat aangebied is, toets (sien Bylae 6.3).

Die volgende kriteria is deur die navorser daargestel, waarvolgens die kennisvraelys opgestel is:

- die inligting wat gevra word moet relevant wees - hulle moet dit kan toepas; wette of definisies moet nie ingesluit word nie;
- die vrae moet opgestel wees uit inligting wat belangrik is om te ken en
- die vrae moet feitekennis meet; dit moet met ander woorde sinvolle, meetbare konsepte wees waar objektiewe antwoorde gegee kan word.

#### **Stappe in die opstel van kennisvrae:**

'n Dendrogram (sien Bylae 6.2) wat uit drie vlakke bestaan, is opgetrek. Die eerste vlak bevat die hoofemas. Die behuisingsgeletterdheidsprogram bestaan uit dertien hoofemas. Die tweede vlak het die doelwitte van elke hoofema bevat en die derde vlak het die vrae wat gestel is, gereflekteer. Een vraag is dus uit die doelwitte van elke hoofema opgestel, sodat daar dertien vrae is.

Nadat die vraelys opgestel is, is sewe persone, wat van dieselfde sosiale agtergrond as die deelnemers kom, gebruik om die vraelys vir verstaanbaarheid te toets. Die vrae is oor die volgende aspekte gevrae (sien Bylae 6.3):

- Die belangrikste redes waarom ons in huise moet bly
- Die stappe wat gevolg moet word met die voorsiening van 'n huis
- Die rolspelers betrokke in die proses waardeur huise voorsien word
- Mashakane
- Die redes waarom ons nie op enige grond huise kan bou nie
- Die dienste wat die huiseienaar by die munisipaliteit kry
- Die plekke waar geld geleen kan word om 'n huis te bou, te koop of aan te bou
- Die werksgeleenthede wat alles by die behuisingsprojek geskep kan word
- Dit waarna opgelet moet word met die teken van 'n kontrak
- Die kwalifisering vir behuisingssubsidies
- Die verantwoordelikhede van 'n huiseienaar
- Identifisering van simbole op 'n huisplan
- Die voordele om betrokke in die gemeenskap te wees

### 3.6 Betroubaarheid en geldigheid

Verskeie voorsorgmaatreëls is in die studie getref om betroubaarheid en geldigheid te verseker. **Betroubaarheid** is eerstens verseker deurdat 'n gestandaardiseerde bemagtigingsvraelys (Albertyn, 2000), gebruik is (Babbie, 1975: 126). Tweedens is twee groepe gebruik aan wie die program volgens verskillende onderrigmetodes aangebied is. Die emansipasie metode is die metode wat voorgestel word as die metode wat transformasie teweegbring en die tegniese metode as 'n metode wat nie doelbewus transformasie teweegbring nie, maar slegs kennis en vaardighede verhoog. Deurdat twee groepe in eksperimentele ontwerp gebruik is, kan dit dus aandui of daar werklik transformasie by die groep wat volgens die emansipasie metode aangebied is, voorgekom het. Die twee groepe is ook op twee verskillende dorpe aangebied om te verseker dat die groepe nie in kontak met mekaar is en mekaar sodoende beïnvloed nie.

**Geldigheid** is eerstens verseker deurdat 'n bemagtigingsvraelys wat gestandaardiseerd is, gebruik is. Verder is die kennisvraelys, asook die vrae wat volgens die transformasieraamwerk gevra is deur sewe persone, wat uit dieselfde sosiale agtergrond as die deelnemers kom, vir verstaanbaarheid getoets. Verstaanbaarheid is getoets deur aan die persone te vra is of hulle verstaan wat die vrae beteken. Voorstelle om die vrae te verander is ook deur hulle gemaak. Hierdeur is vasgestel of die vraag werklik meet wat dit veronderstel is om te meet. Geldigheid is ook by die kennisvraelys verkry deurdat dit volgens 'n dendogram (sien Bylae 6.2) opgestel is en die vrae dus verteenwoordigend was van al die inhoud wat bespreek is, was. Volgens Smaling (1992) lei die gebruik van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes

tot die verhoging van geldigheid aangesien die een meetinstrument die resultate van die ander meetinstrument bevestig.

### 3.7 Data-analising

Data wat ingesamel is, is verkry uit die bemagtigings- en kennisvraelyste (kwantitatiewe data) en uit joernaalaantekeninge en bandopnames van die aksienavorsingsproses (kwalitatiewe data).

Kwalitatiewe data is ingesamel. Dit het bestaan uit joernaalaantekeninge en bandopnames wat getranskribeer is (sien Bylae 4). Die doel van die kwalitatiewe data was om die transformasie wat oor die tydperk van programaanbieding voorgekom het uit te lig. Data-rapportering is daarom gedoen deur elke sessie apart in terme van die volgende te bespreek: verdraaide betekenis-kemas wat geïdentifiseer is, hoe bevraagtekening aangemoedig is en hoe verandering ingetree het.

Die kwantitatiewe data is op die SAS (Statistical Analyzing System) verwerk. Statistiese metodes wat gebruik is, sluit die t-toets vir vergelyking tussen die pre-, post-, en post-post-toetse, berekening van die gemiddelde SA Mediaan en frekwensie en persentasie berekening in. Statistiese betekenisvolle verskille is bereken op die p-waarde kleiner of gelyk aan 0,05.

Datavoorstelling is gedoen op frekwensie tabelle en vergelykende grafieke om verskille tussen pre-, post-, en post-post-toetse tussen die twee groepe aan te toon. Die bemagtiging- en kennisstatus van elke groep en die verskil tussen die twee groepe se bemagtigings en kennisstatus is hieruit afgelei.

#### Opsomming

'n Behuisingsgeletterdheidsprogram is aan twee groepe deelnemers aangebied om die groepe met mekaar te vergelyk in terme van verhoging in bemagtiging en kennis deur 'n gestandaardiseerde bemagtigingsvraelys en 'n kennisvraelys wat vir die doel van die studie opgestel is, te gebruik (subdoelwit 1.3.1.5).

Verder is die aksienavorsingsmodel saam met 'n transformasieraamwerk gebruik om die transformasie wat by die emansipasie groep voorgekom het aan te dui asook die aanpassings wat gemaak is om dit teweeg te bring (subdoelwit 1.3.1.4). Die vraelyste is dus gebruik om die verskil tussen die twee groepe aan te dui in terme van bemagtiging en kennis, terwyl die aksienavorsingsmodel gebruik is om aanpassings wat in die program gemaak is en die transformasie wat na vore gekom het aan te dui.



Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n oorsig oor die empiriese deel van die studie te gee deur die navorsingsmetodologie te bespreek. In die volgende hoofstuk sal die resultate bespreek word.

## HOOFSTUK 4

### BESPREKING VAN RESULTATE

'n Behuisingsgeletterdheidsprogram, wat as opleidingsprogram gebruik is, is op twee verskillende wyses aangebied naamlik die emansipasie en tegniese metode. In die vorige hoofstuk is die navorsingsprosedure en metodologie van die studie beskryf.

Twee tipes data is in hierdie studie ingewin naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe data. Kwalitatiewe data is ingewin van die groep wat volgens die emansipasie metode aangebied is. Vir die doel is 'n transformasieraamwerk en aksienavorsingsmodel gebruik (subdoelwit 1.3.1.4). Kwantitatiewe data is verkry uit inligting wat deur bemagtigings- en kennisvraelyste ingesamel is (subdoelwit 1.3.1.5). In hierdie hoofstuk word die studiegroep eerstens beskryf en daarna die kwalitatiewe en kwantitatiewe data.

#### 4.1 Beskrywing van studiegroep

Die steekproefgrootte van hierdie studie was aanvanklik twee groepe van 15 vroue tussen die ouderdom van 25 en 40 jaar wat reeds in die staatsgesubsidieerde huise woonagtig was. Die deelnemers wat nie elke sessie kon bywoon nie, is egter nie vir die dataverwerking in berekening gebring nie. Die rede hiervoor is dat die programeffek nie dieselfde sou gewees het by deelnemers wat nie elke sessie bygewoon het nie. Dit het daartoe gelei dat die steekproefgrootte tot twee groepe van 8 vroue verminder het. 'n Behuisingsgeletterdheidsprogram, wat uit 7 weeklikse sessies bestaan het, is oor 'n tydperk van 7 weke aan die twee groepe deelnemers aangebied.


Die studiegroep sal beskryf word na aanleiding van data wat deur 'n demografiese vraelys verkry is waar deelnemers inligting ten opsigte van hul ouderdom, opvoedingsvlak, werkstatus, huwelikstatus en hoeveelheid kinders moes weergee (sien Bylae 6.1). Inligting is ingesamel om die eienskappe van deelnemers aan te dui asook hoe die twee groepe verskil.

Die groep wat volgens die emansipasie onderrigmetode onderrig is, sal vervolgens die emansipasie groep genoem word en die groep wat volgens die tegniese onderrigmetode onderrig is, sal die tegniese groep genoem word.

##### 4.1.1 Ouderdom

Die meeste van die tegniese groep se deelnemers is tussen die ouderdom 25 en 30 jaar (50%) en die minste tussen die ouderdom van 31 en 35 jaar (12,5%). Die meeste van die deelnemers van

emansipasie groep is tussen die ouderdom 25 en 30 jaar (37,5%) en die minste tussen die ouderdom van 36 en 40 jaar (sien Figuur 3). Die deelnemers van albei groepe is dus relatief jonk.



Figuur 3: Ouderdomsverskille tussen die twee groepe (n = 16)

Volgens Robinson (1994: 28) bring elke lewensfase verskillende rolle mee en dra daartoe by dat individue verskillend leer en verskillende leerbehoefes het. Deurdat daar verskille tussen die twee groepe ten opsigte van lewensfases voorkom, kan deelnemers se toeganklikheid vir die opvoedingsstegnieke moontlik verskil, asook die behoeftes wat hulle het.

#### 4.1.2 Opvoeding

Die opvoedingsvlak van deelnemers is bepaal in terme van die hoogste standerd wat hul geslaag het en word in Tabel 7 aangedui. Die mediaan van die emansipasie groep by die opvoedingsvlak is Standerd 2 tot 5 en by die tegniese groep is dit Standerd 8. Al die deelnemers van die tegniese groep het hoërskoolopleiding ontvang terwyl slegs drie van die emansipasie groep se deelnemers hoërskoolopleiding ontvang het. Die tegniese groep het dus 'n hoër opvoedingsvlak as die emansipasie groep. Die feit dat daar 'n verskil tussen die twee groepe ten opsigte van opvoeding is, kan moontlik 'n invloed op die resultate van die kennisstatus hê, veral op die pre-toets.

**Tabel 7: Opvoedingsverskille tussen die twee groepe**

Opvoedingsvlak	Emansipasie		Tegniese	
	N	%	N	%
Geen	1	12,50		
Sub A – St 1	1	12,50		
St 2 – St 5	3	37,50		
Standerd 6	1	12,50		
Standerd 7	1	12,50	1	12,50
Standerd 8			3	37,50
Standerd 10	1	12,50	4	50,00
<b>TOTAAL</b>	<b>8</b>	<b>100,0</b>	<b>8</b>	<b>100,0</b>

#### 4.1.3 Werkstatus

In Tabel 8 kan gesien word dat die meeste deelnemers van albei groepe nie werk nie. Slegs twee van die emansipasie groep se deelnemers werk vir 'n salaris en drie van die tegniese groep se deelnemers werk vir 'n salaris.


**Tabel 8: Vergelyking tussen die groepe ten opsigte van werkstatus**

Werkstatus	Emansipasie groep		Tegniese groep	
	N	%	N	%
Werk	2	25,0	3	37,5
Werk nie	6	75,0	5	62,5
<b>TOTAL</b>	<b>8</b>	<b>100,0</b>	<b>8</b>	<b>100,00</b>

Albei groepe het dit gestel dat hul dit baie moeilik vind om werk te kry aangesien daar 'n tekort aan werksaanbiedings op hul onderskeie dorpe is. Die feit dat die meeste deelnemers van albei groepe nie werk nie kan moontlik bydra tot deelnemers se toeganklikheid vir werkskeppingsidees en dat hul gemotiveerd sal wees om tot aksie oor te gaan deur dit in hul gesin en gemeenskap toe te pas.

#### 4.1.4 Huwelikstatus

Figuur 4 dui aan dat daar 'n verskil tussen deelnemers is in terme van huwelikstatus. Slegs een van die deelnemers van die emansipatie groep is nie getroud nie terwyl slegs twee van die deelnemers van die tegniese groep wel getroud is.



**Figuur 4: Huwelikstatus van die twee verskillende groepe**

Verbruikerswetenskap se missie stel volgens Brown en Paolucci (1979) ten doel om gesinne en individue te bemagtig. Aangesien die huwelikstatus van die twee groepe verskil en al die deelnemers kinders het, kom daar verskillende gesinsvorme voor.

Die vraag oor huwelikstatus (sien Bylae 6.1) moes moontlik ook die opsie gelaat het om aan te dui hoeveel van die deelnemers geskei is, weduwees is of saamwoon, wat as 'n leemte gesien kan word.

#### 4.1.5 Getal kinders

Al die deelnemers van die tegniese groep het een of twee kinders terwyl slegs twee van die deelnemers van die emansipatie groep minder as twee kinders het (sien Tabel 9). Die emansipatie groep se getal kinders wissel van twee tot vyf kinders.

**Tabel 9: Vergelyking tussen die deelnemers ten opsigte van hoeveelheid kinders**

Getal kinders	Emansipasie groep		Tegniese groep	
	N	%	N	%
Een			4	50,00
Twee	2	25,0	4	50,00
Drie	4	50,0		
Vier	1	12,5		
Vyf	1	12,5		
<b>TOTAL</b>	<b>8</b>	<b>100,0</b>	<b>8</b>	<b>100,00</b>

Een van die deelnemers (Respondent F) van die emansipasie groep het tydens 'n gesprek die navorsers meegedeel dat, as sy na 'n sessie by die huis kom, sy alles vergeet aangesien haar kinders al haar aandag opeis. Dit kan dus moontlik wees dat deelnemers wat 'n groot gesin het, ervaar dat hul net aandag aan hul kinders moet gee en nie tyd het om oor dit wat in die sessies bespreek is te besin en toe te pas nie. Hierdie kwessie moet tydens programaanbiedings in ag geneem word sodat haalbare doelwitte gestel kan word en ook besin kan word oor die tydsindeling van elke sessie.

Die verskil tussen die groepe ten opsigte van opvoeding, huwelikstatus en die hoeveelheid kinders wat deelnemers het, is soos volg: die tegniese groep het 'n hoër opvoedingsvlak as die emansipasie groep, minder van hul is getroud en hul het ook minder kinders as die emansipasie groep.

## 4.2 Bespreking van kwalitatiewe data

Kwalitatiewe data is met die toepas van die emansipasie onderrigmetode verkry deurdat 'n transformasieraamwerk (sien Tabel 6) en aksienavorsingsmodel (sien Figuur 2) gebruik is (subdoelwit 1.3.1.4). Hierdie data is nie verkry met die toepas van die tegniese metode nie, aangesien die program slegs aangebied is volgens die vooraf opgestelde uitkomstes en geen aanpassings gemaak is nie. Die transformasieraamwerk en aksienavorsingsmodel is gebruik om verdraaide betekenis-skemas te identifiseer. Rapportering van kwalitatiewe data is gedoen om

die transformasie wat tydens die verskillende sessies plaasgevind het en die aanpassings aan die program wat gemaak is te identifiseer (sien Bylae 5).

In hierdie studie verwys 'n veranderde of gewysigde sienswyse na 'n verdraaide betekenisskema wat gewysig is deurdat bevraagtekening daarvan aangemoedig is. Die verdraaide betekenisskemas wat geïdentifiseer is verwys nie na 'n veralgemening wat gemaak word nie, maar eerder na 'n neiging wat in die groep voorgekom het.

Bespreking van die data sal in die volgende volgorde gelewer word:

- Identifisering van betekenisskemas van elke sessie
- Vergelyking tussen die sessies van die emansipasie en tegniese groep

#### **4.2.1 Identifisering van betekenisskemas van elke sessie**

In hierdie afdeling word 'n bespreking gegee van die verdraaide betekenisskemas wat met elke sessie geïdentifiseer is (subdoelwit 1.3.1.4) by die emansipasie groep. Daar word ook na die wysiging wat plaasgevind het, verwys asook na die wyse waarop dit teweeggebring is. Net die betekenisskemas wat as verdraaid na vore gekom het word bespreek en dus nie elke betekenisskema wat deur vraagstelling geïdentifiseer is nie. Bespreking sal kronologies volgens elke sessie gedoen word, om bespreking te doen volgens die wyse waarop aksienavorsing toegepas is en om dus 'n in diepte bespreking te gee van veranderinge wat plaasgevind het. Daar word ook na ander sessies, as die een wat bespreek word verwys, om die verandering wat voorgekom het aan te dui.

##### **4.2.1.1 Sessie 1**

Die doel van sessie 1 was om inligting aan deelnemers oor te dra aangaande die huis as tuiste, woning, skuiling en sekuriteit, die skep van 'n gesonde leefomgewing en die omskep van die huis in 'n tuiste. Deelnemers is ook blootgestel aan 'n praktiese sessie waar hul self keramiekbakkies geverf het (sien Bylae 1.1).

In hierdie sessie is betekenisskemas wat met *egosentrisme*, *selfkonsep*, *sielkundige verdedigingsmeganismes* en *inhibisie* verband hou, geïdentifiseer deurdat spesifieke vrae aan die deelnemers gevra is. Ander betekenisskemas wat spontaan na vore gekom het, hou verband met *inhibisies*, *lokus van kontrole* en *egosentrisme* (sien Bylae 5.1).

**Egosentrisme** is as verdraaide betekenisperspektief geïdentifiseer deurdat verdraaide groepstereotipering en negatiewe etiketkoppeling plaasgevind het:



*“Mense wat in groot huise bly, is ryk (Respondent B), hoogmoedig (Respondent W), ons ag hul nie en voel niks vir hulle nie (Respondent K). Onself sal in klein huise bly (Respondent W) en is armoedig (Respondent E), ons het meegevoel met hulle (Respondent M).”*

Hierdie stelling is ’n reflektoring van Cranton (1994: 62) se argument dat individue aanvanklik beoordeling doen vanuit hul eie ervaring. Cranton (1996: 28) stel ook dat dit daarom nodig is om individue bloot te stel aan alternatiewe wyses van dink en optree. Om hierdie rede is verdere bevraagtekening ten opsigte van hierdie betekenisperspektief in sessie 2 aangemoedig.

Die verdraaide betekenis-skemas aggressie en onderdrukking is geïdentifiseer en hou met die betekenisperspektief *sielkundige verdedigingsmeganisme* in terme van konflik verband. Hierdie betekenisperspektief is geïdentifiseer met die volgende vraag: hoe sal julle optree as iemand met jou in die huis baklei?

*“Wanneer ander persone met my baklei, sal ek weghardloop (Respondent G), slaan of optree (Respondent K).”*

In sessie 2 is ander wyses waarop konflik gehanteer kan word bestudeer deurdat die verkeerde wyse van konflikhantering in ’n aktiwiteit vergelyk is met die wyse waarop diere sal optree (sien Bylae 3.2). Konflikhantering is ook in sessie 7 doelbewus aangespreek, maar is in ’n ander konteks bespreek deurdat daar meer gefokus is op die probleme wat mense in die huis veroorsaak en hoe dit hanteer kan word (Bylae 3.7).

Cranton (1996: 28) stel dat daar wysiging by individue ten opsigte van hul perspektiewe, aannames en verwagtinge sal plaasvind as hul blootgestel word aan alternatiewe wyses van optree en doen. Mezirow (1991: 95) stel ook dat deelnemers met die aanmoediging van bevraagtekening nuwe interpretasies sal maak, wat as riglyn vir verdere besluite en aksies dien. Verandering in hul siening oor konflikhantering is as volg gereflekteer in sessie 5, 6 en 7 (sien Bylae 4.5, 4.6 en 4.7):

*“My man wou nou die dag met my baklei, maar ek het net rustig gebly, toe raak hy ook ’n bietjie kalm (Respondent B).” (Sessie 5)*

*“Ek het baie verander, want ek wou baie keer net streng gewees het en omdat ek al een in die huis is wat werk, het ek net gevoel hulle moet help. So was ek gewees, toe besef ek ek kan nie so wees nie en het ek my mense vertel hoe ek voel en wat ek van hulle verwag (Respondent B).” (Sessie 6)*

*“Dit voel regtig of ek verander het. Vandat ons die program het skel ek nie meer so nie en kyk ek anderste na die lewe (Respondent G).” (Sessie 7)*

Die betekenisperspektief *inhibisies* is as ’n verdraaide betekenis-skema geïdentifiseer nadat aan deelnemers gevra is wat hul inhibeer om hul huise netjies te maak:

*“Ek is nie lus nie (Respondent W), stres (Respondent G), siekte (Respondent E), huislike- (Respondent M), huweliks- (Respondent B) en drankprobleme (Respondent G).”*

Die betekenis-skema wat hiermee verband hou, is *die weerhouding, verhinderings en onderdrukking deur strukture om doelwitte te bereik*. Inhibisies as betekenis-perspektief is in sessie 5 aangespreek waar deelnemers deur middel van ’n gevallestudie faktore wat hul geïnhibeerd laat voel, moes identifiseer, asook die oorsake daarvan en moontlike oplossings daarvoor (sien Bylae 3.5).

Dit het met die praktiese sessie, waar keramiekware gevef is, duidelik na vore gekom dat van die deelnemers *nie in hulself glo nie* (sien Bylae 4.1). Hierdie verdraaide betekenis-skema hou met die betekenis-perspektief *selfkonsep* verband.

*“Ek kan nie verf nie (Respondent F).”*

In sessie 6 waar deelnemers blootgestel is aan die verf van materiaal, het die deelnemers wat in sessie 1 huiwerig was met selfvertroue deelgeneem, sonder om aangewese te wees op die hulp van ander. Die katalisator (“trigger event”) was die blootstelling aan ’n verfsessie, waar hul aanvanklik huiwerig was om deel te neem. Hierdie aanvanklike siening oor hulself het verander nadat hul deur aanmoediging hul siening oor hul eie vermoë verander het en ontdek het dat hul dit wel kan doen. Hierdie verandering kan toegeskryf word aan die feit dat deelnemers deur blootstelling aan ander alternatiewe, nuwe interpretasies gemaak het, wat tot reflektiewe verandering gelei het (Mezirow, 1991: 95).

Verandering oor hul siening van hulself is soos volg gereflekteer in sessie 5 (sien Bylae 4.5):

*“Deur hierdie kursus glo ek baie meer in my eie vermoë om iets aan te pak, soos om my eie werk te begin. Ek het baie meer moed, dit voel nie meer vir my asof ek dit nooit gaan regkry nie (Respondent M).”*

In hierdie sessie het daar dus by individue verandering voorgekom ten opsigte van die betekenis-perspektiewe *sielkundige verdedigingsmeganisme* en *selfkonsep*. Hierdie veranderinge kan toegeskryf word aan bevraagtekening van elke verdraaide betekenis-skema wat aangemoedig is met die gebruik van ysbrekers in opeenvolgende sessies.

#### **4.2.1.2 Sessie 2**

Die doel van sessie 2 was om inligting aan deelnemers oor te dra aangaande die volgende aspekte: Die regering se siening en beleid ten opsigte van behuisings, behuisings as ’n produk en ’n proses, die rolspelers in die behuisingsproses en die fases daarby betrokke asook die skep van werk. Deelnemers is ook blootgestel aan ’n praktiese sessie waar hul verftegniese op ’n deelnemende wyse aangeleer het (sien Bylae 1.2).

In sessie 2 is *egosentrisme* as betekenisperspektief weer bevraagteken om die werklike aard daarvan te bepaal en aan te spreek. Ander betekenis-skemas wat ook bevraagteken is, hou verband met *inhibisies*, *lokus van kontrole*, *taalkodes* en *behoefes*. Betekenis-skemas wat spontaan na vore gekom het, hou verband met *selfkonsep*, *kulturele verwagtinge*, *sielkundige verdedigingsmeganismes* en *die gebruik van kennis*.

Negatiewe stereotipering van groepe en *die koppeling van negatiewe etikette aan ander persone* het weer duidelik na vore gekom nadat die deelnemers ander persone uit hul eie perspektief beoordeel het. Hierdie betekenis-skemas hou verband met die betekenisperspektief *egosentrisme*. Die bestaan van hierdie verdraaide betekenis-skemas word deur die volgende stelling uitgebeeld nadat aan die deelnemers gevra is wat hul van ryk mense dink:

*“Hulle is hoogmoedig (Respondent M), jy kan nie vir hul vir hulp en ondersteuning gaan vra nie (Respondent M), hulle dink ons is agter by hulle (Respondent G).”*

Hierdie soortgelyke siening het ook in die ysbreker van sessie 5 voorgekom, wat daarop dui dat daar ook verdraaide aannames ten opsigte van die betekenisperspektief *selfkonsep* voorgekom het. Dit word gereflekteer deur die volgende stelling, waar deelnemers moes sê wat hul geïnhibeerd laat voel:

*“Voel julle agter by hulle (Navorsers)? Hulle laat ’n mens so voel (Respondent B).”*

Hierdie verdraaide aannames kan moontlik ook toegeskryf word aan verdraaide betekenis-skemas ten opsigte van blootstelling aan ander, wat met die betekenisperspektief *taalkodes* verband hou. Hierdie begrip van ryk mense kan dus sy ontstaan hê deurdat ander mense in hul gemeenskap, wat in dieselfde posisie as hulle is, die siening het en dit oordra aan ander sonder om die geldigheid daarvan te bevraagteken.

In sessie 6 is gepoog om deelnemers aan te moedig om aannames wat met *selfkonsep* verband hou te bevraagteken sodat verdraaide aannames as gevolg van taalkodes ten opsigte van interaksie ook bevraagteken word. Bevraagtekening is aangemoedig deurdat deelnemers tydens die ysbreker aangemoedig is om hul *selfkonsep* met ’n verskeidenheid beelde te vergelyk (sien Bylae 3.6):

*“Ek voel soos die tandeborsel ek moet altyd net die vuilwerk doen. As my man byvoorbeeld geld wil leen, dan moet ek dit altyd doen, want hy wil nie praat nie (Respondent B). Laat dit jou negatief oor jouself voel (Navorsers)? Ja (Respondent B). Waarnatoe lei dit (Navorsers)? Dat hy nooit leer om dit te doen nie en dit maak my net negatiewer. Ek wil ook ’n bietjie agteroor sit dat hy dit doen. Dit maak my magteloos en laat my voel dat ander mense my*

*ook misbruik, want ek is nie iemand wat praat nie (Respondent B). Hoe dink jy kan jy dit verander (Navorsers)? Praat daarvoor (Respondent B). Nou hoekom doen jy dit nie (Navorsers)? Ek is bang ek maak mense seer (Respondent B)."*

Die aanmoediging van bevraagtekening het tot 'n veranderde siening gelei soos wat die volgende stelling reflekteer wat tydens dieselfde sessie (ysbreker van sessie 6) voorgekom het (sien Bylae 4.6):

*"Dink julle die fout lê by die ander persoon (Navorsers)? Nee, ons kan self iets daaraan doen (Respondent B). Hoekom sê jy so (Navorsers)? Nee, want as ek gaan verander teenoor die persoon, soos ordentlik wees, gaan hul dalk meer so met ons ook wees (Respondent B)."*

Deelnemers se siening het dus verander deurdat hul aan alternatiewe denkwyses blootgestel is (Cranton, 1996: 28).

Nog 'n verdraaide betekenis-kema wat na vore gekom het, is dat deelnemers *nie glo dat hul gedrag hul omstandighede bepaal nie*. Hierdie betekenis-kemas hou verband met die betekenis-perspektief **lokus van kontrole** en het met die vraag of hul meer by die behuisingsproses betrek sou wou word, na vore gekom:

*"Ja (Groepsantwoord), ons sou meer betrek wou word. Voel julle of jul iets daaraan kon doen om meer betrek te word (Navorsers)? Ons kon nie iets daaraan doen nie, want ons kom nie so baie by mekaar nie en die mense aan die spits van sake kon iets daaraan doen (Respondent M)."*

Aan die einde van die sessie het die deelnemers egter 'n veranderde siening hieroor gehad:

*"Ek sal meer betrokke wees in die vervolg (Respondent M). Voel julle of jul iets daaraan kan doen om meer betrek te word (Navorsers)? Ons sal kan werk daaraan (Respondent G). Ons sal dit kan verander (Respondent M)."*

Die wyse waarop deelnemers hul probleem met hul waterrekening hanteer het, wys daarop dat hul net op spesifieke konsepte gefokus het sonder dat hul iets daaraan doen.

*"Hul verneuk ons definitief met ons munisipaliteitsrekening (Respondent G). Dit lyk asof hul die geld terugkry van die huise wat ons gratis gekry het, deur ons rekening hoog te maak (Respondent K)."*

Hierdie betekenis-kema, wat verband hou met die **gebruik van kennis**, is aangespreek in sessie 4 waar die hantering van probleme met die munisipaliteit weer bespreek is sodat deelnemers die geleentheid kon kry om hul aanname te bevraagteken (sien Bylae 4.4). Verandering in hierdie betekenis-perspektief het voorgekom deurdat deelnemers tot die besef gekom het dat hul nie net 'n probleem wat hul in hul huise ondervind as sulks moet aanvaar nie, maar ondersoek daarna moet instel. Mezirow (1991: 131) stel dat deelnemers geneig is om in die begin van besinningsbeoordeling nie oor kennis en opvattinge te besin nie, wat daartoe lei dat hul

verdraaide betekenissemas het. Die veranderde siening kan dus toegeskryf word aan die feit dat deelnemers daaraan blootgestel is om alles krities te besin en nie net te aanvaar nie. Hierdie veranderde siening word in die volgende stellings gereflekteer, waarvan die eerste twee in sessie 4 voorgekom het en die laaste een in sessie 7:

*“Ek wil net weet, ons het mos nie ’n drein nie, maar ons betaal nog altyd vir rioolverwydering (Respondent M). Wat gaan jy daaraan doen? (Navorser) Sy moet maar munisipaliteit toe gaan (Respondent B). Hulle sal sê die toilet is binne gesit, jy moet nou maar kyk wat jy kan doen (Respondent G). Dink jy so, soos jy gaan nie die probleem oplos nie (Navorser). Sy moet na die munisipaliteit toe gaan (Respondent E). Daar is ’n rede, want ons riool moet verwerk word (Respondent B). Ons betaal vir die riool omdat ons riool na die Jakkalskop gaan (Respondent E) en daar seker verwerk moet word (Respondent M).”*

*“Ek het ’n probleem met my krag deurdat dit trip as ek te veel goed aan het en die ander mense s’n maak nie so nie. Ek het ’n tweeplaatstofie aan en ’n ketel, dan trip hy. Ek sal maar vir Eskom gaan sien (Respondent M).”*

*“Ek het regtig geleer dat probleme opgelos kan word en dat elke probleem ’n oplossing het, anderste het dit vir my gevoel dit sal tog nooit verander nie (Respondent M).”*

Deelnemers het ook getoon dat hul ’n probleem het om by hul huidige sosiale konteks aan te pas, wat verband hou met **kulturele verwagtinge** as betekenisperspektief, soos gereflekteer in die volgende stellings:

*“Wat dink julle is ’n gemeenskap (Navorser)? Ons almal wat saam woon (Respondent S). Hoe voel jul oor die gemeenskap waar julle bly (Navorser)? Sommige keer staan hul nie saam nie (Respondent G). Nee, ons voel baie verskillend (Respondent E, met beaming deur Respondent B en Respondent M). Gee die gemeenskap jou ruimte om te wees wie jy wil wees (Navorser)? Ons eie gemeenskap maak ons bang om uit ons huise te kom a.g.v. misdaad (Respondent P). Voel julle dat die gemeenskap jul onderdruk (Navorser)? Ja, (Groepsantwoord).”*

In sessie 4 (sien Bylae 4.4) en sessie 7 (sien Bylae 4.7) het dit geblyk dat deelnemers ook ’n ander siening van hul gemeenskap het nadat daar aan hul gevra is hoe hul daarvoor voel om betrokke te wees in die gemeenskap en wat die voordeel daarvan is om betrokke by die gemeenskap te wees:

*“Jy kan nie te veel betrokke wees nie en as jy goed praat, hou mense dit teen jou (Respondent B). Dit is goed vir kommunikasie (Respondent S). Jy kan deur te praat ’n verskil maak ( Respondent M).” (Sessie 4)*

*“As jy swaar kry, sal hulle vir jou help (Respondent M). Dan weet ’n mens darem wat aangaan, ek weet hoeka niks wat aangaan nie (Respondent G). Dit maak dat jy leer by ander (Respondent B).” (Sessie 7)*



Deur hierdie stelling word dus negatiewe sowel as positiewe sienings ten opsigte van die gemeenskap uitgelig. Dit is duidelik dat daar beperkings, wat deur die gemeenskap veroorsaak word, voorkom. Aan die ander kant besef deelnemers ook dat dit nodig is om betrokke te wees.

In hierdie sessie het daar dus verandering by individue voorgekom ten opsigte van die betekenisperspektiewe *egosentrisme*, *selfkonsep*, *taalkodes*, *lokus van kontrole* en die *gebruik van kennis*. Hierdie verandering kan toegeskryf word aan die bevraagtekening, wat met elke verdraaide betekenis-skemas aangemoedig is, deur die gebruik van ysbrekers in opeenvolgende sessies.

#### 4.2.1.3 Sessie 3

Die doel van sessie 3 was om inligting aan deelnemers oor te dra aangaande die volgende aspekte: Die verskillende tipes huisvorme wat bestaan, praktiese implikasies wat in ag geneem moet word met die bou van huise, definisie van die plaaslike regering, betaling van dienste, die doelwitte van Masakhane, die verhouding tussen die plaaslike regering en die huiseienaars en die kies van raadslede. Deelnemers is ook blootgestel aan 'n praktiese sessie waar hul die maak van gordyne op 'n deelnemende wyse aangeleer het (sien Bylae 1.3).

In hierdie sessie is daar weer gepoog om verdraaide betekenis-skemas ten opsigte van *behoefte* te identifiseer aangesien dit onvoldoende in sessie 2 gedoen is. Betekenis-skemas wat met *egosentrisme*, *lokus van kontrole* en *inhibisies* verband hou, is ook bevraagteken. Ander betekenis-skemas wat na vore gekom het, hou verband met *selfkonsep*, *inhibisies*, *gebruik van kennis* en *taalkodes ten opsigte van interaksie* (sien Bylae 5.2).

*Selfaktualisering en liefde* is as *behoefte* geïdentifiseer nadat in sessie 2 ook net gesê is dat hul huis voldoen aan hul fisiologiese en sekuriteitsbehoefte en dat dit vryheid bied (sien Bylae 4.2). Daar is gevolglik in hierdie sessie gepoog om uit te vind of hul behoeftes ten opsigte van selfaktualisering en die behoefte om liefgehê te word, bevredig is. Daarom is daar eerstens aan deelnemers gevra of hul voel dat hul hul volle potensiaal in hul huise bereik:

*“Ons is nog nie daar nie (Respondent B). Is dit die plek waar jul absolute onvoorwaardelike liefde kan ontvang (Navorsers)? Nee (Respondent G).”*

In die ysbreker wat in sessie 5 gebruik is (sien Bylae 3.5), is deelnemers aangemoedig om dit wat hul inhibeer te identifiseer om agter te kom wat die oorsake van die bogenoemde behoeftes is. Daarom is daar ook spesifiek aan deelnemers gevra wat hul inhibeer om behoeftes soos hul eie identiteit te bereik, waarop hul soos volg gereageer het:

*“Mense wat op jou neerkyk (Respondent B). Mense wat jou verneder (Respondent M). Wat doen jy as mense jou verneder (Navorsers)? Ek voel*

*sleg en onttrek my net (Respondent B). Dink julle dit is nodig om so te voel (Navorser)? Nee, want daardie mense het partykeer 'n probleem, nou laat hulle jou sleg voel (Respondent B)."*

Die doel van hierdie vraag was om deelnemers aan te moedig om enige verdraaide betekenisskemas wat maak dat hul nie hul volle potensiaal bereik nie, te bevraagteken. Daar is veral ook op dit wat die beperkings veroorsaak, gefokus om deelnemers sodoende te help om van hierdie siening bevry te word. Hierdie doel is egter nie bereik nie deurdat daar nie genoeg op die vraag uitgebrei is om kritiese besinning doeltreffend toe te pas nie.

Die *beperking deur sosiale reëls* en *weerhouding deur ander mense om doelwitte te bereik* is as betekenisskemas geïdentifiseer en hou onderskeidelik verband met die betekenisperspektiewe *sosialisering* en *inhibisies*. Hierdie betekenisperspektiewe het na vore gekom deurdat aan deelnemers gevra is hoe hul daarvoor voel om betrokke in die gemeenskap te wees:

*"As jy te veel praat, kan die mense dit later teen jou hou (Respondent B). Het julle enige vrese om te stem of jul sê te sê (Navorser)? Ons is nie bang om te stem nie, maar wel om om ons sê in die publiek uit te lig. Ons mans hou nie daarvan as ons iets sê in die vergaderings nie (Respondent M). Voel julle onderdruk om iets te sê (Navorser)? As ons mans so teen dit is (Respondent M)."*

Hieruit het dit ook geblyk dat daar 'n *behoefte vir deelname* by deelnemers is. Daarom is deelnemers in sessie 5 aangemoedig om alles te identifiseer wat hul *inhibeer* om deel te neem (sien Bylae 3.5):

*"Mense soos ons mans wat ons nie toelaat nie (Respondent B). Jy het nie klere om aan te trek nie of jy is bang jy is verkeerd met jou kleredrag (Respondent B)."*

Soortgelyke antwoorde is weer gekry en die bestaan van verdraaide betekenisskemas ten opsigte van *inhibisies* en die *behoefte vir deelname* is weer bevestig, maar daar is nie verdere bevraagtekening gedoen nie, wat as 'n leemte in die studie geïdentifiseer is.

Geld, drank en mans is ook as *inhibeerders* geïdentifiseer deurdat dit hul daarvan weerhou om hul doelwitte te bereik. Bevraagtekening van hul aannames ten opsigte van hierdie *inhibeerders*, asook verandering in hul siening van geld, is soos volg gereflekteer in sessie 5 (sien Bylae 4.5) waar aan deelnemers gevra is wat hul geïnhibeerd laat voel en in sessie 6 (sien Bylae 4.6) waar dit spontaan na vore gekom het:

*"Wanneer ek iets wil doen en kry dit nie reg nie, voel ek so (Respondent G). Soos wat (Navorser)? Ek wil iets koop, ek het nie die geld nie, dan voel ek so (Respondent G) Wat kan ons aan ons geldsake doen (Navorser)? Jy kan jou eie werk skep of probeer om jouself te help (Respondent E). 'n Mens kry nie werk nie en jy wil so graag verdien (Respondent S). Dink jy jy moet vaskyk aan werkloosheid (Navorser)? Jy moet maar self iets begin (Respondent M)."*



*Dink jy jy kan sommer net begin of het jy geld nodig om te begin (Navorser)? Jy het net vir die begin geld nodig (Respondent S). As jul dink aan wat ek vir julle geleer het, sal jul iets kan begin verkoop sonder om baie geld nodig te hê (Navorser)? Ek het verlede week al begin, maar ek kon nie die geld weg sit nie ek moes weer iets anders met die geld koop (Respondent M). Baie keer werk jy vir jouself, dan gaan die geld weer dadelik in die huis in, dit werk so (Respondent B). Jy moet net beter beplanning doen (Respondent G). Ja en nie ophou probeer nie (Respondent M).” (sessie 5).*

*“...daar gaan ’n vrou kom kyk hoe ek my huis verf, ek moet net eers ’n paar koeke verkoop sodat ek ’n blikkie verf kan koop (Respondent E).” (sessie 6)*

In die ysbrekers van sessie 4 en 7 (sien Bylae 3.4 en 3.7) is deelnemers verder daaraan blootgestel om hul aannames oor drank en mans as inhiberende faktore te bevraagteken. Bevraagtekening is in sessie 4 aangemoedig deurdat ’n gevallestudie bestudeer is ten opsigte van die hantering van mans wat ’n drankprobleem het. Bevraagtekening is op so ’n wyse aangemoedig dat deelnemers oorsake moes identifiseer asook moontlike oplossings:

*“Hoekom het die man ’n drankprobleem (Navorser)? Hy het ’n selfbeeldprobleem (Respondent M). Hoe kan jy ’n man help as hy ’n selfbeelprobleem het (Navorser)? Anders teenoor hom optree (Respondent K) en liefde teenoor hom te bewys deur sagmoedig te wees (Respondent B). Dankie vir hom te sê wat hy gedoen het (Respondent S). Met hom te praat as hy net vir homself belangrik en my nie in ag neem nie (Respondent M).”*

Deelnemers is dus met die aanmoediging van kritiese denke blootgestel aan alternatiewe wyses om na die probleem te kyk deurdat hul sien dat dit nie net as ’n probleem gesien moet word nie, maar eerder as ’n probleem met onderliggende oorsake. Cranton (1996: 28) stel dat individue minder vry is as hul nie daarvan bewus is dat daar keuses bestaan nie en dat transformatiewe leer teweeggebring word soos wat individue aan ander alternatiewe blootgestel word.

Verdraaide betekenisskemas ten opsigte van die **gebruik van kennis** en **taalkodes** wat met *interaksie verband hou*, is geïdentifiseer deurdat deelnemers nie die aannames wat deur ’n magspersoon (die Plaaslike Regering) gemaak is, bevraagteken het nie. Hierdie aannames is moontlik deur die interaksie wat hul met mekaar het, versterk. Die verdraaide betekenisskemas is geïdentifiseer deurdat aan hul gevra is hoe hul voel oor die beloftes wat verkiesingstye gemaak word:

*“Ons het dit geglo en is ingeloop (Respondent G). Ons glo niemand meer nie, die regering is tog so korrup (Respondent M).”*

Bevraagtekening van hierdie aanname is in sessie 5 aangemoedig waar deelnemers faktore wat hul inhibeer (sien Bylae 3.5), moes identifiseer:

*“Beloftes wat deur die regering gemaak word laat ons so voel (Respondent G). Wat kan jul daaraan doen as beloftes aan jul gemaak word, maar nie*

*nagekom word nie (Navorsers)? Ons moet eers gaan uitvind of die beloftes wat gemaak word die waarheid is (Respondent M). Ons moet eis dat dit nagekom word (Respondent G)."*

Hierdie siening van die deelnemers dui daarop dat hul wel besef het wat die gevolge is om net beloftes te glo sonder om dit te bevraagteken, asook dat hul ander aksie in die vervolg sal neem. Dit is egter nie duidelik of deelnemers 'n veranderde sienswyse ingeneem het ten opsigte van die oorkoming van inhibisies, soos beloftes wat aan hul deur instansies soos die munispaliteit gemaak is, maar nie nagekom is nie. Hierdie leemte kan daaraan toegeskryf word dat die tydsbestek van die program te kort was om enige veranderinge te identifiseer.

*Die neem van besluite na aanleiding van individue se norme, asook die beoordeling van ander se norme uit sy/haar perspektief, het na vore gekom deurdat die deelnemers verskil het oor vroue se plek in die samelewing. Dit het na vore gekom deurdat aan deelnemers gevra is of vroue as raadslede gekies moet word:*

*"Glo nie dis 'n vrou se plek nie (Respondent G, met beaming deur die meeste deelnemers). Daar moet iemand wees wat vir vroue opstaan en vir hul plek baklei en regte opstaan (Respondent M)."*

Hierdie verskil in perspektief ten opsigte van vroue het ook in sessie 1 na vore gekom (sien Bylae 4.1):

*"Dit is nie sy (my man) se plig (om in die huis te help nie) (Respondent M)."*

Die ander deelnemers het egter heftig verskil oor hierdie aanname wat gemaak is. Hierdie twee stellings wys daarop dat Respondent M in die begin volgens gender-digotomie gedink het, maar by sessie 3 al meer krities begin dink het. Die voorkoms van hierdie aannames is egter nie verder voldoende bestudeer sodat daar uit hierdie stelling afgelei kan word dat verdraaide aannames ten opsigte van *etnosentrisme* bv. *negatiewe seksuele stereotipering* voorkom nie. Daar kan wel uit ander stellings wat gemaak is afgelei word dat negatiewe seksuele stereotipering voorkom:

*"Mans drink (Algemene opmerking)."*

Verdere bevraagtekening is aangemoedig in sessie 4 en 7 (sien Bylae 3.4 en 3.7). Geen verandering is egter opgemerk nie, maar oplossings oor hoe om dit (mans wat drink) te hanteer is wel bestudeer.

*Negatiewe ingesteldheid ten opsigte van hulself en hul omstandighede* is opgemerk. Hierdie verdraaide betekenis-skema resorteer onder die betekenis-perspektief **selfkonsep**:

*"My lewe voel in skerwe (Respondent S)."*

Die bestudering van verdraaide aannames ten opsigte van selfkonsep is aangemoedig in sessie 6 waar deelnemers hulself moes vergelyk met metafore sodat verdere verdraaide sienings van hulself en hul omstandighede na vore kon kom (sien Bylae 3.6).

*“’n Mens kan voel soos die skoen, ’n mens word net aangetrek en uitgeskop, eintlik beteken hy vir jou niks nie (Respondent M). Die skeermessie, jy voel seergemaak (Respondent G). Ek voel baie keer so klein en niks voor ander mense (Respondent B).”*

Kritiese besinning oor die siening wat hul oor hulself het, is dus aangemoedig en oplossings oor hoe dit verander kan word, is ook bestudeer. Bestudering van die verdraaide betekenisskema is gedoen deurdat deelnemers moes besin oor hoekom hierdie beelde negatiewe gevolge inhou, waartoe dit gaan lei as dit nie gaan verander nie en laastens moes hul dink aan hoe hul dit kan verander. Verandering in hul siening van hulself in terme van ’n meer positiewe ingesteldheid is egter nie spesifiek opgemerk in die bespreking nie. Dit het wel in die resultate van die bemaatigingsvraelyste na vore gekom dat deelnemers se Mikro-vlak oor die langtermyn toegeneem het, wat daarop dui dat hul gevoel van hulself verander het.

Die verdraaide betekenisskemas wat in hierdie sessie voorgekom het, is in latere sessies bevraagteken. Hierdie betekenisskemas hou verband met *inhibisies*, *gebruik van kennis*, *norme* en *selfkonsep*. Daar het egter net verandering ten opsigte van die betekenisperspektief *inhibisies* voorgekom.

#### **4.2.1.4 Sessie 4**

Die doel van sessie 4 was om inligting aan deelnemers oor te dra aangaande die volgende aspekte: Die rol van die plaaslike regering, diensooreenkomste tussen die huiseienaar en ontwikkelaar om dienste te installeer, die bespreking van verskillende dienste en die doelwitte van infrastruktuur ontwikkeling. Deelnemers is ook blootgestel aan ’n demonstrasie van die maak van ekonomiese geskenke (sien Bylae 1.4).

Daar is in hierdie sessie gepoog om betekenisskemas wat verband hou met *sosialisering*, *lokus van kontrole* en *sielkundige verdedigingsmeganisme* te bevraagteken. Ander betekenisskemas wat spontaan na vore gekom het, hou met *vrese*, *gebruik van kennis* en *selfkonsep* verband (sien Bylae 5.4).

*Sielkundige verdedigingsmeganisme* in terme van *konflikhantering* is weer ondersoek deurdat aan deelnemers gevra is wat hul sal doen as toeriste hul dorp as vuil bestempel:

*“Vloek (Respondent K). Ek sal skel (Respondent G). Wat kom soek jy hier? (Respondent K). Sal julle skuldig voel (Navorsers)? Ja, dit is hoekom ek gaan kwaad word (Respondente G en M).”*

*Aggressie en projeksie* het voorgekom, deurdat deelnemers kwaad geword het en hul skuldgevoelens verplaas het met woede, om die aandag weg van hulself te kry. Deelnemers se eerste reaksie was dus om aggressief te wees, soos in sessie 1 (sien Bylae 4.1). In hierdie sessie is daar egter, nadat daarvoor gepraat is en besinning aangemoedig is, 'n ander wyse om daarop te reageer voorgestel:

*“Jy moet dit net reg hanteer. As jy dit soos dieremaniere hanteer, dan het jy nie jou skuldige gevoelens reg hanteer nie (Respondent M).”*

Dit het ook aanvanklik voorgekom of deelnemers *nie glo dat hul gedrag die omstandighede sal bepaal of verander nie*. Hierdie verdraaide betekenisskema resorteer onder **lokus van kontrole**:

*“Ek sal dit los (Respondent G). Baie sal sê dis nie ons werk nie (Respondent M). Dit sal help as jy optel as jy verby die papiere loop (Respondent B).”*

Daar is egter 'n veranderde standpunt hierteenoor gelug nadat hul daarvoor gepraat het:

*“'n Mens moet vir hul bewus daarvan maak, anders kom die toeriste nie weer nie (Respondent M). Wat gaan gebeur as julle gaan begin skoonmaak (Navorsers)? Ander sal ook begin skoonmaak (Respondent B). Die munisipaliteit sal skaam word (Respondent M). Wat sal jy doen as die munisipaliteit niks doen nie (Navorsers)? Die papiere self optel (Respondent J).”*

Die aanmoediging van deelnemers om krities oor hul aannames te besin dra daartoe by dat deelnemers self hul siening oor die situasie verander het sonder dat aan hul gesê is wat die regte wyse van optree is.

Die *vrees* vir nuwe uitdagings en mislukkings is as verdraaide betekenisskemas geïdentifiseer. Hiermee saam is ook *beperkings deur sosiale strukture*, as betekenisskema geïdentifiseer en hou verband met die betekenisperspektief *sosialisering*. Hierdie verdraaide betekenisskemas is geïdentifiseer met die vraag of deelnemers vir enige persoon in die dorp sal gaan kuier:

*“Nee, nie eintlik kuier nie, jy moet dalk eers kennis maak. Jy ken dalk nie die mense nie (Respondent E). Almal het nie dieselfde maniere nie (Respondent B). Ons sal nie deur alle groepe aanvaar word nie (Respondent M). Netnou is daardie persoon lelik met jou (Respondent B).”*

Deelnemers is tydens hierdie sessie aangemoedig om hul siening te bevraagteken:

*“Dink jul die fout lê by juisself of by die ander persoon (Navorsers)? Dit lê by juisself (Respondent E). Jy dink as die persoon sien hoe jy lyk, sal die persoon nie met jou wil kuier nie soos die fout lê by juisself (Respondent B).”*

Deelnemers is ook in sessie 5 (sien Bylae 3.5) aangemoedig om faktore wat hul *inhibeer* te identifiseer waar hierdie siening weer na vore gekom het:

*“Mense wat op jou neerkyk, laat jou minderwaardig voel (Respondent M).”*

'n Veranderde siening is het wel voorgekom, soos wat daar in die volgende siening gereflekteer word (sien Bylae 4.5):

*“Daardie mense het partykeer 'n probleem, nou laat hulle ons sleg voel. As ek gaan verander teenoor die persoon, soos ordentlik wees, gaan hul dalk ook teenoor my verander (Respondent B).”*

Deelnemers het dus 'n eensydige siening aangaande mense wat hul minderwaardig laat voel, gehad. Nadat besinning aangemoedig is, het individue ook 'n ander siening hieroor gekry. In hierdie sessie het daar dus 'n veranderde siening ten opsigte van betekenis-kemas wat met *sielkundige verdedigingsmeganismes, lokus van kontrole* en *sosialisering* verband hou, voorgekom. Hierdie verandering kan toegeskryf word aan die bevraagtekening van verdraaide betekenis-kemas wat tydens die sessie aangemoedig is.

#### 4.2.1.5 Sessie 5

Die doel van sessie 5 was om inligting aan deelnemers oor te dra aangaande die volgende aspekte: Die opstel van 'n begroting, die kostes betrokke by die besit van 'n huis, huislenings en ander kredietvorme, mikrolenings, finansiële bystand deur werkgewers en die huis as sekuriteit. Deelnemers is ook blootgestel aan 'n demonstrasie van die maak van koeldranke en die verpakking daarvan (sien Bylae 1.5).

In sessie 5 is gepoog om betekenis-kemas wat met *etnosentrisme* en *selfkonsep* verband hou, te identifiseer. Ander betekenis-kemas wat spontaan na vore gekom het, resorteer onder *selfkonsep, kulturele verwagtinge* en *lokus van kontrole* (sien Bylae 5.5).

Daar is gepoog om te bepaal of *seksuele stereotipering*, wat verband hou met die betekenis-perspektief *etnosentrisme* voorkom deur aan deelnemers te vra wie hul begroting doen en of hul tevrede is soos dit gedoen word: Die rede waarom hierdie vraag gevra is is om te bepaal of deelnemers enige vooraf opgestelde idees het oor wie die geld in die huis moet hanteer. As gevolg van verskillende *sosiale norme* word dit verskillend in die huishoudings gedoen en die deelnemers het verskillende sienings daarvoor. Daar kon dus nie duidelik agtergekom word of deelnemers tevrede is met die wyse waarop die geld in hul huis hanteer word:

*“Dit is goed as my man dit (die geldsake) hanteer, dan weet hy waarnatoe die geld gaan en sê nie vir my dat ek te veel geld uitgee nie (Respondent B). As ek die geldsake hanteer, gee ek dit net uit en hy spandeer nie so baie nie (Respondent G). Ja, maar partykeer gee hy die geld op verkeerde goed uit (Respondent M).”*

Verdere verdraaide betekenisskemas wat hieruit afgelei sou kon word, is **repressie** deurdat deelnemers vernedering wil vermy en daarom sê hul vir hulself dis beter as hul mans dit doen. Vrees vir mislukking kan ook voorkom deurdat deelnemers bang is dat die geldsake sal misluk as hulle dit doen. Aangesien daar nie verdere opvolgvrae gevra is nie is dit nie duidelik wat die betrokke verdraaide betekenisskemas is nie.

*Vrees vir mislukking of dat ander jou gaan afkeur*, het as verdraaide betekenisskemas in hierdie sessie voorgekom en hou verband met die die betekenisperspektief **vrees**. Hierdie betekenisskemas is reeds in sessies 3 en 4 (sien Bylae 4.3 en 4.4) ook bespreek. Dit is dus net weer in hierdie sessie bevestig dat dit voorkom:

*“Jy het nie klere om aan te trek nie of jy is bang jy het nie die regte kleredrag nie (maak dat ons nie wil deelneem nie) (Respondent B).”*

Daar is gepoog om bevraagtekening van hierdie aanname aan te moedig deurdat deelnemers in sessie 6 (sien Bylae 3.6 en 4.6) metafore moes identifiseer wat met *vrees* verband hou:

*“Kleredrag, mense wat jou dophou of jy die regte klere aan het en wat jy aanhet (Respondent M).”*

Dit het egter net weer na vore gekom dat deelnemers ’n *vrees* het dat ander hul gaan afkeur as gevolg van hul kleredrag. *Vrees vir mislukking* ten opsigte van voorkoms is dus definitief ’n verdraaide betekenisskema wat by die deelnemers voorkom. Bevraagtekening van hierdie aanname is egter nie verder aangemoedig nie.

Dit is in hierdie sessie bevestig dat deelnemers *minderwaardig* teenoor ander voel deurdat hul in die ysbreker van sessie 5 (sien Bylae 3.5 en 4.5) moes identifiseer wat hul *geïnhibeerd* laat voel.

*“Mense wat jou minderwaardig laat voel (Respondent S) deurdat niks wat jy doen reg is nie (Respondent B).”*

Bevraagtekening van hierdie verdraaide betekenisskema is wel aangemoedig en deelnemers het ’n veranderde siening hieroor weergegee:

*“Jy kan dit verander. As ek gaan verander teenoor die persoon, gaan hul dalk meer so met ons ook wees (Respondent B).”*

Deelnemers het dit ook in die sessie duidelik laat blyk dat hul ’n veranderde siening oor die hantering van probleme inneem:

*“Ek sal praat as ek ’n probleem het en dit nie sommer los nie (Respondent E).”*



Die verandering van betekenis-skemas wat in die sessie voorgekom het, spruit uit die aanmoediging van bevraagtekening van verdraaide betekenis-skemas wat in vorige sessies voorgekom het.

#### 4.2.1.6 Sessie 6

Die doel van hierdie sessie was om kennis aan deelnemers oor te dra aangaande die volgende aspekte: Subsidieskemas, die toekenning van subsidies, die wyse van huiskoop, kontrakte, verantwoordelikhede van die bouer en huseienaar en hoe om 'n huisplan te verstaan. Deelnemers is ook aan 'n praktiese sessie blootgestel waar hul die verf van materiaal op 'n deelnemende wyse aangeleer het (sien Bylae 1.6).

In hierdie sessie is 'n doelbewuste poging aangewend om verdraaide betekenis-skemas wat met *taalkodes in terme van kommunikasie* verband hou, te identifiseer. Ander betekenis-skemas wat spontaan na vore gekom het, hou verband met *selfkonsep*, *taalkodes in terme van interaksie* en *sielkundige verdedigingsmeganismes* (sien Bylae 5.6).

Deur die gebruik van 'n ysbreker in hierdie sessie waar deelnemers hul *selfbeeld* en *vrese* met verskillende voorwerpe moes vergelyk (sien Bylae 3.6), het die bevraagtekening van 'n verskeidenheid betekenis-skemas na vore gekom. Hierdie betekenis-skemas is reeds in sessies 1, 2, 3 en 5 (sien Bylae 4.1, 4.2, 4.3 en 4.5) bespreek omdat dit met die betekenis-skemas in daardie sessie verband hou en die verandering wat voorgekom het aandui.

Daar is gepoog om agter te kom of deelnemers as gevolg van beperkte kommunikasievermoë, vorige ervarings of deur interaksie met mekaar, enige verdraaide aannames het oor hoe probleme opgelos moet word. Hierdie betekenis-skemas resorteer onder *taalkodes* as betekenis-perspektief. Daar het wel verdraaide betekenis-skemas ten opsigte van hierdie betekenis-perspektief in sessie 2 voorgekom (sien Bylae 4.2), maar in sessie 4 (sien Bylae 4.4) het dit geblyk of verandering voorgekom het. Dit is gedoen deur aan deelnemers te vra wat hul sal doen as iemand hul met 'n kontrak verkul:

*“Kyk of ons dit nie kan uitpraat nie (Respondent M). Ek gaan sommer direk na die prokureur toe (Respondent G). Ja, ek sal dit nie daar laat nie (Respondent B).”*

Die volgende stelling bevestig ook dat daar nie verdraaide betekenis-skemas ten opsigte van *taalkodes in terme van interaksie* bestaan nie:



*“Ek het vanoggend met iemand gaan praat met wie ek ’n probleem gehad het en ek het so ’n bietjie leeggemaak teenoor die persoon en ons het ’n oplossing gekry (Respondent E)”.*

In sessie 1 (sien Bylae 4.1) was een van die deelnemers huiwerig om deel te neem aan die praktiese sessie, maar het in hierdie sessie met selfvertroue aan die verf van materiaal deelgeneem, sonder om enigsins aangewese op iemand se hulp te wees. Dit dui daarop dat sy meer *in haarself glo* en hou verband met ’n verandering in *selfkonsep* as betekenisperspektief.

In hierdie sessie het daar dus geen nuwe verdraaide betekenis-skemas na vore gekom nie, maar wel die bevraagtekening van vorige betekenis-skemas, wat tot verandering gelei het.

#### **4.2.1.7 Sessie 7**

Die doel van sessie 7 was om inligting aan deelnemers oor te dra aangaande die voordele en verantwoordelikhede verbonde aan huiseienaarskap en gemeenskapsbetrokkenheid. Wenke ten opsigte van tuinmaak is ook aan deelnemers gegee (sien Bylae 1.7).

In hierdie sessie is ’n doelbewuste poging aangewend om verdraaide betekenis-skemas te identifiseer wat verband hou met *sosialisering* (sien Bylae 5.7). Volgens voorafbeplanning moes ook bepaal word of deelnemers die behoefte aan vryheid het asook dit wat hul beperk om dit te hê. Die voorkoms van hierdie betekenis-skemas is egter reeds ondersoek en bevraagteken in sessie 5 (sien Bylae 4.5):

*“Te veel kinders (Respondent M), mense wat jou huis dophou (Respondent B) en na jou kleredrag kyk (Respondent M) beperk ons vryheid.”*

Hierdie betekenis-skema is egter nie verder bevraagteken nie as gevolg van beperkte tyd. Dit kan as ’n leemte beskou word omdat dit ook in sessie 3 (sien Bylae 4.3) na vore gekom het dat deelnemers se *vryheid* beperk word.

In ’n poging om te bepaal of deelnemers betrokke is by die mense rondom hulle en of hul *beperk word deur sosiale reëls*, is daar aan hul gevra wat hul doen om ’n goeie buurvrou te wees:

*“Ek het ’n lieflike buurvrou, ek kan vir haar enige iets gaan vra (Respondent E). Ek het al baie probeer uitreik, maar my buurvrou dink sy is beter as ander en ek is mos nie so nie, nou probeer ek maar net om my erf skoon te hou sodat sy nie kan kla nie (Respondent B). Die mense langsaan ons kom ek goed mee oor die weg, maar hulle speel net hul musiek baie hard, maar hulle luister darem as ek praat (Respondent M).”*

Uit hierdie stellings van die deelnemers blyk dit dus duidelik dat daar nie verdraaide betekenis-skemas ten opsigte van *sosialisering* voorkom nie. Die deelnemers oorkom wel dit wat hul beperk en pas by die probleme aan.

Om mee af te sluit het deelnemers verskeie stellings gemaak wat die veranderinge wat deur hulself agtergekom is, weerspieël:

*“Dit voel regtig of ek verander het vandat ons die program het en ek skel nie meer so erg nie, ek is meer rustig en kyk anderste na die lewe. Ek kan sien jy het verander (Respondent G).”*

*“Ek het geleer dat probleme opgelos kan word en dat elke probleem 'n oorsaak en 'n oplossing het, anderste het dit vir my gevoel dit sal tog nooit verander nie (Respondent M).”*

In 'n doelbewuste poging om betekenis-skemas te identifiseer is in hierdie sessie geen verdraaide betekenis-skemas volgens die transformasieraamwerk geïdentifiseer nie. Daar het wel verandering in ander betekenis-skemas voorgekom, wat in hierdie sessie bevraagteken is.

#### **4.2.2 'n Vergelyking tussen die sessies van die emansipasie en tegniese groep**

Die twee groot verskille wat tussen die twee groepe voorgekom het soos deur waarneming opgemerk is, is die verskil in deelname en die reaksie van die deelnemers op die vraag of hul sal voortgaan met die program in die afwesigheid van die navorser.

Albei groepe het van die begin af gereageer op enige vraag en het spontaan deelgeneem. Die groep wat volgens die *emansipasie metode onderrig* is, het egter meer spontaan geraak en het sonder aanmoediging bydraes tot gesprekke gelewer. Ses van die agt deelnemers wat tot op die einde deelgeneem het, het van die begin bydraes gelewer. Een (Respondent F) van die deelnemers van die emansipasie groep het nooit enige bydrae gemaak nie terwyl die ander een (Respondent J) met aanmoediging bydraes gelewer het. Respondent F, wat die enigste ongeletterde van die groep was, het egter tydens 'n persoonlike gesprek met die navorser met probleme na vore gekom sonder dat sy aangemoedig was om dit te doen. Respondent J het weer met die laaste sessie onmiddellik toe sy bietjie aanmoediging kry, 'n probleem met die groep bespreek. Daar is opgemerk dat die groep wat volgens die tegniese metode onderrig is se deelname verminder het en geen persoonlike inligting is ooit uitgeruil nie.

Die volgende vraag is aan albei groepe aan die begin en aan die einde gevra:

*“Sal julle aangaan met hierdie groep as ek nie meer hier is nie (Navorser)?”*

Die groep wat volgens die emansipasie metode onderrig is, het as volg gereageer met die eerste sessie:

*“Waar moet ons die geld vandaan kry.”*

Hierdie siening het reeds met die vierde sessie verander en hulle het hierdie veranderde siening soos volg gestel met die laaste sessie (sien Bylae 4.7):

*“Ja, ons kom klaar die eerste Donderdag in Mei by Respondent K se huis bymekaar (Respondent B). Ons gaan eers 'n vergadering hou waar ons 'n program gaan opstel oor wat ons gaan doen (Respondent M). Ons gaan dan 'n bietjie praat oor ons probleme, maar ons gaan ook begin om saam werk te skep sodat ons dié kan help wat glad nie 'n inkomste het nie (Respondent B).”*

Die groep wat volgens die *tegniese metode onderrig* is, het egter met die eerste en die laaste sessie gevra waar hul die hulpmiddels vandaan moet kry.

Dit is dus duidelik dat die deelnemers in die verskillende groepe gereageer het volgens die wyse waarop hul aangemoedig is om die inligting te verwerk. Deurdadig die navorser met die toepassing van die emansipasie metode die rol van fasiliteerder vertolk het, het hul afhanklikheid verminder en het deelnemers meer agting vir hul eie bydraes in 'n groep gekry. Hierteenoor het die deelnemers met die toepassing van die tegniese metode hul afhanklikheid van die navorser behou om kennis en vaardighede aan hul oor te dra.

**Om op te som:** Die toepassing van die emansipasie metode se hoofdoelwit was om kritiese denke en besinning asook dialoogvoering en die verhoging van hul bewuswording teweeg te bring. Dit het daartoe gelei dat deelnemers hul verdraaide aannames wat eers as vanselfsprekend beskou is, geïdentifiseer en bevraagteken het. Bevraagtekening is aangemoedig en deelnemers is aan alternatiewe opsies blootgestel sodat wysiging van betekenisskemas kon plaasvind ten einde transformasie te bewerkstellig deur die wysiging van betekenispektiewe. Die rasionaal vir die gebruik van aksienavorsing as navorsingsmetode was om die program voortdurend aan te pas volgens die nuut geïdentifiseerde behoeftes van die deelnemers.

Die doel van die bespreking van kwalitatiewe data was om die volgende aan te dui: op watter wyses verdraaide betekenisskemas ontdek is, hoe dit deur die program aangespreek en gewysig is. Hiermee saam is ook ander positiewe uitkomstes bewerkstellig, soos dat deelnemers tot onafhanklikheid in besluitneming gelei is, meer selfvertroue ten opsigte van die bydrae van hul eie kennis en vaardighede verkry het en dat hul ook bewus geword het van die waarde van die deel van eie ervarings.

## **4.3 Bespreking van kwantitatiewe data**

Kwantitatiewe data is verkry uit inligting wat deur die bemagtiging- en kennisvraelyste ingewin is. Die doel van die kwantitatiewe data was om 'n vergelyking tussen die emansipasie en tegniese groepe te tref ten opsigte van verhoging van hul bemagtigings- en kennisvlakke (subdoelwit 1.3.1.5).

### **4.3.1 Bespreking van deelnemers se bemagtigingstatus**

'n Gestandaardiseerde bemagtigingsvraelys (Albertyn, 2000) wat deelnemers se bemagtigingsvlak op die Mikro-, Interpersoonlike- en Makro-vlak meet, is gebruik om deelnemers se bemagtigingstatus te bepaal. Deelnemers se bemagtigingstatus is voor die programaanbieding (pre-toets) bepaal asook direk (post-toets) en twee maande (post-post-toets) daarna. Die volgende aspekte word bespreek:

- Die bemagtigingstatus van die deelnemers ten opsigte van elke toets
- Die verandering van bemagtigingstatus met verloop van tyd
- Die verskil in bemagtigingsvlak tussen die twee groepe

#### **4.3.1.1 Bemagtigingstatus van die deelnemers ten opsigte van elke toets**

Die bemagtigingstatus word bespreek in terme van die gemiddelde persentasie wat die groepe by al drie die toetse (die pre-, post- en post-post-toetse) van elke vlak (die Mikro-, Interpersoonlike en Makro-vlakke) gekry het. Sien bylae 7 vir die individuele totale.

Daar word eerstens 'n ontleding gedoen van elke toetstydperk, naamlik die pre-, post- en post-post-toetse en die eienskappe van die groepe by elke tydperk. Tweedens is gekyk word na hoe die groepe met verloop van tyd verander het.

Die bemagtigingsvlak word in terme van persentasie uitgedruk. Hierdie persentasie is nie 'n aanduiding van hoe hoog of laag deelnemers se bemagtigingsstatus is nie. Dit is eerder 'n statistiese wyse om vergelykings te tref.

Tabel 10: Bemagtigingstatus van die emansipasie groep (n=8)

	Pre-toets			Post-toets			Post-post-toets		
	Gemiddelde %	Standaard afwyking	T - waarde	Gemiddelde %	Standaard afwyking	T - waarde	Gemiddelde %	Standaard afwyking	T - waarde
<b>Mikro-vlak</b>	71,31	10,84	18,59	78,22	11,28	19,61	83,14	13,23	17,78
<b>Interpersoonlike vlak</b>	65,00	13,89	13,24	74,18	17,37	12,08	77,92	12,56	17,55
<b>Makro-vlak</b>	62,02	13,23	13,26	73,90	8,84	23,62	72,60	10,87	18,90
<b>Berekende gemiddelde van die drie vlakke</b>	67,78	10,30	18,61	76,28	10,99	19,63	79,16	10,98	20,51

Tabel 11: Bemagtigingstatus van die tegniese groep (n=8)

	Pre-toets			Post-toets			Post-post-toets		
	Gemiddelde %	Standaard afwyking	T - waarde	Gemiddelde %	Standaard afwyking	T - waarde	Gemiddelde %	Standaard afwyking	T - waarde
<b>Mikro-vlak</b>	76,23	8,68	24,83	76,42	7,50	7,50	77,56	6,19	35,42
<b>Interpersoonlike vlak</b>	69,58	8,17	22,58	74,58	8,58	24,59	81,43	8,43	27,35
<b>Makro-vlak</b>	71,15	10,18	19,77	74,28	14,42	14,56	71,15	10,88	18,50
<b>Berekende gemiddelde van die drie vlakke</b>	73,51	6,19	33,58	75,51	6,58	32,44	77,51	4,00	54,53

Die gemiddelde tellings van die **pre-toetse** strek tussen 62,02% en 76,23%. Die laagste telling is deur emansipasie groep verkry op die Makro-vlak (sien Tabel 10) en die hoogste telling deur

die tegniese groep op die Mikro-vlak (sien Tabel 11). Die lae Makro-vlak van die emansipasie groep by die pre-toets word ook gereflekteer in die volgende stellings van sessies 2 en 3 (sien Bylae 4.2 en 4.3):

*“Voel jy dat jy meer betrek sou wou word met die behuisingsproses (Navorsers)? Ja (Groepsantwoord) Kon julle iets daaraan gedoen het om meer betrek te word (Navorsers)? Nee, ons kom nie so baie bymekaar nie, die mense aan die spits van sake kon iets daaraan gedoen het om ons te betrek (Respondent M).” (Sessie 2)*

*“Het julle enige vrese om julle sê te sê (Navorsers)? Nie om te stem nie, maar om ons sê in die publiek uit te lig. Ons mans hou nie so baie daarvan nie (Respondent B).” (Sessie 3)*

Hierdie stellings wys daarop dat deelnemers van die emansipasie groep deur ander beheer word waarvolgens hul besluite neem en is dus nie assertief (selfgeldend) nie.

By die pre-toets, dus voor hul blootgestel is aan die behuisingsgeletterdheidsprogram, was die deelnemers (van beide groepe) die meeste bemagtig op die Mikro-vlak (73,77%) en daarna die Interpersoonlike vlak (67,25%) gevolg deur die Makro-vlak (66,6%). Voordat die program aangebied is, was die individue se grootste behoefte aan bemagtiging dus op die Makro-vlak. Die deelnemers was dus die minste daarvan bewus om self in aksie oor te gaan om veranderinge teweeg te bring (sien Bylae 7).

Die tegniese groep was meer as die emansipasie groep by die pre-toets bemagtig deurdat hul gemiddeld by die totale vlak 73,51% was teenoor die emansipasie groep wie se gemiddelde 67,78% was. Die tegniese groep was dus 5,73% meer as die emansipasie groep op die totale vlak bemagtig. Die tegniese groep was ook op elk van die ander vlakke meer bemagtig as die emansipasie groep deurdat hul 4,92% op die Mikro-vlak, 4,58% op die Interpersoonlike vlak en 9,31% op die Makro-vlak meer as die emansipasie groep bemagtig was voordat die program aangebied is (sien Tabel 10 en 11). Die feit dat die tegniese groep 'n hoër opvoedingsvlak as die tegniese groep het, kan moontlik 'n verklaring wees vir hul hoër bemagtigingsvlak.

Die gemiddelde tellings op die verskillende vlakke van die **post-toets** (direk na die programaanbieding) by albei groepe saam wissel tussen 73,90% en 78,22% (sien Tabel 10 en 11). Die hoogste gemiddelde telling by die post-toets is deur die emansipasie groep op die Mikro-vlak verkry en die laagste gemiddelde telling ook deur die emansipasie groep op Makro-vlak as op die Mikro-vlak. By albei groepe saam is bemagtiging op die Mikro-vlak die hoogste (77,31%) en gesamentelik op die Makro-vlak (74,09%) die laagste. Deelnemers was dus na die aanbieding van die program minder bemagtig op die Interpersoonlike en Makro-vlak. By die post-toets was daar 'n kleiner verskil tussen die verskillende vlakke as by die pre-toets. Die

behuisingsgeletterdheidsprogram het alle deelnemers op al die vlakke bemagtig en het ook 'n groter eenheid tussen die vlakke gekom. Die hoër Mikro-vlak by die emansipasie groep kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hul in deelnemende omstandighede geleer het waar elkeen se bydrae as belangrik gesien is en hul aangemoedig is om deel te neem. Dit het moontlik daartoe bygedra dat deelnemers se gevoel oor hulself verander het.

Die totale bemagtigingsvlak van die post-toets was hoër by die emansipasie groep as by die tegniese groep (sien Tabel 10 en 11). Die emansipasie groep het hoër gemiddelde tellings as die tegniese groep op die Mikro-vlak gekry (1,8%) terwyl die tegniese groep die hoogste telling op die Interpersoonlike vlak (0,4%) en Makro-vlak gekry het (0,38%). Waar die tegniese groep op al die vlakke 'n hoër bemagtigingsvlak as die emansipasie groep voor die programaanbieding gehad het, het hul direk na die program net by die interpersoonlike en makro-vlak 'n laer bemagtigingsvlak gehad. Die feit dat die emansipasie groep direk na program aangebied is die hoogste totale bemagtigingsvlak gehad het, wys daarop dat die emansipasie onderrigmetode meer bygedra het tot die fasilitering van bemagtiging. Dit kan daaraan toegeskryf word dat deelnemers van die emansipasie groep deurentyd aangemoedig is om 'n probleemoplossingsbenadering saam met besinning, kritiese denke en dialoogvoering toe te pas.

Die verspreiding van die gemiddelde tellings op die verskillende vlakke van toetse van albei groepe saam by die **post-post-toets** strek van 71,15% tot 83,14%. Die hoogste gemiddelde telling is deur die emansipasie groep op die Mikro-vlak gekry en die laagste gemiddelde telling deur die tegniese groep op die Makro-vlak. Die teenoorgestelde hiervan het by die pre-toets voorgekom deurdat die tegniese groep toe die hoogste gemiddelde telling op die Mikro-vlak gekry het en die emansipasie groep die laagste gemiddeld op die Makro-vlak. Dit wys daarop dat die aanbieding van die program 'n groter effek op die emansipasie groep as die tegniese groep gehad het. Cranton (1994) stel dat die toepas van kritiese denke en besinning daartoe lei dat aannames wat voorheen as vanselfsprekend gesien is, bevraagteken en gewysig word, wat dus verklaar waarom die emansipasie groep 'n *hoër mikro-vlak* telling twee maande na die programaanbieding het en nie meer die *laagste makro-vlak* telling nie.

Albei groepe se gemiddelde telling was die hoogste op die Mikro-vlak (80,35%), tweede hoogste op die Interpersoonlike vlak (79,68%) en die laagste op die Makro-vlak (71,88%). Twee maande na die program aanbieding, was die deelnemers se bemagtigingsvlakke die laagste by die Makro-vlak. By al drie die toetse was die deelnemers se bemagtigingsvlakke dus die laagste op die Makro-vlak. By al drie die toetse was die deelnemers dus die meeste



onbemagtig by die Makro-vlak. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die program oor 'n kort periode (sewe weke) verloop het en deelnemers nie genoeg daaraan blootgestel was om self tot aksie oor te gaan en assertief (selfgeldend) te wees nie.

Die emansipasie groep was na twee maande meer as die tegniese groep op die totale bemagtigingsvlak bemagtig deurdat die emansipasie groep se totale gemiddelde telling 2% hoër was. Die emansipasie groep se gemiddelde telling was by die Mikro- (5,58%) en Makro-vlak (1,45%) hoër as die tegniese groep s'n, terwyl die tegniese groep se gemiddelde telling op die Interpersoonlike vlak (3,51%) die hoogste was.

#### 4.3.1.2 Verandering van bemagtigingstatus met verloop van tyd

Bestudering van verandering wat met die verloop van tyd plaasgevind het het getoon dat albei groepe se gemiddelde telling van die **Mikro-vlak** van die pre-toets na die post-post-toets verhoog het (sien Tabel 10 en 11). Die twee groepe saam se gemiddelde telling het met 6,58% verhoog deurdat die tegniese groep se gemiddelde telling met 1,33% verhoog het en die emansipasie groep s'n met 11,83%. Die emansipasie groep se gemiddelde telling het van die pre-toets na die post-toets met 6,91% toegeneem en van die post-toets na die post-post-toets met 4,92%. Hierteenoor het die tegniese groep se gemiddelde telling van die pre-toets na die post-toets slegs met 0,19% toegeneem en van die post-toets na die post-post-toets met 1,14%.

Die emansipasie groep se gemiddelde telling op die Mikro-vlak het dus meer as die tegniese groep s'n toegeneem en wys daarop dat daar by hulle 'n groter verandering voorgekom het ten opsigte van hoe hul hulself sien. Hierdie verandering van deelnemers se siening oor hulself het reeds teen die einde van die kursus voorgekom, soos wat deur die volgende stelling van onderskeidelik sessie 5 en sessie 7 (sien Bylae 4.5 en 4.7) gereflekteer word:

*“Deur hierdie kursus glo ek baie meer in my eie vermoë om iets aan te pak soos om my eie werk te begin ek het baie meer moed, dit voel nie meer vir my asof ek dit nooit gaan regkry nie (Respondent M).” (Sessie 5)*

*“Dit voel regtig of ek verander het vandat ons die program het en ek skel nie meer so erg nie, ek is meer rustig en kyk anderste na die lewe (Respondent G). Ek kan sien jy het verander (Respondent B).” (Sessie 7)*

Hierdie verandering kan daaraan toegeskryf word dat deelnemers van die emansipasie groep in samewerkende omstandighede kennis en vaardighede aangeleer het. Inligting is dus nie net aan die deelnemers meegedeel nie, maar 'n probleemoplossingsbenadering, soos voorgestel deur (Freire, 1970), is gebruik waar deelnemers aangemoedig is om besinning van die self te doen en verdraaide betekenis-skemas te bevraagteken. Mezirow (1997: 8) stel dat individue met die bevraagtekening van verdraaide betekenis-skemas van beperkings bewus word waarvan hul

voorheen onbewus was en dat hul daaraan blootgestel word om oplossings te vind om van die beperkings bevry te word.

Albei groepe se gemiddelde telling het op die **Interpersoonlike vlak** van die pre- na die post-post-toets verhoog en albei groepe saam se gemiddelde telling het met 12,39% gestyg (sien Tabel 10 en 11). Die tegniese groep se gemiddelde telling het met 11,85% gestyg en die emansipasie groep s'n met 12,92%.

Die emansipasie groep se gemiddelde telling het van die pre-toets na die post-toets met 9,18% gestyg en die tegniese groep s'n met 5%. Die emansipasie groep was dus net na die programaanbieding meer bemagtig (40%) as die tegniese groep op die Interpersoonlike vlak. Dit kan eerstens daaraan toegeskryf word dat deelnemers op 'n deelnemende wyse nuwe kennis en vaardighede aangeleer het wat hul in hul gesin en gemeenskap kon toepas. Tweedens is hul in die groepsituasie aan die oplossing van probleme blootgestel en het dus onder die indruk gekom van die waarde om inter-aktief met ander te wees.

Die tegniese groep se gemiddelde telling het vanaf die post-toets het meer gestyg na die post-post-toets as by die emansipasie groep deurdat dit met 6,85% gestyg het teenoor die emansipasie groep se styging van 3,74%. Die verskil tussen die twee groepe op die Interpersoonlike vlak kan daaraan toegeskryf word dat al die deelnemers van die tegniese groep mekaar reeds geken het met die aanvang van die program deurdat die area waar die staatsgesubsidieerde huise geleë is op so 'n wyse gebou is dat al die inwoners gedurig in kontak met mekaar is. Dit kan dus wees dat deelnemers weer opnuut bewus geword het van mekaar en hul belangstelling in mekaar verhoog het. McGrath en Altman (1966) stel dat groepshegtheid vinniger gevorm word waar deelnemers mekaar reeds ken en dat dit tot die vorm van 'n nuwe groepsband tussen die persone lei. Volgens Knowles (1980) beleef deelnemers wat daaraan blootgestel word om vaardighede en kennis in 'n groepsituasie aan te leer 'n oplewing na die program, wat na 'n ruk weer afneem.

Op die **Makro-vlak** het albei groepe se bemagtigingstatus van die pre-toets na die post-toets verhoog en weer verlaag na die post-post-toets (sien Tabel 10 en 11). Die emansipasie groep het met 'n gemiddelde telling van 11,88% van die pre-toets na die post-toets gestyg en na die post-post-toets gedaal met telling van 11,88% van die pre-toets na die post-toets gestyg en na die post-toets gedaal met 1,3% terwyl die tegniese groep met 3,13% van die pre-toets gestyg het en weer met 3,13% gedaal het na die post-post-toets. Die tegniese groep was dus op Makro-vlak in dieselfde mate bemagtig voor die program as twee maande nadat die program aangebied is. Die feit dat albei groepe se bemagtigingsvlak verhoog het en toe weer verlaag het, kan

daaraan toegeskryf word dat die deelnemers in die groepsituasie meer assertief en gereed gevoel het om in aksie oor te gaan, wat weer na twee maande nadat die program aangebied is, verander het. Dit sluit ook aan by Knowles (1980) se siening dat individue wat in 'n groep aan leersituasies blootgestel word direk na die program oplewing beleef, wat weer na 'n tydperk afneem.

Die **totale bemagtigingsvlak** het by albei groepe van die pre-toets na die post-post-toets toegeneem deurdat hul gemiddelde telling saam met 7,51% toegeneem het (sien Tabel 10 en 11). Die emansipasie groep se gemiddelde telling het met 11,38% toegeneem en die tegniese groep s'n met 3,64%. Die emansipasie groep se totale bemagtigingsvlak het van die pre-toets na die post-toets met 8,5% toegeneem en van die post-toets na die post-post-toets met 2,88%. Hierteenoor het die tegniese groep se totale bemagtigingsvlak van die pre-toets na die post-toets met 2% toegeneem en van die post-toets na die post-post-toets met 1,64%.

Die emansipasie groep se totale bemagtigingsvlak het dus op alle vlakke meer toegeneem as die tegniese groep. Hierdie verskil in totale bemagtigingsvlak kan daaraan toegeskryf word dat die emansipasie groep daaraan blootgestel is om krities te dink en selfbesinnend te wees teenoor die tegniese groep wat nie doelbewus hieraan blootgestel is nie. Mezirow (1997: 8) stel dat die aanmoediging van deelnemers om hul verdraaide betekenisstrukture te ondersoek en te wysig tot die wysiging van betekenisstrukture lei, wat uiteindelik die transformasie van betekenisperspektiewe meebring.

#### **4.3.1.3 Bemagtigingsvlak verskille tussen die twee groepe**


In hierdie afdeling sal aangedui word hoe die verhoging van bemagtiging by die twee groepe verskil het. Dit sal gedoen word deur te kyk of daar 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en die post-toets, die pre- en die post-post-toets en tussen die post- en die post-post-toets van al drie vlakke en die totale bemagtigingsvlak voorgekom het. Die twee groepe sal met mekaar in terme van hierdie verskille vergelyk word. 'n Bespreking sal gedoen word in die volgorde van Mikro-, Interpersoonlike-, Makro-vlak en die totaal die van pre-, post-, en post-post-toetse van al die drie vlakke.

Tabel 12: Mikro-vlak verskille tussen die emansipasie en tegniese groep

(n)	Mikro-vlak		
	Pre vs Post	Pre vs Post-Post	Post vs Post-Post
Emansipasie groep (8)	* Post hoër p=0,03	** Post-Post hoër p=0,01	* Post-Post hoër p=0,02
Tegniese groep (8)	GV p=0,94	GV p=0,61	GV p=0,54

GV: Geen verskil Betekenisvolle verskil: \*\* =p<0,01 \* =p<0,05

Daar was op die **Mikro-vlak** (sien Tabel 12) by die emansipasie groep tussen al die toetse (pre- en post-toets, pre- en post-post-toets en tussen die post- en post-post-toets) 'n betekenisvolle verskil. Die grootste betekenisvolle verskil was tussen die pre- en post-post-toets (p<0,01). Hierteenoor was daar by die tegniese groep nie tussen een van die toetse 'n betekenisvolle verskil nie.



Figuur 5: Die verskil in bemagtiging tussen die twee groepe by die Mikro-vlak (n = 16)

Die verskil tussen die twee groepe op Mikro-vlak kan daaraan toegeskryf word dat die emansipasie groep vaardighede en kennis in deelnemende omstandighede aangeleer het en die tegniese groep nie doelbewus aangemoedig is om deel te neem nie. Die emansipasie groep is blootgestel aan 'n probleemoplossingsbenadering waar deelnemers deurentyd oplossings moes vind vir vrae aan hulle gestel deur dialoogvoering, kritiese denke en kritiese besinning teenoor

die tegniese groep aan wie inligting slegs meegedeel is. Deelnemers van die emansipasie groep se bydraes en opinies is dus geag en hulle is aangemoedig om self oplossings te vind, wat bygedra het tot verandering in hul siening van hulself.

Hierdie verskil tussen die groepe kan dus aan die toepassing van die verskillende onderrigmetodes toegeskryf word. Hughes (1998: 140) stel dat deelnemers deur die gebruik van die tegniese metode nie kritiese bewuswording ontwikkel nie, aangesien die opvoeders, soos deur Freire (1970: 61) gestel, net 'n "produk" aan deelnemers oordra en nie poog om hul aan te moedig om self inligting in te win nie. Daarenteen is deelnemers wat aan emansipasie onderrig blootgestel word nie net onderdanige luisteraars nie, maar is eerder in kritiese samespreking met die opvoeder verwickel (Freire, 1970: 61; Mezirow, 1997: 10). Dit lei daartoe dat hul daaraan blootgestel word om nie net beperkinge wat hul daarvan weerhou om in die self te glo en ook beheer oor hul eie lewens te aanvaar nie, maar dit eerder te bevraagteken en te wysig (Cranton, 1996: 28). Die kursus het moontlik vir hulle vertroue in hulself gegee en hulle meer in beheer van hulself laat voel.

Die feit dat die grootste betekenisvolle verskil by die emansipasie groep tussen die pre- en die post-post-toets voorgekom het, wys daarop dat daar deurentyd 'n styging van hul bemagtigingsvlak was. Die deurentydse styging (van voor die programaanbieding tot twee maande daarna ) was groter as die styging van voor die programaanbieding tot direk na die programaanbieding, asook van direk na die program tot twee maande daarna. Dit dui nog meer op die doeltreffendheid van die emansipasie onderrigmetode om transformasie op die Mikrovlak teweeg te bring en dat hul deur die program toegerus is om aan te hou groei.


Tabel 13: Interpersoonlike vlak verskille tussen die emansipasie en tegniese groep

	Interpersoonlike vlak			
	(n)	Pre vs Post	Pre vs Post-Post	Post vs Post-Post
Emansipasie groep	(8)	* Post hoër p=0,03	** Post-Post hoër p=0,01	GV Post-post hoër p=0,16
Tegniese groep	(8)	GV Post hoër p=0,24	** Post-Post hoër p=0,01	GV Post-Post hoër p=0,06

GV: Geen verskil Betekenisvolle verskil: \*\* =p<0,01 \* =p<0,05

By die **Interpersoonlike vlak** (sien Tabel 13) was daar by die emansipasie groep 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en die post-toets, asook tussen die pre- en post-post-toets,

maar nie tussen die post-toets en die post-post-toets nie. Hierteenoor was daar nie by die tegniese groep 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en post-toets nie en ook nie tussen die post- en post-post-toets nie, maar wel tussen die pre- en post-post-toets.



Figuur 6: Verskil tussen die twee groepe op Interpersoonlike vlak (n=16)

Die Interpersoonlike vlak van bemagtiging verwys na deelnemers se interaksie met ander gesinslede en gemeenskapslede om verandering teweeg te bring deur saam tot aksie oor te gaan. By die emansipasie groep het daar 'n beduidende verskil voorgekom van voor die program tot direk na die program, maar nie by die tegniese groep nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die emansipasie groep in die program blootgestel is aan die identifisering van probleme, die vind van oplossings en die beplanning van verdere aksie in samewerkende omstandighede. Dialoogvoering, wat een van die metodes is om transformasie teweeg te bring (Freire, 1970: 69), word met die aanbod van emansipasie opvoeding gefasiliteer (Mezirow, 1994: 225) en lei volgens Brookfield (1986: 10) tot 'n proses waar deelnemers in voordurende proses van aktiwiteit en besinning oor aktiwiteit saam met ander deelnemers betrokke is. Deelnemers het dus toenemend bewus geword van die waarde om in interaksie met ander te wees om aksie te beplan. Dit het ook in die volgende stellings van sessie 6 en 7 (sien Bylae 4.6 en 4.7) na vore gekom dat deelnemers die waarde van oplossings soek in samewerkende omstandighede besef het:

*“Wil jul deel (Navorsers)? Ja, ons moet so 'n bietjie deel (Respondent B). Nou toe, Respondent B sê joune (Respondent E). Nee, jy kan sê, dan leer ek 'n bietjie jou (Respondent B).” (Sessie 6)*

*“Sal julle aangaan met die groep as ek nie meer hier is nie (Navorsers)? Ja ons kom klaar die eerste Donderdag in Mei by Respondent K se huis by mekaar (Respondent B). Ons gaan eers 'n vergadering hou waar ons 'n program gaan opstel oor wat ons gaan doen (Respondent M). Ons gaan dan 'n bietjie praat oor ons probleme, maar ons gaan ook begin om saam werk*

*te skep sodat ons die kan help wat glad nie 'n inkomste het nie (Respondent B).” (Sessie 7)*

Daar het egter nie by die emansipasie groep of die tegniese groep tussen direk na die program en twee maande daarna 'n beduidende verskil voorgekom nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat deelnemers vir sewe weke tydens die aanbied van die program in interaksie met mekaar was en toe vir twee maande nie. Dit sluit aan by Knowles (1980) se siening dat daar direk na die aanbieding van die program oplewing voorkom, maar dat dit later vervaag. In die twee maande na die programaanbieding het die emansipasie groep se voorneme om nog steeds weekliks bymekaar te kom nie gerealiseer nie. Die meeste van die deelnemers het hul teleurstelling tydens die invul van die post-post vraelyste hieroor uitgespreek en nog steeds planne gemaak om weekliks bymekaar te kom.

Daar was by albei groepe 'n beduidende verandering op Interpersoonlike vlak van voor die program tot twee maande na die program. Alhoewel daar dus nie 'n verhoging van direk na die program tot twee maande na die program was nie, was daar 'n deurlopende verandering. Hierdie deurlopende verandering kan toegeskryf word aan die feit dat deelnemers van albei groepe aan 'n groepsituasie blootgestel is waar kennis en vaardighede aan hulle geleer is. Deelnemers het hierdeur die waarde daarvan besef om in 'n groepsituasie te leer. Die tegniese groep se voortdurende styging van bemagtiging op Interpersoonlike vlak word eerder toegeskryf aan die feit die deelnemers mekaar almal voor die tyd geken het en hul naby aan mekaar bly. Die emansipasie groep, van wie die deelnemers mekaar nie almal voor die tyd geken het nie en ver van mekaar af bly, se voortdurende styging kan eerder toegeskryf aan die feit dat hul in deelnemende omstandighede probleme opgelos het en aksie beplan het (Cranton, 1994). Dit is dus moontlik dat die emansipasie groep se verandering aan die programaanbieding toegeskryf kan word, maar nie die tegniese groep s'n nie.


Tabel 14: Makro-vlak verskille tussen die emansipasie en tegniese groep

(n)	Makro-vlak		
	Pre vs Post	Pre vs Post-Post	Post vs Post-Post
Emansipasie groep (8)	* Post hoër 0,03	GV Post-post hoër 0,08	GV Post hoër 0,67
Tegniese groep (8)	GV Post hoër 0,53	GV Dieselfde 1,00	GV Post hoër 0,38

GV: Geen verskil Betekenisvolle verskil: \*\*= $p < 0,01$  \*= $p < 0,05$



By die **Makro-vlak** (sien Tabel 14) was daar by die emansipasie groep net 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en post-toets. Daar was by die tegniese groep geen betekenisvolle verskille tussen enige van die toetse nie.



Figuur 7: Verskil tussen die twee groepe op die Makro-vlak (n = 16)

Die feit dat daar nie tussen een van die toetse 'n betekenisvolle verskil by die tegniese groep was nie, wys dat die aanbieding van die program nie tot die verhoging van assertiwiteit (selfgeldenheid) gelei het nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die deelnemers nie aangemoedig is om krities besinnend te wees en daardeur sosiale veranderinge teweeg te bring nie. Die emansipasie groep daarenteen, wie se bemagtiging op Makro-vlak van voor die program tot direk na die program betekenisvol toeneem het, is deur die program daaraan blootgestel om probleme deur kritiese denke en selfbesinning op te los deurdat hul aan praktiese tegnieke soos rolspel en analise van kritiese gebeurtenisse blootgestel is. Stromquist (1988) stel dat bemagtiging 'n sosio-politieke konsep is wat verder as deelname en verhoging van bewuswording strek. Deurdat die tegniese groep nie blootgestel is aan deelnemende omstandighede en metodes waardeur hul bewuswording verhoog en kritiese besinning teweeggebring word nie, verklaar waarom hul Makro-vlak nie betekenisvol toeneem het nie, teenoor die emansipasie groep s'n wat wel toeneem het. Aangesien hierdie netwerk verval het nadat die program aangebied is, het deelnemers se bemagtiging op Makro-vlak ook na twee maande effens afgeneem wat ook daaraan toegeskryf kan word dat deelnemers direk na die program 'n oplewing beleef wat daarna afneem (Knowles, 1980).


Daar was by die **totale bemagtigingsvlak** van die emansipasie groep (sien Tabel 15) 'n betekenisvolle verskil tussen al die toetse.

Tabel 15: Totale bemagtigingsvlak verskille tussen die emansipasie en tegniese groep

(n)	Totaal		
	Pre vs Post	Pre vs Post-Post	Post vs Post-Post
Emansipasie groep (8)	** Post hoër 0,01	** Post-Post hoër 0,01	* Post-Post hoër 0,03
Tegniese groep (8)	GV Post hoër 0,36	* Post-Post hoër 0,04	GV Post-post hoër 0,35

GV: Geen verskil Betekenisvolle verskil: \*\* = $p < 0,01$  \* = $p < 0,05$

Die grootste betekenisvolle verskil was tussen die pre- en die post-toets en tussen die pre- en post-post-toets. Hierteenoor was daar slegs 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en die post-post-toets by die tegniese groep.



**Figuur 8: Verskil tussen die twee groepe by die totale bemagtigingsvlak (n = 16)**

As daar dus na die twee groepe se totale bemagtigingstatus gekyk word (sien Figuur 8), is dit duidelik dat die emansipasie groep meer as die tegniese groep deur die programaanbiedingsmetode bemagtig is. Scott (1997: 41) stel dat transformasie slegs kan plaasvind as deelnemers aangemoedig word om hul verdraaide betekenisstrukture te bevraagteken en hul aan nuwe keuses blootgestel word. Cranton (1996: 28) stel ook dat

transformatiewe leer bemagtiging meebring soos wat individue aan alternatiewe wyses en opsies blootgestel word.

Deelnemers in die emansipasie groep is dus daaraan blootgestel om verdraaide aannames wat hul aanvanklik as vanselfsprekend gesien het uit te daag, terwyl die tegniese groep nie doelbewus aangemoedig is om dit te doen nie, wat die verskil tussen die twee groepe se bemagtigingsvlak verklaar.

**Om op te som:** Deurdat die deelnemers van die twee groepe aan verskillende onderrigmetodes blootgestel is, het dit daartoe gelei dat hul in verskillende mates bemagtig is. Die emansipasie groep, wat volgens die emansipasie onderrigmetode onderrig is, se totale bemagtigingsvlak was twee maande na die programaanbieding hoër as die tegniese groep s'n, ten spyte daarvan dat hul bemagtigingsvlak aanvanklik laer as die tegniese groep s'n was.

Dit dui dus daarop dat die emansipasie onderrigmetode meer effektief as die tegniese metode is om bemagtiging teweeg te bring.

### **4.3.2 Bespreking van deelnemers se kennisvlak**

Die doel van die kennistoets was om deelnemers se kennisvlak voor die programaanbieding, direk daarna en twee maande daarna te bepaal. Deelnemers se kennis is deur 'n kennisvraelys getoets wat betrekking het op die inligting wat in die behuisingsgeletterdheidsprogram weergegee is. Die behuisingsgeletterdheidsprogram bestaan uit dertien hooftemas en daar word met die kennisvraelys een konsep per hoofteema getoets sodat die vraelys uit dertien vrae bestaan (sien Bylae 6.3).

Die volgende aspekte sal bespreek word:

- Kennisvlak van deelnemers ten op sigte van elke toets
- Kennisvlak verskille tussen die twee groepe

#### **4.3.2.1 Kennisvlak van deelnemers ten op sigte van elke toets**

Die kennisvlak word bespreek in terme van die gemiddelde persentasie wat die groepe by al drie toetse (die pre-, post- en, post-post-toetse) gekry het (subdoelwit 1.3.1.5). Daar sal eerstens na elk van die verskillende toetstydperke gekyk word, naamlik die pre-, post-en post-post-toetse en die eienskappe van die groepe by elke tydperk. Tweedens sal gekyk word na hoe die groepe se kennisvlak met verloop van tyd verander het.

Tabel 16: Kennisvlak van die emansipasie en tegniese groep by verskillende toetse

(n)	Pre-toets %		Post-toets %		Post-post-toets %	
	Gemiddelde (%)	Standaard afwyking	Gemiddelde (%)	Standaard afwyking	Gemiddelde (%)	Standaard afwyking
<b>Emansipasie(8)</b>	43,13	13,06	78,00	8,50	75,25	7,65
<b>Tegniese (8)</b>	49,25	14,49	72,13	7,74	60,25	12,78

Die emansipasie groep het 'n gemiddelde van 43,13% gekry het en die tegniese groep 'n gemiddelde van 49,25% (sien Tabel 16). Die emansipasie groep se kennisvlak was dus 6,12% laer as die tegniese groep s'n voordat die program aangebied is. Die feit dat die emansipasie groep se kennis laer as die tegniese groep s'n was, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat hul 'n laer opvoedingsvlak as die tegniese groep het.

By die **post-toets** het die twee groepe saam 'n gemiddelde van 75,07% gekry. Die emansipasie groep (78%) het 'n hoër gemiddelde as die tegniese groep (72,13%) direk nadat die program aangebied is gekry, aangesien daar 'n verskil van 5,87% tussen hulle was. Die emansipasie groep se kennisvlak het dus meer verhoog as die tegniese groep s'n. Dit dui daarop dat die emansipasie metode meer effektief is om deelnemers se kennisvlak van voor 'n program tot direk na 'n program te verhoog deurdat dit deelnemers blootstel om deur kritiese denke oplossings te vind.

Die gemiddelde van albei groepe saam by die **post-post-toets** was 67,75% deurdat die emansipasie groep se gemiddelde 75,25% was en die tegniese groep s'n 60,25%. Daar was 'n verskil van 15% tussen die twee groepe twee maande nadat die program aangebied is. Die emansipasie metode is dus nie net meer effektief as die tegniese metode om tot die verhoging van kennis direk na program te lei nie, maar ook om tot langtermyn kennisverhoging te lei.

Die **emansipasie groep** se kennisvlak het van die pre- toets na die post-toets met 34,87% toegeneem. Van die post-toets na die post-post-toets het dit afgeneem met 2,75%. Daarenteen het die **tegniese groep** se kennisvlak met 22,88% toegeneem van voor die program tot twee weke na die program en weer na twee maande afgeneem met 11,88%. Die emansipasie groep, wat voor die program 'n laer kennisvlak as die tegniese groep gehad het, se kennisvlak het dus baie meer toegeneem as die tegniese groep s'n en baie minder afgeneem. Volgens Freire (1970) moet opvoeders nie net kennis oordra aan onderdrukte volgens 'n leerplan wat hulself (die opvoeder) volgens hul eie perspektiewe opgestel het sonder om die leerders in ag te neem

nie. Hierdie wyse is gevolg met die aanbod van die tegniese metode. Hy stel dat kennis eerder oorgedra moet word deur 'n proses waar kritiese denke, dialoogvoering en probleemoplossing gefasiliteer word, soos wat gedoen is by die emansipasie metode. Hierdie stelling van Freire (1970) wys dus daarop dat die emansipasie metode 'n beter wyse is om die verhoging van kennis te fasiliteer as die tegniese metode.

#### 4.3.2.2 Kennisvlak verskille tussen die twee groepe

In hierdie afdeling sal daar gekyk word na die verskil tussen die toetse van die tegniese groep en die emansipasie groep. Dit sal gedoen word deur 'n beskouing te doen van die betekenisvolle verskil in kennisvlak tussen die pre- en post-toets, die pre- en post-post en tussen die post- en post-post-toets by albei groepe.


Tabel 17: Verskil tussen die toetse van die kennisvraelys

	n	Pre vs Post	Pre vs Post-post	Post vs Post-post
<b>Emansipasie</b>	<b>(8)</b>	** 0,01 Post hoër	** 0,01 Post-post hoër	GV 0,06 Post hoër
<b>Tegniese</b>	<b>(8)</b>	* 0,05 Post hoër	GV 0,09 Post-post hoër	* 0,05 Post hoër

GV: Geen verskil Betekenisvolle verskil: \*\*= $p < 0,01$  \*= $p < 0,05$

Daar was by die **emansipasie groep** 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en post-toets en tussen die pre- en post-post-toetse. Daar was dus 'n betekenisvolle toename in kennis van voor die program tot direk na die program en ook van voor die program tot twee maande na die program. Dit dui op dié effektiwiteit van die aanbiedingsmetode deurdat deelnemers se kennis na twee maande nog steeds 'n betekenisvolle verandering in vergelyk met voor die toets getoon het; dus retensie van kennis. Daar was nie 'n betekenisvolle verskil tussen die post- en post-post-toets nie wat daarop dui dat daar nie 'n betekenisvolle afname was nie (sien Tabel 17).

Daarenteen was daar by die **tegniese groep** 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en post-toets en tussen die post- en post-post-toets. Die tegniese groep se kennisvlak het dus net na die program beduidend toegeneem en weer na twee maande beduidend gedaal. Die kursus het dus bygedra tot hul kennisverhoging direk na die program, maar die metode was minder effektief wat langtermyn retensie van kennis betref (sien Tabel 17).



Figuur 9: Verskil in kennisvlak tussen die emansipasie en tegniese groep (n = 16)

Daar was by die **emansipasie groep** 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en post-toets en tussen die pre- en post-post-toetse. Daar was dus 'n betekenisvolle toename in kennis van voor die program tot direk na die program en ook van voor die program tot twee maande na die program. Dit dui op dié effektiwiteit van die aanbiedingsmetode deurdat deelnemers se kennis na twee maande nog steeds 'n betekenisvolle verandering in vergelyk met voor die toets getoon het; dus retensie van kennis. Daar was nie 'n betekenisvolle verskil tussen die post- en post-post-toets nie wat daarop dui dat daar nie 'n betekenisvolle afname was nie.

Daarenteen was daar by die **tegniese groep** 'n betekenisvolle verskil tussen die pre- en post-toets en tussen die post- en post-post-toets. Die tegniese groep se kennisvlak het dus net na die program beduidend toegeneem en weer na twee maande beduidend gedaal. Die kursus het dus bygedra tot hul kennisverhoging direk na die program, maar die metode was minder effektief wat langtermyn retensie van kennis betref.

Die emansipasie metode is dus meer effektief as die tegniese metode om langtermyn kennis oor te dra. Mezirow (1991: 131) stel dat deelnemers wat nie aan 'n probleemoplossingsbenadering waar besinning en kritiese denke gestimuleer word, blootgestel word nie asook deelnemers wat in die begin van besinningsbeoordeling is, nie kennis en opvatting krities besin nie. Hulle aanvaar dus net inligting wat aan hul gegee word sonder om aan die doel daarvan te dink, wat die verskil tussen die twee groepe se kennisvlakke verklaar.

### Opsomming

Die demografiese vraelyste het inligting van die deelnemers voorsien om die verskil tussen die twee groepe aan te dui asook die eienskappe van elke groep. Daar was 'n verskil tussen die

twee groepe ten opsigte van opvoeding- en huwelikstatus asook die hoeveelheid kinders wat hul het. Die tegniese groep het 'n hoër opvoedingsvlak as die emansipasie groep, minder van hul getroud is en hul het ook minder kinders.

Met die bespreking van die kwalitatiewe data is die verdraaide betekenisskemas wat na vore gekom het aangedui asook die wyse waarop bevraagtekening aangemoedig is en die veranderinge wat voorgekom het. Wysiging van verdraaide betekenisskemas wat met die volgende betekenisperspektiewe verband hou het voorgekom: sielkundige verdedigingsmeganismes, selfkonsep, egosentrisme, taalkodes in terme van kommunikasie, lokus van kontrole, die gebruik van kennis, inhibisies en sosialisering.

Die bemagtigings- en kennisvraelys het die verhoging in bemagtiging- en kennisvlakke van voor die program tot direk na die program asook tot twee maande nadat die program aangebied is, aangetoon. Daar was by die emansipasie groep 'n betekenisvolle verskil tussen al die toetse by die *totale bemagtigingsvlak*, maar by die tegniese groep slegs tussen die pre- en die post-post-toets. Daar was ook met die *kennistoets* 'n betekenisvolle verskil by die emansipasie groep van voor die program aangebied is tot twee maande daarna, terwyl daar nie 'n betekenisvolle verskil by die tegniese groep tussen hierdie toetse was nie, maar wel 'n betekenisvolle afname van nadat die program aangebied is tot twee maande daarna. Dit het dus deur die bemagtigings- en kennistoetse na vore gekom dat die emansipasie metode meer effektief as die tegniese metode was om verhoging van bemagtiging en kennis teweeg te bring.

Die doel van hierdie hoofstuk was dus om transformasie wat by die emansipasie groep voorgekom het te identifiseer asook die verskil tussen die twee groepe se bemagtiging- en kennisstatus van voor die program, direk na die program en twee maande daarna te bepaal. In die volgende hoofstuk sal gevolgtrekkings van die studie bespreek word asook riglyne aan Verbruikerswetenskaplikes oor die wyse om transformatiewe leer te bewerkstellig.



## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Die hoofdoelstelling van hierdie studie was om te bepaal of die emansipasie en tegniese onderrigmetodes tydens die aanbieding van 'n behuisingsgeletterdheidsprogram transformatiewe leer, slegs by die emansipasietode, en 'n verhoging in kennis en bemagtiging, by beide metodes, teweegbring.

In hierdie hoofstuk sal die gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van die doelwitte wat gestel is, bespreek word. Dit behels eerstens 'n bespreking van die emansipasie onderrigmetode as geskikte metode om transformatiewe leer teweeg te bring asook die verhoging van bemagtiging- en kennisvlakke. Daarna word die aanpassings van die behuisingsgeletterdheidsprogram wat gemaak is beskryf. Die transformasie wat voorgekom het met die toepas van die emansipasie metode en die verskil in bemagtiging- en kennisverhoging tussen die emansipasie en tegniese groep asook die voorsiening van riglyne aan Verbruikerswetenskaplikes volg daarna. Aanbevelings vir verdere studie word ook in hierdie hoofstuk bespreek.

#### **5.1 Die emansipasie onderrigmetode**

Die effektiwiteit van die emansipasie onderrigmetode teenoor ander onderrigmetodes, asook transformasie wat dit teweegbring en hoe dit met Verbruikerswetenskap verband hou, is na aanleiding van subdoelwit 1.3.1.1 bespreek.

Die literatuur wys daarop dat daar met die deurvoer van die tegniese onderrigmetode slegs gepoog word om tegnieke en vaardighede aan deelnemers te leer. Hierteenoor stel die emansipasie onderrigmetode 'n uitdaging aan opvoeders om nie net kennis en vaardighede aan individue oor te dra nie, maar om eerder deur 'n deelnemende en probleemoplossingsbenadering besinning, dialoogvoering, kritiese denke en die verhoging van bewuswording aan te moedig, wat sodoende tot transformasie lei. Die transformering van betekenisperspektiewe lei onder andere daartoe dat individue bemagtig word.

Met die bestudering van literatuur het dit duidelik na vore gekom dat die emansipasie metode as geskikte onderrigmetode gesien kan word om transformatiewe leer te bewerkstellig en bemagtiging teweeg te bring. Hierdie bevinding is ook gesteun deur die empiriese studie, waar gevind is dat die emansipasie metode meer geskik is as die tegniese metode om bemagtiging- en kennisverhoging teweeg te bring.

## **5.2 Aanpas van 'n reeds bestaande behuisingsgeletterdheidsprogram**

Soos ten doel gestel in subdoelstelling 1.3.1.2 is die bestaande behuisingsgeletterdheidsprogram aangepas vir die aanbieding aan vroue wat reeds in staatsgesubsidieerde huise woon. Byvoegings is gemaak om ook 'n praktiese komponent in elke sessie in te sluit waar praktiese idees vir werkskepping gegee is. Die praktiese deel wat uit idees bestaan het wat toegepas kon word, is ingesluit om die deelnemers te motiveer om die program by te woon.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die korter program wat spesiaal vir die omstandighede aangepas is goeie resultate gelewer het aangesien kennisverhoging by albei groep voorgekom het.

## **5.3 Transformasie met die toepas van die emansipasie metode**

Verbruikerswetenskaplikes stel ten doel om bemagtiging van individue en gesinne teweeg te bring. In hierdie studie is die transformasie, wat plaasgevind het met die gebruik van die emansipasie onderrigmetode, ondersoek aangesien bemagtiging een van die uitkomstes van transformatiewe leer is. Dit is gedoen deurdat 'n transformasieraamwerk en aksienavorsingsmodel gebruik is om die transformasie wat met die aanbieding van die behuisingsgeletterdheidsprogram voorgekom het, aan te dui (subdoelwit 1.3.1.3 en 1.3.1.4).

Die gebruik van die transformasieraamwerk en aksienavorsingsmodel het die identifisering van verdraaide betekenisskemas vergemaklik en het ook daartoe bygedra dat veranderinge van betekenisskemas aangedui kon word. Verdraaide betekenisskemas wat spontaan na vore gekom het, is aangedui asook dié wat na vore gekom het deurdat spesifieke vrae aan deelnemers gevra is.

Dit is tydens die studie gevind dat vraagstelling net tot op 'n sekere punt effektief was om verdraaide betekenisskemas te identifiseer; daarna moes ander metodes, byvoorbeeld rolspel, tydens die toepas van die ysbrekers, gebruik word om verdraaide betekenisskemas te identifiseer en bevraagtekening daarvan aan te moedig. Die vraagstelling was wel aan die begin 'n effektiewe metode om agter te kom watter betekenisskemas tydens die ysbrekers bevraagteken moes word.

Deur die gebruik van die aksienavorsingsmodel (wat uit vier fases bestaan, naamlik implementering, observering, besinning en beplanning) kon die program volgens die verdraaide betekenisskemas wat geïdentifiseer is, aangepas word. Beplanning van die

implementeringsfase is gedoen volgens die verdraaide betekenis-skema en behoeftes wat tydens die observerings- en besinningsfase geïdentifiseer is. Dit het daartoe gelei dat verdere aanpassings aan die program gemaak is.

Die wyse waarop deelnemers van die emansipasie groep besinning gedoen het, het met die verloop van die programaanbieding verander. Aan die begin het deelnemers aannames gemaak sonder om besinning daarvan te doen; aan die einde het deelnemers egter sonder aanmoediging besinning gedoen. Dit kan daaraan toegeskryf word dat deelnemers aan alternatiewe maniere van dink blootgestel is (kritiese besinning) wat tot outomatiese besinning van aannames gelei het. Die afleiding kan ook gemaak word dat die deelnemers se vermoë om probleemoplossing te doen en krities te dink, met die verloop van die programaanbieding ontwikkel het, deurdat die beoefening daarvan deurentyd aangemoedig is.

Die wysiging van betekenis-skemas wat na vore gekom het, dui op die effektiwiteit van die emansipasie onderrigmetode om transformasie teweeg te bring deurdat die milieu waarin dit plaasvind informeel is, dit in groepsverband plaasvind en aanpassing aan programme gemaak kan word.

#### **5.4 Die verskil in bemagtiging- en kennisverhoging tussen die emansipasie en die tegniese groep**

Bemagtigings- en kennisvraelyste is gebruik om die emansipasie en tegniese groep met mekaar te vergelyk soos gestel in die subdoelwit 1.3.1.5. 'n Vergelyking is getref deur die deelnemers se bemagtigings- en kennisvlak voor die program, direk na die program en twee maande daarna te bepaal.

Deurdat demografiese vraelyse gebruik is, is vasgestel dat die tegniese groep se opvoedingsvlak hoër as die emansipasie groep s'n is en dat meer van die emansipasie groep se deelnemers getroud is en hul meer kinders as die tegniese groep het. Hierdie verskille tussen die twee groepe het 'n invloed op die bemagtigings- en kennisvlak van die twee groepe gehad, wat gereflekteer word in die feit dat die tegniese groep se bemagtigings- en kennis vlak hoër as die emansipasie groep s'n was voordat die program aangebied is. Ten spyte hiervan was die emansipasie groep se *totale bemagtigingsvlak* direk nadat die program aangebied is, asook twee maande daarna, hoër as die tegniese groep s'n. Die emansipasie groep se totale bemagtigingsvlak het met al die toetse betekenisvol toegeneem terwyl die tegniese groep s'n net betekenisvol toegeneem het van voor die program tot twee maande daarna. Daar was by die emansipasie groep 'n meer betekenisvolle verskil as by die tegniese groep van voordat die

program aangebied is tot twee maande daarna. Die emansipasie metode is dus meer effektief as die tegniese metode om langtermyn bemagtigingsverhoging teweeg te bring.

Die kennisvlak van die emanipasie groep het betekenisvol toeneem van voor die programaanbieding tot direk daarna en van voor die program tot twee maande daarna. Daarteenoor het die kennisvlak van die tegniese groep betekenisvol afgeneem van direk na die programaanbieding tot twee maande daarna. Hulle het dus die kennis na twee maande verloor, wat nie die geval by die emansipasie groep was nie. Daar kan dus met sekerheid afgelei word dat die emansipasie onderrigmetode meer effektief is as die tegniese onderrigmetode vir die vaslegging van kennis.

Die feit dat presies dieselfde kennis oorgedra is, maar die wyse van aanbieding verskil het, wys dus daarop dat Verbruikerswetenskaplikes hul programme op so 'n wyse kan aanpas dat dit die komponente van emansipasie opvoeding vervat om sodoende meer effektiewe langtermyn bemagtiging- en kennisverhoging teweeg te bring.

## **5.5 Aanbevelings vir verdere navorsing**

- Alhoewel sekere fases waardeur die individue tydens die transformasieproses gegaan het, geïdentifiseer is, was dit nie as doelwit gestel om die fases te identifiseer nie. Verdere navorsing kan spesifiek kyk na die fases waardeur die individu tydens die transformasieproses gaan, (soos voorgestel deur Mezirow, 1991), met die doel om teorie in die praktyk toe te pas.
- In hierdie studie is wysiging in betekenis-skemas waargeneem. As gevolg van 'n tekort aan tyd is die wysiging van betekenis-perspektiewe, met ander woorde langtermyn transformasie nie waargeneem nie. Vir 'n opvolgstudie kan navorsing gedoen word om te bepaal of transformasie oor langtermyn plaasgevind het.
- Verfyning en standaardisering van die transformasieraamwerk, wat as meetinstrument gebruik is, kan gedoen word.
- Riglyne kan ontwikkel word vir die aanbieding van programme wat daarop gerig is om bemagtiging en transformasie saam met die oordra van kennis en vaardighede teweeg te bring.

## 5.6 Riglyne aan Verbruikerswetenskaplikes

Emansipasie onderrig kan as geskikte metode deur Verbruikerswetenskaplikes gebruik word om transformasie, bemagtiging- en kennisverhoging van individue teweeg te bring. Dit is egter belangrik dat hul volgens sekere riglyne te werk sal gaan sodat daar nie net gepoog word om dit toe te pas sonder dat die uitkomste van emansipasie opvoeding gefasiliteer word nie. Daar is in subdoelstelling 1.3.1.6 ten doel gestel om riglyne aan Verbruikerswetenskaplikes te gee oor die wyse waarop transformatiewe leer met die aanbod van Verbruikerswetenskapprogramme bewerkstellig kan word.

- Dit is belangrik dat Verbruikerswetenskaplikes wat die emansipasie onderrigmetode toepas dit ten doel stel om nie net vaardighede en kennis oor te dra nie, maar eerder om individue en deelnemers te bemagtig deur hul deur die transformasieproses te lei.
- Die Verbruikerswetenskaplike moet in ag neem dat die program wat gebruik word van so 'n aard moet wees dat transformatiewe leer daardeur bewerkstellig kan word, so nie moet die program vir dié doel aangepas word. Die volgende moet in ag geneem word met die keuse of ontwikkeling van die program, of as aanpassings aan 'n reeds bestaande program gemaak word:
  - Die program moet van so 'n aard wees dat besinning, dialoogvoering en kritiese denke daardeur gefasiliteer word sodat deelnemers tot die bewuswording van hul onderliggende verdraaide aannames gelei word en hul aangemoedig word om dit te bevraagteken en te wysig.
  - Die program moet oor 'n lang genoeg periode aangebied word sodat daar geleentheid is vir deelnemers om oor hul aannames te besin en dit te bevraagteken. Daar moet ook genoeg tyd tussen die verskillende sessies toegelaat word vir die ontwikkeling van denke en beoefening van insigte.
  - Die opvoeder moenie met voorafopgestelde idees van deelnemers se verdraaide betekenisperspektiewe 'n program opstel of aanpassings daarvolgens maak nie. Die opvoeder moet eerder poog om verdraaide betekenis-skemas met verloop van die program te identifiseer en bevraagtekening daarvan aan te moedig en om deelnemers te ondersteun deur die hele proses.
- Verbruikerswetenskaplikes toon die neiging om hulself slegs verantwoordelik te ag vir die oordra van kennis en vaardighede en nie as emansipasie opvoeders om transformasie teweeg te bring nie. Om transformasie deur die emansipasie onderrigmetode teweeg te bring, moet

Verbruikerswetenskaplikes kennis neem van die komponente betrokke by die fasilitering daarvan. Verbruikerswetenskaplikes moet daarom kennis van die volgende aspekte dra:

- die eienskappe van die emansipasie onderrigmetode om sodoende bewus te wees van die rol wat hul moet inneem om transformatiewe leer te bewerkstellig;
- die proses waardeur transformasie plaasvind deur kennis te dra van die wyse waarop verdraaide betekenisskemas en betekenisperspektiewe geïdentifiseer, bevraagteken en gewysig word;
- die wyse waarop die aksienavorsingsmodel toegepas kan word om die program volgens geïdentifiseerde verdraaide betekenisskemas aan te pas, asook van ysbrekers wat gebruik kan word om bevraagtekening daarvan aan te moedig;
- metodes om transformatiewe leer te bewerkstellig, soos die volg van 'n probleemoplossings- en deelnemende benadering en die aanmoediging van besinning, dialoogvoering, kritiese denke en die verhoging van bewuswording;
- praktiese tegnieke wat toegepas kan word om transformatiewe leer te bewerkstellig soos rolspel, gevallestudies en metafoor-analise.

Verbruikerswetenskaplikes stel hulself ten doel om die bemagtiging van individue en gesinne teweeg te bring. In hierdie studie is daar na twee verskillende metodes gekyk waarvolgens programme aangebied kan word. Dit het duidelik met die vergelyking tussen die twee metodes na vore gekom dat die missie van Verbruikerswetenskap, deur die emansipasie metode tot uitvoer gebring kan word aangesien dit transformasie teweegbring, asook 'n hoër vlak van bemagtiging- en kennisverhoging as by die tegniese metode. Die studie het gewys dat, indien daar net gepoog word om kennis oor te dra, die emansipasie metode steeds meer effektief is as die tegniese metode.

Dit kan dus as 'n uitdaging aan Verbruikerswetenskaplikes gestel word om verder te beweeg as net die oordra van kennis deur gebruik te maak van die emansipasie onderrigmetode, wat ook transformasie en bemagtiging teweegbring.

## BRONNELYS

ALBERTYN, RM (2000): Conceptualisation and measurement of the empowerment of workers: An educational perspective. Ongepubliseerde vraelys as deel van 'n doktorsale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

ANDERSON-HARPER, HM & ROBINSON, ET (1996): Curricular transformation I: Theoretical and Philosophical Views Underlying Selected Pharmacy Education Studies. *American Journal of Pharmaceutical Education* (60): 314 - 321.

APPS, JW (1985): *Improving practice in continuing education*. San Fransisco. Jossey-Bass Publishers.

BABBIE, ER (1975): *The practice of social research*. Belmont. Wadsworth.

- Privaatsektor (Ontwikkelaars, tegniese persone, konstruksie industrie, regsgeleerdes, finansiële instellings)

### ✓STAPPE IN DIE BEHUISINGSPROSES

1. Die maak van kontak en die tref van ooreenkomste
2. Die tref van voorbereidings en goedkeuring van huisplanne
3. Die bou van die huise
4. Die oorhandiging van huise aan die onderskeie huiseienaars en die in kennis stelling van hul verpligtinge

## VERFTEGNIKE

### Spons/materiaal verftegniek

Wat jy nodig het :

- Kwas
- PVA verf (verf met 'n waterbasis)
- Spons met 'n interessante tekstuur of materiaal.
- Materiaal in wit asyn om spatsels af te vee

Hoe jy dit doen


1. Meng twee dele verf met een deel water.



2. Verf 'n basislaag op die muur en laat dit droog word



3. Doop die spons of materiaal in die verf. Die materiaal kan soos 'n wors of soos 'n spons gevorm word en die ekstra verf kan met 'n koerantpapier uitgedruk word. Begin bo en druk die spons of die materiaal in sponsvorm onreëlmatig teen die muur. Die materiaal in worsvorm kan oor die oppervlakte van die muur gerol word deurdat daar gedurig van rigting verander word. 'n Tweede kleur kan gebruik word as die eerste laag droog is.




“Dragging”

Wat jy nodig het:

- Kaasdoek of 'n borsel
- Water
- Houer vir die verf
- PVA verf

Wat jy moet doen

1. Berei die muur voor en verf dit met 'n basis kleur. Laat dit droog word.
2. Voeg twee dele water by een deel verf, meng dit goed.
3. Verf 'n gedeelte van die oppervlakte (net 50 cm op 'n slag). Trek die borsel deur die verf van bo na onder sonder onderbreking. 'n Tweede kleur kan gebruik word.



## 'Colour washing'

### Wat jy nodig het:

- Materiaal
- Water
- Houer vir verf
- PVA verf
- Koerant

### Wat jy moet doen:

1. Berei die oppervlakte voor deur dit met 'n basis kleur te verf en laat dit droog word.
2. Voeg twee dele water by een deel water en meng dit goed.
3. Doop die materiaal in die verf en druk die ekstra verf in 'n koerant uit.
4. Gebruik dieselfde beweging die hele tyd byvoorbeeld 'n reënboog beweging. Verskillende kleure kan gebruik word.





## Stensilwerk

### Wat jy nodig het:

- Harde karton
- Skêr
- PVA verf
- Kwas/'n stuk spons
- Kleeflint

1. Sny 'n patroon wat herhalend is (bv. blomme wat herhaal) uit die karton.
2. Doop die kwas of spons in die verf wat nie verdun is nie en verf of spons oor die opening van die stensil.
3. Neem versigtig die stensil weg. Maak die stensil skoon en herhaal die proses.






## VERSKILLENDE HUISE

- Formele en informele huise - wettig
- Plakkershuise - onwettig

## WAT MOET IN AG GENEEM WORD MET DIE BOU VAN HUISE?



- Uitleg van die dorp
- Vloedvlakke
- Sanderige grond
- Uitermatige hellings



## DIE FUNKSIE VAN DIE PLAASLIKE REGERING


Die voorsiening van dienste:

- Paaie
- Vullisverwydering
- Water
- Gesondheidsdienste
- Sanitasie

## WAAROM MOET ONS VIR DIENSTE BETAAL?

Die munisipaliteit kan nie die dienste voorsien sonder geld nie.

Daarom moet huiseienaars **belasting** en **diensfoole** betaal



## MASAKHANE

"Kom ons bou saam"


- Geen stakings en geweld
- Almal betaal vir hul dienste

## PLAASLIKE DORPSRAAD

- Die inwoners se skakel met die regering
- Maak behuisingsprobleme van inwoners aan regering bekend
- Betrokke by die oplos van probleme

## DIE VERKIESING VAN DIE DORPSRAAD

- Vind tydens die plaaslike verkiesing plaas
- Raadslede kies hul eie leiers - die uitvoerende komitee en dorpsraad
- Elke inwoner se plig om te stem



## DIE MAAK VAN GORDYNE MET DIE HAND

### Wat jy nodig het:

Toutjie

Materiaal


Naald en garing, skêr

Twee skroefgies en twee spykers


Gordyndraad

### Hoe jy die gordyne maak


1. Meet met 'n toutjie die grootte van die venster




2. Sit aan die sye 2 handbreedtes by. Sit bo 1 handbreedte by en sit onder 3 handbreedtes by. Knip dan die materiaal volgens hierdie grootte uit. Koerantpapier kan gebruik word as patroon sodat dit later weer gebruik kan word.




3. Vou 'n smal soompie twee maal (vou materiaal eenkeer om en dan nog 'n keer) aan beide die sye (kante) en aan die onderkant in en ryg dit eers vas met lang rygsteke. Werk dan die soompies in met fyn soomstekies.



4. Vou aan die bokant van die materiaal eers 'n klein soompie in en vou dan 'n halwe handbreedte in. Ryg dit vas met lang rygsteke en dan met fyn soomstekies. Werk dan 'n vingerbreedte van die onderkant vanaf die soomkant klein voorstekies in sodat die gordyndraad deur die onderste deel gesteeek kan word (die boonste deel vorm 'n valletjie).



5. Slaan een spyker alkante van die venster in. Meet die gordyndraad sodat dit effens korter as die afstand tussen die twee spykers is. Draai alkante van die draad 'n ogie in. Ryg die gordyndraad deur en hang die gordyn op. Dit is belangrik dat die gordyn nie pap moet hang nie.



### Variasies

- 'n Valletjie of drapering kan aan 'n tweede gordynkoord gehang word
- Wegbinder kan gebruik word om die materiaal weg te bind


## SESSIE 4

### BESPREKING VAN DIE VERSKEIE DIENSTE

#### • PAAIE

##### Verskillende tipes paale

- Geteerde hoofpaale
- Grondpaale
- Gruispaale



##### Funksies van paale

- Dit bied toegang tot verskillende plekke soos die kerk en winkels
- Dit bied toegang om by ander mense te kuier
- Dit is nodig vir vullisverwydering en nooddienste soos die ambulans en brandweer


#### • WATERVOORSIENING

##### Tipes

- Publieke watertenk
- Erfverbindings
- Erftenke
- Huisverbindings
- Publike krane

##### Verelstes van water wat in die huis gebruik word

- Dit moet skoon wees
- Dit moet genoeg wees om 25 liter per persoon per dag te lewer



#### • SANITASIE

##### Verelstes van sanitasie dienste:


- Rioolvullis:- moet verwyder word
  - moet na 'n plek geneem word waar dit behandel word
  - behandel word sodat dit nie skade aan mense, diere en natuur doen nie



#### • VULLISVERWYDERING

##### Wyses om vullis te hanteer

- Herwinning
- Opvulling van slote (donga's)
- Kompos
- Samepersing
- Verbranding



#### • ELEKTRISITEIT

##### Verskillende tipes

- Boggrondse of ondergrondse elektrisiteit met 'n voorafbetalings elektrisiteit verspreider
- Boggrondse of ondergrondse elektrisiteit wat gereeld betaal moet word en voortdurende voorsiening bied
- Sonenergie
- Gas, hout, kerse, lampolie




## DIE MAAK VAN VERSIERDE HOERS, BOTTELS OF BLIKKE

### Wat jy nodig het

- Blikke, bottels of houers.
- Enige papier bv. tydskrifpapier, muurpapier of geskenkpapier
- Olieverf (emaljeverf), kwasse
- Gorn
- Deurskynende spuitverf

### Wat jy moet doen

1. Maak die blikke, bottels en houers eers skoon en verwyder alle etikette. Verwyder die blikke se bokante sodat daar geen skerp kante is nie.
2. Verf of papier kan gebruik word vir versiering of die twee kan kombineer word.
3. As jy verf wil gebruik: Teken vooraf die patroon wat jy wil verf met 'n viltpen wat kan afwas indien nodig. Gebruik die verf onverdund en verf die verlangde patroon. Enige verftegniek kan toegepas word.



4. As jy papier wil gebruik: Die hele oppervlakte kan bedek word of slegs gedeeltes. Smeer gom aan die agterkant van papier en bedek die oppervlakte van die houers versigtig. Spuit die deurskynende spuitverf oor vir bedekking.



## Die maak van ongebakte koekies

### Wat jy nodig het:

#### Bestanddele

- 3 koppies hawermout of broodkruummels  
2 koppies suiker  
5 eellepels kakao  
1 koppie melk  
 $\frac{1}{2}$  koppie klapper  
Knippie sout

#### Apparate

- Kastrol  
Houtlepel  
Lepel  
Koppie  
Bakplaat of skinkbord (of enige oppervlakte waarop koekies gevorm kan word)


### Hoé jy dit maak

1. Laat die suiker, melk, magarien, kakao stadig oor lae hitte warm word.
2. Voeg dan die hawermout of krummels by en verwyder van hitte.
3. Klop die mengsel goed tot styf en drup dan lepelsvol op 'n bakplaat en laat dit styf word.



<p><u>SHOKOLADE-FUDGE KOEKIES</u></p> <p>125 g margarien  500 g versiersuiker  3 eiers, baie goed geklits  1 t vanilje  2 pakkies mariekoekies,  gebreek  3 e kakoa</p> <p>Meng alles goed en druk vas in 'n bakplaat en sny in blokkies.</p>	<p><u>4SKAKOEKIES</u></p> <p>250 g margarien  1 k suiker  500 g koekmengsel  2 eiers, baie goed geklits  2 pakke mariekoekies, gebreek</p> <p>Smelt margarien en suiker oor lae hitte saam. Voeg koekmengsel eiers en mariekoekies by. Druk dit in 'n gesmeerde bakplaat.</p>
<p><u>KLAPPERYS</u></p> <p>400 g klapper  500 g versiersuiker  397 g kondensmelk (1 blik)  kleursel en geursel</p> <p>Meng klapper en versiersuiker. Voeg kondensmelk by. Voeg kleursel by die een helfte asook geursel (indien verkies). Druk dit vas in gesmeerde pan. Druk die ander helfte bo-op</p>	<p><u>SORBEET</u></p> <p>500 g versiersuiker  25 g wynsteensuur  25 g koeksoda</p> <p>Sif al die bestanddele 3 keer saam. Verpak dit in kardoessakkies of koevertjies met 'n strooitjie. Dit kan ook in 'n koekie-“cup” geplaas word. 'n Mariekoekie word dan bo-op met versiersuiker vasgesit. Die mariekoekie kom onder en 'n strooitjie kan deur die koekie-“cup” gedruk word.</p>
<p><u>“PEANUT-BRITTLE”</u></p> <p>370 ml suiker  125 ml goue stroop  375 ml gekapte grondboontjies  75 g botter  knypie koeksoda</p> <p>Meng gouestroop en water in 'n kastrol. Roer by lae temperatuur tot suiker opgelos het. Kook sonder om te roer tot hardebal stadium (Drup 'n teelepel stroop in water. Die stroop moet 'n bal vorm wat sy vorm behou en steeds hanteerbaar is. Verwyder van stoof. Voeg grondboontjies, botter en koeksoda by. Roer net tot gemeng. Giet in gesmeerde bakplaat. Sny dit</p>	





**SESSIE 5**


**Gesinsbegroting**

- Berekening van wat die gesin elke maand kan spandeer volgens die geld wat hulle elke maand verdien

INKOMSTES	UITGAWES
<b>Totaal</b>	


**Kostes betrokke by 'n huis:**

- Betaal van munisipale dienste vir elektrisiteit, water en vullisverwydering, asook belasting
- Instandhouding van huis




**Huislenings en ander maniere om geld te bekom**



- Huislenings: geld wat jy leen van 'n bank om 'n huis te koop.




- Huurkoop: koop van byvoorbeeld yskas of TV en betaal dit teen 'n hoë rente elke maand terug.



- ☒ Op rekening koop: koop byvoorbeeld kos of klere op rekening betaal in ses maande tot 'n jaar terug




- ☒ Huissubsidie: eenmalige toelaag word deur die staat aan gesin gegee om 'n huis te bekom en die geld hoef glad nie terug betaal te word nie.



### Mikro-lenings

- ☒ Nie - bankleners: Jy leen geld by nie-bankleners en die werkgewer trek elke maand geld van jou salaris af.
- ☒ Kontant leners: Jy leen geld teen 'n baie hoë rente.




### Behuisingsbystand deur werkgewers

- ☒ Gee van raad
- ☒ Die werkgewer kan elke maand 'n bedrag van jou salaris aftrek en dit inbetaal by die bank waar jy 'n huislening het.
- ☒ Werkgewers kan met die bank reël om vir hul werknemers huislennings te gee.

### Huis as sekuriteit

- ☒ As jy geld wil leen by die bank, kan jy jou huis as sekuriteit gee met ander woorde as jy die geld nie kan terug betaal aan die bank nie, gee jy jou huis in ruil daarvoor sodat die bank nie die geld verloor nie..



## Rooibosbier

- 1 t suiker
- 2 k loutwarm water
- 1 e aktiewe droë gis/brouers droëgis
- 3 k suiker
- 1 e kremetart
- 1 k suurlemoensap
- 2 e suurlemoenskil
- 12 k sterk rooibostee
- 14 k koue water

## Gemmerbier 1

- 1 e suiker
- 2 k loutwarm water
- 1 e aktiewe droë gis/brouers droëgis
- 3½k suiker
- 1 t wynsteensuur
- 2 e fyn gemmer
- 2 t kremetart
- 34 k loutwarm water

## Metode vir rooibosbier en gemmerbier 1

Los die suiker op in die 2k loutwarm water. Sprinkel die gis bo-oor en laat dit vir 10 min staan totdat dit skuimerig word. Meng die oorblywende droë bestanddele by die korrekte vloeistof en sap, soos vir elke resep aangegee, tesame met die geaktiveerde gismengsel en roer tot goed gemeng. Bedek met 'n klam doek of kleefplastiek en laat op 'n warm plek vir omtrent 12 ure staan. Suig die mengsels deur 'n moeseliendoek en giet die bier in bottels met proppe. Laat op 'n koel plek vir 3.dae.

## Gemmerbier 2

- 9 k loutwarm water
- 2 k suiker
- 2 t aktiewe droë gis
- ½t jamaica gemmer


Meng alles en bottel dit.

## SESSIE 6

### BEHUISINGSUBSIDIE SKEMAS

#### Wat is behuisingsubsidie skemas?

- Dit is 'n eenmalige bedrag wat aan persone gegee word deur die regering wat nie hul eie huise kan bekom nie
- Die geld kom van nasionale begroting



#### Wie kwalifiseer vir behuisingsubsidie?

Om te kwalifiseer vir hierdie behuisingsubsidie moet die aansoeker aan al die volgende vereistes voldoen:

- Suid-Afrikaanse burgers met permanente verblyfpermitte
- Getroude persone of persone wat al vir 'n lang tyd saamwoon
- Persone wat enkel met kinders en ouer as 21 jaar is
- Persone wat nog nooit voorheen 'n huis besit het nie
- Enige huishouding wat minder as R3500 verdien

#### Watter dokumente word benodig om aansoek te doen vir 'n behuisingsubsidie, 'n huis te koop of om aansoek te doen vir huislening?

Dokumente vir die aansoek van 'n behuissingsubsidie of om 'n huis te koop:

- 'n Gewaarmerkte afdruk van jou identiteitsdokument, sowel as die van jou eggenoot of van die persoon saam met wie jy woon
- 'n Subsidie aansoekvorm moet ingevul in die geval van die aansoek doen van 'n behuisingsubsie

- Bewys van inkomste verdien
- Dokumente vir die aansoek van 'n huislening
  - Gewaarmerkte kopie van jou identiteitsdokument
  - Gewaarmerkte kopie van jou geboorte sertifikaat
  - 'n Brief van die werkgewer wat stel hoe lank jy al werk
  - Bewys van geld wat jy al gespaar het soos 'n spaarboek
  - Besonderhede van ander huuraankope

## KONTRAKTE

### Wat is 'n kontrak?

'n Ooreenkoms wat aangegaan word tussen twee of meer persone wat ouer as 21 jaar is.





### Watter tipe huiskontrakte is daar?










- **Boukontrak** - kontrak tussen 'n bouer en klient
- **Huurkontrak** - ooreenkoms te bereik oor die periode van huur en die huur wat betaal moet word


### Waarna moet jy alles oplet voordat jy 'n kontrak teken?

- Of jy alles verstaan wat in die kontrak staan
- Of jy saamstem met alles wat daarin staan






-  DUBBEL KRAGPUNT
-  DAKLIG
-  STOOF VERBINDING
-  VERSPREIDINGS BOLD
-  LIG SKAKELAAR
-  TOILET
-  BAD
-  ENKELWASBAK
-  VENSTER
-  DEURE
-  ENKEL KRAG PUNT
-  WASBAL



## Die verf van lap

### Wat jy nodig het

- Potlood
- Materiaal (ongebleikte linne of wit katoen)
- Materiaalverf
- Water
- Kwasse
- Strykyster





### Hoe jy dit doen

- Teken die patroon of prentjie op die materiaal
- Sprinkel 'n bietjie water oor die materiaal
- Verf die materiaal met die verlangde kleur, die verf kan verdun word met water
- Laat die materiaal droog word
- Stryk die materiaal aan die verkeerde kant

### Wat alles met geverfde materiaal gedoen kan word

- Die maak van kussings en dekens;
- die maak van plekmatjies, tafeldoeke en servette;
- die maak van kaartjies en
- muurbehangsels ens.





## **SESSIE 7**

### **HUISEIENAARSKAP**

**Watter voordele is daar om 'n huis te besit?**

- ✓ Dit bied sekuriteit
- ✓ Dit dra by tot vryheid en die skep van 'n stabiele gesinslewe
- ✓ Dit hou finansiële voordele in
- ✓ Dit bied vryheid om die huis te verkoop of te verbeter
- ✓ Dit help dat die individu 'n verantwoordelike inwoner word

**Watter verantwoordelikhede het 'n huiseienaar?**

- ✓ Om munisipale dienste en belasting betaal
- ✓ Die huis in 'n goeie toestand te hou
- ✓ Die huis te verbeter soos tuin te maak, ekstra vertrekke aan te bou, heining op te rig
- ✓ 'n Goeie buurvrou te wees
- ✓ 'n Verantwoordelike gemeenskapslid te wees

### **GEMEENSKAPSBETROKKENHEID**

**Watter voordele hou dit in om betrokke in 'n gemeenskap te wees?**

- ✓ Dit sal bydra tot 'n verhoogde tevredenheid van die gemeenskap met hul huise
- ✓ Dit sal bydra tot die vorming van hegte gemeenskapsbande
- ✓ Dit bied geleentheid om verskillende vaardighede aan te leer





## TUINMAAK

### Wenke vir die maak van eie tuin:

1. Gebruik plante wat nie baie water vat nie soos vetplante, inheemse veldbossies (bv. kalkoenbosse) en kruie.
2. Plant eerder vrugtebome vir skaduweebome as gewone bome
3. Gebruik blikke van verskillende hoogtes en vorms wat mooi kleure geverf is om verskillende plante in te plant
4. Gebruik groot klippe of sementblokke met klein klippies tussen in om effek aan die tuin te gee.
5. Beplan jou tuin goed voor die tyd sodat dit 'n spesifieke patroon vorm waar afwisseling plaasvind.
6. Kompos kan op die volgende wyse gemaak word:
  - Grawe 'n gat op 'n onopsigtelike plek in jou erf
  - Gooi alle groenteskille en vrugteskille en eierdoppe daar in.
  - Meng dit met mis en dit kan in die beddings gegooi word.



**Bylae 3**  
**Ysbrekers**

## YSBREKERS

### **Bylae 3.1: Sessie 1**

**Doel:** *Voorstelling aan mekaar en die skep van ontspanne en deelnemende milieu*

Die naamkaartjies word op so 'n wyse uitgedeel dat nie een sy eie een het nie. Elkeen kry 'n beurt om vir die een wie se naamkaartjie hul het 'n vraag te vra sodat die res van die groep die persoon beter sal leer ken.

### **Bylae 3.2: Sessie 2**

**Doel:** *Om bevraagtekening van die betekenisperspektief sielkundige verdedigingsmeganisme in terme van konflikhantering aan te moedig.*

Uitdeel van 'n uitdeeltstuk wat vier verskillende diere uitbeeld gekry. Die groep verdeel in vier groepe wat elkeen 'n beurt kry om een van die diere te beskryf en na te maak. Daarna is die negatiewe eienskappe van elke dier uitgelig waarna dit vergelyk is met die wyse waarop mense konflik hanteer. Die beste wyse vir konflikhantering is na die bespreking uitgewys.

### **Bylae 3.3: Sessie 3**

**Doel:** *Doen van kritiese analise ten opsigte van probleme wat elkeen ervaar*

Uitdeel van 'n uitdeeltstuk met 'n huis op. Elke deelnemer kry geleentheid om probleme wat hul ervaar op die mure te skryf of prentjies daarvan te teken. Die probleme wat hul niks aan kan doen nie word op die deur geskryf en dit wat hul wel kan verander op die dak. By die skoorsteun uit word die wyse waarop probleme verander kan word neergeskryf.

### **Bylae3.4: Sessie 4**

**Doel:** *Die bespreking van 'n gevallestudie saam met die gebruik van 'n rolspel om aanmoediging van die betekenisperspektief etnosentrisme aan te moedig.*

Die uitdeel van 'n gevallestudie waar 'n gesin uitgebeeld word. Elke persoon in die gevallestudie word verder uitgebeeld deur 'n rolspel deurdat van die deelnemers vrywillig die karakters vertolk. Deelnemers kry geleentheid om die volgende vrae te beantwoord: Hoe dink julle voel elke karakter, waarom tree elke karakter so op, hoe kan jy daartoe bydra om die karakters te verander of te help?

### **Bylae 3.5: Sessie 5**

**Doel:** *Die uitvoer van analise van kritiese gebeurtenis om bevaagtekening van die betekenisperspektief inhibies, sosialisering, behoeftes en egosentrisme aan te moedig.*

Die uitdeel van uitdeelstuk wat 'n vrou in kettings uitbeeld. Deelnemers word aangemoedig om die volgende te beantwoord: Wanneer voel julle en ook ander mense so? Wat kan jy daaraan doen?

Wanneer word julle vryheid, deelname en die vermoë om julle eie identiteit te ontwikkel beperk?

Wat kan jy daaraan doen?

### **Bylae 3.6: Sessie 6**

**Doel:** *Die uitvoer van metafoor-analise om bevaagtekening van die betekenisperspektief selfkonsep en vrese aan te moedig.*

Deelnemers kry geleentheid om dit wat hul negatief oor hulself laat voel en dit wat hul laat vrees te vergelyk met verskeidenheid beelde. 'n Verskeidenheid artikels soos onder andere 'n skoën, skeermessie, swembroek, boek, fietsie, serp en ketting word aan hulle voorgehou as voorbeelde van beelde wat gebruik kan word. Na die identifisering van beelde kry deelnemers geleentheid om op volgende vrae te beantwoord: Hoekom hou hierdie beeld negatiewe gevolge in? Waarnatoe kan dit lei as dit nie verander nie? Hoe kan dit verander word?

### **Bylae 3.7: Sessie 7**


**Doel:** *Die gebruik van 'n rolspel om bevaagtekening van die betekenisperspektief etnosentrisme, sosiale norme, sielkundige verdegingsmeganisme aan te moedig.*

Twee van die deelnemers berei 'n rolspel voor wat die verhouding van 'n man en vrou uitbeeld. Elke deelnemers kry 'n uitdeelstuk van die rolspel. Die volgende vrae word aan hulle gestel: Wat dink julle van die wyse waarop die vrou optree, die man optree. Wat dink julle van die wyse waarop die vrou verander? Hoe sien jy die ander persone in jou gesin? Hoe kan jy jou optrede verander?

DONKIE



LEEU





HAAS




VOLSTRUIS











# Rollspel

Man: lekker heeldag niks gedoen, my hemp is nog nie gestryk en daardie skottelgoed nie gewas nie

Vrou: Ag hou jou mond

Man: Ek moet die heeldag werk, jy doen niks

Vrou: Ag man gaan terug werk toe

Man: Jy's die skuldige - is die rekeninge betaal?

- het jy my wyn gekoop?

- het jy aarbeek gedoen vir skuld?

- en o ja ek en my vriende

party vandag - maak jou

uit die voete

Vrou: Ek loop lievers jou wark

Vrou: Wag ek onthou nou skielik van diere manne,  
dat 'n mens 'n ding moet uitpraat,

daar is geen probleme wat nie 'n oorsaak  
het en nie opgelos kan word nie.

DIT HANG NET AF HOE EK DIT HANTEER!

Vrou: Kan ons dit nie uitpraat nie

Man: Ag ek praat nie met jou nie, jy kan net  
skel.

Vrou: Goed, ek weet. ek doen dit gewoonlik,  
maar wat daar van as ons nou sit  
en elkeen sê hoe hy voel

Man: Ek het klaar gesê hoe ek voel - jy is  
'n slegte vrou.

Vrou: Goed, hoekom voel jy so

Man: Ek het jou klaar gesê

Vrou: Goed nou sal ek vir jou nie reëde gee  
hoekom daardie goed nie gedoen is nie.

- Vrou - Eerstens - jou hemp is nie gestryk  
nie, want die wasgoed  
is nou eers droog gewees
- Tweedens - die skottelgoed is skoon, ek  
moet dit net wegbêre
- Derdens - hoe kan ek die rekeninge  
betaal as jy nie geld vir  
my gee nie en jy dit  
opdrink
- Vierdens - Ek gaan nie vir skuld aansoek  
doen nie, want ons moet  
leer om ons geld beter te  
behou
- Vyftens - Ek gaan nie vir jou wyn  
koop nie, want ek is vir  
jou lief as jy rugter is  
en nie dronk nie
- Laastens - Ek gaan nêrens nie, dis my  
huis ook - Ek het in elk  
geval gesê dat dit nie  
'n goeie voorbeeld vir die  
kinders is nie. Hoekom het  
ons twee nie 'n slag 'n  
rustige aand nie

Man - Jy hou jou slim met my - verwanneer of  
praat jy in elk geval so ruwig - By bel  
weer ingestruk

Vrou - Nee my man ons is saam deel van  
hierdie huwelik. Ons kan of die huwelik  
vernietig deur te stel op mekaar en nie  
oplossings te kry nie of ons kan alle  
probleme uitpraat.

Man - Dit sal nie sleg wees as ons huwelik  
werk nie.

## **Bylae 4**

**Transkribering van die sessies van programaanbieding**

## **Bylae 4.1: Sessie 1**

### *YSBREKER*

*Die naamkaartjies word op so 'n wyse uitgedeel dat nie een sy eie een het nie. Elkeen kry 'n beurt om vir die een wie se naamkaartjie hul het 'n vraag te vra sodat die res van die groep die persoon beter sal leer ken. Hoeveel kinders het jy? Sewe Hoe oud is hulle? Twee is nog in die skool, die oudste twee is agtien en sestien (Respondent So). Wat is jou man se naam? (Respondent So, nadat sy niks gesê het nie, het die persoon langs haar, haar gehelp met 'n vraag) Kosie (Respondent M) Hoe voel jy oor jou huis (Respondent M) Ek is baie bly vir die huis, dit is lekker om my eie plek te hê (Respondent Am) Wat dink jy van hierdie kursus (Respondent Am) Ek is baie opgewonde en ek wil graag iets leer wat ek nou nie voorheen geweet het nie (Respondent E) Wat se werk doen jy? (Respondent E) Ek werk by die ouetehuis, onder in die dorp (Respondent T) Hoe oud is jou kinders (Respondent T) Die jongste is vier en die oudste is vyftien, maar sy bly by haar ouma in Williston (Respondent G) Hoe voel jy oor die kursus? Ek is bly vir die kursus en het baie verwagtinge (Respondent A) Waar bly jy? (Respondent A) Mandelastraat 3011, agter die sportgronde in 'n huis met 'n mooi tuin (Respondent K) Wat doen jou man (Respondent K) Hy werk op die paai vir die Munisipaliteit? (Respondent J) Waar het jy gebly voordat jy jou eie huis gekry het? (Respondent J) Ons het 'n huis gehuur, agter die kerk, maar ek is bly ons is daar uit (Respondent Sa) Wat gaan jy vanaand doen as jy by die huis kom? (Respondent Sa) Vir die kinders kos gee en TV kyk (Respondent S) Waar bly jy as jy nie op Calvinia is nie? (Respondent S) *Op Stellenbosch*. Is jy getroud (Respondent M) Nee, maar ek het twee kinders (Respondent P)*

*Wat is julle verwagtinge van die program? Ek wil graag leer en dit is goed om 'n bietjie uit die huis te kom (Respondent Sa) Ek is opgewonde oor dit? (Respondent G, met beaming deur die ander)*

### *IMPLEMENTERING*

*Bespreking van die huis as 'n tuiste en 'n woning aan die hand van 'n "mind map". Wat bied die huis as woning vir ons? Wat bied die huis as tuiste vir ons? Die verduideliking van die huis as gesonde leefomgewing aan die hand van 'n skets deur verskeie vrae aan hulle te stel. Dink julle hierdie huis is 'n voorstelling van 'n gesonde leefomgewing? Nee dit is te vuil (Respondent G) Daar sal siekte voor kom (Respondent E) Die huis is te slordig (Respondent Am). Wat is verkeerd in die huis? Die vullis lê by die drom uit (Respondent S) Die wasgoed lê die huis vol (Respondent K) Die bottel en borsel lê op die grond (Respondent M) Daar is diere by die kos (Respondent Sa) Daar is vlieë in die kos (Respondent E) Die bed is nie opgemaak nie (Respondent P) Wat sal jy anders doen? Besem neem en vee (Respondent M) Die skoene en die wasgoed wegneem (Respondent A) Die diere uitjaag (Respondent K) Die bed opmaak (Respondent S) Die borsel en die bottel bêre (Respondent Am). Hoe kan jy bydra tot die skep van 'n gesonde leefomgewing? Ons moet ons kinders leer om netjies te wees en ander mense opvoed wat nie netjies is nie (Respondent M) Ons moet streng wees met die mense wat in ons huis kom en met die kinders (Respondent Am) Ek dink as ons self netjies is dan sal dit 'n voorbeeld vir die ander mense wees (Respondent Sa) Ons moet ook oplet in ons huis waar dit vuil is (Respondent E) Wat sal mense van jou dink as hul in jou huis kom en dit lyk soms so? Hulle sal kyk wie dit is (Respondent P) Hulle sal omdraai en nie weer terug kom nie (Respondent Sa) Hulle sal dink dis darem 'n slordige persoon (Respondent K) of hulle sal sê kyk hoe lyk daardie een se huis (Respondent E) Wat sal jy van jouself dink as jou huis so lyk? Ek sal teleurgesteld in myself wees (Respondent Am) Ek sal ontevrede wees (Respondent K) Hoekom lyk julle huise soms so? Ek is soms net nie lus nie (Respondent A). Stres, maak dat ek nie my huis skoon maak nie (Respondent G) Probleme (Respondent M, met beaming deur die ander) Wat se probleme? Huislike probleme (Respondent M) Drank (Respondent G) Huweliksprobleme (Respondent Sa) Wat maak nog dat jul huise so lyk? Siekte. Goed kom ons kyk nou wat kan ons aan al hierdie goed doen wat maak dat jul huise soms so lyk. Wat kan jy daaraan doen as jy nie lus is nie? Jy kan jou man vra om te help (Respondent Sa) Dit is nie sy plig nie (Respondent M) (Die ander verskil dadelik van haar) Hy moet ook sy plig doen en die kinders, veral as ek werk en hy werk nie. (Respondent Sa) Jy moet oefening doen dat jy uit jou luiheid kan kom (Respondent G). Wat moet jy daaraan doen as jy stres? Ignoreer die wat jou kwaad maak (Respondent G) Jy moet leer ontspan en oefening doen (Respondent E) Ons moet miskien begin stap in die aand (Respondent K) Wat kan ons doen aan huislike probleme? Die saak uitpraat (Respondent M) en aan huweliksprobleme? Jy moenie skei nie (Respondent G) Ja jy moet liewers iemand raadpleeg soos die dominee of iemand wat professioneel is (Respondent M) Die saak moet reggestel word en julle moet dit uitpraat (Respondent Sa) Wat moet 'n mens doen as jy siek is? Dan moet die ander in die huis*

help (Respondent E) *Bespreking van die huis as sekuriteit en die skep van die huis as 'n tuiste wat voorafgegaan word deur die volgende vraag: Hoe reageer jy as mense met jou in die huis baklei?* Ek slaan (Respondent K) Ek hardloop weg (Respondent G) 'n Mens moet dit maar liewers kalm neem (Respondent Sa) Jy moet op tree (Respondent K) 'n Goeie moeder sal dit uitpraat, maar anders sal jy slaan (Respondent E). *Die gebruik van 'n rolspel om te demonstree hoe 'n mense in liefde optree en hoe jy sonder liefde optree. Twee groepe van twee deelnemers elk word gebruik waarvan die een groep die opdrag kry om in liefde op te tree en die ander groep sonder liefde. Wat dink julle van die twee wat in liefde opgetree het?* Hulle moet werk aan die verhouding. *Wat dink julle van die wat met liefde opgetree het?* Toe die een gaaf is toe is die ander een ook gaaf terug (Respondent A). *Wat moet 'n mens doen as iemand met jou praat soos in die groep waar daar sonder liefde opgetree is?* Jy moet die persoon wat baklei laat aangaan en nie sy sin gee nie (Respondent M) Jy moet stilbly (Respondent G)

*Bespreking van verskillende huise wat deur sketse aangedui word en voorafgegaan word met die volgende vraag. Wat dink jy van mense wat in hierdie groot enkelhuise bly?* Hulle is ryk (Respondent Sa) Hulle is hoogmoedig (Respondent A) Ons ag hul nie (Respondent E) Ek voel niks vir hulle nie (Respondent K) *Wat dink jul van mense wat in klein enkelhuisies bly?* Hulle is armoedig (Respondent E) Dit is ons self (Respondent A, beaming deur die ander) Ek het meegevoel met hulle (Respondent M) *Wie bly in ryhuise dink julle?* Enkel gemiddelde mense wat dit kan bekostig (Respondent M) *Wie sal in die woonstel bly?* Ryk mense wat alles het (Respondent G) Die middelstand (Respondent E)

*Ek gaan vanaand vir julle wys hoe 'n mens keramiëkbakkies kan verf. Hoe voel julle daarvoor om iets te doen wat julle nog nooit voorheen gedoen het nie?* Opgewonde (Respondent M) Niks verhinder ons om dit te doen nie (Respondent Sa) Ek is glad nie bang nie (Respondent E, met beaming deur die ander).

*Opmerkings gehoor met die verf van die bakkies: Respondent So, hoekom doen jy dit nie self nie?* Ek kan nie (Respondent So). *Nadat daar aan haar gewys is wat om te doen het sy dit self gedoen sonder hulp van ander.* Ek kan nie teken nie (Respondent A). Ek kan glad nie verf nie, maar dit is lekker (Respondent G) Dit is mos nou waarvan ek hou (Respondent E)

#### **BESINNING**

*Hoe ervaar julle die wyse waarop ek hierdie program aanbied?* Dit is baie gemaklik (Respondent M) Dit is lekker om so saam te praat (Respondent G met beaming deur ander) Dit is baie verstaanbaar (Respondent A). *Sou jul dit graag anders wou doen?* Nee, ons hou daarvan so (groepsantwoord). *Is daar enige iets wat gemaak het dat julle nie lekker verstaan het wat ek sê nie of wat gemaak het dat jul nie vrymoedig is om deel te neem nie?* Nee, dit was goed soos dit was (Respondent M) *Wat sal jul kan toepas van wat ons vandag geleer het?* Dat ons netjies moet wees en hoe belangrik dit is (Respondent M) en ons pligte moet na kom in die huis (Respondent K) Dat ons ons woning moet waardeer (Respondent E) en trots daarop moet wees deur die huis te versier en tuin te maak (Respondent Am) Dat ons in liefde moet optree want ek het nie so baie liefde nie (Respondent G) Dat ons ons probleme moet hanteer en liefde teenoor ander moet bewys (Respondent Sa). *Sal julle nog aangaan met die groep as ek weg is?* Nee (beaming deur die groep) waar sal ons die materiaal kry om dit te doen

#### **BEPLANNING**

*Wat wil julle volgende keer doen of oor praat?* Ons wil nog praat oor hoe 'n mens in liefde moet optree (Respondent G) *Wie gaan die week 'n bietjie daarvoor dink en met ons daarvoor kom praat?* Respondent Sa moet (Respondent M, beaming deur ander) *Wil jy daarvoor gaan dink?* Ek sal graag wou. *Wat wil jul nog leer doen?* Hoe om pennesakkies, potloodsakkies en gordyne te maak (Respondent E) Hoe 'n mens blomme rangskik (Respondent K) *Wie gaan vir ons kom leer van blomme rangskikking?* Ek sal (Respondent S)

## **Bylae 4.2: Sessie 2**

### **YSBREKER**

*Elkeen van julle het 'n uitdeeltuk met vier diere, 'n leeu, donkie, volstruis en haas gekry. (Voorstelling van die diere is gebruik om die sielkundige verdedigingsmeganismes voor te stel) Julle moet nou in vier groepe verdeel, elke groep moet een dier bespreek deur die eienskappe van die dier te noem en die dier probeer na te maak. Wat dink julle is die eienskappe van die donkie?* Hy is 'n pakkier en trekdier, hy kan steeks wees, hy luister nie wat jy sê nie en doen wat hy wil (Respondent S) *Wat is die leeu se eienskappe?*

Hy baklei en brul as hy iets nie kan regkry nie. Die leeu is gevaarlik en hy woon in die veld (Respondent E) *En die haas?* Vinnige dier, hy spring, hy is 'n wipperige dier, hy hou daarvan om weg te spring, hy is 'n sagte diere (Respondent P) *En die volstruis?* Hy is baie nuuskierig omdat hy 'n lang nek het, hy is ook steeks en gevaarlik, jy kan sy produkte verkoop. *Weet julle wat gaan ek nou doen ek gaan veral die negatiewe eienskappe van hierdie diere uitlig omdat ek vir julle wil illustreer hoe ons baie keer soos diere optree. Julle het laas keer gesê, julle sal optree, slaan, weghardloop, dit kalm neem en baklei as julle huismense met julle baklei. Kom ons vat eers die donkie. Wanneer tree ons soos die donkie op?* As ons vasstaan en nie van opinie verander nie (Respondent M) *En soos 'n leeu?* As ons slaan en aggressief is (Respondent E) *En die haas?* *Wat van as jy weghardloop as iemand jou konfronteer?* Ja (groepsantwoord) *En die volstruis?* Baie keer as iemand jou konfronteer druk jy net jou kop tussen jou bene en maak of jy niks hoor nie, ignoreer die ander mense (Respondent S). *Hoe dink julle moet ons eintlik optree?* Soos die haas (Respondent G, beaming deur die ander) *Hoekom?* Hy is 'n sagte diertjie. *Maar dink jy ons moet weghardloop soos die haas?* Nee (Respondent G) Glad nie weghardloop nie (Respondent M) Soos die volstruis (Respondent S) *Hoekom soos die volstruis?* Ignoreer die ander een (Respondent S) Ek sal liewers die leeu wil wees (Respondent P) Niemand sal stil staan as iemand met jou baklei nie, ek sal terug baklei (Respondent P). *Julle het nou gesê 'n mens moet soos 'n haas, leeu of volstruis wees. Wie stem nie saam nie?* Somtyds is 'n mens 'n leeu en die ander keer 'n haas, dit hang net af van jou omstandighede (Respondent M) *Soos jy sê a.g.v. 'n mens se omstandighede gaan jy 'n dier wees. Sê nou maar 'n mens het 'n storie gehoor maar jy weet by jouself dit is nie die regte storie nie dan is dit goed om soos die volstruis te wees en te maak of jy niks hoor nie. Dit gaan tog vir jou niks baat nie as jy die ander persoon invlieg nie (Respondent M). Maar sê nou Respondent So maak vir my kwaad en ek sê vir haar ons moet om 'n tafel sit en dit uitpraat op 'n rustige manier, as sy kalm is. Dan is ek nie 'n dier nie, ek hardloop nie weg nie, steek nie my kop onder my bene in nie of ek baklei nie en ek is ook nie steeks nie. Dan is ek nie 'n dier nie maar 'n mens, ek moet dus wag dat die ander een kalm word en dit dan uitpraat. Wat dink julle van dit?* Dit is 'n goeie manier (groepsantwoord)

#### IMPLEMENTERING

*Ek wil gou weet wat kon jul van 'n tuiste en 'n woning onthou? Wat kan jul toepas deur die week van wat ons laas keer geleer het?* Dat ons ons huise moet versier (Respondent E) Die huis netjies hou (Respondent Sa). *Het jy dit gedoen?* Gewerk (Respondent Sa) *Wie van julle het nog iets toegepas?* Ek het baie liefde aan my eggenoot gegee (Respondent K) *Kon julle aan nog iets deur die week dink oor hoe ons die huis in 'n tuiste kan omskep?* Gras plant, ek het klaar deur die week dit gedoen (Respondent P) *Respondent Sa het jy toe gedink oor die liefde?* Ja, ek het net 'n bietjie gedink liefde is mos nie iets wat 'n mens sê nie maar as jy daar beweeg moet die mense sommer sien daardie persoon straal eintlik van die liefde (Respondent Sa) . Ek het oor die blommerangskikking gedink maar niks daaraan gedoen nie (Respondent S).

*Beskrywing van die regering se siening van behuising wat opgevolg is met die volgende vraag: Aan watter behoeftes wat julle het voldoen jul huise?* As ek nou kyk toe ek nie my eie huis gehad het nie, het ek tussen vreemdes gebly en jy kan nie maak soos jy wil nie en nou kan jy baie behoeftes bevredig (Respondent P) *Soos wat?* ek maak kos (Respondent P) Ek is vry om te kom en te gaan. Dit beskerm ons teen die reën en die weer (Respondent M). Slaap ook (Respondent Sa) Die behoefte om met jou gesin op jou eie te wees Soos ek voel ek het nou daai plekkie ek wil graag werk om die huis te behou en op te bou. (Respondent P) *Wat se drome en planne het julle vir jul huis?* Ek wil my huis uitpleister, 'n tuin of tuine aanbring, erf toemaak, die huis te verf en ek wil aanbou (Respondent G). *Respondent J wat is jou drome?* Ek wil ook aanbou, binne pleister en buite verf en die erf mooi skoonmaak. *Dink julle julle sal hierdie drome kan verwesenlik?* Ja, met die genade van die Here (Respondent M, beaming van die ander) *Wat doen jul op die oomblik om te verseker dat julle dit sal regkry?* Ek wil begin kleinighede verkoop dat dit my salaris 'n bietjie help. *Voel dit nie vir julle of iets jou beperk om dit reg te kry nie?* Sien ons kan dit mos nie alleen regkry nie (Respondent Sa) As jy werk aan 'n ding is niks ontmoontlik nie. As gevolg van ons omstandighede is ons mos nou verplig om dit bietjie vir bietjie te neem (Respondent M). *Sal jul dit kan uitvoer?* Met die hulp van die Vader (Respondent M) Ek sê mos niks is ontmoontlik nie (Respondent G) *Sê gou vir my is jul tevrede met jul huise?* Ja, ons is so 'n bietjie afgeskeep, maar ons kon dit ook nie gehad het nie om in dit te bly is 'n voorreg (Respondent M)

*Bespreking van die regering se siening dat behuising die sleutelsektor van die ekonomie is en essensieel is vir ekonomiese welstand.* Soos die persoon weet as hy 'n huis het dat hy moet gaan werk om sy dienste te betaal en aan sy kinders te voorsien as hy op die straat bly dan worry hy nie eintlik nie en breek net af. *Hoe*

voel julle oor mense wat nie in huise bly nie? 'n Mens voel jammer vir hulle (Respondent Sa) Party mense voel daardie persoon wil tog so wees soos los hom. *Dink julle, julle sal mense help wat so is?* Ja (Respondent E) Daar is baie mense wat nou huise gekry het wat nie hul huise waardeer nie. As ek my huis waardeer, gooi ek nie die huis se ruite uit nie, en breek nie die deur uit of maak vuur in die huis nie, so baie van hulle wil die huise hê maar hulle kan dit nie waardeer nie, hulle is die strate te gewoond (Respondent M). *Julle het laas keer vir my gesê dat julle dink dat mense wat in groot huise bly hoogmoedig is en julle hulle nie ag nie.* Van hulle is hoogmoedig (Respondent M) Van hulle dink ons is agter by hulle (Respondent G) en hulle gee vir ons geen ondersteuning nie (Respondent M). *Voel julle agter by hulle?* Nee, maar hulle laat ons so voel (Respondent Sa) *Julle voel nie geminag deur hul nie?* Ons voel op gelyke vlak met hulle (Respondent M, met beaming deur ander)

*Verder het die regering visie gehad om huise te bou wat bekostigbaar is maar nie noodwendig droomhuise is nie en wat aanvaarbaar is. Julle huise is vir julle aanvaarbaar, maar julle wil verandering maak.* Ons wil graag (Respondent E) Ek sal graag 'n kamer vir al my kinders wil hê, ek het nog drie kinders ook en die kinders wil nie altyd saam slaap nie. Die oudste voel hy kan nie saam met die jongste slaap nie, veral as hul in die tienerstadium is nie (Respondent M). *Hoe voel julle oor julle droomhuise?* As die huis net twee slaapkamers gehad het was dit definitief vir my 'n droomhuis (Respondent Sa) Dis 'n huis waar ek en my man so 'n bietjie meer privaatheid het en die kinders hul eie kamers het (Respondent M).

*Voel julle dat die feit dat jul nie privaatheid het nie julle onderdruk?* Ja (groepsantwoord). *Hoe voel jul nog daaroor?* Die regering het vir ons die huise gegee daarom moet ons die beste daarvan maak en 'n tuiste vir jouself skep (Respondent M) Ja, jy kan die kinders vir 'n naweek wegstuur (Respondent G, met beaming deur die ander) Moet net nie so praat asof die kinders in die pad is nie (Respondent Sa) Nee, maar partykeer vra die kinders ook of nie vir 'n naweek by byvoorbeeld ouma kan gaan slaap nie, dan moet jy hul net toelaat. Ons het definitief self beheer oor die omstandighede.

*Bespreking van die behuisingsproses en die rolspelers betrokke by die verkryging van huise. Met bespreking van die gemeenskap as rolspelers is die volgende vraag gevra: Wat dink julle is 'n gemeenskap?* Ons almal wat saam woon (Respondent S) *Hoe voel jul oor die gemeenskap waar julle bly?* Sommige kere staan hul nie saam nie (Respondent G) *Voel dit of julle baie dieselfde idees of belangstellings het of is julle baie verskillend?* Nee ons voel baie verskillend (Respondent E, met beaming deur Respondent Sa en Respondent M) *Gee die gemeenskap jou ruimte om te wees wie jy wil wees?* Ons eie gemeenskap maak ons bang om uit ons huise te kom a.g.v. misdaad (Respondent P) *Voel julle dat die gemeenskap jul onderdruk?* Ja (groepsantwoord).

*Met die bespreking van die fases in die behuisingsproses: Hoe voel julle oor die kontak wat met julle gemaak is?* Almal het geweet van die huise wat gebou gaan word, daar was baie gemeenskapsvergaderings. *Voel jy dat jy meer betrek wou word met die behuisingsproses?* Ja (groepsantwoord). *Hoe sou jy meer betrek wou word?* Ons sou meer by vergaderings betrek wou word (Respondent E) Ons het nie altyd geweet dat daar vergaderings gehou word nie (Respondent M) *Voel jul dat julle self iets daaraan kon doen om meer betrek te wees?* Nee ons kom nie so baie bymekaar nie. Die mense aan die spit van sake kon iets gedoen het om ons meer te betrek (Respondent M). *Hoe voel julle oor die verantwoordelikhede wat julle as huiseienaars het nadat julle die huise gekry het?* Ek voel om die verantwoordelikhede na te kom sodat ek my huis kan behou. *Voel julle of julle meer geleer het deur die kennis wat aan julle oorgedra is deur hierdie sessie?* Ja (groepsantwoord) Ek sal meer betrokke wees in die vervolg (Respondent M) Ja, ons moet meer ons stemme uitlig in vergaderings en praat as daar gepraat moet word (Respondent Sa) *Sal jy hoe die situasie nou is self kan verander of self kan reël daaraan?* Ons sal kan werk daaraan (Respondent G) Ons sal dit kan verander (Respondent M) Ons moet net saamstaan, dit help nie die gemeenskap sê nou ja en met die tye wat hul moet stem staan hul nie saam nie (Respondent G).

*Bespreking van die skep van werk. Hoe voel julle daaroor om jul eie werk te skep?* Ons sal graag wil (Respondent Sa) Wat se tipe mens sal 'n sukses daarvan maak om sy eie werk te skep? Doelgerigte mense (Respondent M), mense wat alles insit om 'n sukses te maak (Respondent G) Dit verg baie krag en 'n wil om dit te doen (Respondent G) mense wat finansieël ingestel is en hardwerkend is (Respondent M). *Julle dink nie a.g.v. die tipe mense wat jul is dat jul nie 'n sukses sal maak van dit nie?* Nee ons sal dit kan doen (Respondent M) Ons sal sommer wonderlike mense kan wees. *Hoe gaan julle julle eie werk skep?* Tuinmaak sodat ons die vrugte en groente kan verkoop (Respondent M) Breiwerk (Respondent E) Naaldwerk (Respondent M)

## BESINNING

*Hoe voel jul oor wat jul vandag geleer het?* Dit was baie interessant (Respondent E) Met die dieremaniere het ons baie geleer, veral ons wat soos diere optree (Respondent M) Ons het iets geleer wat ons nie geweet het nie (Respondent E) Dit was goed om van die rolspelers te leer. Sommige van ons het dit nie geweet nie (Respondent M)

*Waarvan het jul nie gehou nie?* Dit was alles goed gewees. *Het jul gehou daarvan om so te praat oor die dinge wat al verby is?* Ja, ek voel sommer lig deur te praat oor my frustrasies (Respondent M) Ons het weer iets bygeleer, nou weet ons ook meer wat in die lewe aangaan (Respondent P) *Wat sal jy kan toepas?* Ek sal begin om iets te verkoop soos chips en suckers (Respondent G) Om kalm te wees as iemand met jou skoor soek (Respondent M) en om bymekaar te staan om dit waaroor ons gelukkig is uit die weg te ruim. *Voel dit of jy 'n verskil sal kan maak in die lewe?* Ja (groepsantwoord) Jy moet net by jouself begin, 'n mens kan nie 'n verskil maak as jy gedurig by iemand anders begin nie (Respondent M) Toe ek nie gewerk het nie het dit vir my gevoel ek is 'n las in almal se oë en ek het dinge gesoek waar ek nie moes soek nie, maar nou dat ek werk, is daar so 'n groot verskil en is daar regtig 'n verandering in my lewe. Ek voel net so veel beter oor die lewe (Respondent P)

## BEPLANNING

*Is daar nog enige iets wat jul graag sal wil byleer?* Jy kan vir ons uitvind wie 'n mens finansieël kan help om jou eie werk te skep sodat ons ons drome kan bewaarheid (Respondent M)

## Bylae 4.3: Sessie 3

### YSBREKER

*Elkeen van julle het 'n skets van 'n huis gekry waar julle die volgende moet invul:*

- probleme op die huis se mure
- probleme wat nie kan verander nie op die deur
- probleme wat kan verander op die dak
- oplossings by die skoorsteun uit

*Is daar enige een wat sy huisie met ons wil deel?* Respondent M: Mure - my man se werkloosheid, smokkelhuis langs die huis, my kinders se ongehoorsaamheid, finansies, my kind is siekte. Deur: die siekte was mos nou daar gewees en ek kan niks daaraan doen nie. In my dak staan ek kan iets doen aan my kind se ongehoorsaamheid en my finansies kan ek ook iets aan doen. Ek sal graag my eie besigheid wil begin. Ek het nou al 'n paar verniet goedjies wat ek wil verkoop. Werkloosheid van die man kan ek mos nou niks aan doen nie, smokkelhuis kan ek niks aan doen nie. *Kan jy niks daaraan doen nie?* Dit baat nie ek gaan kla daaroor by die polisie nie, want die polisiemanne is juis die manne wat betrokke is hierby. *Wie kan nog vir Respondent M 'n voorstel maak oor wat sy kan doen?* Dit help nie jy skryf vir die munisipaliteit 'n brief nie, want hulle mag smokkelhuise hê (Respondent G). Gaan gee 'n naamlose verklaring by die munisipaliteit, want daar is gesê dit is nou onwettig, gee net die name van wie dit bedryf (Respondent S). *Wat kan sy doen aan haar finansies?* Verskeie produkte word opgenoem wat sy kan verkoop sonder dat sy baie geld nodig het dit te begin. *Is daar iets wat jul weerhou om dit te doen?* Nee, elkeen moet net doen wat hy kan doen, ek kan kos maak nie, maar ek kan wel naaldwerk doen. (Respondent M). *Wil nog iemand sy huisie met ons deel?* Respondent Sa: Ek het 'n probleem omdat my man nie werk nie, maar ek help maar vir hom. Ek het skuld, maar ek sal dit stuk stuk afbetaal. My bure pla my so. My man werk nie, so ek moet vir my en my man en kinders sorg. Nou moet ek nog vir my bure se kinders ook sorg. Ek gaan nie moed opgee nie ek gaan vir haar ook help deur vir haar liefde te gee en vir haar te help om ook 'n verandering te maak aan haar omstandighede. *Wat dink julle moet sy doen aan die probleem met die bure?* Jy moenie soos die leeu optree nie (Respondent E) Dit help nie om te praat nie, want die man is meeste van die tyd dronk (Respondent Sa) . Die blanke mense het vir ons 'n punt voor. Baie van hulle drink maar jy weet dit nie eens nie. Hulle versorg eers hul gesin en dan drink hulle (Respondent M). *Blameer julle iemand vir julle omstandighede?* Nee, jou omstandighede hang van jouself af (Respondent Sa) Ons omstandighede is so omdat ons daarin is ons kan nie sê die blankes het dit veroorsaak nie (Respondent M). *Voel julle dat die huise waarin julle bly iemand se skuld is?* Ek voel dis hierdie swart regering se skuld (Respondent G). Toe die wit regering daar was is daar nie so baie geld afgevat nie. *Wat dink julle kan jul daaraan doen?* Reg stem *Hoekom stem julle verkeerd?* Baie van ons was geïntimideer. *Wat intimideer*



*julle? Hulle het vertel wat se wonderlike huise ons gaan kry. Hoe voel jul oor hierdie intimidasie? Hulle het ons bedrieg dit was net 'n klomp leuens. Wie wil nog haar huisie deel? Respondent S: My werk is my ergste probleem. In die eerste plek is ek ontevrede met my salaris. My huwelik is ook nie gelukkig nie my hele lewe voel of dit in skerwe is. My kinders is ongehoorsaam, ek weet nie wat om met hul te maak as ek werk toe gaan nie. Wat dink julle kan 'n mens daaraan doen as jou huwelik nie gelukkig is nie? Die oorsaak van my huwelik is drank (Respondent S). Jy moet iemand gaan sien wat ervare is met huweliksprobleme soos 'n huweliksberader of 'n vertroueling. Daar is geen huwelik wat nie 'n probleem het nie. Sommige keer is 'n liefdesprobleem in 'n nugter huis 'n erger probleem as in die dronkhuys (Respondent M).. Ek sal gaan sit en met die man gesels (Respondent Sa). Ek het dit al honderd keer gedoen (Respondent S) Gebed is die enigste oplossing ek kan self daarvan getuig. Toe ons getroud was het my man nie gedrink nie. Hy het afvallig geword. Ek wou nie aan sy sy staan nie ek wou niks met verkeerde mense te doen gehad het nie en dit het veroorsaak dat hy aan die drink geraak het. Daardie probleem het veroorsaak dat ek met my ongebore baba amper dood gewees het a.g.v. die drank. Daar het ek besluit dit sal 'n skande wees as ek terug gaan huis na my ma-hulle toe en ek wou nie hê hul moet hom verwyte nie, want ek was swanger. Daarom het ek net besluit om die Here in my lewe kans te gee. Hy (my man) het tot bekering gekom en die Here het wonderwerke verrig. Die Here gee 'n mens uithouvermoë (Respondent M). As jy gelowig is en die man is ongelowig is jou optrede geweldig belangrik. Hou net moed die Here sal jou gebed beantwoord (Respondent Sa) Ek het baie keer tot 'n besef gekom dit sal my niks baat om my kinders te neem en na my ma toe te gaan nie. Dit los nie die probleem op nie. Ek moet liewers die probleem tussen ons oplos (Respondent M). Wat gaan julle doen aan die probleem dat jul kinders ongehoorsaam is aangesien daar baie van julle is wat hierdie probleem het. Dit gebeur as gevolg van die gespanne atmosfeer in ons huis (Respondent S) tussen man en vrou (Respondent M). Jy kan nie jou kinders behoorlik grootmaak in 'n huis waar daar so 'n swak voorbeeld gestel word nie.*

#### *IMPLEMENTERING*

*Wat kon jul deur die week toepas van wat ons verlede week geleer het? Ons moenie soos diere optree nie (Respondent P). Voel jul jul kon die diere gebruik? Nou die dag toe my man wou kwaad word toe sê ek nee, broer leu jy sal moet stop. Toe vra hy wat sê ek. Toe sê ek ons moet 'n slag ons dieremaniere buite kant die erf uitjaag (Respondent M).*

*Wat dink jul van mense wat in plakkershuisse woon. Hulle het min geld en het hulp nodig. (Respondent M) Hulle kry baie swaar en sis behoefdig (Respondent G) Kyk jul neer op hulle? Nee, eerder help. Is daar mense waarop jul neer kyk Nee (Gertuida)*

*Bespreking van nog twee vorme van huise naamlik formele en informele huise wat albei wettig is.*

*Voel jy kan jou volle potensiaal bereik en ten volle ontwikkel in jou huis. Nee, ons is nog nie daar nie. Is dit 'n plek waar jul absolute onvoorwaardelike liefde kan ontvang? Nee (Respondent G, Respondent Sa) Is dit 'n plek waar jy lief is vir jouself Ja (Respondent J) Ek is lief vir myself, my kinders (Respondent G) Is jou huis die plek waar jy jouself kan uitleef? Ja (Gertuida) Jy is self aan beheer van dit (Respondent J). Hoe dink jul gaan jul jul volle potensiaal bereik in julself. Ek sal maar aan my werk (Respondent Sa) Ek sal maar die beste maak van dit wat ek het (Respondent J) Partykeer sien 'n mens nie dat jyself kan ook 'n probleem het nie. Jy vergeet partykeer jy maak ook 'n fout (Respondent Sa). Soos jy bedoel 'n mens moet selfondersoek instel. Wat dink jul van selfondersoek? Ek ondersoek myself graag (Respondent E).*

*Bespreking van die tipe grond waarop nie gebou kan word nie (Waarom dink julle kan ons nie op enige tipe grond bou nie?). Bespreking van die plaaslike regering (Aan watter ander name vir die munisipaliteit kan jy dink en wat is hul funksies?). Bespreking van wat Mashakane is - wat is dit en wat is die doel daarvan?. Bespreking van die verhouding tussen die plaaslike regering en die huiseienaars.*

*Julle het laas keer 'n klomp klagtes opgenoem van wat julle met die munisipaliteit het, wat dink jul moet jul maak as jul 'n probleem ondervind? Verdelling van die deelnemers in vier groepe. Elke groep los die probleem op verskillende wyses op (soos sessie 2 se dieremaniere). Probleme gaan nie oplossings kry as dit op dieremaniere opgelos gaan word (Respondent M). Die verhouding tussen die plaaslike regering en huiseienaars. Hoe voel jul daarvoor om met iemand te gaan praat as jy 'n probleem het? Ek gaan nêrens nie (Respondent G) Ons sal gaan praat (groepsantwoord).*

*Hoe voel jy oor betrokke wees in die gemeenskap? Jy kan deur te praat 'n verskil maak (Respondent M). As jy te veel praat kan die mense dit later teen jou hou (Respondent Sa). Hoekom moet ons betrokke wees? Vir beter kommunikasie (Respondent S).*

*Bespreking van die kies van raadslede. Voel jy of jou stem met verkiesing 'n verskil kan maak?* Ja dit sal 'n verskil maak want daar is baie van ons wat mense nie daar wil hê nie dan kan ons dit verhoed. *Hoe voel jul oor beloftes wat verkiesingstye gemaak word?* Ons het dit geglo, maar ons is ingeloop (Respondent G). Wil dit in die vervolg eers sien (Respondent J). Ons glo niemand meer nie, hierdie regering is tog so korrup (Respondent M). *Wat dink jul daarvan dat vrouens raadslede word?* Nee, ek glo nie dis 'n vrou se plek nie (Respondent G - beaming deur groep). Daar moet sulke mense ook wees om vir die vrou se plek te baklei - vir die vrouens se regte opstaan (Respondent M). *Wat dink julle van mans wat vrouens onderdruk en alleenreg in die huis neem?* Party mans is so (Respondent Sa). Partykeer is dit goed dat die mans die geld hanteer want dan weet hy ook waartoe die geld gaan. Mans beskuldig ons as die geld verdwyn al het hulself die geld uitgegee (Respondent G en Respondent Sa). *Het jul enige vrese om te stem of jul sê te sê?* Nie om te stem nie maar om ons sê in die publiek uit te lig. Ons mans hou nie daarvan as ons iets sê in die vergadering nie. *Voel jul onderdruk om iets te sê.* As ons mans so teen dit is (Respondent M). *Bespreking van hoekom moet jy stem en die eienskappe van 'n goeie kandidaat.*

#### OBSERVERING EN BESINNING

*Hoe voel julle oor wat ons vandag geleer het?* Dit was lieflik (Respondent Sa) *Wat het jul geleer wat jul nie geweet het nie?* Hoe om probleme in die huis te hanteer (Respondent M) en van die huwelike (Respondent G). Dis lekker om vir mekaar raad te gee en dit te bespreek (Respondent Sa). Dit was goed om te leer hoekom ons by die gemeenskappe betrokke moet wees en hoekom ons moet stem (Respondent M). *Is daar enige iets wat jul pla in ons sessie?* Nee dit is goed. Ek is baie gelukkig oor dit wat gedoen word (Respondent Sa). Nee jy bied dit baie goed aan (Respondent M). *Is daar iets wat jul strem in die sessies?* Nee, ons praat goed, want as ek sien iets is stywerig dan bly ek sommer vinnig stil. *Is daar iets wat jyl anders wil?* Nee *Wat sal jul kan toepas?* Sê nou daar is 'n probleem dan kan ons bymekaar kom en dit oplos deur dit te bespreek of 'n brief te skryf (Respondent J). Nie vir jou te laat intimideer nie.

#### BEPLANNING

*Wat sal jul nog wil leer, wat se behoeftes het jul nog?* Ekonomiese resepte (Respondent M).

### Bylae 4.4: Sessie 4

#### YSBREKER

*Die gebruik van 'n gevallestudie waaruit 'n rolspel spruit sodat die verskillende karakters van die gevallestudie uitgebeeld word.* Rolspel: Man: Elke dag werk ek verskriklik hard. Jy sit net heeldag by die huis en ek moet werk en die geld inbring terwyl jy ontspan, ek voel 'n veer vir jou wat die bottels moet opvee en in die huis moet werk. Jy doen elkgeval nooit iets nie hoekom sal jy nou kla. Dis ek wat die geld inbring en ek kan met die geld maak wat ek wil. Kyk die kinders geniet hulle ook saam met my. Waarom stres jy hoekom kry jy nie vir jou ook 'n bier nie. Jy weet mos ek is die baas waarom sal jy vir jou kom aanstellerig met my hou en vir my kom sê wat ek met my geld moet maak. Jy weet mos hoe werk dit in ons gemeenskap die man is in beheer. Vrou: Dis nie dat ek vir jou wil beheer nie maar kyk hoe lyk die plek die mure is gekraak. Julle is slordig en jul gooi alles net neer en mors. Jou vriende en jou broers en kinders mors net so. Hoe dink jy moet ek heeldag net optel. Man: Jy doen noen iets nie hoekom wil jy nie nou die huis skoonmaak nie. Ek kan dit nie meer vat nie die geld kom nie meer huis toe nie. Ek is die een in die huis wat werk. Maar hier is nie meer kos in die huis nie. Kind: Ma, ek is honger, ek soek 'n stukkie brood. Raak jy nie skaam as jou kind so moet soebat vir 'n stukkie brood nie terwyl jou vriende en jou broer se vrou alles opgeniet wat jy in bring. Ek bring my eie drank saam as ek hier kom drink ek vra nie vir jou geld om myself te geniet nie.

*Kom ons kyk gou, dit gaan in baie huise so.* Ja dit is so (groepsantwoord) *Kom ons kyk gou hoe elkeen van hierdie karakters voel. Hoe voel die vrou?* Sy voel ontsteld (Respondent E) Ongelukkig (Gertuida) Gestres en minderwaardig (Respondent S). Sy voel sy kan niks daaraan doen nie, want sy werk mos nou nie vir die geld nie. Verneder (Respondent S) *Hoe is die pa.* Baie tevrede met homself al weet hy hy's verkeerd en het geen liefde nie (Respondent G). Trots (Katriena) Gelukkig. (Respondent J) Hy voel 'n veer en is ongemanierd (Gertuida) Geen verantwoordelikheid (Respondent E) Hy dink hy is reg (Respondent M) en sy familie kan maak wat hy wil (Gertuida). Hy neem nie verantwoordelikheid nie (Katriena) Hy aanvaar sy vriende maar nie sy vrou nie (Respondent E). Die eie ek is vir hom belangrik en hy gee geen liefde nie (Respondent Sa). *Kom ons kyk nou na die ander familielede* Hul voel 'n veer vir die ma, nie respek vir

haar nie, onverantwoordelik (Respondent G). Dit gaan net om hulself, volg die voorbeeld van die pa (Respondent S). *Hoekom dink jul het die ma so opgetree.* Sy moet na almal kyk (Respondent S) en sy voel ongelukkig omdat dat sy heelyd die gemors moet optel, sy voel soos 'n bediende (Respondent G). Sy voel ontevrede dat daar nie kos in die huis is nie. Sy gee om vir die mense in die huis (Respondent S) Sy wil 'n verandering maak (Respondent M). Sy voel dit moenie so wees in die huis nie (Respondent G) Sy wil hê die man moet 'n voorbeeld in die huis wees. *Hoekom het die pa so opgetree?* Omdat die pa dwaas is (Respondent G) Hy is dronk (Respondent M) Hy dink net aan homself (Katriena) Hy gee nie om nie (Respondent M) Hy wil gesien word deur ander mense (Respondent S) Hy het 'n selfbeeldprobleem (Respondent M). Hy doen dit om by sy vriende in te pas (Respondent M) *Hoekom dink jy drink iemand oor 'n naweek en steur hom nie aan sy kinders nie?* Probleme op te los, in te wees (Respondent G). Dink net aan jou eie plesier (Respondent S) *Hoe dink julle voel hierdie ander persoon?* Hul is net so onverantwoordelik en onmanierlik soos die pa (Respondent G). Hul wil maak soos wat die pa doen (Respondent E). Pa worry nie so hoekom sal kinders worry (Respondent G). Hulle gaan ook soos pa raak (Respondent E). *Kom ons vat gou elkeen (van die karakters) dan kyk ons hoe gaan dit in julle huis en in jul gemeenskap. Hoe voel julle as dit in jul huis so gaan (soos die ma).* Verneder, gestres ontsteld (Respondent E en Respondent G) Hartseer as die goed oor jou kom (Respondent M) Voel of ek wil selfmoord pleeg (Respondent S) Soek privaatheid (Respondent M). *Hoe is of voel mans wat so maak?* Hulle voel niks nie (Respondent G). Hy laat 'n mens verneder voel (Respondent S). *Hoekom tree julle mans partykeer so op?* As hy nugter is sal hy nie so optree nie (Respondent Sa). Hy is baie keer spyt as hy so opgetree het as hy nugter is (Respondent M). *Wat se tipe mens?* Nie 'n man wat omgee (Respondent M). As hy nugter is en jy praat is hy kwaad of hy sal glad nie wil praat (Respondent Sa). Hy onderdruk sy vrou (Respondent M). *Watter eienskappe sal 'n vrou hê wat in die huis sit terwyl die ander partytjie hou?* Voel minderwaardig (Respondent Sa) Die pa sien nie haar waarde raak nie (Respondent M). Die dag as sy hom los sal hy huil (Respondent G) *Watter ander probleme kan 'n vrou so laat voel* As sy nie liefde kry nie (Respondent Sa) As die man met geld mors (Respondent M). Mans wat die vrou onderdruk en vriende wat inmeng (Respondent G). *Julle het nou probleme genoem wat by die vrou voorkom en wat by die man voorkom. Ons gaan nou oplossings vir hul probleme gee, maar voor dit kan jul aan enige ander probleme dink wat kan voorkom in die gesin?* Die kinders sal verwaarloos wees (Respondent Sa) . Die vrou sal privaatheid en ruimte soek met die klomp mense rondom haar (Respondent E). *Wat se probleme kan alles by die man opgelos word.* As die man gou kwaad word kan dieremaniere op hom toegepas word *Hoe kan jy jou man help as hy 'n selfbeeldprobleem het?* Ek wil gou vir jul 'n voorbeeld wys. Niemand hou van my nie ek kan niks reg doen nie jy kla net die heelyd. *My ma het altyd gesê ek is 'n mislukking en jy kla ook net die heel tyd. Ek is nooit reg. Ek is altyd verkeerd. Julle weet nou hoekom ek 'n selfbeeld probleem het hoe gaan jy dit verander?* Anders teenoor hom optree (Respondent K) en liefde aan hom bewys en sagmoedig teenoor hom te wees (Respondent Sa). Dankie vir hom te sê vir wat hy gedoen het (Respondent S). Met hom praat as hy net vir homself belangrik is en my nie in ag neem nie (Respondent M). As niks meer help nie sal ek 'n welsyn gaan soek (Respondent Sa). Bid maar net (Respondent S), dan moet jy nie sag bid nie, jy moet hard bid (Respondent M). Die man vra of julle nie die naweek 'n bietjie kan weggaan nie dan kom jul darem weg van die morsigheid af en hom 'n bietjie bederf (Respondent Sa). Wys vir hom jy gee om, want baie keer dink hulle jy dink van hulle niks (Respondent G). *Dis 'n baie belangrike punt daardie.* Vir hom laat voel hy beteken iets vir julle (Respondent M). Onthou julle, julle het laas gesê julle wil praat oor die dronkprobleem. *Voel julle het dit was voldoende?* Ja (Respondent G) *Wie het die probleem help oplos?* Ons self (Respondent S).

#### IMPLEMENTERING

*Wat kon julle toepas deur die week toepas van wat ons laas week gedoen het?* Na wie ons kan gaan vir ons probleme (Respondent Sa) en hoe ons probleme in die huwelik kan hanteer (Respondent G). Mind map om die die dienste uit te beeld van die munisipaliteit. *(Die opnoem van die funksies. Met die opnoem van vullisverwydering as funksie word die volgende vraag gevra:)* Ek is 'n toeris en kom kuier in julle dorp en die eerste ding wat ek doen is om vir julle te sê: sies, dit is darem 'n vuil plek waar jul bly. *Wat sal julle vir my sê?* Vloek (Respondent K). Ek sal skel (Respondent E). Ek sal sê jy hoort dan nie in die dorp nie (Respondent G) Wat kom soek jy hier (Respondent K). *Sal jy skuldig voel?* Ja (Groepsantwoord) Dis hoekom ek gaan kwaad word (Respondent M) . Ek gaan my humeur verloor omdat ek skuldig voel (Respondent G). *Voel jul gou skuldig?* Ek voel baie gou skuldig. *Hoekom voel 'n mens gou skuldig?* Jy is nou verkeerd dan maak daardie een jou skaam voel (Respondent E). Jy moet dit net op

die regte manier hanteer as jy dit nou soos dieremaniere hanteer dan het jy nie jou skuldige gevoelens reg hanteer nie. Sê wat het dit dan met jou te doen is dit dan jou dorp (Respondent G) *Sal jul iets daarin doen?* Baie sal sê dis dan nie ons werk nie (Respondent M) Ja (Respondent J) Wat sal help as jy so verby die papiere loop kan jy dit optel, dan help dit ook. *Sal jy vir die munisipaliteit gaan sê wat gebeur het of dit los?* Ja, dit los (Respondent G) Mens moet vir hul bewus maak daarvan want volgende keer kom die toeriste mos nie weer nie. Hulle sal sê dis jou gemeenskap (Respondent G) of die kinders moet skoonmaak (Respondent E) *Wat dink julle gaan gebeur as julle begin skoon maak omdat die toeriste so gesê het?* Die ander mense sal ook begin skoonmaak (Respondent Sa). Die munisipaliteit sal skaam voel as hul sien dat ons skoonmaak (Respondent M) Die mense sal begin werk daaraan (Respondent Sa). *Dink jy dit gaan 'n invloed hê as jy gaan begin skoonmaak?* Ja (Respondent M) Jy tel nou die blikke op (Respondent E), jy kan nie als so los nie (Respondent G) Jy gaan nou na die munisipaliteit toe en se wat gebeur (Respondent G). Sê nou die munisipaliteit doen niks Dan doen ek ook niks (en lag) (Respondent G). Dan tel ek maar die papiere op as niemand iets doen nie (Respondent E). *Respondent J wat sal jy doen?* Ek sal maar die papiere optel. Leer vir die kinders (Respondent K) Jy hoor as die kinders speel dan sê die een ek het nou my yard gevee en hy roep sommer die kind wat gemors het (Respondent E).

*Die dienste bestaan uit verskillende vlakke en verskillende funksies en vereistes. Deelnemers noem self die betrokke vlakke, vereistes en funksies. Met die opnoem van paaie se funksies is die volgende vraag gevra Sal jy by enige persoon in die dorp gaan kuier?* Nou nie eintlik kuier nie (Respondent E) jy moet dalk eers kennis maak. Jy ken dalk nie al die mense nie. Almal het mos nie dieselfde maniere nie (Respondent Sa) Sal nie deur alle groepe aanvaar word nie (Respondent M). *Soos julle voel daar is klieks, hoe voel jul oor die klieks, sal jul in die ander groepe inbeweeg.* Ja, soos met jou sal 'n mens maklik kan kuier, maar daar is 'n paar van die swartes of blankes wat jy glad nie kan kuier. Ek sal nie maklik by enige een kan kuier (Respondent M) Ek loop orals in (Respondent E). Nee, net nou is daardie persoon lelik met jou (Respondent Sa). *Dink jul die fout lê by jou of by die ander persoon dat jy nie by enige een kan kuier nie.* Dit lê by jouself (Respondent E), jy dink as die persoon sien hoe jy lyk sal hy nie met jou wil kuier nie soos die fout lê by jouself (Respondent Sa).

*Met die bespreking van sanitasie:* Ek wil net weet ons het mos nie drein nie maar ons betaal nog altyd vir rioolverwydering (Respondent M). *Wat gaan jy daaraan doen?* Sy moet maar munisipaliteit toe gaan (Respondent Sa) Hulle sal net sê die toilet is binne gesit, jy moet nou maar kyk wat jy kan doen (Respondent G). *Dink jy so? soos jy gaan nie die probleem oplos nie?* Sy moet na die munisipaliteit toe gaan (Respondent E). Daar is 'n rede want ons riool moet verwerk word (Respondent Sa) Ons betaal vir die riool omdat ons riool na die Jakkalskop gaan (Respondent E) en daar moet dit seker verwerk word (Respondent M).

*Met die bespreking van elektrisiteit:* Ek het 'n probleem dat my krag trip as ek te veel goed aan het en die ander mense sin maak nie so nie (Respondent M). Ek het 'n twee plaat stofie aan en 'n ketel dan trip hy. Die krag is lig, as ek die TV en die ketel aan dan trip hy (Respondent E). Myne maak nie so (Respondent Sa). Ek sal maar vir Eskom gaan sien (Respondent M) Jy moet na die lead gaan kyk (Respondent E)

*Met die bespreking van vullisverwydering:* Wat sal jul doen as die vullis nie verwyder word nie: Dit self uitbrand (Respondent J en beaming deur die ander).

#### **OBSERVERING EN BESINNING**

*Ek wil net gou weet wat het jul vandag geleer, wat sal jul kan gaan toepas?* Hoe ons probleme in die huis kan hanteer (Respondent E) Ons dienste is baie belangrik (Respondent M) *Waarvan het jul gehou nie?* Van alles, dat jy eerste by die huis en jouself moet begin (Respondent G). *Wat het jy geleer wat jy nie geweet het nie.* Hoe belangrik die dienste is (Respondent M). Hoe jy jou man en kinders hanteer (Respondent S). *Wat sou julle nog wou leer wat jy nie geweet het nie?* Nee, ons geniet elke aand soos dit is (Respondent Sa). Dit was goed genoeg (Respondent G).

#### **BEPLANNING**

Nog van handwerk wou leer en die maak van kosse (Respondent G). *Is daar niks meer wat jul vir my wil vertel nie?* Dit is lekker om saam te praat (Respondent G) Dit voel nie of jy hier is en ons daar is nie, maar of ons op jou vlak is en maklik met jou kan praat. *Sal julle aangaan as ek weg is?* Dit sal wonderlik wees as ons nog bymekaar kan kom om probleme op te los (Respondent M) *Voel jy of julle iets leer?* Ek voel meer instaat om probleme op te los en het die vrymoedigheid om dinge te doen (Respondent M).

## Bylae 4.5: Sessie 5

### YSBREKER

*Die gebruik van uitdeeltuk nr 4. Wat laat julle so voel?*

Dit voel asof julle my hele lewe ken (Respondent S). *Hoe voel jy daarvoor?* Respondent S weet jy hoe voel ek oor jou, dit voel of ek jou hele lewe kan verander. Nou toe dan moet ons meer kuier (Respondent S) Dit hang net van jou af, wat jy sal sê as ek jou probeer help (Respondent Sa). *Toe wat laat julle so voel, maar nie noodwendig vir julle nie, wat laat enige persoon so voel?* Ek voel so as ek nie kan alleen loop nie, my man wil nie hê ek moet saam met my vrinne loop nie. Die hele probleem is mans (Respondent G). Wanneer ek iets wil doen en kry dit nie reg nie, voel ek so (Respondent G). *Soos wat?* Ek wil iets koop en ek het nie die geld nie, dan voel ek so. As jy aan almal sy sin moet gee (Respondent E) Ek is mos nie so nie (Respondent Sa) As ek iets nie kan kry, soos as iemand dit weggesit het en ek kry dit nie of as iemand dit weggesit het en ek moet dit soek (Respondent G). My man (Respondent G - beaming deur die ander) Jou werkgever wat jou nie 'n beter salaris kan betaal nie. Drank (Respondent K) Ja soos ek wil graag uit dit kom ek het al gedink oor die saak maar nog niks daaraan gedoen nie (Respondent G) *Wat is die oorsaak dat jy nie kan ophou nie?* Swak selfbeheersing (Respondent G) Mense wat jou seermaak (Respondent G) Skuldgevoelens (Respondent K) Mense wat jou sê wat om te doen en nie vra nie (Respondent G) dit laat jou minderwaardig voel (Respondent M) *Is daar nie reëls of iets in jou gemeenskap of kultuur wat jou so laat voel nie.* Die tradisies van my kerk waarin ek nie wil wees nie, laat my so voel. Ek moet daar wees en ek wil nie. Ek kan nie daar uitkom nie. *Is daar nog goed in die gemeenskap wat jou so laat voel?* Die beloftes wat so gemaak word deur die regering. Mense vir wie jy nie raad kan vra nie. *Is daar nie iets wat jou kinders doen wat jou so laat voel?* Kinders wat nie hul probleme aan ons sê nie (Respondent E) Mense wat op jou neerkyk, niks wat jy doen is reg nie (Respondent Sa) dit laat jou later minderwaardig voel (Respondent S) *Wat laat jul so voel?* Mense wat my ignoreer (Respondent J) *Is jul gevoel gegrond?* Hul julle houding sê dat hul so voel (Respondent M). *Dink jy iets wat jy doen sal hul houding verander.* Ja, jy moet na hom toe gaan en gaan praat daarvoor (Respondent Sa). *Dink jy dit sal altyd so bly of kan jy dit verander?* Nee dit kan verander (Respondent Sa) My TV laat my so voel. Daar is nooit stilte in die huis nie en as ek bv. bid dan kom kom my man in en sit die TV aan.

*Wat maak dat jou vryheid identiteit of deelname beperk word. Kom ons vat eers die vryheid.* Te veel kinders (Respondent M) Mense wat jou huis dophou (Respondent Sa), hul kyk jou kleredrag en alles (Respondent M) Ek steur my nie aan iemand nie (Respondent E) Kinders met probleme (Respondent M) *Wat maak dat julle nie wil deelneem nie.* Jy het nie klere om daar aan te trek nie of jy is bang jy is verkeerd met jou kleredrag (Respondent Sa) Mense soos ons mans wat ons nie toelaat nie (Respondent Sa)

*Wat maak dat jy nie jou eie identiteit kan ontwikkel nie?* Mense wat op neerkyk en nie in jou glo nie (Respondent Sa). Mense wat jou verneder (Respondent M) *Wat doen jy as mense jou verneder?* Ek voel sleg en onttrek my net. *Dink julle dit is nodig om so te voel?* Nee want daardie mense het partykeer 'n probleem nou laat hulle jou sleg voel (Respondent Sa).

*Kom ons kyk wat ons aan alles kan doen wat jou so laat voel? Wat kan ons daaraan doen dat haar man nie wil hê dat sy alleen moet loop nie?* Dit met hom bespreek uitvind wat die rede is hoekom hy nie wil hê nie (Respondent E). Vir hom te sê daardie persoon het my nou gevra om saam met hom te stap. *Het jy dit al probeer?* Ek moet vir hom verduidelik hoekom ek saam met ander soms moet stap (Respondent Sa). *Wat kan ons aan ons geldsake doen. Ons het al baie gesels oor geldsake wat kan jul nog daarvoor sê?* Jy kan jou eie werk skep of probeer om jouself te help (Respondent E) 'n Mens kry nie werk nie en jy wil so graag verdien (Respondent S) *Dink jy jy moet vaskyk aan werkloosheid?* Jy moet maar self iets begin (Respondent M) *Dink jy jy kan sommer net begin of het jy geld nodig voordat jy kan begin?* Jy het net vir die begin geld nodig (Respondent S) *As jul dink aan wat ek vir jul geleer het sal jul iets kan begin verkoop sonder om baie geld nodig te hê.* Ek het verlede week al begin maar ek kon nie die geld weg sit nie ek moes weer iets anders met die geld koop. Baie keer werk jy vir jouself dan gaan die geld weer dadelik in die huis in (Respondent M). Dit werk so (Respondent Sa). Jy moet net beter beplanning doen (Respondent G) Ja en nie ophou probeer nie (Respondent M). *Wat kan jy daaraan doen as iets gedurig weg is?* Self jou goed bêre (Respondent E). Dit altyd op dieselfde plek bêre (Respondent M). *Julle het gesê julle mans laat julle so voel wat kan ons daaraan doen.* As my man dronk uit die werk uitkom laat dit my so voel (Respondent G) *Wat kan jy daaraan doen?* Dit help nie ek praat met hom nie, maar ek weet ek kan hom nie los nie. Hy sal mos nie vir my geld gee as ek nie meer by hom bly nie. *Nou wat stel jy voor?* Nee ons kan ons sake uitpraat hy maak my net partykeer mismoedig (Respondent G) *Wat kan jy doen daaraan as*

*mense gedurig vir jou voorsê wat om te doen?* Deur vir die persoon te sê dat jy jou eie ding het om te doen (Respondent M) Nie altyd ingee as mense vir jou iets vra om te doen nie (Respondent S) *Dit hang net af op watter manier jy dit sê. Wat kan jy daaraan doen as mense op jou neerkyk? Dink julle die fout lê altyd by die ander persoon?* Nee, ons kan self iets daaraan doen (Respondent Sa). *Hoekom se jy so?* Nee want as ek gaan verander teenoor die persoon soos ordentlik wees gaan hul dalk meer so met ons ook so wees (Respondent Sa) *Wat kan ons daaraan doen as daar beloftes aan ons gemaak word maar ons kom dit nie na nie.* Deur te eis dat die beloftes wat gemaak word nagekom word (Respondent G) Ja, jy moet sê julle het dan beloftes gemaak hoekom kom jy dit nie na nie? (Respondent E) Ons moet eers gaan uitvind of die beloftes wat gemaak word die waarheid is, want die Regering sê partykeer goed om ons te trek vir stemmings en sulke goed en dan na die verkiesing dan vergeet hulle van ons (Respondent M)

#### IMPLEMENTERING

*Die bespreking van 'n gesinsbegroting in terme van wat dit is, wat is uitkomst en uitgawes en hoe die uitgawes geprioritiseer moet word. Die bespreking is voorafgegaan deur die volgende vraag: Wie hanteer jou geldsake?* Ek doen dit self (Respondent E) Nee, my man doen dit (Respondent M, met beaming deur Respondent Sa, Respondent S, Respondent G, Respondent J), ek en my man doen dit saam (Respondent K) *Hou julle van die wyse waarop dit gedoen word of sal julle meer sê wil hê in die hantering van jul geldsake.* Dit is goed as my man dit hanteer dan weet hy waarnatoe die geld gaan en sê nie vir my ek gee te veel geld uit nie (Respondent Sa) As ek die geld hanteer gee ek dit net uit en hy spandeer nie so baie nie (Respondent G) Ja maar partykeer gee hy die geld op verkeerde goed uit (Respondent M) *Sal julle self hierdie begroting kan opstel of is dink julle julle is afhanklik van iemand om dit te doen?* Ons sal dit self kan doen nou dat ons weet hoe, want dit voel asof die geld wat inkom net verdwyn en ek weet glad nie waarnatoe nie (Respondent M, met beaming deur die ander) *Is daar enige iets wat julle inhibeer of keer om 'n begroting op te stel?* Nee (groepsantwoord). *Bespreking van die kostes betrokke by 'n huis asook wat 'n huislening, huurkoop, rekening met wentelkrediet en mikrolenings is ten opsigte van hul voordele, nadele asook die vereistes en verpligtinge wat by elkeen betrokke is. Hoe voel julle oor huurkoop?* Dis duur en jy kom nie uit die skuld uit as jy eers daar is nie (Respondent G) *Nou wat sal jy aanbeveel moet jy doen?* Nee wag eers tot jy dit kan betaal anders kos die ding dan dubbel so duur (Respondent G) *Wat dink julle en julle gemeenskap van mense wat mikrolenings aangaan?* Hulle gee meer uit as wat hul verdien. Maar watter beeld het julle van die mense, of steur julle julle nie aan hulle nie. Nee ek steur my nie aan hulle nie (Respondent S met beaming deur die ander) Nee dit is nie reg nie want daar word geld afgetrek wat hul niks van het nie. 'n Mens moet maar net vir hulle help.

#### BESINNING

*Wat dink julle van wat ons vanaand oor gepraat het?* Ja, dit was baie goed, want dit is goed om 'n manier te hê om jou geldsake te hanteer. Ek het altyd geweet daar is so iets soos 'n begroting maar ek het nooit geweet hoe om dit te doen nie, want die geld verdwyn net in ons huis (Respondent M) Dit is goed om so te praat oor dinge wat jou vashou, dit help om anders te kyk daarna (Respondent E) *Hou jul van die manier hoe dit aangebied is?* Ja, dit lekker dat jy nie hier is en jy daar nie en ons kan jou vertrou. Ek was al by ander kursusse wat die persoon net daar bo gestaan het en gepraat het en jy weet nie wat aangaan nie. Jy laat ons nie voel dat jy beter is as ons nie ons voel jy is op ons vlak en daarom kan ons so lekker praat en het ek die vrymoedigheid om te deel (Respondent M) Ja, ek praat nie maklik in 'n vergaderings as dit styf is nie, maar julle praat almal lekker saam daarom kan ek ook saam praat sonder om simpel te voel (Respondent Sa) *Sal julle wil aangaan om nog bymekaar te kom al is ek weg?* Ons sal baie graag elke Donderdag nog wil saam kom - ons sal meer bymekaar kom om te praat oor ons probleme dit laat ons baie beter voel. *Is daar iets wat julle nie van gehou het vanaand nie of iets wat julle nie verstaan nie?* Nee (groepsantwoord) *Wil enige van julle vir my nog iets sê oor hoe jul oor die kursus voel?* Deur hierdie kursus glo ek baie meer in my eie vermoë om iets aan te pak soos om my eie werk te begin ek het baie meer moed, dit voel nie meer vir my asof ek tog dit nooit gaan regkry nie (Respondent M - met beaming deur ander). Ek is ook meer bewus daarvan om te praat as ek 'n probleem het en ek aanvaar dit nie sommer meer nie (Respondent M). Ek sal ook praat as ek 'n probleem het en dit nie sommer los nie (Respondent E) My man wou ook nou die dag met my baklei maar ek het net rustig gebly toe raak hy ook 'n bietjie kalm (Respondent Sa)

## BEPLANNING

*Is daar iets wat jul nog sal wil doen of sal wil leer?* Nee (groepsantwoord) ek hou van dit wat ons doen (Respondent M) ek kan ook aan niks nog dink nie (Respondent Sa)

### Bylae 4.6: SESSIE 6

#### YSBREKER

*Wat ons vanaand as ysbreker gaan doen is om ons selfbeeld en vrese asook kultuur te vergelyk met beelde. Soos ons gaan sekere beelde identifiseer wat die beste beskryf hoe jy voel. Om dit vir julle 'n bietjie makliker te maak het ek vir julle 'n klomp artikels gebring wat jy kan gebruik om vir jou 'n idee te gee. Wie van julle kan beelde gee wat met die ek of met jou selfbeeld te doen het.* Ek sal sê die lewe voel soos 'n fiets, dit gaan so vinnig verby (Respondent E) Ek voel vanaand soos hierdie bond lap omdat die huislike omstandighede so wisselvallig is jy weet nie wat aangaan nie (Respondent M) Ek voel baie keer so klein en niks voor ander mense (Respondent Sa) *Soos met watter beeld vergelyk jy jouself?* Sy is soos die pop, klein (Respondent M) Kom ons noem sommer enige beelde van hoe 'n mens moontlik kan voel. Jy kan voel soos die ketting, jy word gelei deur ander. 'n Mens kan voel soos 'n boek, soos 'n mens blaai so gaan die lewe vinnig verby (Respondent S). 'n Mens kan voel soos die skoene 'n mens word net aangetrek en uitgeskop, eintlik beteken hy vir jou niks (Respondent M) en as hy op is word hy weggegooi en eers as jy weggegooi is besef jy jy het niks beteken nie. *Dit amper soos die swembroek jy word net gebruik sodat daar met jou gespog kan word maar verder is jy niks.* Ja en jy word net seisoentye gebruik, jy beteken net sekere tye iets (Respondent M) Ek voel baie keer soos die tandeborsel ek word net gebruik om iets skoon te maak (Respondent G) en die lepel jy is net goed genoeg om kos te maak verder is jy niks (Respondent M). Die vuurhoutjeboksie as hy leeg is word hy weggegooi en dink jy van hom niks (Respondent M) Skeermessie, jy voel seergemaak (Respondent G) Die brille, jy sien net skaduwees en die donker raak (Respondent Sa) Die tampons en grimering, jy is net goed genoeg om 'n vrou te wees (Respondent G), ja en kinders te kry (Respondent M) Die wekker - die tyd staan stil (Respondent S)

*Kom ons kyk gou na vrese.* Ek het die vrese as ek pille sien. *Hoe vergelyk jou vrese met pille.* My dogter het amper gesterf van pille soos as ek pille sien dink ek aan die dood. Die fiets, die lewe gaan te vinnig verby en jy bereik nie jou doel nie (Respondent M). Tang, jy kan mense seermaak met woorde (Respondent Sa) My kind vergelyk ek met die pop want hy praat nie en dit maak my bang, want ek weet nie wat in sy kop aangaan nie (Respondent K) *Ek kan ook 'n vrees hê om soos 'n fotoraampie te wees, ek is net geraam maar niemand sien my raak nie* Ek het 'n vrees vir 'n ketting, ek vergelyk dit met die tronk (Respondent J). Skeermessie, dat ek iemand sal seermaak (Respondent M) *Kan julle enige van hierdie beelde met kultuur vergelyk?* Kleredrag, mense wat jou so dophou of jy die regte klere aan het en wat jy aan het.

*Nou wil ek hê elkeen moet 'n beeld kry wat jou die beste beskryf by selfbeeld, vrese en ook kultuur.* Dan moet jy neerskryf hoe dit jou lewe negatief maak, daarna moet jy skryf waarnatoe sal dit lei as dit nie verander nie en laastens hoe kan jy dit verander. *Wie wil graag sy beeld met ons deel, niemand is verplig om te deel nie, ek wil net hê julle moet deel sodat ek weet julle verstaan dit en dink daaroor. Wil jul deel?* Ja ons moet so 'n bietjie deel (Respondent Sa) Nou toe Respondent Sa sê jounie (Respondent E) Nee jy kan sê dan leer ek bietjie by jou (Respondent Sa) Ek voel soos die tandeborsel ek moet altyd net die vuilwerk doen. As my man byvoorbeeld geld wil dan moet ek dit altyd doen want hy wil nie praat nie (Respondent Sa). *Laat dit jou negatief oor jouself voel?* Ja (Respondent Sa) *Waarnatoe lei dit?* Dat hy nooit dit doen en nooit leer om dit te doen nie en dit maak my net negatiewer. Ek wil ook 'n bietjie agteroor sit dat hy dit doen. Dit maak my magteloos en laat my voel dat ander mense my ook misbruik want ek is nie iemand wat praat nie (Respondent Sa). *Hoe dink jy kan jy dit verander?* Praat daaroor. *Nou hoekom doen jy dit nie?* Ek is bang ek maak mense seer (Respondent Sa) *Soos jy vergelyk jouself met 'n skeermessie en jy is ook bang om iemand seer te maak.* Ja ek voel so (Respondent Sa) *Wat dink julle kan sy daaraan doen?* Ek moet maar net kalm wees en praat (Respondent Sa) Ek kan getuig dat 'n mens moet praat en met die persoon deel hoe jy voel, ek moes vanoggend met iemand praat en ek het 'n bietjie leeg gemaak en ons het toe 'n oplossing gekry. Toe voel ek beter toe ek daar uitkom (Respondent E). *Dink jy jy sal dit in die toekoms kan verander?* Ja ek sal dit moet verander. *Wie wil nog 'n beeld met ons deel.* Ek voel soos 'n leiband ander lei my (Respondent S). *Hoe beïnvloed dit jou negatief?* Sê nou maar ek het my dag beplan en ek het werk dan kom mense na my toe en sê ons moet bv. dorp toe gaan. Dan is my hele dag omvergewerp maar ek kan nie nee sê nie (Respondent S). *Soos jou probleem is soortgelyk aan Respondent*

*Sa s'n jy het 'n vrees om soos 'n skeermessie te wees.* Ja, ek gaan van nou af nee sê op die regte manier (Respondent S). Ja maar partykeer as jy by die mans kom sê hul jy moet onderdanig wees, want in die Bybel staan dit so (Respondent M). Nee, 'n mens moet aan mekaar onderdanig wees (Respondent Sa) *Wie wil nog sy beeld met ons deel?* Ek voel soos Tampon, wat net goed genoeg is om vrou te wees en kinders te kry, huis skoon te maak en verder is hul vir my net 'n teleurstelling. *Hoe beïnvloed dit jou negatief?* Ek voel somer so teleurgesteld en teneurgedruk. Waarnatoe dink jy gaan dit lei? Partykeer voel dit vir my ek moet somer die man los en gaan. *Hoe dink julle kan sy dit verander?* Te gesels met hom (Respondent Sa) Bid (Respondent S) My man is so bang vir skel as ek begin skel loop hy. Skel help nie (Respondent S) Dit voel net vir my ek is niks nie (Respondent M) Dit is belangrik dat jy weet hoe hy ook voel en sê hoe jy ook voel (Respondent Sa). My probleem is dat ek onmiddelik iets moet oplos en ek weet as jy partykeer gaan slaap of bid dan voel jy ook somer beter (Respondent M). Daar is party mense wat so selfregverdigend is hulle luister nie vir jou nie, hy hoor jou maar hy hoor jou ook nie, dit maak nie saak wat jy sê nie hy bly net reg (Respondent Sa). Dan moet jy hom los want die fout lê by hom en nie by jou nie (Respondent M) *Julle moet nou by die huis hierdie oefening gaan doen en sê hoe beïnvloed dit jou negatief, waarnatoe gaan dit lei en hoe gaan jy dit verander.* *Hoe voel julle oor vanaand se ysbreker?* Dit kos nou net werk in myself (Respondent M) *Voel dit of jy deur hierdie ses weke enigsins verander het?* Ek het baie verander want ek wou baie keer net streng gewees het en omdat ek al een in die huis is wat werk het ek net gevoel hulle moet help so was ek gewees, toe besef ek ek kan so wees nie en het ek met my mense so 'n bietjie vertel hoe ek voel en wat ek van hul verwag (Respondent Sa).

#### IMPLEMENTERING

*Ons gaan vanaand weer praat oor dit wat verby is maar dit is belangrik sodat jul ook vir ander mense kan vertel wat graag huise wil bekom.* Ja, ek vertel vir ander mense wat ons doen daar gaan hoeka 'n vrou kom kyk hoe ek my huis verf, ek moet net eers 'n paar koeke verkoop om 'n potjie verf te koop (Respondent E). *Wie kwalifiseer vir behuisingsubsidie. Waarvoor word subsidies gebruik? Bespreking van verskillende tipes eiendomsregsopsies, verskillende wyses van koop. Bespreking van kontrakte in terme van wat jy moet doen voordat jy 'n kontrak teken en die tipes boukontrakte wat daar is, wat gevolg word met die volgende vraag. Wat sal jy doen as iemand jou verkul?* Kyk of ons dit nie kan uitpraat nie (Respondent M) Ek gaan somer direk na die prokureur toe (Respondent G) Ja, ek sal dit nie daar laat nie (Respondent Sa). *Bespreking van die verantwoordelikhede van die bouer en die huiseienaar.*

#### OBSERVERING EN BESINNING

*Waarvan het julle nie vanaand gehou nie?* Dit was amper 'n bietjie moeilik gewees (Respondent Sa). Maar uit die antwoorde wat ek gekry het kan ek nie dink dat moeilik was nie. *Het jy gestrem gevoel?* Dit was amper so (Respondent Sa). *Was dit nie uitdagend nie?* Dit was so (Respondent G, beaming deur ander) *Waarvan het julle gehou?* Dit was goed om ons probleme in terme van beelde te sien, dit maak dat ek anders daarna kyk (Respondent M) *Waarvan het jul nog van gehou?* Om so te praat (Respondent E) *Wat sou jul vanaand wou anders doen?* Nee, dit was reg (Respondent S) *Wat sal julle kan toepas?* Nou weet ons as ons volgende keer moet kontrakte opstel waarna ons moet kyk (Respondent M)

#### BEPLANNING

*Wat sal jul nog wil doen wat ons nie gedoen het nie?* Wanneer gaan ons oor die hantering van mans praat? (Respondent S) *Goed ons kan môre.* Jy moet miskien vir ons meer vir ons uitvind oor kontrakte met jou werkgever (Respondent Sa)

### Bylae 4.7: SESSIE 7

#### YSBREKER

*Die gebruik van 'n rolspel om 'n tipiese verhouding tussen 'n man en 'n vrou uit te beeld en wyses hoe dit gehanteer kan word. Wat dink julle van die man, van die wyse waarop hy opgetree het?* Hy is onbeskop (Respondent G) Baie mans tree so op (Respondent M) Hy dink net aan homself (Respondent Sa) *Wat dink julle van die vrou se optrede aan die begin?* Sy was toe net soos die man (Respondent S) Sy is omgekrap (Respondent E) *Het sy aan die begin reg opgetree?* Nee (groepsantwoord) *Wat dink julle van die gedeelte waar haar optrede verander het?* Sy is baie meer ordentlik (Respondent Sa) Sy het die kalm geneem (Respondent E) *Hoe word daar in julle huise opgetree?* Nee 'n mens baklei maar as jy dit glad nie meer



kan hou nie, maar dit is goed om dit kalm te neem (Respondent Sa) Respondent J hoe word dit in jou huis gedoen of hoe wil jy dit doen. Ek het baie probleme (Respondent J). *Wil jy graag praat daaroor?* Ja ek weet tog nie meer wat om te doen nie. Toe ek gisteraand by die huis kom toe is die man dronk en die hele huis is vol gemors. Hy het vir lank glad nie gedrink nie maar nou gaan dit weer erg. *Kom ons kyk na die oorsake wat so 'n probleem veroorsaak, maar ons kyk na hierdie probleem in die algemeen en nie na hierdie spesifieke geval nie. Wat dink julle is die oorsake?* Werkloosheid (Respondent S) *Hoekom sê jy so?* Dit maak 'n mens moedeloos en dan drink jy maar saam met die vriende (Respondent S) Vriende is 'n groot probleem, sonder hulle is hy homself maar as hy by hulle is dan drink hy maar vreeslik (Respondent G) Dit kan ook wees dat hy 'n introvert is en te skaam is om nee te sê as hulle drink (Respondent M) of 'n selfbeeldprobleem (Respondent Sa) en hy het dalk ook nie respek vir homself nie (Respondent M). Dalk soek hy aandag (Respondent K) As hy so drink gebruik hy al die geld op drank en bring nie geld huis toe nie (Respondent J) Soos swak geldbesteding is nog 'n probleem. *Kom ons neem nou elkeen en dan kyk ons of ons oplossings kan kry. Wat kan ons aan die werkloosheid doen?* Werk is baie skaars (Respondent S) Ons kan ons eie werk skep (Respondent M) *En aan te min aandag?* Jy kan hom 'n bietjie bederf (Respondent Sa) Ek het dit al probeer maar dit werk nie (Respondent J) Ja, sy is te 'n goeie vrou vir hom wat alles regdoen (Respondent M). *Nou wat stel julle voor moet sy doen?* Sy kan nie alles regdoen terwyl hy maak soos sy wil nie (Respondent M) Skei (Respondent S, met 'n laggie) ek dink sy moet ernstig met hom praat en vir hom presies sê hoe erg dit vir haar is (Respondent Sa) Ek kan nie met hom praat nie want hy is nooit in die huis nie. In die week is hy op die pad of anders kom hy laat saans in en gaan vroeg die oggend in (Respondent J). Ek dink jy moet een oggend saam met hom vroeg opstaan en dan vir hom sê jy sluit nie die deure oop voordat julle dit nie eers uitgepraat het nie, dis nodig dat hy weet hoe jy voel terwyl hy nugter is (Respondent Sa). *Wat dink julle moet 'n mens doen as iemand drink a.g.v. 'n swak selfbeeld.* Deur 'n slag vir die persoon te sê wat jy in hom waardeer en so vir hom te help om meer van homself te dink (Respondent M) *Dink julle dit sal werk?* Ja, maar dalk moet jy net vir hom wys dat jy hom aanvaar en dan aanvaar hy homself later (Respondent Sa) *Wat kan ons aan die vriende probleem maak?* Dit is 'n groot probleem, hulle beïnvloed mekaar so en dan wil hul nie uit wees bymekaar nie (Respondent G) *Wat dink julle kan ons daaraan doen?* Ek het op 'n tyd elke Vrydag as hul pay vir hom by die werk ingewag sodat hy nie saam met vriende gaan nie. Dan het ek voorgestel dat ons vir hom eers gaan wyn koop, maar hy was te skaam en so het dit begin dat hy naweke nie by die huis gedrink het nie en al hoe minder begin drink het. My kinders het eendag vir my man gevra toe hy nugter was hoekom drink hy so, daardie tyd het ons nie gepraat nie, maar ons het deur die kinders gepraat (Respondent Sa). Hy sê toe julle kan vir jul ma sê een van die dae gaan ek niks meer drink nie en hy het al hoe minder begin drink, want dit het hom skaam gemaak (Respondent K) Is daar nog iemand wat iets wil sê die probleem? 'n Mens moet maar net geduldig wees en nie onmiddelik probeer om die reg te maak nie (Respondent Sa) Ek is net bly my man drink nie, hy het ander foute maar hy drink nie (Respondent G) *Kom ons gaan gou terug na die rolspel, nou dat ons 'n geval bespreek het dink julle nog steeds 'n mens kan optree soos die vrou later opgetree het?* Ja dit is net baie moeilik want as hy so aangaan dan is ek nie lus om dit kalm uit te praat nie (Respondent S) *Wat kies julle om te doen?* Ek sal maar net aanhou probeer dalk kry ek dit reg om so op te tree, dit is tog net die beste vir jou kinders as jy en jou man nie so baklei nie (Respondent M) Ja, want dit is swak vir die kinders se ontwikkeling as die ouers so baklei (Respondent S) Dit sal 'n tydjie neem om so te word, maar as jy net aanhou probeer sal jy dit regkry (Respondent Sa) *Wat verhoed julle om so te wees?* Selfbeheersing (Respondent E) As ek moeg kry ek nie huisprobleme gehanteer nie (Respondent Sa) As niks meer werk en jy het al alles probeer (Respondent M) 'n Mens moet net moed hou (Respondent Sa)

#### IMPLEMENTERING

*Wat dink julle is die voordele daarvan om 'n huiseienaar te wees? Wat is die verantwoordelikhede van 'n huiseienaar? (Antwoorde word in die vorm van 'n mind map geskryf i.t.v. wat die verantwoordelikhede behels, voorbeelde hoe die verantwoordelikhede toegepas kan word.) Met die bespreking van hoe kan 'n buurvrouskap as 'n verantwoordelikheid is die volgende vraag gevra: Wat doen jy tans om 'n goeie buurvrou te wees?* Ek het 'n lieflike buurvrou ek kan vir haar enige iets gaan vra en as ons saam byvoorbeeld wasgoed ophang gesels ons altyd lekker. Sy sal ook altyd vir my instaan as daar 'n krisis is soos toe my dogter in die hospitaal was. Nee, ek het al baie probeer uitreik maar my buurvrou dink sy is beter as ander en ek is mos nie so nie, soos nou probeer ek maar net om my erf skoon te hou en die kinders van haar erf te hou sodat sy nie kan kla nie (Respondent Sa) Die mense langsaan ons kom ek goed mee oor die weg maar hulle speel net verskriklik hulle musiek, maar hulle luister darem as ek praat daaroor

(Respondent M). *Wat is die voordele daaraan gebonde om betrokke in die gemeenskap te wees?* As jy swaar kry sal hulle vir jou help (Respondent M) Dan weet 'n mens darem wat aangaan, ek weet hoeka niks wat aangaan nie (Respondent G), dit maak dat jy leer by ander (Respondent Sa) *Bespreking van hoe die verskillende simbole op die huisplan gelees moet word na aan leiding van 'n skets wat aan hulle voorgehou word.*

#### *BESINNING*

*Wat dink julle van wat ons vandag gedoen het?* Dit is goed om die verantwoordelikhede te hoor al het ons baie van dit geweet is dit goed om dit weer te hoor (Respondent M). *Sal julle dit kan toepas?* Ja (groepsantwoord) *Wat sal moeilik wees van dit wat jul gehoor het om toe te pas?* Nee ons moet net werk daaraan dan kan ons dit doen (Respondent Sa) *Waarvan het julle nog gehou van wat ons gedoen het?* Dit is goed om die rolspel te sien, dan sien ons hoe ons optree en hoe ons eintlik moet optree (Respondent M) *Waarvan het julle nie gehou nie of dink julle was onnodig om te leer?* Nee dit was reg so, ons hou van alles wat jy ons leer (Respondent E, met beaming deur die ander) *As julle hierdie kursus kon verander het wat sal julle anders doen?* Nee dit was reg so (Respondent M net beaming deur die ander) *Julle het sekere verwagtinge gehad vir hierdie kursus hoe het dit voldoen aan julle verwagtinge?* Nee ek was nie baie lus nie, maar het gedink ek sal maar kyk hoe dit lyk en die eerste week het ek sommer al gesien dit is baie lekker want ons leer iets (Respondent G) Ja, ek het ook gedink dit gaan styf wees want ek hou tog nie van 'n stywe besigheid nie (Respondent Sa). Dit voel regtig of ek verander het vandat ons die program het ek skel nie meer so nie ek is meer rustig ek kyk anderste na die lewe (Respondent G) Ek kan sien jy het verander (Respondent Sa met beaming deur die ander) Ek het regtig geleer dat probleme opgelos kan word en dat elke probleem 'n oorsaak en 'n oplossing het, anderste het dit vir my gevoel dit sal tog nooit verander nie (Respondent M). Ek het moed geskep (Respondent S) ja sommer bakke vol (Respondent E) *Sal julle graag wil aangaan om bymekaar te kom as ek weg is?* Ja ons kom klaar die eerste Donderdag van my by Katriena se huis bymekaar (Respondent Sa) *Wat gaan julle dan doen?* Ons gaan eers 'n vergadering hou waar ons 'n program gaan opstel oor wat ons gaan doen (Respondent M) Ja, ons gaan dan 'n bietjie praat oor ons probleme, maar ons gaan ook begin om saam werk te skep, dan kan ons vir die help wat glad nie 'n inkomste het nie (Respondent Sa)

## **Bylae 5**

### **Transformasie raamwerk**

**Uiteensetting van geïdentifiseerde betekenisskemas**

## Bylae 5.1: Sessie 1

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Sielkundige verdediging meganisme	Agressie Onderdrukking	<i>Hoe tree jy op as iemand met jou baklei in die huis?</i> Tree op/slaan/baklei terug Weghardloop	Respondent K Respondent G	Sessie 2 - ysbreker: konflikthantering Sessie 3 - rolspel
Selfkonsep	Negatief/aanvaar nie die self en ander nie  Negatiewe stereotipering Negatiewe etiketkoppeling	<i>Wat dink jul van mense wat in die klein huisies bly en in groot huise bly (huise geïllustreer deur middel van prente)</i> <i>Klein huise</i> Armoedig Onself Meegevoel <i>Groot huise</i> Ryk Hoogmoedig Voel niks vir hul nie Ag hul nie	Respondent E Respondent W Respondent M  Respondent B Respondent W Respondent K Respondent E	Sessie 2-opvolgvraag om spesifieke betekenis-skemas te identifiseer.  Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse
Inhibisies	Weerhouding en verhinderings deur strukture om doelwitte te bereik	<i>Vraag na aanleiding van gevallestudie deur 'n prent: Wat veroorsaak dat jul huise baie keer so lyk?</i> Nie lus Stres Huislike, huweliks- en drankprobleme Siekte	Respondent W Respondent G Respondent M Respondent G Respondent B Respondent G	In sessie aan hul die vraag gestel oor hoe hul dink hul elkeen sal oorkom Sessie 2 - ysbreker: probleem-analiserings Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse
Selfkonsep	Glo nie in die self en ander nie	In praktiese sessie geïnhibeerd gewees om op haar eie 'n keramiekbakkie te verf	Respondent F	Sessie 6 - ysbreker: metafoor analise
Inhibisies	Aanvaar van nuwe uitdagings	<i>Hoe voel jy daarvoor om iets te doen wat jy nog nooit voorheen gedoen het nie?</i> Opgewonde Niks verhinder ons nie Ek is glad nie bang nie	Respondent M Respondent B Respondent E	
Sosiale norme	Invloed van norme op gedrag	My man hoef nie die huis aan die kant te help maak nie - die ander verskil met haar	Respondent M	

Bylae 5.2: Sessie 2

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Behoeftes		<i>Aan watter behoeftes wat jy het voldoen jou huis?</i> Die behoefte om op my eie met my gesin te wees Slaap Eet Beskerming Ek voel ek het nou hierdie plekkie en ek wil werk om te behou	Respondent P Respondent B Respondent P Respondent M Respondent P	Sessie 3 - Vind verder uit watter behoeftes hul het  Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse
Ego-sentrisme  Selfkonsep Sielkundige verdedigings meganisme	Negatiewe groepstereotipering  Minderwaardigheidsgevoel Projeksie	<i>Hoe voel jy oor mense wat in beter huise as julle bly? Julle het laas keer gesê hul is hoogmoedig en jul ag hul nie.</i> Baie van hulle is hoogmoedig Hulle dink ons is agter by hulle Hulle gee vir ons geen ondersteuning nie. <i>Voel jul agter by hulle?</i> Hulle laat 'n mens so voel	Respondent M Respondent G  Respondent M  Respondent B	Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse   Sessie 6 - ysbreker: metafoor analise
Inhibisies	Beperking deur strukture	<i>Hoe lyk jul droomhuis?</i> Huis met twee slaapkamers, huis met meer privaatheid vir my en my man <i>Voel julle dat die tekort aan privaatheid jul onderdruk?</i> Ja <i>Hoe voel jul nog daaroor?</i> Ons moet die beste daarvan maak en 'n tuiste vir ons skep, die kinders soms wegstuur. Ons het self beheer oor die situasie.	Respondent B Respondent M  Groepsantwoord  Respondent M Respondent G  Respondent M	Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse
Lokus van kontrole	Gedrag bepaal nie omstandighede nie	<i>Voel jy dat jy meer betrek sou wou word met die behuisingsproses?</i> Ja <i>Kon jy self iets daaraan doen?</i> Nee, ons kom nie so baie bymekaar nie. Die mense aan die spit van sake kon iets gedoen het.	Groepsantwoord  Respondent M	Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse
Kulturele verwagtinge	Probleem om by huidige sosiale konteks aan te pas	<i>Hoe voel jul oor die gemeenskap waarin jul bly?</i> Sommige keer staan hul nie saam nie.	Respondent G	Sessie 6 - ysbreker: metafoor analise

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Behoeftes  Inhibisies	Vryheid  Weerhouding en onderdrukking deur gemeenskap	<i>Voel dit of jul dieselfde idees en belangstellings as jul gemeenskap het?</i> Nee, ons voel baie verskillend <i>Gee die gemeenskap jul ruimte om te wees wie jul wil wees?</i> Ons eie gemeenskap maak ons bang om uit ons huise te kom a.g.v. misdaad. <i>Voel jul dus onderdruk deur jul gemeenskap?</i> Ja	Respondent E Respondent B Respondent M  Respondent P  Groepsantwoord	Sessie 6 - ysbreker: metafoor analise  Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse
Gebruik van kennis	Fokus net op spesifieke konsepte	<i>Manier waarop reageer oor die wyse waarop die plaaslike regering hul hanteer:</i> Hul verneuk ons definitief met munisipaliteitsrekeninge Dit lyk asof hul die geld terugkry van die huise wat ons gratis gekry het deur ons rekeninge hoog te maak	Respondent G  Respondent K	Sessie 3 - verdere ondersoek na die wyses waar gefokus word op konsepte
Inhibisies	Nie beperk deur strukture of mense om doelwitte te bereik nie  Glo in die self	<i>Sal jy jou eie werk skep?</i> Ons sal dit kan doen. <i>Julle dink nie a.g.v. die tipe mense wat julle is dat julle dit nie sal kan doen nie?</i> Ons sal sommer wonderlike mense wees	Respondent M  Respondent B	
Selfkonsep	Empaties	<i>Hoe voel julle oor mense wat nie in huise bly nie?</i> Voel jammer vir hulle Sal diegene wat regtig huise wil hê help	Respondent B Respondent E	
Selfkonsep Inhibisies	Glo in die self Nie beperk deur strukture of mense om doelwitte te bereik nie	<i>Beperk iets julle om julle drome te bereik?</i> As jy aan 'n ding werk is niks onmoontlik nie	Respondent G	
Selfkonsep	Postiewe ingesteldheid	<i>Is julle tevrede met julle huise?</i> Ja, ons kon dit ook nie gehad het nie, om in dit te bly is 'n voorreg	Respondent M	

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Lokus van kontrole	Beheer eie omstandighede	<i>Hoe voel julle oor julle droomhuise?</i> Die regering het vir ons die huise gegee, daarom moet ons die beste daarvan maak <i>Sal julle die drome kan uitvoer?</i> Ja, met die hulp van die Here	Respondent M  Respondent M, met beaming deur die groep	
Lokus van kontrole	Glo dat eie gedrag omstandighede bepaal	<i>Hoe voel julle oor die verantwoordelikhede?</i> Ek voel om die verantwoordelikhede na te kom sodat ek my huis kan behou	Respondent P, met beaming deur die groep	
Lokus van kontrole	Beheer eie omstandighede	<i>Sal jy hoe die situasie nou is self kan verander of self kan reël?</i> Ons sal kan werk daaraan	Respondent G	
Lokus van kontrole	Beheer fisiese opset	<i>Voel dit of jy 'n verskil kan maak in die lewe?</i> Ja, jy moet net by jouself begin, 'n mens kan nie 'n verskil maak as jy gedurig by iemand anders begin nie	Respondent G  Respondent M	

### Bylae 5.3 Sessie 3

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Behoeftes	Self-aktualisering Ontvang nie liefde Lief vir jouself	<i>Voel jy jy kan jou volle potensiaal bereik en ten volle ontwikkel in jou huis?</i> Nee, ons is nog nie daar nie <i>Voel jy die huis is die plek waar jy kan liefde kry?</i> Nee <i>Voel jy die huis is die plek waar jy lief is vir jouself?</i> Ja <i>Is dit die plek waar jy jouself kan uitleef?</i>	Respondent B  Respondent G Respondent B  Respondent J	Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse
Lokus van kontrole	Vryheid Gedrag bepaal omstandighede	Ja Jy is self in beheer van dit	Respondent G Respondent J	

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Sosialisering Inhibisies Lokus van kontrole	Beperk deur sosiale reëls Beperk deur mense om doelwitte te bereik Bewus daarvan dat gedrag omstandighede bepaal	<i>Hoe voel jy oor betrokke wees in jou gemeenskap?</i> Jy kan nie te veel betrokke wees nie en as jy goed praat hou mense dit teen jou Jy kan deur te praat 'n verskil maak	Respondent B Respondent M	Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse
Lokus van kontrole Gebruik van kennis Taalkodes wat verband hou met interaksie	Beheer deur buite omstandighede Fokus net op spesifieke konsepte Blootstelling deur interaksie met mekaar	<i>Hoe voel jy oor beloftes wat verkiesingstye gemaak word?</i> Ons het dit geglo en is ingelooop Ons glo niemand meer nie die regering is tog so korrup	Respondent G Respondent M	Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse Sessie 4 - ysbreker: gevallestudie en rolspel
Etnosentris-me	Negatiewe seksuele stereotipering	<i>Wat dink jul van vrouens wat raadslede is?</i> Glo nie dis 'n vrou se plek nie Daar moet iemand wees wat vir vrouens opstaan	Respondent G, beaming deur groep Respondent M	Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse Sessie 7 - ysbreker: rolspel
Inhibisies Vrese	Beperk deur sosiale reëls	<i>Het julle enige vrese om te stem of jul sê te sê in die publiek?</i> Nie om te stem nie, maar om ons standpunt in die publiek uit te lig Ons mans hou nie daarvan nie <i>Voel julle onderdruk om iets te sê?</i> As ons mans so teen dit is	Respondent M  Respondent M	Sessie 5 - ysbreker: Analise van kritiese gebeurtenisse  Sessie 6: Ysbreker: metafooranalise
Etnosentris-me	Negatiewe seksuele stereotipering	Mans drink	Algemene groepopmerking	Sessie 4 - gevallestudie en rolspel Sessie 7- rolspel
Selfkonsep	Negatiewe ingesteldheid	Negatief oor die situasie waarin hul hulself in hul huise bevind	Respondent B Respondent M Respondent J Respondent S	Sessie 6 - ysbreker: metafoor analise Sessie 4 - gevallestudie en rolspel
Inhibisies	Weerhouding deur strukture en persone om doelwitte te bereik	Noem voorbeelde van redes hoekom hul nog nie sekere doelwitte of oplossings bereik het bv. nie geld nie, my man laat my nie toe nie		Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse



Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Selfkonsep Etnosentrisme	Empaties Nie – groep stereotipering	<i>Kyk julle neer op mense wat in plakkershuise woon?</i> Nee, eerder help <i>Is daar enige mense waarop julle neerkyk?</i> Nee	Groepsantwoord  Respondent G	
Selfkonsep	Positiewe ingesteldheid	<i>Hoe dink julle gaan julle julle volle potensiaal bereik?</i> Ek sal die beste maak van wat ek het Parykeer sien 'n mens nie dat jyself ook 'n probleem het nie en foute maak	Respondent M	
Inhibisies	Weerhouding deur strukture om iets te doen	<i>Is daar iets wat julle weerhou om dit te doen?</i> Nee, elkeen moet net doen wat hy kan doen Ek kan nie kos maak nie, maar wel naaldwerk	Respondent M	
Lokus van kontrole	Beheer eie omstandighede	<i>Hoe voel jy daaroor om met iemand te praat as jy 'n probleem het?</i> Ons sal gaan praat	Groepsantwoord	
Lokus van kontrole	Beheer eie omstandighede	<i>Voel jy of jou stem in verkiesings 'n verskil maak?</i> Ja, dit sal, want daar is baie mense wat ons nie daar wil hê nie en ons kan dit verhoed	Respondent M Respondent S	

#### Bylae 5.4: Sessie 4

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Sosialisering  Vrees       Selfkonsep	Beperkte interaksie Vrees uitdagings en mislukkings    Minderwaardig teenoor ander	<i>Sal jy by enige persoon in die dorp gaan kuier?</i> Nee, nie eintlik kuier nie jy moet dalk eers kennis maak, jy ken dalk nie die mense nie Almal het nie dieselfde maniere nie Ons sal nie deur alle groepe aanvaar word nie Net nou is daardie persoon lelik met jou <i>Dink jy die fout lê by jou of by die ander persoon?</i> Dit lê by jouself, jy dink as die persoon sien hoe jy lyk sal hy nie met jou wil kuier nie.	Respondent E  Respondent B Respondent M  Respondent B  Respondent E Respondent B	Sessie 5 - ysbreker: analise van kritiese gebeurtenisse Sessie 6 - ysbreker: metafooranalise
Sielkundige verdedigings meganisme	Projeksie	<i>Wat sal jy doen as 'n toeris sê jul dorp is vuil?</i> Vloek Ek sal skel	Respondent K Respondent G	'n Direkte bespreking word gedoen oor hoe daar opgetree

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
		<p>Wat kom soek jy hier?</p> <p><i>Sal julle skuldig voel?</i> Ja, dit is hoekom ek gaan kwaad word. Ek gaan my humeur verloor omdat ek skuldig voel.</p> <p><i>Sal jy iets daaraan doen</i> Baie sal sê dis nie ons werk nie. Dit sal help as jy optel soos jy verby loop.</p> <p><i>Na 'n lang gesprek daaroor:</i> As die munisipaliteit nie iets daaraan doen nie sal ek in aksie oorgaan en self die vullis optel</p>	<p>Respondent K</p> <p>Respondent M Respondent G</p> <p>Respondent M</p> <p>Respondent B</p> <p>Respondent G Respondent E Respondent J</p>	<p>moet word en hul verwys self terug na sessie 2 waar die regte optrede bespreek is.</p>
Lokus van kontrole	Neem self beheer	<p><i>Wat gaan jul daaraan doen as jul vullis nie verwyder word nie?</i> Dit self doen</p>	Groepsantwoord	
Die gebruik van kennis	Fokus nie net op spesifieke konsepte nie	<p>Ek wil net weet ons het nie dreine nie maar ons betaal nog altyd vir rioolverwydering. <i>Wat gaan jy daaraan doen?</i> Sy moet maar munisipaliteit toe gaan. Hulle sal sê die toilet is binne gesit, jy moet nou maar kyk wat jy kan doen. <i>Dink jy so?</i> Soos jy gaan nie die probeem oplos nie? Sy moet na die munisipaliteit toe gaan. Daar is 'n rede, want ons riool moet verwerk word. Ons betaal vir die riool omdat ons riool na die Jakkalskop gaan en daar seker verwerk moet word.</p> <p>Ek het 'n probleem dat my krag trip as ek te veel goed aan het en die ander mense sin maak nie so nie. Ek sal maar vir Eskom gaan sien.</p>	<p>Respondent M</p> <p>Respondent B</p> <p>Respondent G</p> <p>Respondent E Respondent B Respondent E Respondent M</p> <p>Respondent M</p>	

**Bylae 5.5: Sessie 5**

<b>Betekenis-perspektief</b>	<b>Betekenis-skema</b>	<b>Wat gevra Wat geantwoord</b>	<b>Deur wie gesê</b>	<b>Hoe aangespreek</b>
Selfkonsep	Skuldgevoelens Soek goedkeuring van ander Glo nie in die self nie Minderwaardig	<i>Ysbreker: Wat beperk julle Skuldgevoelens Selfbewustheid oor ons kleredrag Mense wat neerkyk op ons sonder dat hul weet wie ons is</i>	Respondent K Respondent M  Respondent B	Sessie 6 - ysbreker: metafoor analise
Vrees	Vrees vir mislukking/dat ander jou gaan afkeur.	<i>Ysbreker: Water vrese beperk julle om deel te neem? Vrees dat ons nie die regte klere aan het nie.</i>	Groepsantwoord	Sessie 6- ysbreker: metafoor analise
Etnosentris-me	Seksuele stereotipering Selektiewe persepsies	<i>Ysbreker: Mans laat ons nie toe om sekere besluite te neem nie, is jaloers op ons en verplig ons om sekere werk soos strykwerk te doen.</i>	Respondent J Respondent G Respondent B Respondent M	Sessie 7 - ysbreker: rolspel
Sosiale norme  Etnosen-trisme	Persepsies gegrond op norme Seksuele stereotipering	<i>Wie hanteer jul geldsake Mans Ons albei Ek self</i>	Die meeste Respondent K Respondent E	
Lokus van kontrole	Neem self beheer	<i>Wat kan jy daaraan doen as mense op jou neerkyk, dink julle die fout lê altyd by iemand anders? Nee, ons kan self iets daaraan doen. Hoekom sê jy so? Nee, want as ek gaan verander teenoor die persoon soos ordentlik wees gaan hul dalk meer so met ons ook wees.  Wat kan ons daaraan doen as beloftes gemaak word maar nie nagekom word nie? Deur te eis dat dit nagekom word. Ons moet uitvind wat die waarheid is.</i>	Respondent B  Respondent B  Respondent G Respondent M	
Selfkonsep	Glo in die self	<i>Dink julle julle sal self 'n begroting kan opstel of is julle afhanklik van iemand om dit te doen? Ons sal dit self kan doen, want dit voel of die geld wat inkom net verdwyn.</i>	Respondent M, met beaming deur die ander.	

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Gebruik van kennis	Bevraagteken bronne waarvan kennis kom	Ek is meer bewus daarvan om te praat as ek 'n probleem het en en aanvaar dit nie sommer net meer nie.	Respondent M	
Selfkonsep Kulturele verwagtinge	Nie meerwaardig teenoor ander nie, eerder simpaties	<i>Wat dink julle en julle gemeenskap van mense wat van mikrolenings gebruik maak?</i> Ek steur my nie aan hulle nie. Dit is nie reg nie. 'n Mens moet maar net help	Respondent S Respondent B	

**Bylae 5.6: Sessie 6**

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Sielkundige verdedigings meganisme		Ek moes vanoggend praat en ek het 'n bietjie leeggemaak en ons het 'n oplossing gekry.	Respondent E	
Sielkundige verdedigings meganisme		Ek het baie verander, want ek wou baie keer net streng gewees het en omdat ek al een in die huis is wat werk het ek net gevoel hulle moet help. Toe beseft ek ek kan nie so wees nie en ek het my mense vertel hoe ek voel en wat ek van hulle verwag.	Respondent B	
Taalkodes wat met kommunikasie verband hou	Nie beperkte vermoë om probleme op te los nie.	<i>Wat sal jy doen as iemand jou verkul in 'n kontrak?</i> Dit uitpraat Ek sal na die prokureur gaan Ek sal dit nie daar laat nie.	Respondent M Respondent G Respondent B	
Selfkonsep	Glo in die self	Met die praktiese ervaring naamlik die verf van materiaal neem die wat onvrymoedig was om deel te neem met selfvertroue deel sonder om ander vir hulp te vra.		

Bylae 5.7: Sessie 7

Betekenis-perspektief	Betekenis-skema	Wat gevra Wat geantwoord	Deur wie gesê	Hoe aangespreek
Sosialisering	Nie beperk deur sosiale reëls vir interaksie nie en oorkoming van die wat wel voorkom	<p><i>Wat doen julle om 'n goeie buurvrou te wees?</i></p> <p>Ek het 'n lieflike buurvrou ek kan vir haar enige iets gaan vra</p> <p>Ek het al baie probeer uitreik maar my buurvrou dink sy is beter as ander en ek is mos nie so nie, nou probeer ek net my erf skoonhou sodat sy nie kla nie</p> <p>Die mense langsaan ons kom ek goed mee oor die weg, hulle speel net hulle musiek hard maar luister darem as ek praat</p>	<p>Respondent E</p> <p>Respondent B</p> <p>Respondent M</p>	
Sosialisering	Interaktief	<p><i>Wat is die voordeel daarvan om betrokke in die gemeenskap te wees?</i></p> <p>As jy swaarkry sal hulle jou help</p> <p>Dan weet 'n mens darem wat aangaan, ek weet hoeka niks wat aangaan nie</p> <p>Dit maak dat jy by ander leer</p>	<p>Respondent M</p> <p>Respondent G</p> <p>Respondent B</p>	
		Dit voel regtig of ek verander het vandat ons hierdie program het en ek skel nie meer so erg nie ek is meer rustig en kyk anderste na die lewe	Respondent G	
		Ek het geleer dat probleme opgelos kan word en elke probleem 'n oplossing het, anderste het dit vir my gevoel dit sal tog nooit verander nie	Respondent M	
		Ek het moed geskep Sommer bakke vol	Respondent B	

## **Bylae 6**

### **Vraelyste**

**6.1) Demografiese vraelys**

**6.2) Dendogram van kennisvraelys**

**6.3) Kennisvraelys**

**6.4) Memorandum van kennisvraelys**

**6.5) Bemagtigingsvraelys**

**Bylae 6.1 Demografiese vraelys**

DEMOGRAFIESE VRAELYS			
Naam			
Ouderdom in jare			
Opvoedkundige vlak			
Werkstatus	Werk		Werk nie
Huwelikstatus	Getroud		Ongetroud
Getal kinders			

## Bylae 6.2 Dendogram van kennisvraelys

Die dendogram bestaan uit drie vlakke waarvan die eerste vlak die hoofemas is, die tweede vlak die belangrike konsepte betrokke en die derde vlak die vrae wat gestel is.

<b>BEHUISINGSGELETTERDHEIDSPROGRAM</b>						
<b>Lewens-kwaliteit</b>	<b>Beleid &amp; prosess</b>	<b>Rolspelers &amp; fases</b>	<b>Werkskopping</b>	<b>Plaaslike omgewing</b>	<b>Stedelike ontwikkeling</b>	<b>Voorsien van infrastrukture</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Tuiste</li> <li>• Skuiling</li> <li>• Gesonde leef-omgewing</li> <li>• Sekuriteit</li> <li>• Tipes huise</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wetgewing</li> <li>• Behuisingsbeleid</li> <li>• Produk en proses</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rolspelers betrokke</li> <li>• Fases betrokke</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verband tussen werkskopping en behuising</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Definisies</li> <li>• Funksies</li> <li>• Betalings</li> <li>• Masakane</li> <li>• Verhouding tussen plaaslike Regering en huiseienaars</li> <li>• Kies van raadslede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Huisvorme</li> <li>• Praktiese implikasies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rol van Regering</li> <li>• Diensooreenkoms</li> <li>• Vlakke van dienste</li> <li>• Tipes dienste</li> </ul>
<p>Wat sien jy as die belangrikste redes waarom ons in huise moet bly?</p>	<p>Verduidelik al die stappe wat deurgegaan moet word met die voorsiening van jou huis</p>	<p>Wie is almal betrokke by die hele proses waarin huise voorsien word?</p>	<p>Wat se werksgeleenthede kan jy vir jousef skep by hierdie behuisingsprojek</p>	<p>Wat is Mashakane</p>	<p>Wat is die drie redes waarom huise nie op enige tipe grond gebou kan word nie?</p>	<p>Watter dienste kry die huiseenaar alles by die munisipaliteit?</p>



## BEHUISINGSGELETTERDHEIDSPROGRAM

Finansiële aspekte	Wetlike en administratiewe prosesse	Kapitaalsubsidies	Tegniese aspekte	Huseienaarskap-regte en verantwoordelikhede	Gemeenskaps-deelname
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesinsbegroting</li> <li>• Koste betrokke by die huis</li> <li>• Huuraankoop</li> <li>• Rekening met wentelkrediet</li> <li>• Huislenings</li> <li>• Mikro-lenings</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Eienaarsopsies</li> <li>• Wyses van koop</li> <li>• Kontrakte</li> <li>• Verantwoordelikhede van eienaar en bouer</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskrywing van kapitaalsubsidies</li> <li>• Toediening van subsidies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Argitek tekeninge</li> <li>• Simbole aangaande die huisplan</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voordele van huseienaarskap</li> <li>• Verantwoordelikhede van die huseienaar</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voordele van gemeenskaps-deelneme</li> <li>• Gemeenskaps-bemagtiging as deel van die behuisingsproses</li> <li>• Gemeenskaps-opvoeding</li> </ul>
<p>Waar kan jy orals geld leen om 'n huis te bou, te koop of om aan te bou?</p>	<p>Waarna moet jy oplet voordat jy kontrak teken?</p>	<p>Wie kwalifiseer almal vir 'n behuisingssubsidie</p>	<p>Identifiseer die volgende simbole op die huisplan</p>	<p>Aan watter drie verantwoordelikhede van 'n huseienaar kan jy dink?</p>	<p>Wat is die voordele daarvan om betrokke in die gemeenskap te wees?</p>

## Bylae 6.3 Kennisvraelys

### Behuisingsvraelys

1. Wat sien jy as die drie belangrikste redes waarom ons in huise moet bly?  

---

---

---
2. Verduidelik al die stappe wat deurgegaan moet word met die voorsiening van jou huis?  

---

---

---
3. Wie is almal betrokke by die hele proses waarin huise voorsien word?  

---

---
4. Wat is Mashakane?  

---

---

---
5. Op wat se tipe grond kan huise nie gebou word nie?  

---

---

---
6. Watter drie dienste kry die huiseienaar alles by die munisipaliteit?  

---

---

---
7. Waar kan jy orals geld leen om 'n huis te bou, te koop of om aan te bou?  

---

---

8. Wat se werkseleentede kan jy vir jousef skep by hierdie behuisingsprojek (HOP-huise)?

---

---

---

9. Waarna moet jy oplet voordat jy 'n kontrak teken?

---

---

10. Wie kwalifiseer almal vir 'n behuisingsubsidie?

---

---


11. Aan watter drie verantwoordelikhede van 'n huiseienaar kan jy dink?

---

---

---

12. Identifiseer die volgende simbole op die huisplan?



a) \_\_\_\_\_  
b) \_\_\_\_\_

13. Wat is die voordele daarvan om betrokke in die gemeenskap te wees?

---

---

---

## **Bylae 6.4: MEMORANDUM VAN KENNISVRAELYS**

1. - Bied skooling teen natuurelemente
  - Bied sekuriteit, veiligheid en beskerming
  - Kan tot 'n gesonde lewensomgewing bydra
  - Dien as tuiste waar privaatheid en die vryheid van keuses gebied word en waar individue die gevoel van behoort kry, trots op kan wees en waar hul op hul gemak kan voel(3)
  
2. - Kapitaal moet beskikbaar gestel word
  - Beskikbare grond moet gekry word
  - Grond moet ontwikkel word
  - Munisipale dienste soos paaie, water, sanitasie moet beskikbaar gestel word
  - Die gemeenskap moet georganiseer en betrokke gekry word
  - Huisstrukture moet opgerig word(3)
  
3. - Huiseienaars
  - Gemeenskap
  - Nasionale en plaaslike Regering
  - Privaatsektor (ontwikkelaars, tegniese persone, konstruksie industrie, finansiele instellings, regsgeleerdes en aktebesorger, ontwikkelingsagente)(3)
  
4. Dit is 'n beweging wat se doelwit is om 'n stabiele omgewing te skep deurdat daar wet en orde is en elkeen vir sy eie dienste betaal. "Kom ons bou saam"
(2)  
5. - Vloedwaters
  - Veiligheid van die gebied
  - Dolomitiese toestande
  - Sanderige grond
  - Erg skuinstes(3)

6. - Paaie
  - Watervoorsiening,
  - Sanitasie
  - Vullisverwydering,
  - Elektrisiteit
  - Brandbestryding, ambulans, begrafplaas (3)
7. - Banke
  - Mikrolenings - nie-bank leners en kontantleners (“cash loans”) (2)
8. - Die verf van ander se huise
  - Die lewering van tuindienste
  - Die verskaffing van artikels vir die huis soos geverfde kussing, planthouers, fotorame, ens.
9. - Of jy alles verstaan wat in die kontrak staan
  - Of jy saamstem met alles wat daarin staan (2)
10. - Suid-Afrikaans burgers wat ouer as 21 is en permanente verblyfpermitte het
  - Getroude persone of ’n man en vrou wat oor ’n lang periode saam woon
  - Enkel persone met kinders
  - Persone wat nog nooit voorheen ’n huis besit het nie
  - Enige huishouding met ’n inkomste van minder as R800 per maand (3)
11. - Betaling van dienste
  - Die instandhouding van die huis
  - Die verbetering van die huis
  - Om ’n deelnemende gemeenskaplid en ’n goeie buurvrou te wees (3)
12. (a) deur
- (b) venster (2)
13. - Dit sal bydra tot die verhoogde tevredenheid met huise en
  - dra by tot die vorming van gemeenskapsbande (2)

Totaal: (34)

ID Number

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

STRONGLY AGREE / STEM BESLIS SAAM

AGREE / STEM SAAM

DISAGREE / VERSKIL

STRONGLY DISAGREE / VERSKIL BESLIS

PLEASE READ EACH OF THE FOLLOWING STATEMENTS AND MARK IN THE BLOCK WHETHER YOU STRONGLY AGREE, AGREE, DISAGREE OR STRONGLY DISAGREE. WE ARE INTERESTED IN HOW YOU FEEL AND THERE IS NO RIGHT OR WRONG ANSWER.

LEES ASSEBLIEF ELK VAN DIE VOLGENDE STELLINGS EN DUI AAN OF JY BESLIS SAAMSTEM, SAAMSTEM, VERSKIL OF BESLIS VERSKIL, DEUR DIE BETROKKE BLOKKIE IN TE KLEUR. ONS STEL BELANG IN HOE JY VOEL EN DAAR IS GEEN REGTE OF VERKEERDE ANTWOORDE NIE.

=====

- |  |  |  |  |  |
|--|--|--|--|--|
| 1. The good things in life are passing me by.<br>Die goeie dinge in die lewe is besig om by my verby te gaan.              |  |  |  |  |
| 2. When I see a new opportunity, I go for it without hesitation<br>As ek 'n nuwe geleentheid raaksien, gryp ek dit aan.    |  |  |  |  |
| 3. I find it difficult to adapt to change.<br>Dit is vir my moeilik om by verandering aan te pas.                          |  |  |  |  |
| 4. If I am successful, it will only be due to luck.<br>As ek ooit suksesvol is, sal dit toegeskryf kan word aan geluk.     |  |  |  |  |
| 5. If I feel unhappy, I would work to change the situation<br>Ek sal werk om dinge te verander as ek ongelukkig is         |  |  |  |  |
| 6. My work efforts are unsuccessful.<br>Ek is onsuksesvol in my werks pogings.   |  |  |  |  |
| 7. I feel as if my attempts end in failure.<br>Dit voel vir my asof my pogings misluk.                                     |  |  |  |  |
| 8. Even though I try, I feel unsuccessful.<br>Al probeer ek hoe hard, ek voel steeds onsuksesvol.                          |  |  |  |  |
| 9. I have little control over what happens in my life.<br>Ek het min beheer oor wat in my lewe gebeur.                     |  |  |  |  |
| 10. My future is in my own hands.<br>My toekoms is in my eie hande.  |  |  |  |  |
| 11. I find it difficult to carry out plans that I make.<br>Dit is vir my moeilik om planne wat ek gemaak het, uit te voer. |  |  |  |  |
| 12. I feel useless if people treat me badly.<br>Ek voel nutteloos as mense my sleg behandel.                               |  |  |  |  |
| 13. I feel humiliated if people find fault with me.<br>Ek voel verneder as mense fout vind met my.                         |  |  |  |  |
| 14. People mess me around.<br>Mense mors met my.   |  |  |  |  |
| 15. I feel unsure of myself.<br>Ek voel onseker van myself.  |  |  |  |  |

Kopiereg: RM Albertyn. Universiteit van Stellenbosch. 2000

Sel: 0829266899

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

STRONGLY AGREE / STEM BESLIS SAAM

AGREE / STEM SAAM

DISAGREE / VERSKIL

STRONGLY DISAGREE / VERSKIL BESLIS

16. I am dissatisfied with myself. Ek is ontevrede met myself.					
17. I feel tense when I am with strangers. Ek voel gespanne by vreemdelinge.					
18. My moodiness influences my work. My buierigheid beïnvloed my werk.					
19. I feel as if nothing will ever change in my life. Dit voel asof niks ooit in my lewe sal verander nie.					
20. I am dissatisfied with my body. Ek is ontevrede met my liggaam.					
21. I find it hard to be disciplined in regard to my health. Dit is vir my moeilik om gedissiplineerd te wees ten opsigte van my gesondheid.					
22. It is difficult for me to take the lead in a group. Dit is vir my moeilik om leiding te neem in 'n groep.					
23. I prefer to be told what to do. Ek verkies dit as aan my gesê word wat om te doen.					
24. I am a good worker. Ek 'n goeie werker.					
25. I am making little progress in life. Ek maak min vordering in die lewe.					
26. I find it difficult to cope when there are conflicting demands in my home and in the community. Ek sukkel om te veel eise in my huis en in die gemeenskap te hanteer.					
27. I find it hard to cope with life's problems. Dit is vir my moeilik om die probleme van die lewe te hanteer.					
28. It is difficult for me to organise it if there is someone I would like to meet. As daar iemand is wat ek graag wil ontmoet, is dit vir my moeilik om dit te reël.					
29. I plan my own future. Ek beplan my eie toekoms.					
30. If things go wrong I think I am to blame. Ek voel ek is die skuldige as dinge verkeerd loop.					

1	2	3	4	5
6	7	8	9	10
11	12	13	14	15
16	17	18	19	20
21	22	23	24	25
26	27	28	29	30
31	32	33	34	35
36	37	38	39	40
41	42	43	44	45
46	47	48	49	50
51	52	53	54	55
56	57	58	59	60
61	62	63	64	65
66	67	68	69	70
71	72	73	74	75
76	77	78	79	80
81	82	83	84	85
86	87	88	89	90
91	92	93	94	95
96	97	98	99	100

STRONGLY AGREE / STEM BESLIS SAAM

AGREE / STEM SAAM

DISAGREE / VERSKIL

STRONGLY DISAGREE / VERSKIL BESLIS

31. The money I earn seems to disappear. Dit voel asof die geld wat ek verdien sommer net verdwyn.				
32. I am unaware of exactly what I spend my money on each month. Ek is onseker waarop ek my geld elke maand bestee.				
33. I think I'll be stuck in these current circumstances for the rest of my life. Ek dink dat ek vir die res van my lewe in my huidige omstandighede vasgevang sal wees.				
34. I discuss important issues with other people in my community. Ek bespreek belangrike kwessies met ander mense in my gemeenskap.				
35. I am uninvolved in what goes on in my community. Ek is onbetrokke by dit wat aangaan in my gemeenskap.				
36. If someone in my community is suffering, the community will support him/her. As iemand in my gemeenskap swaarkry, sal die gemeenskap hom/haar ondersteun.				
37. I believe in supporting the people in my community. Ek glo daarin om die mense in my gemeenskap, te ondersteun.				
38. I have little in common with the people in my community. Ek het min in gemeen met die mense in my gemeenskap.				
39. My friends are unaware of my abilities. My vriende is onbewus van my vermoëns.				
40. I am scared to make my needs known. Ek is bang om my behoeftes bekend te maak.				
41. It is hard to mix with other people on different levels of society. Dit is moeilik om met mense op verskillende vlakke te meng.				
42. Not much is achieved when groups in my community try and work together. Min word bereik as groepe in my gemeenskap probeer saamwerk.				
43. The members of my immediate family find it hard to work together to achieve their goals. My gesinslede vind dit moeilik om saam te werk om hulle doelstellings te bereik.				
44. I enjoy working with other people to improve things in my community. Ek werk graag saam met ander mense om dinge in my gemeenskap te verbeter.				
45. I am afraid to speak out about things that bother me. Ek is bang om te praat oor dinge wat my pla.				



STRONGLY AGREE / STEM BESLIS SAAM

AGREE / STEM SAAM

DISAGREE / VERSKIL

STRONGLY DISAGREE / VERSKIL BESLIS

46. I have difficulty solving my family's problems.  
Ek vind dit moeilik om my gesin se probleme op te los.

47. Most of my problems I can do nothing about.  
Aan die meeste van my probleme kan ek niks doen nie.

48. I find it difficult to make decisions.  
Dit is vir my moeilik om besluite te neem.

49. I am uninterested in political issues in the country.  
Ek toon geen belangstelling in die politieke sake  
in ons land nie.

50. I leave the political and social problems to the  
politicians to solve.  
Ek los die politieke en sosiale probleme vir die  
politici om op te los.

51. I am unhappy with my place in society.  
Ek is ontevrede met my plek in die samelewing.

52. My vote in elections won't make much difference.  
My stem in verkiesings sal min verskil maak.

53. I feel that I have a contribution to make to society.  
Ek voel dat ek 'n bydrae het om te lewer in die  
samelewing.

54. I would take action if my needs were not being met.  
Ek sal tot aksie oorgaan as daar nie aan my eise  
voldoen word nie.

55. I make a contribution to building a new South Africa.  
Ek maak 'n bydrae tot die bou van 'n nuwe Suid-Afrika.

56. We as consumers can do little to prevent the rising  
cost of living.  
Ons as verbruikers kan min doen om te verhoed dat  
lewenskoste styg.

57. I am unaware of my rights.  
Ek is onbewus van my regte.

58. I will speak out in a meeting if I am unhappy  
with what is being said.  
As ek ongelukkig is oor wat in 'n vergadering  
gesê word, sal ek praat.

59. I am uninvolved in politics.  
Ek is onbetrokke in die politiek.

60. I ignore petty orders.  
Ek ignoreer kleinlike opdragte.

61. I feel powerless to ever change circumstances.  
Ek voel magteloos om ooit omstandighede by  
te verander.

## **Bylae 7**

**Statistiese data van elke deelnemer**

**Totale bemagtigingsvlak van elke deelnemer in emansipasie groep by die verskillende toetse**

<b>Deelnemers</b>	<b>Pre-toets</b>	<b>%</b>	<b>Post-toets</b>	<b>%</b>	<b>Post-post-toets</b>	<b>%</b>
Respondent E		64.75		83.60		81.97
Respondent G		74.18		75.82		82.79
Respondent J		53.27		65.98		70.49
Respondent K		53.27		55.74		57.37
Respondent M		77.87		84.83		84.83
Respondent B		63.46		80.33		82.78
Respondent S		80.32		89.34		93.85
Respondent F		67.21		74.59		82.79

**Totale bemagtigingsvlak van elke deelnemer in tegniese groep by die verskillende toetse**

<b>Deelnemers</b>	<b>Pre-toets</b>	<b>%</b>	<b>Post-toets</b>	<b>%</b>	<b>Post-post-toets</b>	<b>%</b>
Respondent A		61.07		70.49		69.67
Respondent C		74.18		76.64		77.46
Respondent D		82.79		87.30		80.33
Respondent H		72.95		76.64		76.64
Respondent I		78.28		76.64		80.33
Respondent L		74.18		70.49		75.82
Respondent R		71.72		79.91		82.38
Respondent N		72.95		65.98		74.59

**Totale kennisvlak van elke deelnemer in emansipasie groep by die verskillende toetse**

Deelnemers	Pre-toets	%	Post-toets	%	Post-post-toets %
Respondent E		38.23		82.35	82.35
Respondent G		41.18		85.29	79.41
Respondent J		29.41		79.41	70.59
Respondent K		32.35		76.47	67.65
Respondent M		67.65		85.29	85.29
Respondent B		47.06		85.29	82.35
Respondent S		55.88		85.29	82.35
Respondent F		35.29		70.59	64.7

**Totale kennisvlak van elke deelnemer in tegniese groep by die verskillende toetse**

Deelnemers	Pre-toets	%	Post-toets	%	Post-post-toets %
Respondent A		41.18		79.41	70.59
Respondent C		32.35		73.53	32.35
Respondent D		58.82		79.41	58.82
Respondent H		47.06		61.76	58.82
Respondent I		67.65		82.35	76.47
Respondent L		32.35		61.76	55.88
Respondent R		67.65		67.65	67.65
Respondent N		47.06		70.59	70.59